

**PASTORALE TERAPIE MET DIE MIV/VIGS GEAFFEKTEERDE
FAMILIE : 'n NARRATIEWE BENADERING**

deur

JAN DANIËL BOTHMA

Voorgelê luidens die vereistes

Vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

In die vak

PRAKTIESE TEOLOGIE

Met spesialisering

PASTORALE TERAPIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT

PROMOTOR : PROFESSOR DOKTOR JOHAN J VAN RENSBURG

November 2003

OPSOMMING

MIV/VIGS is 'n geweldige probleem vir veral Suid-Afrika. Ten spyte van tallose veldtogte met die doel op bewusmaking en teenkamping, het onlangse statistieke laat blyk dat daar geen noemenswaardige afname is in die getal MIV/VIGS-besmette persone nie. Bo en behalwe die invloed wat MIV/VIGS op 'n land se ekonomie en populasiestrukture het, is daar ook geweldige gevolge rakende 'n besmette persoon se identiteit en so ook sy vriende en familie.

Alhoewel daar reeds 'n hoeveelheid pastorale modelle en metodes bestaan waarmee pastorale terapie toegepas kan word, is teologiese komponente egter indringend deur MIV/VIGS geradikaliseer. 'n Behoeftes ontstaan om 'n geskikte pastorale model te vind waarvolgens sinvolle pastorale terapie met die MIV/VIGS geaffekteerde familie toegepas kan word.

Vir die doeleindes van hierdie studie, word die narratiewe model gebruik, as vermenging van die positiewe aspekte en benaderings, daargestel deur die ander pastorale modelle en word toegepas gesamentlik met kwalitatiewe navorsing.

Kwalitatiewe navorsing is beskrywend, verkennend, maak dit moontlik om komplekse verskynsels diep binne sosiale werklikhede na te gaan en dit betrek ook die navorser op só wyse dat hy op 'n *deelnemende* wyse die studie kan uitvoer.

Deur te let op die basisteoretiese perspektiewe van pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie, word daar gesoek na alternatiewe riglyne vir die benadering van hierdie spesifieke probleem situasie wat elkeen in die familie affekteer. In hierdie gesin van drie (ouers en 'n kleuter) blyk die invloed van die versteurde emosionele atmosfeer in die huis a.g.v. MIV/VIGS duidelik in veral die onttrekkende gedrag van die kleuter maar ook die ander lede van die gesin.

Volgens die narratiewe benadering word die persone geaffekteer deur die trauma van MIV/VIGS die geleentheid gegee om hulle verhale op 'n reflekerende en betekenisgewende wyse te verwoord. Deur hierdie reflekerende gesprekke van die deelnemers word die doel van die studie verwesenlik aangesien (ryker) beskrywings van elkeen se verhaal onderling gedeel word, 'n gevoel van aanvaarding geskep word en gesinsverhoudings vervolgens herstel.

Binne die pastorale ontmoeting ('n metaforiese ontmoeting met God) vind daar dus 'n radikale transformasie plaas in hul harte wat bewerkstellig word deur die Heilige Gees, wat die mens beïnvloed, vernuwe en onderskraag.

Die rolle van die ouers word ook verander – waar dit aanvanklik hoofsaaklik om oorlewing gegaan het, lei verandering mettertyd eerder die fokus op spánwerk tussen die ouers en die kleuter.

Let wel: hierdie studie is nie bedoel om iets te bewys of om die oorsake en/of gevolge van MIV/VIGS te ondersoek nie, maar eerder om gesinslede blootgestel aan die trauma, die geleentheid te bied om hul verhale te vertel. Daar is dan op hierdie verhale gereflekteer vanuit 'n teoretiese en teologiese agtergrondkennis en vertrekpunte.

Geestelike en emosionele groei vind plaas by die navorsingsgroep as geheel en dus word die doel van praktiese teologie (om transformasie te bewerkstellig in lyn met die evangelie) met die *narratiewe model* bereik. Deur die bevindinge/resultate van hierdie navorsing te bestudeer, word 'n benadering daargestel wat gebruik kan word om juis só 'n transformasie in die lewens van alle Christene - vanuit alle kultuurgroepe van ons land - te bewerkstellig. Hierdie benadering kan die verbrokkeling van getraumatiseerde gesinne teenwerk en eerder 'n totale gesinsvernuwing beteken.

ABSTRACT

HIV/AIDS has become an increasing concern, especially in South Africa. Recent statistics have revealed no significant decrease in the number of HIV/AIDS-infected individuals – this, in spite of numerous campaigns aiming to increase awareness and stop the virus from spreading. Aside from having an enormous impact on a country's economy and population structures, HIV/AIDS also has a great influence on an infected person's identity as well as on his friends and family.

Although a number of pastoral methods of therapy already exist, certain theological components have been irreversibly radicalized by HIV/AIDS. Subsequently, a need has developed for a suitable pastoral method of therapy, concerning the HIV/AIDS-affected family.

The narrative method is one that combines all the positive aspects already present in existing pastoral methods. When applied in conjunction with qualitative research, it is the method most suited to use for the purpose of this particular study.

The nature of qualitative research is descriptive, exploratory, it examines complex manifestations situated deep within our social realities and it also enables the researcher to conduct his study in a *participating* manner.

By taking basic theoretical perspectives on pastoral therapy into consideration, an attempt is made to set up alternative guidelines, by which to approach this specific problem situation.

The extent to which HIV/AIDS disrupts the emotional atmosphere of the family, can clearly be observed in the obvious withdrawal in the behavior of especially the

toddler, but also in those of the remaining members of this family (consisting of the parents and a toddler).

By following the guidelines of the narrative approach, each family member, traumatized by the gripping influence of HIV/AIDS, is given the chance to express his/her experience (this is done in a reflective and meaningful way).

Through these reflective conversations, the aim of this study is achieved as these (revealing) descriptions of each member's experiences are shared among the participants, creating an atmosphere of acceptance – and ultimately restoring brittle relationships within the family.

Within the pastoral encounter (a metaphorical encounter with God) a radical transformation takes place in every family member's heart. This transformation is brought to pass by the Holy Ghost, which continuously influences, renews and supports our human spirit.

Accordingly, the roles fulfilled by the parents also undergo significant change: Where (at first) survival is seen as the main priority, transformed attitudes gain the insight to realize that group work between the parents and the toddler is in truth, of much greater importance.

Take note that the purpose of this study *is not* to prove anything; neither to examine the causes and/or consequences of HIV/AIDS, but rather to provide traumatized family members with an adequate chance to explain their experiences. Afterwards, (and based on a theoretical and theological background knowledge) these experiences are thoroughly reflected upon.

The research group as a whole undergoes spiritual and emotional growth and thus the aim of *practical theology* (to bring about a transformation in conjunction with the Gospel) is reached – by means of the narrative method.

By finally examining expressive results of the study, a suitable approach to pastoral therapy is revealed through which to bring about such a transformation in the lives of Christians *from all culture* groups. This specific approach has the necessary ability to counteract the crumbling process in traumatized families and bring forth a complete renewal in the family as a whole.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: RELEVANSIE EN KONTEKSTUALISERING

1.	Relevansie	1
1.1.1	Die oordrag van MIV	5
1.1.2	MIV/VIGS intensifiseer die mens se angste vir die dood	8
1.1.3	MIV/VIGS verpletter die optimisme van ons Westerse Vooruitgangsinde	9
1.1.4	VIGS ontmasker die moraal en sedes van die Westerse samelewing	11
1.2	Die psigo-sosiale implikasies van MIV/VIGS	12
1.2.1	Stigmatisering en 'n gevoel van verwerping	13
1.2.2	Identiteitskrisis en gevoel van minderwaardigheid en waardeloosheid	14
1.2.3	Die kommunikasiekrisis en verskerpte skeidingsang	15
1.3	Etiese dilemma	17
1.4	Pastoraal-teologiese uitdaging	22
1.4.1	Dit radikaliseer die vraag na die verband: sonde – siekte ...	22
1.4.2	Dit radikaliseer die identiteit van die pastor	24
1.4.3	Dit radikaliseer die egtheid van die gemeenskap van die gelowiges	25
1.4.4	Dit radikaliseer die bestemmingsfunksie en struktuur van seksualiteit vir die Christen	26
1.4.5	Dit radikaliseer rouSMART	27
2.	Kontekstualisering	28

HOOFSTUK 2: PROBLEEM EN DOELSTELLING

1.	Pastorale modelle in terapeutiese perspektief	33
1.1.	Kerugmatiese model	33
1.1.1.	Aard van die kerugmatiese gesprek	34
1.1.2.	Inhoud van die kerugmatiese gesprek	35

1.1.3. Evaluasie van die kerugmatiese model	37
1.2 Eduktiewe model	40
1.2.1 Kritiese evaluering	40
1.3 Noutetiese model	43
1.3.1 Elemente in die noutetiese konfrontasie	45
1.3.2 Kritiese evaluering	46
1.4 Bipolêre model	50
1.4.1 Bipolêre grondstruktuur van die model	50
1.4.2 Verbreding van die pastoraat	52
1.4.3 Kritiese evaluering	53
1.5 Pneumatologiese model	57
1.5.1 Evaluatiewe opmerkings	57
1.6 Konvergensiemodel	58
1.6.1 Dilemma van die pastorale teologie	59
1.6.2 Pastoraat in eskatologiese perspektief	60
1.6.3 Promissioterapie as pastorale strategie	62
1.6.3.1 Aard van promissioterapie	63
1.6.3.2 Gebruike van promissioterapie	64
1.6.3.3 Uitwerking van promissioterapie	65
1.6.4 Evaluatiewe opmerkings	66
1.7 Narratiewe benadering	67
1.7.1 Opkoms van die postmodernisme	73
1.7.2 Rol van taal en dekonstruksie	76
1.7.3 Evaluatiewe opmerkings	78
2 'n Prakties-teologiese epistemologie	81
2.1 Posisionering van die ondersoek binne die praktiese teologie as wetenskap	83
2.1.1 Die narratief-hermeneutiese praktiese teologie van Charles V Gerkin	83
2.1.2 Die narratiewe struktuur van menslike ervaring	88
2.1.3 Die noodsaaklikheid van narratiewe metaforiese taal	89
2.1.4 Die verhouding tussen metafoer en betekenis	89
2.1.5 Die pastorale idees van Charles V Gerkin	90

2.1.5.1	Sake rakende die menswees en lewensiklus van mense	91
2.1.5.2	Verantwoordelikheid in verhoudings en interpersoonlike konflik	93
3.	Doelstelling en doelwitte	95
3.1	Doelstelling	95
3.2	Doelwitte	95
3.3	Kwalitatiewe navorsing van hierdie studie	96
3.3.1	Die rol van hermeneutiek in die lig van kwalitatiewe navorsing	98
3.3.2	Kwalitatiewe navorsing en die navorser	101

HOOFSTUK 3: BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PASTORALE TERAPIE MET DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE

1.	Familie: Keuses vir 'n begripsbepaling	102
1.1	“Gesin” of “familie”	103
1.2	Teologiese teorievorming van die familie: 'n Sistemiese ontdekkingstog	105
1.2.1	Voorwaardes vir 'n teologiese fundering van die familie	105
1.2.2	Enkele Ou Testamentiese gegewens aangaande die familie	106
1.2.3	Uitbouing van die familiebegrip in Nuwe Testamentiese terme	110
1.2.4	Die verbondsmatige karakter van die Bybelse familiebegrip.	111
1.3	Familie: begripsvorming vanuit die sosiale wetenskappe	118
1.3.1	Definisieverwarring?	118
1.3.2	Faktore wat deur die sosiale wetenskappe in die definiëring van “familie” in berekening gebring word	120
1.3.2.1	Genealogiese posisie en definieerbare rolle	120
1.3.2.2	Familieverandering	121
1.3.2.2.1	Die verbreding in die terapeutiese benadering	121
1.3.2.2.2	Familieverandering en familie-omgewing	122

1.3.2.3	Familietipering	124
1.3.2.4	Sistemiese familiedenke en familie-ontwikkeling	128
1.4	“Familie”: ‘n voorlopige beskrywende definisie vir die pastorale terapie	130
2.	Familie en familie-interaksie: die sistemiese benadering	131
2.1	Inleidend	131
2.2	Familie-interaksie: sirkulêre versus liniêre waarnemingsmetodologie	132
2.2.1	Interaksie tussen persone.....	132
2.2.2	Interaksie tussen mense en omgewing	134
2.2.3	Interaksie en gedragspatrone	134
2.2.4	Interaksie en disfunksie van die sisteem	135
2.2.5	Liniêre uitleg van sistemiese gebeure: op soek na ‘n oplossing	137
2.3	Familie-interaksie en die algemene kenmerke van die sistemiese funksionering van die familie	141
2.3.1	Die familie as oop of geslote sisteem	141
2.3.2	Grense	144
2.3.3	Struktuur	147
2.3.4	Familiemitologie	148
2.3.5	Outonomie van die individu binne die sisteem as geheel	149

HOOFSTUK 4: METATEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR PASTORALE TERAPIE AAN DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE

1.	Die kind binne die MIV/VIGS-geaffekteerde familie	152
1.1	Invloed van die MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers op die kind: algemene opmerkings	153
1.1.1	Ouerskapsfunksies en die kind van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie	154
1.1.1.1	Rolstabiliteit	154
1.1.1.2	Omgewingsbestendigheid	155
1.1.1.3	Betroubaarheid	157
1.1.1.4	Emosionele beskikbaarheid en skuldgevoelens	158

1.1.2	Enkele aanwysers ten opsigte van kinders van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie	159
1.1.2.1	'n Konstante behoefte aan goedkeuring	160
1.1.2.2	'n Swak vermoë om te volhard	160
1.1.2.3	'n Neiging tot leuens	161
1.1.2.4	'n Aangetrokkenheid tot pyn	161
1.2	Rolle en rolpatrone van kinders binne die MIV/VIGS-geaffekteerde familie	162
1.2.1	Rolle van die kind in die MIV/VIGS-geaffekteerde familie ...	164
1.2.1.1	Die familieheld	164
1.2.1.2	Die sondebok	166
1.2.1.3	Die verlore kind	168
1.2.1.4	Die gelukbringer	169
1.2.2	Rolpatrone	170
2.	Kinders en religie	171
3.	Opvoedingstyle	174
4.	Ouerskap en kleuters wat aan trauma blootgestel word	175
5.	Verlies en rou	176
5.1	Vier fases in die rouproses	177

HOOFSTUK 5: PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE NARRATIEWE BENADERING TEN OPSIGTE VAN DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE

1.	Inleiding	180
2.	'n Narratiewe benadering	183
2.1	Narratiewe en die waarde van narratief vir gesinsverryking in die MIV/VIGS-geaffekteerde familie	184
3.	Middele wat help om 'n narratief bloot te lê	187
3.1	Mikrokaarte	189
3.1.1	Die mikrokaart van "not-knowing"	189

3.1.2	Dekonstruksie	190
3.1.3	Kartering	192
3.1.4	Unieke uitkomst	193
3.1.5	Landskap-van-aksie en landskap-van-identiteit	193
4.	Die vaslê van 'n nuwe storielyn	195

HOOFSTUK 6: DIE SKEP VAN 'N KUNSWERK – 'N NAVORSINGSVERSLAG

1.	Inleiding	198
2.	Navorsingsprosedure	202
3.	Navorsingsproses	204
4.	'n Narratief van ontmoetings met die gesin	205
5.	Riglyne vir die interaksie	207
5.1	Riglyne vir die familie	207
5.2	Dekonstruksie	208
5.2.1	Dekonstruksie van hul huidige scenario (gesinsaktiwiteit)	208
5.2.1.1	Hulle seining van hulself as familie (gesinsaktiwiteit)..	209
5.2.1.2	Dekonstruksie van kennis (groepsaktiwiteit)	209
5.2.2	Dekonstruksie van sosiale diskoerse	212
6.	Tussen-in gesprekke	215
7.	Saterdag, 3 Augustus 2002	215
7.1	Die ontwikkeling van nuwe diskoerse	216

HOOFSTUK 7: PASTORALE HANTERING EN TERAPEUTIESE VERWERKINGSPROSES – BESLUITNEMING, SINGEWING EN HOOP

1.	Inleiding	220
----	-----------------	-----

1.1	Fases in die pastorale bediening	221
1.1.1	Skokfase	221
1.1.2	Regressiefase	222
1.1.3	Internaliseringsfase	223
1.1.4	Rekonstruksiefase	224
2	Die gebruik van narratiewe konsepte	228
2.1	Dekonstruksie	230
2.1.1	Dekonstruksie en epistemologie	230
2.1.2	Dekonstruksie van mag	232
2.1.3	Dekonstruksie van diskoerse rondom hulle gesinwees	234
2.1.3.1	Grondlaag van die Collage	237
2.1.3.2	Dekonstruksie van diskoerse rondom konflikhantering	238
2.1.4	Speel-speel dekonstrueer	240
2.1.4.1	'n Collage	241

HOOFSTUK 8: NUWE DISKOERS VIR DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE

1.	Inleiding	244
2.	Landskapskilderytjies	246
3	Verdigting.....	249
3.1	Briewe as verdigting	249
3.1.1	Die terapeutiese brief	251
3.1.2	Opvolggesprek: 25 November 2002	255
3.2	Dokumente wat verdig	257
3.3	Sing-sing nader aan mekaar	260
3.4	Geweeg en positief gevind (nie te lig nie)	260
3.5	Aksent op die familiële dimensie	265

HOOFSTUK 9: PASTORAAT IN RETROSPEKSIE

1.	Inleiding	266
2.	Retrospektief besin oor die navorsing	270
2.1	Die waarde van woorde met mekaar	270
2.2	Onderhandelde woorde en alternatiewe verhale	272
3.	Die belang vir die pastoraat	273
4.	Hand in eie boesem	275
5.	Die bydrae van hierdie studie vir die res van die samelewing	279
	<u>BIBLIOGRAFIE</u>	282

1 RELEVANSIE EN KONTEKSTUALISERING

1 RELEVANSIE

Toe VIGS twee dekades gelede sy verskyning gemaak het, kon min mense voorspel hoe die epidemie sou ontwikkel, en nog minder kon hulle met sekerheid die beste wyse van voorkoming voorskryf. Nou, aan die begin van 'n nuwe millennium, is ons verby die stadium van raai. Ons weet uit ervaring dat Vigs hele areas kan vernietig, dekades se nasionale vooruitgang kan strem, die golf tussen ryk en arm volke kan vergroot, en alreeds gestigmatiseerde persone nog verder na die periferie van die samelewing kan forseer.

Sedert die vroeë negentigerjare van die vorige eeu het dit duidelik geword dat MIV/VIGS die ontwikkeling in erg geaffekteerde lande baie nadelig sou beïnvloed. Waarskuwings ten opsigte van dalende lewensverwagting, toenemende getalle weeskinders, ekstra koste vir besighede en die vernietiging van gesins- en gemeenskapstrukture is niks nuuts nie. Hierdie effekte word al hoe duideliker in Afrika suid van die Sahara, wat die ergste geraak word en waar Vigs nou dodeliker is as enige oorlog: in 1998 is byvoorbeeld 200 000 mense in Afrika dood as gevolg van oorlog, terwyl meer as 2 miljoen mense aan Vigs dood is (Van Dyk 2001:4).

VIGS het dus 'n kritieke ontwikkelingsprobleem geword. Die sosiale en ekonomiese impak van VIGS word nie slegs gevoel in die gesondheidssektor nie, maar ook in sektore soos opvoeding, industrieë, landbou, vervoer, menslike hulpbronne en die ekonomie in die algemeen.

Die populasiestrukture van ernstig geaffekteerde lande sal radikaal deur Vigs verander word, en dit beteken dat groot veranderinge sal moet plaasvind ten opsigte van hoe gemeenskappe hulleself sal organiseer, 'n bestaan sal maak en vir hul siekes sal sorg.

In ontwikkelende lande word populasiestrukture gewoonlik as 'n piramide beskryf, en reflekteer dit die demograaf se tradisionele beskrywing van populasies ten opsigte van ouderdomsgroepe, met mans aan die een kant en vroue aan die ander kant van die sentrale as. Die vorm van die piramide word bepaal deur beide geboortes en sterftes. As beide hoog is, het die piramide 'n wye basis wat geleidelik afneem na bo met toenemende ouderdom. Namate gesondheid egter verbeter en fertiliteit afneem, word die ouer ouderdomsgroepe groter as die jonger ouderdomsgroepe, en kry die piramide meer die vorm van 'n kolom (Van Dyk 2001:12-18).

Vigs het egter 'n totaal nuwe vorm geskep, naamlik die "bevolkingskooressteen". Baie MIV-geïnfekteerde vroue gaan lank voor die einde van hul reproductiewe jare dood, of verloor hul vrugbaarheid. Dit beteken dat daar minder babas gebore word, en dat tot 'n derde van die babas met MIV-positiewe ma's wat wel gebore word, sterf.

Die mees dramatiese verandering in die populasiepiramide kom egter eers 10 tot 15 jaar na die ouderdom waarop mense seksueel aktief raak, na vore, wanneer diegene wat vroeg in hul seksuele lewens met MIV geïnfekteer geraak het, sterf. Die populasie van vroue bo hul vroeë twintigerjare en mans bo hul vroeë dertigerjare krimp radikaal. Namate slegs diegene wat nie met MIV geïnfekteer is nie, oorleef en oud word, word die piramide 'n skoorsteen (Van Dyk 2001:16-18).

Die implikasies van hierdie verandering in populasiestruktuur is werklik skokkend van aard. Volgens die Verenigde State se sensusburo, sal daar in Botswana oor 20 jaar meer volwassenes in hul sestiger- en sewentigerjare, as volwassenes in hul veertiger- en vyftigerjare, wees.

Hierdie projeksies is gebaseer op die aanname dat die patrone van nuwe infeksies nie veel sal verander oor die volgende dekade nie. Die “verlore volwassenes” – mans en vroue wat in 2020 hulle veertiger- en vyftigerjare moes bereik het – is nou in hulle twintiger- en dertigerjare, hoewel sommige van hulle reeds dood is. Baie meer mense is reeds geïnfekteer en sal voor hulle vyftigste verjaarsdag sterf. Botswana is slegs een voorbeeld van hoe vernietigend MIV en VIGS op 'n land en 'n gemeenskap kan inwerk (US Census Bureau, World Population Profile 2000:5-9).

Watter gevolge dit presies vir die gemeenskap inhou, is moeilik om te voorspel, aangesien die wêreld nog nooit voorheen sodanig geweldige hoë sterftesyfers onder jong volwassenes van beide

geslagte, vanuit alle sosiale strata, beleef het nie. Een ding is seker: 'n klein getal jong volwassenes – die groep wat tradisioneel beide vir jong kinders en vir ou mense moet sorg – sal skielik groot getalle jong en ou mense moet versorg. Baie van hierdie jong volwassenes sal self met MIV geïnfekteer wees, wat beteken dat hulle self sorg van hulle kinders of ouer ouers sal benodig, eerder as dit sal kan verskaf.

Die premature dood van die helfte van 'n land se volwasse populasie – gewoonlik op 'n ouderdom waarop hulle reeds met hulle eie gesinne begin het en ekonomies produktief begin word het – kan 'n radikale invloed op bykans elke aspek van 'n land se sosiale en ekonomiese bestaan hê (Van Dyk 2001:18-20).

Hoewel dit moeilik is om die presiese impak van MIV/VIGS op nasionale vlak te meet in die meeste van die lande wat die swaarste getref word, bestaan daar 'n groot hoeveelheid inligting oor hoe die epidemie alles affekteer – van huishoudings tot die openbare en private sektore van die ekonomie.

Studies wat gedoen is oor die impak daarvan om 'n familielid te hê met VIGS, dui daarop dat huishoudings 'n dramatiese afname in inkomste beleef (Van Dyk 2001:26). 'n Afname in inkomste beteken dat mense minder kan koop en minder kan spaar. Landelike families wat deur Vigs geraak word, beleef 'n afname in hul landbou-uitsette, wat weer hul voedselsekuriteit bedreig.

Kinders word dikwels uit die skool gehaal, en ou mense word gelos om na hulleself om te sien. Wanneer familieledede in die stedelike gebiede siek word, gaan hulle dikwels terug na hul plattelandse gemeenskappe, waar hulle families hulle moet versorg. Dit dra by tot die geweldige las op skaars hulpbronne en dit verhoog die moontlikheid dat die huweliksmaat of ander seksmaat in die plattelandse gemeenskap ook geïnfekteer raak.

Huishoudings met weeskinders aan die hoof daarvan word toenemend 'n algemene verskynsel in baie Afrikalande, namate die aantal weeskinders toeneem en die aantal potensiële versorgers afneem.

1.1.1 Die oordrag van MIV

Die skokgolwe van MIV/VIGS strek rondom die aardbol. Oral reageer die media op hierdie siekte op so 'n wyse dat dit mense verbyster en ontnugter laat. MIV/VIGS het 'n wêreldwye probleem geword met internasionale konsekwensies. Dwarsoor kultuurgrense, en onopgeloste politieke konflik heen, bind MIV/VIGS die mensdom rondom 'n angsfaktor saam. Die stelling kan gemaak word dat MIV/VIGS die een en twintigste-eeuse mens met die diepste wortels van sy bestaanskern gekonfronteer het. Die radikale aspek van MIV/VIGS bestaan hierin: dit het die mens op 'n verdoemende wyse van sy nietigheid, verganklikheid en bedorwenheid bewus gemaak.

Alhoewel MIV deur seksuele omgang en kontak met geïnfekteerde bloed oorgedra word, is dit belangrik om te besef dat MIV nie baie

maklik oordra nie. Die MIV-virus is 'n delikate virus wat buite die liggaam (indien dit nie in liggaamsvloeistowwe voorkom nie) vinnig doodgaan. Dit is nie so aansteeklik soos byvoorbeeld Hepatitis B nie, en blootstelling daaraan beteken dus nie dat die persoon noodwendig geïnfekteer sal word nie.

Oordrag vind daarom net in baie spesifieke omstandighede plaas. Dit is belangrik om daarop te let dat dit hoofsaaklik bloed en seksuele (semen- en vaginale) vloeistowwe is wat hoë konsentrasies MIV bevat, terwyl ander liggaamsvloeistowwe soos speeksel, tranes, sweet en urine lae konsentrasies van die virus bevat. Infeksie deur laasgenoemde is daarom onwaarskynlik.

Sekere seksuele aktiwiteite is hoër risikogedrag. Knobel (1987:5) identifiseer die volgende as gevaarlike sekspraktyke met 'n hoër risikopotensiaal: gemeenskap met veelvuldige of vreemde persone; gemeenskap (vaginaal of rektaal) sonder 'n kondoom; oro-genitale sekskontak veral as die semen in die mond uitgestort word; oro-rektale kontak tussen die tong en die anus; meganiese besering van die vaginale of rektale slymvlies deur die vingers of 'n voorwerp voordat gemeenskap (sonder 'n kondoom) plaasvind.

Bloed is die primêre bedreiging vir versorgers en mediese personeel en intraveneuse dwelmgebruikers. In Afrika is moeder tot kind oordrag 'n belangrike vraagstuk, veral omdat antiretrovirale terapie nie altyd bekostigbaar is om die oordrag van MIV tydens geboorte te verminder nie. In Afrika is borsvoeding ook 'n kontensieuse saak,

omdat borsvoeding dikwels die enigste wyse is om te verseker dat babas behoorlik gevoed kan word.

MIV/VIGS is nie 'n "siekte" in die gewone sin van die woord nie, omdat die meeste simptome wat met die MIV-infeksie geassosieer word, nie direk deur die virus veroorsaak word nie, maar deur opportunistiese infeksies en siektes wat die liggaam aanval as gevolg van die wanfunksionerende immuunsisteem. Dit is verder belangrik om die belangrike verband tussen MIV en Tuberkulose en tussen MIV en STD's (seksueel oordraagbare siektes) te besef.

Die noue verband tussen Tuberkulose en MIV/VIGS is te wyte aan die feit dat Tuberkulose nog altyd wydverspreid in Afrika voorgekom het (bv. die meeste Suid-Afrikaners was reeds die een of ander tyd blootgestel aan Tuberkulose), en dat persone met 'n onderdrukte immuunsisteem besonder vatbaar vir Tuberkulose is. Die verband tussen STD's en MIV het eerstens te make met die feit dat STD's dit vir die MIV-virus makliker maak om die liggaam binne te dring, en tweedens met die feit dat die gedragpatrone wat tot STD's lei, (bv. promiskuïteit) dieselfde is wat meestal lei tot MIV-infeksie.

Volgens Van Dyk (2001:55-57) is verskillende fases van MIV-infeksie nie diskrete fases nie, maar oorvleuel hulle in terme van hulle simptome, wat dit soms moeilik maak om die spesifieke fase van infeksie in 'n betrokke individu te identifiseer. Die fases moet dus nie as absolute kategorieë beskou word nie, maar as blote gerieflike groepe wat nuttig is om die progressie van MIV-infeksie mee te beskryf.

Dit is belangrik om te beseef dat alle geïnfekteerde persone nie noodwendig dieselfde sindroom van opportunistiese siektes sal vertoon nie, omdat hulle nie direk deur die virus veroorsaak word nie, maar sekondêre infeksies is. Sekere toestande, soos diarree, is egter meer universeel as andere (Van Dyk 2002: 55-69).

In sommige gevalle dui die spesifieke simptome van infeksies (in isolasie gesien) nie noodwendig op MIV-infeksie nie – dit is slegs wanneer hulle saam met ander tipiese toestande voorkom (daarom word dit 'n "sindroom" genoem), en wanneer hulle geneig is om te herhaal, dat MIV-infeksie vermoed kan word. Skaars toestande soos Pneumocystis carinii pneumonia (PCP) en Karposi se sarkoom is egter sekere aanduidings van MIV-infeksie (Eloff 1989:24-30).

1.1.2 MIV/VIGS intensifiseer die mens se angste vir die dood

Die twintigste eeu het in die afgelope dertig jaar van die nagmerrie ondervinding van die Tweede Wêreldoorlog begin herstel. Dit was die eksistensiefilosofie, en by name die filosofie van Heidegger (1963:254), wat die mens se doodsangste onder sy neus kom vryf het. Gewoonlik probeer die man op straat om die gedagte van die dood te onderdruk of te ontken. Wie egter die dood ontken, leef in 'n sekere sin onnatuurlik. Die dood is die harde werklikheid van ons bestaan. Nou, baie skielik, het VIGS vir die vooruitstrewende suksesmens van die een en twintigste eeu sy illusie van 'n "ewige gesondheid" met behulp van die tegniek, wreed ontmasker. Die radikaliserende effek van MIV/VIGS lê daarin dat dit die mens met sy basiese doodsangste konfronteer. MIV/VIGS vlek hierdie

doodsangs op 'n baie direkte wyse oop; in die wortel van ons bestaan ontdek ons almal skielik weer: die lewe bied geen duursame sekuriteit nie. Want: "In de angst staat de mens voor het harde, het onmeedogende, onoverkomelijke feit van zijn in-de-Unheimlichkeit-geworpen-zijn." (Luijpen 1964:354-355).

MIV/VIGS word die donker pes van ons planeet genoem en saai ongekende paniek in die tagtiger-dekade. Dit is juis hierdie angskomponent in MIV/VIGS met sy ongetemde verwoestende effek wat menswees tot in die kern van sy bestaan oopgevelek het. Op 'n baie intense wyse moet die mens erken: niemand is ten slotte teen die dood opgewasse nie. Sokrates se stelling dat alle mense sterflik is, is deur VIGS as waar bewys!

1.1.3 MIV/VIGS verpletter die optimisme van ons Westerse vooruitgangsinde

Net toe dit hier aan die begin van die tagtiger-dekade gelyk het asof die mediese wetenskap op die punt staan om 'n deurbraak ten opsigte van die bekamping van kanker te maak, het VIGS die optimisme van die menslike geloof in sy kennis, wetenskap en tegniek aan skerwe laat spat. VIGS ontmasker die hedendaagse mens se illusie van geluk en sukses. Terwyl die mediese wetenskap se aandag die afgelope paar jaar verskuif het van die einde van menslike lewe na die ontstaan van menslike lewe, kanaliseer MIV/VIGS opnuut 'n groot hoeveelheid wetenskaplike navorsing terug na daardie virusse wat die menslike bestaan bedreig. Net toe

dit gelyk het of die mediese wetenskap met behulp van die verbysterende moontlikhede van die genetika in die rigting van 'n voortplantingstegnologie kon ontwikkel, het MIV/VIGS 'n balans gebring. Die medikus sal tevergeefs probeer om 'n ingenieur ten opsigte van die ontstaan van lewe te wees, want op die ou end bly alle mense, ook die medikus, 'n slagoffer van die einde van alle lewe: die dood. Die mens is eenvoudig nie teen die dood opgewasse nie. Die suksesmoraal van die optimistiese vooruitgangsgeloof in die prestasies van die tegniek, het homself teen VIGS bloedneus gestamp.

In hierdie stadium blyk duidelik dat die mediese wetenskap wel oor antibiotika beskik, maar nog nie genoegsame kennis oor 'n anti-virika ingewin het nie. Omdat die menslike immunitetsisteem so 'n unieke stelsel is, sluit dit proewe met diere prakties gesproke uit. Ondersoeke deur middel van die kweek van hierdie virus word as gevolg van bogenoemde beperkinge, maklik 'n raaiskoot in die donker. Dit blyk verder dat daar soveel variasies bestaan in die immunitetstowwe wat die liggaam op hierdie virus produseer dat identifikasie uiters moeilik raak. Hierdie onsekere faktor wek verskeie vrae, soos: Bestaan daar een tipe M1-virus of het die wetenskap met 'n kaleidoskoop van verskillende variante te doen? Dergelike vrae onderstreep die kompleksiteit van VIGS. VIGS ontmasker die hubris van die tegniese mens wat onder die illusie leef dat die lewe ten diepste manipuleerbaar is en onder die beheer van die menslike outonomie en rasionaliteit staan. Die lewe bly ten diepste 'n misterie. Beide die begin van lewe en die einde van lewe ontglip op die laaste oomblik die greep van die menslike wetenskap.

1.1.4 VIGS ontmasker die moraal en sedes van die Westerse samelewing

MIV/VIGS besit nie slegs konsekwensies vir die mediese wetenskap nie. Dit dring deur na die etos van die deursnee-mens. Teenoor die Victoriaanse era met sy sogenaamde onthoudingsmoraal, staan die een en twintigste eeu met sy ontspanningsmoraal, genotmoraal en sportmoraal. MIV/VIGS het die volgende waarskuwing van W P Esterhuysen in sy boek *Die mens en sy seksuele moraal* as baie tydige en waar bewys: "Die sport- en plesiermoraal, hoe entoesiasties die voordele en deugde daarvan ook al deur dese en gene besing mag word vanaf pseudo-akademiese verhoë en in 'n stroom van geskryfte, bied geen uitweg uit die moderne mens se ervaring van verveeldheid en bittere eensaamheid nie. Dit is eerder 'n simptoom van eensaamheid." (1980:61).

MIV/VIGS het bewys dat Freud se analise van die eros-instink in die mens (sy wil tot genot en seks) asook die thanatos-instink in die mens (sy wil tot vernietiging) nie verkeerd is nie. Dit blyk net dat die dood-instink uiteindelik die eros-instink losgemaak van 'n gewete en 'n moraal (Freud se sogenaamde onderdrukkende super-ego), totaal verpletter.

Die eksperimentele benadering tot seksualiteit het onteenseglik misluk. Seks as eksperiment wat saamhang met 'n demokratiese vryheidsideaal wat setel in die outonome keusevryheid van die mens, blyk nou 'n "doodgebore" eksperiment te wees. Dit word tans wêreldwyd aanvaar dat enige seksueel-aktiewe persoon, hetsy 'n

heteroseksuele of 'n homoseksuele persoon, wat onveilige sekspraktyke beoefen met veelvuldige seksmaats, homself aan dodelike gevare blootstel. VIGS word die "seks-sabotasje" van die twintigste eeu se wilde "seks-eksplorasie".

Dit blyk duidelik dat MIV/VIGS die weerloosheid van ons bestaan op 'n "dodelike" wyse radikaliseer. Die onbekende faktor in die MIV-virus, sowel as sy katastrofiese afmeting en dodelike konsekwensies, veroorsaak 'n onsekerheids- en hulpeloosheidskrisis. Op psigiese vlak skep dit 'n angssindroom en 'n magtelosheidservaring wat die mens opnuut na die sin en doel van die een en twintigste-eeuse vooruitgangobsessie laat vra.

1.2 Die psigo-sosiale implikasie van MIV/VIGS

MIV/VIGS beklemtoon opnuut die wisselwerking tussen 'n pasiënt se verwerking van sy siekte en die reaksie van 'n sosiale omgewing op die siekte. Aan die een kant is MIV/VIGS 'n siekte wat nou verweef kan wees met 'n individu se lewenstyl, aan die ander kant hou die siekte besliste gevare vir 'n sosiale omgewing in. Die reaksie van 'n gemeenskap op 'n VIGS-pasiënt se siekte kan die krisis van siekwees op 'n baie intense wyse radikaliseer. Die volgende is die belangrikste psigo-sosiale implikasies van VIGS:

1.2.1 Stigmatisering en 'n gevoel van verwerping

Die verband tussen MIV/VIGS en 'n permissiewe lewenstyl veroorsaak dat so 'n pasiënt onmiddellik 'n etiket ontvang. MIV/VIGS is dadelik gereserveer as die homo-siekte van ons tyd. Die konnotasie tussen MIV/VIGS en homoseksualiteit bring onmiddellik 'n negatiewe assosiasie. Dit is natuurlik waar dat homoseksuele groepe 'n hoërisikogroep is. Tog kan enige persoon die virus opdoen, ook heteroseksuele persone (sien 1.1 van hierdie hoofstuk).

Die probleem by die MIV/VIGS-pasiënt is dat die samelewing onmiddellik na die sosiale oorsake agter die siektetoestand begin vra. Gevolglik kan die persoon wat die VIGS-siekte opdoen maklik in die lig van 'n oorsaaklike verklaringsteorie van sy menswaardigheid gestroop word. Die oorsake van MIV/VIGS word dan belangriker as die persoon wat MIV/VIGS het. Indien die MIV/VIGS-pasiënt inderdaad homoseksueel is, kan hierdie stigma 'n etiket word wat die persoon van sy omgewing isoleer. In die sosiale omgewing se reaksie op MIV/VIGS skuil daar dikwels 'n ingeboude uitsortingsmeganisme wat sekere siektes in die kategorie "rein" klassifiseer en ander siektes in die kategorie "onrein". Dit is te verstane dat wanneer die sosiale omgewing hulle van so 'n pasiënt distansieer die eensaamheidskrisis verskerp word. So 'n persoon word dikwels as 'n uitgeworpene of 'n uitskot-produk van die samelewing beskou. Daarom dat MIV/VIGS maklik die melaatse-siekte van die een en twintigste eeu genoem kan word. Sy posisie is dan dié van die onreine in die Ou Testament: "Iemand wat 'n velsiekte het wat hom onrein maak, moet geskeurde klere dra en sy

hare onversorg laat. Hy moet ook die onderste deel van sy gesig bedek en uitroep: "Onrein! Onrein!" Hy bly onrein solank hy die siekte het. Hy moet dan ook in afsondering lewe en buite die kamppek bly" (Lev 13:45).

Die negatiewe assosiasie met MIV/VIGS en die tendens om so 'n persoon as 'n melaatse te hanteer, verskerp die normale depressiereaksie. Depressie as 'n aanpassingsreaksie op 'n traumatiese ervaring word as gevolg van die besmettingseffek van MIV/VIGS by so 'n pasiënt baie meer intens beleef. Ons kan selfs van 'n *stigma-depressie* by die MIV/VIGS-pasiënt praat (Hartmann 1987:10-11).

1.2.2 Identiteitskrisis en gevoel van minderwaardigheid en waardeloosheid

Omdat die VIGS-pasiënt in die oë van die samelewing óf as 'n onverantwoordelike swakkeling óf as 'n permissiewe uitvaagsel beskou word, tas dit die persoon se identiteit aan. In almal se oë is die persoon 'n mislukking. Hy ly mos as gevolg van 'n sondige lewenspatroon en verdien dus in 'n sekere sin dit wat hom oorgekom het. So 'n persepsie van die VIGS-pasiënt kan daartoe bydra dat hy 'n baie swak selfbeeld ontwikkel. In die oë van die gesonde samelewing met hul oënskynlik hoë moraliteit voel hy 'n mislukking. Die gevoel van waardeloosheid verskerp sy identiteitskrisis sodanig dat 'n sinkrisis geleidelik ontwikkel. Die reaksie van die samelewing kan ook tot 'n aggressie aanleiding gee. Die VIGS-pasiënt staan dan skepties teenoor die samelewing en beskou alle heteroseksuele

persone as skynheilige moraliste. Hierdie vyandigheidsgevoelens dra by tot die identiteitskrisis van die pasiënt.

1.2.3 Die kommunikasiekrisis en verskerpte skeidingsangs

- Tussen die pasiënt en sy omgewing ontstaan daar maklik 'n kommunikasiebreuk. Dit is nie alleen die stigma-komponent wat daartoe bydra dat mense so 'n pasiënt vermy nie. Die siekte self met sy skrikwekkende implikasies word 'n onderwerp wat die gesonde persoon in die teenwoordigheid van so 'n pasiënt liefsvol probeer vermy. Hulpverleners is gevolglik bang om die wesenlike vrae en behoeftes van so 'n pasiënt in diepte te bespreek. 'n Onderwerp soos die verband tussen MIV/VIGS en homoseksualiteit sal as gevolg van die sensitiwiteit daarvan liefsvol vermy word. Dit kan ook wees dat vriende en bekendes die pasiënt vermy of in sy teenwoordigheid ongemaklik voel en dus kunsmatig optree. 'n Geweldige hoeveelheid skyn en "game playing" kan dus rondom die siekbed opgebou word. 'n Dergelike oppervlakkige hantering en onnatuurlike optrede verskerp die kommunikasiekrisis.
- Die kommunikasiekrisis ontstaan nie net tussen die pasiënt en sy sosiale omgewing nie. MIV/VIGS radikaliseer ook die *pasiënt-geneesheer-verhouding*. Dikwels sien die geneesheer sy rol as iemand wat aktief iets vir die pasiënt moet doen. Die mediese begeleiding beteken dan 'n aktiewe ingryping met behulp van medikasie of chirurgie wat 'n moontlike terapeutiese effek kan hê. Tot dusver bestaan daar geen

spesifieke behandeling teen die virus nie. Alhoewel medici vertrou dat 'n entstof ter voorkoming van infeksie ontwikkel kan word, bestaan daar tans geen hoop op 'n vroeë deurbraak nie. Die enigste middel om die lewe van 'n MIV/VIGS- pasiënt te verleng is die gebruik van die middel *Retrovir* (AZT) teen 'n koste van ongeveer sewehonderd rand per maand per pasiënt (Van Dyk 2001: 45).

- Die beperking wat MIV/VIGS op die geneesheer plaas veroorsaak 'n sekere mate van magteloosheid en onbeholpenheid by hom. In die kommunikasieproses word hierdie onvermoë deur middel van oordrag en kontra-oordrag op gevoelsvlak aan die pasiënt oorgedra. Gevolglik loop die kommunikasielyne al verder uitmekaar en word die pasiënt van die geneesheer vervreem.
- 'n Kommunikasiebreuk ontstaan maklik tussen die *pasiënt en sy liggaam*. Naas die hoeveelheid skuldgevoelens voel die pasiënt verder dat sy liggaam hom in die steek gelaat het. Hy voel selfs vir sy liggaam vies. Die liggaam bied geen geborgenheid meer nie, sodat hy homself van sy liggaam begin distansieer. Hierdie afstand verskerp die ambivalente gevoelens van aanvaarding en ontkenning van die siekte. Hoe meer die liggaam disintegreer en die skuldgevoelens op psigiese vlak opbou, des te moeiliker is dit vir die pasiënt om sy siekte te integreer en te internaliseer. MIV/VIGS maak dit baie moeiliker vir 'n pasiënt om daardie punt in die aanvaardingsproses te bereik waar die pasiënt kan sê: "Dit is my liggaam wat siek is en ek het 'n verantwoordelikheid teenoor my liggaam. Daarom wil ek my liggaam ten spyte van die siektesimptome versorg en vertroetel."

- In die kern van die MIV/VIGS-pasiënt se psigiese belewingswêreld is daar dus 'n geradikaliseerde skeidingsangs en verwerpingsangs. Skuldgevoelens is op 'n buitengewone wyse deur die sosiale omgewing se reaksies verskerp. Hierdie gevoelens word maklik op God geprojekteer sodat die gedagte by die pasiënt posvat dat die siekte 'n buitengewone straf van God is. 'n Geweldige aggressie kan op hierdie wyse teenoor God en die Christelike samelewing opgebou word.

1.3 Etiese dilemma

Die etiese dilemma rondom die MIV/VIGS-pasiënt word toegespits in die vraag na die menswaardige hantering van hierdie pasiënt. Dit is 'n feit dat die samelewing verskeie maatreëls tref om die maatskappy teen hierdie siekte te beskerm. Beskermende maatreëls kan maklik in diskriminerende maatreëls ontaard wat so 'n persoon van sy menswaardigheid en basiese menseregte beroof. Diskriminerende optrede teenoor sulke pasiënte verskerp die etiese dilemma: aan die een kant moet 'n samelewing beskerm word, aan die ander kant mag maatreëls so 'n pasiënt nie van sy basiese menseregte en menswaardigheid (human dignity) beroof nie (Botha 1980:10-12).

Die etiek met betrekking tot MIV/VIGS sny na twee kante toe. Aan die een kant is daar die verantwoordelikheid van die MIV/VIGS-lyer self. Sy verantwoordelikheid setel in sy hantering van sy siektetoestand, naamlik om optimale voorsorgmaatreëls te tref ten einde ander persone nie deur 'n onnadenkende optrede of

onverantwoordelike lewenstyl aan die virus bloot te stel nie. Volgens Botha (1980:15) ontwikkel MIV/VIGS-lyers maklik 'n soort sorgelose fatalisme: "I'm not going alone." Die gevolg van so 'n houding is dat VIGS-lyers doelbewus seksuele omgang met nie-besmette persone soek. Hulle ontwikkel 'n soort sadistiese satisfaksie: as ek dan moet sterf waarom nie ook die ander wat dieselfde permissiewe lewenstyl as ek voer nie?

Aan die ander kant is daar die verantwoordelikheid van die samelewing teenoor die gesondes. Maatreëls moet getref word om te voorkom dat die virus verder versprei. Tot onlangs toe het toetse vir MIV/VIGS in Amerika en Europa hoofsaaklik op 'n vrywillige basis geskied. Hoe meer die virus egter toeneem des te belangriker word dit om in sekere areas mense aan verpligte toetsing te onderwerp. In Frankryk byvoorbeeld word 'n MIV/VIGS-toets vereis alvorens 'n huweliksertifikaat aan 'n egpaar uitgereik word. Hierdie toets word aangevra ten einde die egpaar en hul toekomstige kinders te beskerm. 'n Ander verskynsel tree ook na vore - meer en meer werkgewers begin om 'n werknemer eers aan 'n MIV/VIGS-toets te onderwerp alvorens 'n werk aan so 'n persoon toegeken word. Versekeringsmaatskappye begin ook om, in die lig van die stygende mediese uitgawes, toetse aan te vra.

'n Verdere etiese probleem is die bestaande voorveronderstellinge en perspektiewe oor homoseksualiteit wat in die samelewing funksioneer. Die gevaar bestaan maklik dat 'n samelewing die homoseksuele mens onder een algemene noemer, naamlik die sogenaamde "homoseksualis" kan kategoriseer en gevolglik die kompleksiteit van die probleem oor die hoof sien. Die vooroordele

teenoor die homoseksuele persoon kan sodanig verskerp, dat diskriminerend teenoor so 'n persoon en sy probleem opgetree word.

Binne die heteroseksueel-homoseksuele kontinuum bestaan daar groot variasie moontlikhede wat wissel van uitsluitlik heteroseksuele gedrag tot biseksualiteit en uitsluitlik homoseksuele gedrag of kernhomoseksualiteit (Botha 1980:11). Daar word voorts ook tussen homoseksueel-gerigte gedrag en homoseksueel-gerigte gevoelens (die ongekoese toestand met 'n sensitiwiteit en aangetrokkenheid vir die eie geslag-homofilie) onderskei (Louw 1980:100).

Dit is reeds vanuit hierdie opmerkinge baie duidelik dat die pastorale bediening aan die MIV/VIGS-lyer nie die etiese dilemma kan ontwyk nie. Daarom sal die pastor 'n baie duidelike perspektief vir homself vanuit die Skrifgegewens oor hierdie saak moet ontwikkel (Louw 1980:102).

In die geval van die MIV/VIGS-lyer sal die etiek nie buite die persoon om by voorbaat 'n veroordelende houding mag inneem nie. Dit gaan in die etiek nie om 'n abstrakte, rigiede dogmatisme nie, maar om 'n totale evaluering van die persoon binne sy situasie in die lig van 'n Skrifnorm (Gustafson 1981:30). Die etiese evaluering behels dus 'n begeleidingsproses van die MIV/VIGS-pasiënt as volwaardige mens binne sy totale konteks. In die toepassing van die etiese norm kan die pastor van die volgende vraag-metodiek gebruik maak (Maguire 1979:129v):

- Die eerste vraag is die *WAT* -vraag; met ander woorde wat is al die feite met betrekking tot die totale lewe en omstandighede van die MIV/VIGS-lyer?
- Die *WAAROM*-vraag; met ander woorde wat is die grondliggende motief (intensie) en doelwit binne die totale ontstaansgeskiedenis van MIV/VIGS by 'n betrokke persoon?
- Die *HOE*-vraag; met ander woorde van watter lewenstyl het hierdie persoon tot dusver gebruik gemaak? Wat is die kwaliteit van sy lewenstyl en sy bestaande relasies?
- Die *WIE*-vraag; met ander woorde wat is die graad van persoonlike aanspreeklikheid en verantwoordelikheid. Wat is die identiteit van hierdie mens en wat is die besondere aard van sy waardesisteem?
- Die *WANNEER*-vraag; met ander woorde die tydstip waarop bepaalde gebeure plaasgevind het en die ontwikkelingsfases van die betrokke persoon.
- Die *WAAR*-vraag; met ander woorde die aard van die konkrete situasie en bepaalde omstandighede van die MIV/VIGS-lyer.

Hierdie vrae is bedoel om binne die etiese dilemma steeds sorg te dra dat in 'n etiese evaluering van die MIV/VIGS-pasiënt hy nie van sy menswaardigheid beroof word en tot 'n blote objek gedegradeer word nie. Die kerk besit dus 'n besondere taak om in die etiese evaluering van die MIV/VIGS-problematiek op te kom vir die persoon-syn van die pasiënt met die oog op die behoud van sy

menswaardigheid en handhawing van sy basiese menseregte. Maatreëls wat ter beskerming van die samelewing getref word, mag nie teen die MIV/VIGS-lyer op sodanige wyse diskrimineer dat die persoon in terme van 'n stigma-etiket as 'n verstoteling uitgerangeer word en hy op die ou end beroof word van sy basiese keusevryheid en verantwoordelikheid; sy gelykwaardigheid ten opsigte van enige ander mens ongeag ras, klas of mediese geskiedenis; sy reg tot onbelemmerde deelname aan die basiese geleenthede wat nodig is vir 'n menswaardige bestaan en regverdige behandeling nie.

In terme van Smedes (1983:23-36) gaan dit in die term *regverdigheid* en die handhawing van die reg van die naaste in die lig van die liefdesbeginsel om die volgende belangrike Christelike komponente:

- My naaste het regte omdat hy daar is. Sy bestaan is in God gegrond soos ook myne.
- My naaste het regte as 'n persoon. Hy is nie maar net daar nie. Hy is geskape na die beeld van God om God op aarde te verteenwoordig.
- Hy het regte omdat hy 'n opdrag ontvang het. Elke mens het die opdrag om homself, ander mense en die lewe te versorg.
- Hy het regte as lid van 'n gemeenskap.
- Hy het regte omdat hy 'n unieke, onvervangbare individu is. Dit is dus baie duidelik dat die etiese dilemma die kerk oproep

om juis betrokke by die MIV/VIGS-pasiënt se totale situasie te raak en nie op 'n kille afstand verwyte te slinger en die persoon as mens af te skryf nie.

1.4 Pastoraal-teologiese uitdaging

MIV/VIGS radikaliseer die volgende teologiese komponente op 'n indringende wyse:

1.4.1 Dit radikaliseer die vraag na die verband: sonde - siekte

Waar die MIV/VIGS-lyer 'n seksueel-permissiewe lewensstyl openbaar en/of waar die MIV/VIGS-lyer 'n intraveneuse dwelmgebruiker is, mag die skuldvraagstuk nie in die pastorale bediening omseil word nie. Ook nie die element van die straf van God nie. Dit is baie duidelik dat die Skrif beslis 'n verband tussen sonde en siekte lê (Ps 38:4-5 en Ps 41:5).

Hierdie verband tussen sonde en siekte moet egter nie as 'n verklaringsmodel misbruik word nie (Louw 1983:15-19). Dit is wel waar dat die pasiënt in sy siektesituasie van sonde bewus raak en dit eerlik voor God sal bely. Wie egter probeer om agter elke siekte 'n persoonlike sonde te soek ten einde die siekte kousaal-oorsaaklik met God en sy toorn in verband te bring, beland in die moeilikheid. Jesus wys self so 'n kousaal-oorsaaklike verklaringsmodel af (vgl Joh 9:3 - die verhaal van die blindgebore man). Die gevaar in so 'n

verklaringsmodel is dat God maklik op die ou end as die outeur van die sonde beskou kan word. God is egter nie die outeur van die sonde nie. In die driehoek God-mens-bose is God totaal anders by die sonde betrokke as laasgenoemde twee. God is in sy genade en toorn by die sonde betrokke met die oog op die behoud en redding (heil) van die sondaar; die mens is in sy verantwoordelikheid by die sonde betrokke in die hantering van sy keusevryheid; die bose is by die sonde betrokke in die verleiding van die mens ten einde binne die verbondsverhouding 'n breuk tussen God en mens te slaan. Die bose is daardie duistere mag wat op diaboliese wyse God en mens van mekaar wil vervreem. Deur middel van opstand, haat, leuentaal, ongeloof en hoogmoed slinger hy die verbondsverhouding uitmekaar en skep hy isolasie en chaos (Louw 1985:21v).

Die kousaal-oorsaaklike verklaringsmodel in die pastorale bediening aan die MIV/VIGS-pasiënt is gevaarlik. Dit kan die pasiënt nie net van God vervreem nie (God word gesien as die gevaarlike "Man van Staal" en koue tiran) maar ook die pasiënt self totaal vernietig. Die probleem met 'n verklaringsmodel is dat daar altyd 'n *sondebok* aangewys moet word. Iemand moet boet ten einde die Godheid weer te kalmeer en tot bedaring te bring. Vir die mens in lyding het God egter klaar die sondebok voorsien.

Vergifnishulp in die pastoraat geskied nie voorwaardelik nie - die mens hoef nie eers iets te *doen* (sy sonde bely) voordat hy vir God aanneemlik is nie (wettisisme m.b.v. die werke van die sonde). Genade beteken onvoorwaardelike liefde en algehele kwytstelling van skuld. Dit is die objektiwiteit van die versoening en die vergifnis

op grond van die Middelaarswerk van Christus wat aan die MIV/VIGS-pasiënt verkondig moet word (Louw 1985:34-40).

1.4.2 Dit radikaliseer die identiteit van die pastor

Reeds vanuit die bespreking van die etiese dilemma het dit duidelik geblyk dat 'n simplistiese moralisering van die MIV/VIGS-vraagstuk nie 'n korrekte pastorale benadering is nie. Die pastor wat die VIGS-pasiënt met 'n veroordelende houding benader, sal beslis op 'n kommunikasie-breuk afstuur. In die teenwoordigheid van die MIV/VIGS-pasiënt word die pastor se ware identiteit ontmasker. Diegene wat die pastorale bediening slegs as 'n plig beskou en gedryf word deur bymotiewe wat daarop ingestel is om indruk te maak, sal twee keer oor 'n besoek aan so 'n pasiënt moet nadink. VIGS maak 'n appèl op die ware liefde in Christus wat 'n ander mens onvoorwaardelik kan aanvaar en wat bereid is om reserweloos betrokke te raak. Die egtheid van die Christelike liefde en die priesterlike dimensie van die pastorale bediening word deur MIV/VIGS op 'n baie radikale wyse getoets. Die pastor wat skuil agter 'n oppervlakkige ampsopvatting en wie se innerlike dryfkrag gebaseer is op 'n obsessie om sukses te bereik, sal bereid moet wees om ten spyte van 'n moontlike risiko-faktor, homself bloot te stel (Louw 1985:47).

By die siekbed van die VIGS-pasiënt is daar nie plek vir voorkeure en afkeure gebaseer op persoonlike oortuiginge nie. Hier geld net die roeping in Christus wat ongeag ras, klas of siektetoestand uitreik na die mens in nood. Terwyl dit dikwels makliker is om met

die hartpatiënt en kankerpatiënt medelye te toon, maak die totale situasie van die MIV/VIGS-patiënt dit vir die pastor baie moeilik. Ondanks die sosiale omgewing se reaksie op die melaatse en die voorskrifte van die wet was Christus bereid om na die melaatse in sy nood uit te reik. Op dieselfde wyse behoort die pastor in sy totale grondhouding iets van Christus se barmhartigheid te demonstreer. Dit is juis 'n pastorale sensitiwiteit wat die liefde in Christus so kan demonstreer dat simpatie en empatie 'n stuk getuigenis word van die vertroostende teenwoordigheid van die Heilige Gees. Ondanks die stigmakomponent by MIV/VIGS moet die pastor se betrokkenheid die kommunikasiebreuk en vervreemdingsproses tussen die MIV/VIGS-patiënt en sy sosiale omgewing deurbreek en effektief teëwerk. VIGS verplig die pastor om homself opnuut die vraag af te vra: Wat motiveer my om na só 'n pasiënt te gaan en wat is die doelwit van my besoek en die dryfkrag agter my bediening?

1.4.3 Dit radikaliseer die egtheid van die gemeenskap van gelowiges

Die probleem by MIV/VIGS is dat die samelewing maklik so 'n pasiënt uitgesluit kan laat voel. MIV/VIGS stel 'n toets aan die *communio sanctorum*: met ander woorde kan die MIV/VIGS-patiënt binne die gemeenskap van die gelowiges op so 'n wyse geakkommodeer word dat hy as mens bevry word van alle vooroordele en stigmatiserende etikette? Dit is die koinonia binne die liggaam van Christus wat aan hierdie mens sy menswaardigheid kan teruggee. Die koinonia demonstreer aan die MIV/VIGS-lyer dat God 'n mens onvoorwaardelik liefhet en deur sy genade van alle

skuld bevry. Die koinonia moet aan hierdie mens menslike warmte en nabyheid skenk. Binne die intimiteit van die geloofsgemeenskap moet hierdie mens die nabyheid van God in sy noodsituasie ontdek. Dit is dan veral in die bediening van die nagmaal dat die pastoraat op 'n effektiewe wyse na die pasiënt kan uitreik ten einde sy isolasie met die versoenende teenwoordigheid van God te deurbreek (Louw 1983:30v).

Die werklikheid van MIV/VIGS daag die kerk opnuut uit om waarlik kerk en liggaam van Christus te wees (Hartmann 1987:23-28).

1.4.4 Dit radikaliseer die bestemmingsfunksie en struktuur van seksualiteit vir die Christen

Dit is een van die belangrike uitdagings vir die pastorale bediening om die MIV/VIGS-pasiënt te help om 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel. Hierdie positiewe selfbeeld wat bepaal word deur die nut en waarde van die verlore MIV/VIGS-pasiënt se lewe voor God, moet binne 'n positiewe liggaamsbeeld geïnternaliseer word (Hartmann 1987:38). Die MIV/VIGS-pasiënt bly, ten spyte van die virus en die ontstaansgeskiedenis van sy siekte, steeds beeld van God. Sy aangetaste liggaam bly God se skeppingswerk. Die vernietigende effek van MIV/VIGS binne die menslike liggaam tas nie die feit aan dat die pasiënt se liggaam 'n tempel is waarin die Heilige Gees inwonend God se beloftes vir lewe (opstandingslewe) realiseer nie (Louw 1983:55).

MIV/VIGS verkondig aan 'n ganse mensdom die volgende waarheid: die genotmoraal, sportmoraal en ontspanningsmoraal het nie gewerk nie. Die eksperiment met seks het misluk. Seksualiteit benodig 'n vaste struktuur wat op permanensie, verantwoordelikheid en liefdestrou gebaseer is. Seksualiteit is gebaseer op 'n verantwoordelikheidsmoraal wat die behoeftes van *eros* nie los van die huwelikstruktuur van *agapé* sien nie. Monogame heteroseksualiteit met die aksent op duursaamheid en verantwoordelike huwelikstrou word deur die problematiek van MIV/VIGS opnuut onderstreep.

1.4.5 Dit radikaliseer roumart

By die heengaan van 'n VIGS-pasiënt reageer die simpatiebetuigers op 'n meer gedempte wyse. Naasbestandes voel verplig om die afgestorwene te beskerm. Die gevolg is dat die volle waarheid dikwels verswyg word en die leuen 'n klomp raaisels rondom die pasiënt se heengaan oproep. Die begrafnis van die VIGS-pasiënt is dikwels 'n roudiens met 'n onnatuurlike swye en heelwat onderdrukte vraagtekens. Dikwels is die roumart by die naasbestandes gedemp. Die hele familie voel skaam as gevolg van die skeptiese houding van die sosiale omgewing. Gevolglik kan hulle nie maklik hul emosie teenoor enigiemand ontlai nie. Byvoorbeeld: vir 'n vader of moeder sal dit baie moeilik wees om openlik oor die dood van hul homoseksuele seun of intraveneuse dwelmverslaafde kind, wat aan VIGS oorlede, is te praat. Die weenreaksie word onderdruk sodat die roumartproses vertraag word en die smart maklik in patologiese roumart kan ontaard (Esterhuyse 1980: 73-76).

Die pastor kan dus 'n baie belangrike rol speel om die naasbestaandes te help om hul gevoelens openhartig te deel en oor die oorledene se siekte te kommunikeer. 'n Openhartige kommunikasieproses kan die verwerkingsproses van rouSMART aansienlik bevorder.

2 KONTEKSTUALISERING

Hoe moet ons die verwaarlosing van 'n geaffekteerde MIV/VIGS-familie in 'n gemeenskap verstaan? Hoekom die versuim? (Lester 1987:11) gee die volgende redes:

Predikante is die slagoffers van 'n kulturele mite dat kindwees net gesien word as 'n tyd van pret en blydschap en dat kleuters dan min ernstige trauma beleef. Omdat kleuters dikwels hulle gevoelens wys deur spel en so 'n kort aandagspan openbaar, dink die Pastor dat die kleuter onbewus is van die krisis rondom hom of hy dink dat die kleuter so onaanpasbaar is dat hy nie pastorale sorg nodig het nie.

Die objek van pastorale bediening is die totale mens as psigies-fisies-geestelike eenheid. Met verwysing na die mens as objek, word verwys na alle mense: manlik/vroulik; volwassene/kind; gelowig/ongelowig. Die tragiese werklikheid is dat, hoewel God uitdruklik pastorale bediening aan die mens in nood eis, veral gestigmatiseerde mense heel dikwels pastoraal verwaarloos word.

In die lig van bovermelde blyk dit dat daar veral drie leemtes in die veld van ondersoek bestaan:

Ten eerste blyk dit dat die probleem van pastorale terapie aan die getraumatiseerde gesin nog nie in diepte nagevors is nie. Uit die verkenning van literatuur is dit duidelik dat daar tot dusver steeds 'n leemte in dié verband bestaan. Aangesien hierdie 'n teologiese studie is, is die navorsing gegrond op die normatiewe gesag van die Skrif (2 Tim. 3: 16; 1 Pet.1:21).

In dié studie vind ek byval by die definisie van Muller (1996:5) waar hy sê *“Praktiese teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handeling, wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe.”*

Hierdie definisie vind aanklank by Gerkin (1986:59) waar hy sê *“Narrative practical theology is, therefore, an ongoing hermeneutical process within the immediate storied context of ministry. The intension of that process is the transformation of the human story, both individual and corporate, in ways that open the future of that story to creative possibilities”.*

Om die eerste aangetoonde leemte wetenskaplik aan te pak, word die volgende navorsingsvraag geformuleer:

WATTER BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE BIED DIE SKRIF VIR PASTORALE BEDIENING AAN DIE MIV/VIGSGEAFFEKTEERDE FAMILIE?

‘n Tweede leemte wat uit die oriëntering en aktualiteit na vore kom, handel oor die MIV/VIGS-geïnfekteerde asook die MIV/VIGS-geaffekteerde se eiesoortige emosionele belewing van hierdie trauma. Om die familie se eiesoortige emosionele belewing van MIV/VIGS beter te verstaan, is dit nodig om ook metateoreties te werk. Daarmee word bedoel dat ook navorsingsresultate van ander vakwetenskappe bestudeer en met vrug gebruik mag word.

“Pastoraat as wetenskap is deel van die totaliteit van wetenskappe. Omdat die wetenskap sover moontlik interdisiplinêr werk moet ten minste kennis geneem word van relevante resultate van een wetenskap vir die ander” (De Klerk 1975:4).

Met ‘n eko-hermeneutiese pastorale paradigma kan pastorale gesinsterapie slegs sinvol beoefen word as dit gemeentesentries is. Die ekklesia as die primêre gemeenskap waarbinne huwelik en gesin funksioneer, moet op die een of ander wyse verreken word. Dit behoort meteens duidelik te wees dat die geloofsgemeenskap ‘n baie belangrike deel van die ekosisteem van lidmate is.

Ek wil aansluit by Gerkin (1984:74) wat sê dat pastorale sorg nie kan plaasvind as ‘n een-tot-een-aktiwiteit in ‘n sekulêre konteks en heeltemal los van die kerk nie. Ten einde die familie se eiesoortige

emosionele beleving van MIV/VIGS beter te verstaan, word die volgende navorsingsvraag in dié verband geformuleer:

WATTER METATEORETIESE PERSPEKTIEWE BIED VAKWETENSKAPPE BUIE DIE TEOLOGIE RONDON DIE EMOSIONELE BELEWING VAN DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE?

'n Derde leemte wat binne die veld van ondersoek grondiger navorsing verg, is die vraag na effektiewe pastorale terapie aan die familie binne die krisis van trauma. Om die teorie en praktyk van die familie in trauma met mekaar te versoen, word die derde navorsingsvraag soos volg geformuleer:

WATTER PRAKTYKTEORETIESE RIGLYNE KAN NEERGELê WORD VIR PASTORALE TERAPIE AAN DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE?

Om hierby aan te sluit, word daar aan die pastorale terapeut se terapeutiese benadering gestalte gegee deur die pastorale model waaruit hy opereer. Louw (1997:160) verduidelik dit so: "Dit is 'n feit dat die bedoeling van die pastorale bediening, asook die uiteindelijke terapeutiese doelwit, wesenlik bepaal word deur 'n spesifieke siening oor die mens wat as veronderstelde raamwerk binne 'n spesifieke pastorale model funksioneer." Die terapeut se beskouinge oor die God-mensverhouding vanuit 'n bepaalde pastorale model is dus van deurslaggewende aard.

In hoofstuk 2 word daar breedvoerig aandag gegee aan verskillende pastorale modelle en in watter mate die modelle aangewend kan word vir pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie. 'n Evaluering word tussen die verskillende pastorale modelle gemaak om dan tot finaliteit te kom met watter pastorale benadering daar in die navorsing gewerk gaan word.

2 PROBLEEM- EN DOELSTELLING

Die probleem bestaan daarin dat 'n geskikte pastorale benadering gevind moet word om sinvolle pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie te doen. Met die oog daarop en op die uiteindelijke posisionering van die navorser, word die gestaltegewing van die pastoraat uit die perspektief van die volgende pastorale modelle krities bespreek: die kerugmatiese, eduktiewe, noutetiese, bipolarêre, pneumatologiese, konvergensie, promissioterapie- en narratiewe benadering (Van Jaarsveld 2001: 55-97).

1 PASTORALE MODELLE IN TERAPEUTIESE PERSPEKTIEF

1.1 Kerugmatiese model

Die Switserse teoloog Eduard Thurneysen word as die eksponent van die kerugmatiese model vir die pastoraat beskou. Hy sluit in sy studies oor die "Seelsorge" enersyds by die gereformeerde tradisie aan en andersyds by die teologiese beskouinge van Barth (De Klerk 1978:31). Müller (1981:14) meen dat 'n mens die kerugmatiese model, globaal gesproke, die tradisioneel Protestantse model kan noem.

Die model is teologies goed verantwoord. Daar vind geen vermenging van die amptelike vakke en die psigososiale wetenskappe plaas nie. Thurneysen (1963:66) skryf onomwonde: "True pastoral care must be *biblical*. Let us beware of deviating from this!"

1.1.1 Aard van die kerugmatiese gesprek

In die pastorale sorg gaan dit by uitstek, volgens Thurneysen, om die verkondiging van die Woord. Dit sluit by die prediking aan, maar geskied aan die enkeling in die vorm van 'n gesprek wat hy beskryf as "Gesprache von Mensch zu Mensch" (Thurneysen 1968:12). Deur die gesprek laat dit die lig van Gods Woord oor die mens in sy besondere situasie val. Thurneysen (1963:109) skryf: "Pastoral counseling happens in the form of a conversation - listening to the Word of God and responding to the Word of God. The partners in the conversation become servants of this Word for one another."

Met betrekking tot die rol van die psigologie in die pastorale gesprek is daar by Thurneysen geen twyfel oor die absolute primaat van Gods Woord nie. Hy skryf: "Pastoral care is and remains proclamation of the Word to the individual and neither can or should ever be anything else" (Thurneysen 1963:201). Ten einde die boodskap van vergifnis aan die kliënt te bring, moet die pastor hom egter deur middel van die psigologie so goed as moontlik van sy kliënt se innerlike lewe vergewis. Met die oog hierop het die pastorale sorg wel die psigologie nodig as 'n besondere

hulpwetenskap (Thurneysen 1963:201-202). Die Woord van God bly egter die primêre bron van kennis. Hy stel dit onomwonde: "The Word of God is not one source of knowledge among others; it is the basis of all knowledge even in the matter of the understanding of man" (Thurneysen 1963:206).

1.1.2 Inhoud van die kerugmatiese gesprek

Die doelwit van die kerugmatiese gesprek is om die kliënt deur die verkondiging van die Woord tot vergifnis van sonde deur Jesus Christus te lei. Thurneysen (1963:67) verduidelik dit as volg: "Therefore, the content of proclamation of pastoral care can be no other than the *forgiveness of sins* through Jesus Christ." Met die oog op die bereiking van hierdie doelwit word die kerugmatiese gesprek deur die volgende momente beheers:

- *Soewereiniteit van God.* Die kerugmatiese benadering van Thurneysen word deur die absolute soewereiniteit van God en die primaat van die Woord beheers. Dit waarborg God se triomf oor alle duistere en kwade magte (vgl Thurneysen 1963,1968,1976). As sleutel tot sy pastorale model beklemtoon hy die grootheid en uniekheid van God. Daar is 'n geweldige afstand tussen God en die mens. God is die onaantasbare. Die mens is die ondergeskikte. As sulks is die mens volledig van God afhanklik.
- *Verdorwenheid van die mens.* Die radikale verdorwenheid van die mens word bely. Die mens moet vanuit die Bybelse

antropologie as sondaar geken word, soos Gods Woord hom voorstel (vgl. Thurneysen 1963:54-67). Wanneer die verdorwenheid en sondigheid van die mens bloot as tekorte, gebreke en beperkinge gesien word, dan is daar nie sprake van ware herderlike sorg nie (Thurneysen 1968:186).

- *Verlossing uit genade.* Die verlossing van die mens bloot uit genade word verkondig. Thurneysen (1963:67) skryf: "Gods absolving grace must be communicated in pastoral care." Alle pogings tot selfverlossing deur eie godsvrug word afgewys (Thurneysen 1963:159).
- *Lewendmaking deur die Gees.* Die mens bied geen aanknopingspunt vir die ware ag gee op die Woordverkondiging nie. Daarom is hy ten diepste aangewese op die Heilige Gees wat lewend maak. Thurneysen (1963:186) handhaaf dit onomwonde wanneer hy skryf: "Our responsiveness to God thus means and is first and last our being elected by God; it is thus the exclusive work of the Holy Spirit, who speaks and makes acceptable the electing Word ..." Elders gaan hy voort: "The ultimate presupposition here as elsewhere when we are concerned with the Word of God is the *Pneuma*, the Spirit of God, who alone gives life to the Word" (Thurneysen 1963:53). Alleen deur die krag van die Heilige Gees kan die pastor Sy Woord spreek en kan die kliënt daarna luister.
- *Gemeentegerigheid.* Thurneysen neem die verband tussen herderlike sorg en kerklike tug besonder ernstig op. Daar is

by hom 'n sterk gemeentegerigtheid, omdat die vergewing van sondes en die sakrament wat dit verseël, altyd weer voer na die gemeente wat gesamentlik verenig. Hy skryf derhalwe: "... pastoral care occurs within the realm of the church" (Thurneysen 1963:53).

1.1.3 Evaluasie van die kerugmatiese model

Kritiese opmerkings oor die kerugmatiese model kan kortliks met betrekking tot positiewe en negatiewe elemente, as volg saamgevat word:

Positiewe elemente. Positiewe waardering vir die volgende aspekte in die kerugmatiese model word uitgespreek:

- *Deduktiewe model.* Die kerugmatiese model is 'n volledig deduktiewe model. Dit kry al sy inligting uit die Bybel en gee dit aan die individu. Thurneysen (1976:100) verduidelik dit so: "Seelsorge ist ein Sprechen, das unter einer ganz besonderen Voraussetzung steht: Sie will ein Gespräch sein, das vom Worte Gottes herkommt und zum Worte Gottes hinführt..."
- *Uitgangspunt van die herderlike sorg.* Die uitgangspunt vir die herderlike sorg word in God as die gans Andere geneem. Hy staan teenoor die verlore mens met wie Hy in verbinding tree. Die groot afstand word slegs oorbrug deur Hom wat die ruimte vir die Woord skep (De Klerk 1978:34).

- *Gesag van die Woord.* Die gesag wat in die kerugmatiese gesprek geproklameer word, is nie die gesag van die pastorie. Dit is die gesag van die Hemelse Vader, soos in die Heilige Skrif geopenbaar (De Klerk 1978:34).
- *Erkenning vir die psigologie.* Ten einde die boodskap van vergifnis van sonde uit genade aan die gespreksgenoot oor te dra, is kennis van sy innerlike lewe belangrik. Thurneyesen (1963:209) verduidelik dat pastorale sorg om hierdie rede die bevindings van die psigologie moet oorneem om dit in diens van die Woordverkondiging te gebruik. Daarom beskou hy psigologie as 'n besonder belangrike hulpwetenskap (Thurneyesen 1963:201- 202). Hoewel hy die Woord van God as die basis van alle kennis beskou, selfs in sover dit die verstaan van die mens betref, skryf hy: "This in no way belittles psychology and its research" (Thurneyesen 1963:206).
- *Eiesoortigheid van die herderlike sorg.* Die eiesoortigheid van die herderlike sorg as onderskeidend van ander vorms van beraad, word deur Thurneyesen gehandhaaf te midde van sy waardering vir die psigologie. Die psigologie het wel betekenis om die menslike natuur te leer ken, maar hy skryf: "Pastoral care is and remains proclamation of the Word to the individual and neither can nor should ever be anything else" (Thurneyesen 1963:201). Die herderlike sorg mag nie sy teologiese karakter inboet deur te ontaard in 'n psigologiese beraad wat in 'n godsdienstige kleed gehul word nie. Ten opsigte van psigologie skryf hy: "What is needed, is a *Christian use* of psychology, an application of its results in the pastoral care of the Christian church" (Thurneyesen 1963:209).

Negatiewe elemente in die kerugmatiese model ten opsigte van die pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie:

- *Pastoraat as suiwer homiletiese gebeure.* Thurneysen laat die pastoraat sodanig in homiletiese gebeure opgaan dat die mens in sy eksistensiële nood nie tot sy reg kom nie. Die pastoraat met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie kan nie bloot tot die gebeure van verkondiging gereduseer word nie. Die gesprek dreig om tot so 'n mate raadgevend te word dat die elemente van ontmoeting en kommunikasie verlore gaan. Dit kan maklik ontaard in 'n monoloog sonder enige interaksie. Hierdeur vind 'n kerugmatiese reduksie plaas (Louw 1997:44-45,88). Die pastoraat is 'n gepreksmatige konkretisering van die evangelie binne die lewenswerklikheid van gelowige mense.
- *Verskraalde antropologie.* Thurneysen (1963:54-67) voer aan dat pastorale sielsorg op die Bybelse antropologie gegrond moet word. Heeltemal tereg wys Louw (1997:162) dan ook daarop dat die kerugmatiese model worstel met die probleem van watter plek daar aan die mens en sy vermoëns toegeken moet word.
- *Onbereikbaarheid van God.* Kommunikasie tussen God en die mens vind oor so 'n groot afstand plaas dat God as ontoeganklik beskou kan word. Riess (1973:186) maak die stelling dat die kerugmatiese model die hulpsoekende volwassene tot 'n kind redigeer, wat veral in die lig van hierdie navorsing ontoereikend sal wees.

1.2 Eduktiewe model

Die eduktiewe model vir die pastoraat, waarvan S Hiltner as die eksponent beskou kan word, staan in skrilte kontras teenoor die kerugmatiese benadering van Thurneysen. Te oordeel na Hiltner, is Thurneysen te veel met God besig en te min met die mens. Terwyl Thurneysen die realisering van sy pastorale doelwitte van die Woordverkondiging en die Heilige Gees verwag, verwag Hiltner dit van die helende krag wat deur die psigoterapeutiese beraad vrygestel word. Laasgenoemde aksentueer terapeutiese leiding met die oog op selfverwesening van die gespreksgenoot deur die aanwending van die kreatiewe moontlikhede wat hy besit. Vandaar die benaming "eduktiewe model" vir die pastoraat. Die woord "eduktief" is afgelei van die Engelse *educate* wat beteken "te voorskyn bring" (Bosman et al 1979:172). Die eduktiewe model beoog derhalwe om dit wat in 'n persoon is, na vore te bring.

1.2.1 Kritiese evaluering

Die eduktiewe model word kortliks, met die oog op pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie, uit die perspektief van positiewe en negatiewe elemente geëvalueer.

Positiewe elemente. Die eduktiewe benadering bevat, soos Faber en Van der Schoot (1962), Kotzé (1971), Riess (1973), W J de Klerk (1975), Hielema (1975) en J J de Klerk (1978) aantoon, elemente

wat vir die pastoraat positiewe betekenis kan hê. Die volgende verdien onder meer aandag:

- Die werke van Hiltner beklemtoon dat die predikante (geestelikes) nie eenkant moet staan asof hulle aan 'n ander soort van die menslike spesie behoort nie. Inteendeel, hulle behoort eksistensieel betrokke te wees in die hele lewe (Hielema 1975:9).
- 'n Gespesialiseerde en relatief gestruktureerde gespreksteknik word aangebied. Dit plaas aksente op die empatiese luisterhouding, die aanvaarding van die gespreksgenoot, die betekenis van psigologiese kennis van die ander, en die gesprek in die konteks en dinamiek van positiewe of negatiewe gevoelens (De Klerk 1978:41; Kotzé 1971:142).

Negatiewe elemente. Die volgende negatiewe elemente in die eduktiewe benadering word as van belang beskou vir die onderhawige navorsing:

- De Klerk (1978:36) meen dat Hiltner die sielsorg metodologies en op omvattende wyse met die psigoterapeutiese beraad geïdentifiseer het. In hierdie verband skryf Kotzé (1971:109): " As ons die pastorale beraad se fundamente deurdink, is dit duidelik dat ons hier 'n ywerige poging het om die pastorale gesprek en die psigologiese beradingsproses in een te laat smelt." Met die oog op pastorale terapie met die MIV/VIGS-

geaffekteerde familie, kan die teologie van die pastoraat nie gereduseer word tot slegs die ervaring en behoeftes van die mens nie. Pastoraat is meer as die ontsluiting van innerlike potensiaal en 'n proses van selfrealisering langs die weg van empatiese inlewing. Indien die pastoraat met gesprekstegnieke volstaan en in lewenshulp opgaan, dan verloor dit sy eiesoortige dimensie van geloofsontwikkeling.

- Hielema (1975:232-233) voer aan dat wanneer Hiltner (1959:14) skryf: "we need to utilize any knowledge and wisdom we can get from any source", hy die Skrif sodanig met ander bronne gelykstel dat dit die genoegsaamheid van die Skrif sterk degradeer.
- Kotzé (1971:143-144) is van mening dat die Amerikaanse kliënt-gesentreerde pastoraat 'n eensydige en gereduseerde mensbeeld handhaaf. Daar word slegs van sekere fenomene van die mens kennis geneem. Die mens se verbondenheid met God word nie genoegsaam verreken nie; die bo-kosmiese dimensie word gemis.
- Methodies-eensydige gespreksmodel word gebruik (De Klerk 1978:41). Kotzé (1971:144) voer aan dat dit nie verder en dieper as 'n monoloog gaan nie. Die God-mens-ontmoeting word tot 'n terapeutiese proses beperk. Die teologiese karakter van die pastorale beraad gaan verlore. Die aspek van die leer en die tug bly agterweë as dit bloot bestaan in "accepting, understanding and clarifying inner conflicts" (De Klerk 1978:41). Die doel van die sielsorg is immers meer as die ontwikkeling van insig in eie probleme.

Nieteenstaande kritiek op sommige aspekte, lewer die eduktiewe benadering tog in 'n sekere sin 'n bydrae tot die postulering van 'n aanvullende model vir pastorale gesprekvoering met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie.

1.3 Noutetiese model

Met die noutetiese model vir die pastoraat posisioneer Jay E Adams homself ferm teenoor die meer liberaal-teologiese uitgangspunte van die eduktiewe model. Sy model is gebaseer op, en ontwikkel uit, die Bybel. Gevolglik kan hy skryf: "That is why Christian counseling may (with ease) be called *biblical* counseling" (Adams 1979:37). Verskeie faktore het bygedra tot Adams se beskouinge wat uiteindelik in die noutetiese model vir die pastoraat gekulmineer het. Dit sluit onder meer in: sy huldiging van 'n *Bybelse antropologie*, sy *onvergenoegdheid met psigiatrie en psigologie*, en sy *kennismaking met Mowrer*.

- *Bybelse antropologie*. Adams (1974:94-138) se antropologiese uitgangspunt maak erns met die Bybelse beeld van die mens soos dit manifesteer in sonde, genade, bekering, wedergeboorte, die krag van die versoening en die werk van die Heilige Gees. Hy skryf: "The Christian counselor uses the Scriptures as the sole guide for both counselor and counselee" (Adams 1976a:4). Dan gaan hy voort: "Do not forsake the Fountain of living water for the cracked cisterns of modern counseling systems" (Adams 1979:xiv).

- *Onvergenoegdheid met psigiatrie en psigologie.* Uit Adams (1973:1-19) se beskrywing van die problematiek rondom die verhouding tussen pastoraat en psigoterapie blyk dit dat die resultate van die psigiatrie, soos in die lyn van Freud en Rogers beoefen, sterk bevraagteken word (vgl Hielema 1975:126-136). Die Freudiaanse etiek ken met sy mediese model geen plek aan menslike verantwoordelikheid toe nie. Dit maak die mens 'n produk van oorerwings- en omgewingsfaktore. Hierdie streng biologiese determinisme (Hjelle & Ziegler 1983:50) roep 'n sisteem na vore wat die Skrifgelowige onbevredig laat (Adams 1973:17-19). Adams (1978:6) verwoord sy beswaar onder meer as volg: "To adopt methods that have been structured to get along without God and that are designed to achieve humanistic ends is unthinkable."
- *Kennismaking met Mowrer.* Adams se kennismaking met Mowrer (Adams 1973:xiv-xix; Adams 1974:86-89; Adams 1979:147) het hom tot 'n opgawe van sy eie standpunt ten opsigte van die pastoraat gedwing. Hielema (1975:139) skryf: "The contact with Mowrer initiated, under the guidance of God's Spirit, the rise of nouthetic counseling." Mowrer (1961:60) vra: "Has evangelical religion sold its birthright for a mess of psychological pottage?" Heeltemal tereg beweer Mowrer dat die mediese model die mens se sin vir verantwoordelikheid wegneem. Antities stel Mowrer 'n morele model van verantwoordelikheid voor (sien Adams 1973:xvii). Hy lê klem op die persoonlike verantwoordelikheid van die mens. Terwyl Mowrer egter in gebreke gebly het om die basiese verhouding van die mens tot God in berekening te

bring, soek Adams die oplossing in die Bybels-noutetiese beraad. Hy sê: "But Christians must turn to the Scriptures to discover how God (not Mowrer) says to do it" (Adams 1973:xviii).

Die noutetiese model word vervolgens bespreek aan die hand van *elemente* wat eie is aan die noutetiese konfrontasie. Daarna word afgesluit met 'n kritiese evaluering van die noutetiese model.

1.3.1 Elemente in die noutetiese konfrontasie

Volgens Adams (1973:44-50) bestaan die noutetiese konfrontasie uit ten minste drie basiese elemente, naamlik die veronderstelling van 'n *probleem*, *verbale konfrontasie* en 'n beoogde *verandering* by die gespreksgenoot.

- *Probleem word veronderstel.* Sentraal in die noutetiese konfrontasie is die idee dat iets in die gespreksgenoot se lewe verkeerd is. Daar is 'n sonde, 'n obstruksie, 'n probleem wat erken en waarmee gehandel moet word. Die veronderstelling is dat daar 'n toestand by die gespreksgenoot bestaan wat God wil hê moet verander (Adams 1974:14).
- *Verbale konfrontasie.* Inherent in die konsep van noutetiese konfrontasie is vervat dat probleme nouteties deur middel van verbale metodes interpersoonlik opgelos word (Adams 1973:45-49; Adams 1979:ix). Noutetiese konfrontasie in sy

Bybelse gebruik beoog om die individuele karakter- en gedragspatrone sodanig te verander dat dit met Bybelse standaarde konformeer .

- *Beoogde verandering by die kliënt.* Die fundamentele doel met noutetiese konfrontasie is om persoonlike en gedragsveranderinge te bewerkstellig (Adams 1973:44-45). Die gedagte is altyd dat die verbale korreksie bedoel is om die kliënt tot voordeel te strek (Adams 1974:14; Adams 1979:ix). Dit impliseer verandering van dít in die lewe van die kliënt wat hom seermaak. Die doel moet dus wees om struikelblokke verbaal te oorwin; nie om die kliënt te straf nie, maar om hom te help (Adams 1973:49-50).

Noutetiese berading word gemotiveer deur besorgdheid oor 'n probleem in die lewe van die gespreksgenoot. Deur middel van verbale metodes word gepoog om karakter- en gedragsveranderinge, wat tot die kliënt se voordeel strek, te bewerkstellig.

1.3.2 Kritiese evaluering

Die noutetiese model soos deur Adams as 'n pastorale benadering voorgehou, bevat uit die oogpunt van die navorser sowel positiewe as negatiewe aspekte vir die berading met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie.

Positiewe aspekte. Positiewe waardering vir die noutetiese model sluit onder meer die volgende in:

- *Handhawing van Bybels-teologiese inhoud.* Adams se antropologiese uitgangspunt is sterk Bybels-georiënteerd. Hy maak erns met die beeld van die mens soos dit manifesteer in sonde, genade, bekering, versoening en die werk van die Heilige Gees (Adams 1973:20–25; Adams 1974:5-8, 94-138; Adams 1976a:31-32, 57-62; Adams 1979:21).
- *Vermanende aspek in die pastorale gesprek.* Die noutetiese konfrontasie is meer as 'n bloot nie-rigtinggewende gesprek. Dit dra 'n vermanende aard uit die gesag van die Woord deurdat dit konfrontasie met die beginsels en praktyke van die Skrif is (Adams 1973:51). In teenstelling met die mediese model se gebrek aan menslike verantwoordelikheid, soos deur die biologiese determinisme van Freud geïmpliseer (Hjelle & Ziegler 1983:50), word menslike verantwoordelikheid wel hierdeur gehandhaaf. Adams (1973:55) skryf in hierdie verband: "Instead of excuse-making and blameshifting, nouthetic counseling advocates the assumption of responsibility ..."
- *Selfstandigheid van die pastorale bediening.* In die noutetiese model word die selfstandigheid van die pastorale bediening gehandhaaf. Net so min as wat die pastoraat verpsigologiseer mag word, mag die psigologie verteologiese word. Daar word nie opgegaan in die kliniese of die psigoterapeutiese praktyk nie. Dit word beklemtoon dat die Christelike berader die Bybel as sy enigste riglyn moet gebruik (Adams 1976a:4) en dat

beradingsmetodes, wat gestruktureer is om sonder God te opereer, ondenkbaar is (Adams 1978:6). Die verandering wat by die kliënt deur middel van die berading beoog word, moet ooreenstem met Bybelse standaarde tot verheerliking van God (Adams 1973:51).

Negatiewe aspekte. Aspekte wat deur die navorser as negatief ervaar word, is die volgende:

- *Eiesoortige gebruik van die Bybel in die beraad.* Wanneer die Bybel as 'n teksboek vir die beraad gebruik word, bestaan die gevaar van 'n biblisistiese wyse van Skrifaanwending. Hierteenoor beklemtoon Hielema (1975:233) dat die Skrif sy toepassing vind vanuit sy organiese eenheid en boodskap. Die Skrif bevat die waarhede wat normatief is vir die beraad van elke situasie, sonder dat dit 'n teks vir elke situasie in voorraad het, soos blykbaar deur Adams (1976a:92-105) gesuggereer word.
- *Veroordeling van psigiatrie.* Adams (1974:11) se bykans algehele afwysing van die psigiatrie word as 'n oorreaksie teen die determinisme van Freud en die humanisme van Rogers en ander beskou. Volgens Janse van Rensburg (1996:159) hanteer Adams (1973:1-19; 1980:166) die sonde as hermeneutiese sleutel wanneer alle psigiese steurnisse vanuit die sonde verklaar word en die regverdiging byna tot veranderingsprinsiepe *ex opera operato* verhef word. Regverdiging in Christus bewerk, volgens Adams (sien Hielema 1975:230-259), meteens ook genesing van depressie

en ander probleme. Die navorser is van mening dat verkeerde uitgangspunte in sommige sisteme van die psigologie en die psigiatrie nie tot 'n algemene bevraagtekening van die dissiplines gevoer mag word nie. Die positiewe waarde van elkeen, veral as hulle van 'n Bybels-gefundeerde antropologie uitgaan, kan na waarde geskat word.

- *Die noutetiese beraad as verengde begrip.* Om alle beraad onder die noutetiese konfrontasie tuis te bring, sal 'n verenging van die begrip *pastorale* beraad tot gevolg hê. Die noutetiese konfrontasie het wel, as gevolg van verwaarlosing daarvan, 'n noodsaaklike element in die pastorale gesprekvoering geword. Pastorale gesprekvoering is egter meer as dit. Uiteraard sou die parakletiese, met sy aksent op sowel die bemoedigende as die bestraffende, 'n meer oorkoepelende begrip wees. Adams voel blykbaar hierdie probleem self aan. Daarom skryf hy: "I have used the word nouthetic in the title and throughout the text of this book simply as a convenience by which the biblical system of counseling that has been developed in such books as 'Competent to Counsel' and 'The Christian Counselor's Manual might be identified most easily" (Adams 1976b:1).

Daar word met waardering kennis geneem van die noutetiese model in die pastoraat soos deur Adams uiteengesit. Nieteenstaande sommige negatiewe aspekte, bevat dit tog waardevolle elemente wat nie geïgnoreer mag word nie.

1.4 Bipolêre model

Met die bipolêre model in die pastoraat, oftewel sy hulpverleningsmodel, soos Gerben Heitink dit noem, wend hy primêr 'n poging aan om 'n sintese tussen die kerugmatiese standpunte van Thurneysen en die eduktiewe benadering van Hiltner te bewerkstellig. In die proses verbreed hy die tradisionele pastoraat.

Die model word vervolgens uit die perspektiewe van die *bipolêre grondstruktuur van die model* en die *verbreding van die pastoraat* bespreek. 'n *Kritiese evaluering* van die model dien as afsluiting.

1.4.1 Bipolêre grondstruktuur van die model

Pastoraat as hulpverlening word soos volg deur Heitink (1979:75) gedefinieer: "*Onder pastoraat als hulpverlening verstaan wij, dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om - in het licht van het evangelie en in verbondenheid met de gemeente van Christus -met hen een weg te zoeken in geloofs- en levensvragen.*" Bipolariteit as die basis van sy pastorale teologie is inherent in die definisie teenwoordig. Heitink (1979:75) illustreer sy definisie van hulpverlening deur middel van 'n skets met twee brandpunte. 'n Verbindingslyn tussen die twee brandpunte dui op die bipolêre, spanningsvolle relasie tussen die twee pole. Dit is egter 'n wederkerige relasie waarin die een pool nie sonder die ander tot sy reg kan kom nie. Die sin en bestemming van die een lê in die verhouding tot die ander. Elkeen van die pole is noodsaaklik vir die

sinvolle bestaan van die ander. In die uitwerk van die definisie gaan dit telkens om twee afwisselende pole (Rossouw 1983:15-16) :

God - mens
subjek - objek
algemene openbaring - besondere openbaring
teologie - psigologie
pastoraat - ander vorme van hulpverlening
teorie - praktyk
woord - daad

Heitink (1979:77-78) beskou sy definisie van pastoraat as 'n funksionele definisie. Daarmee bedoel hy dat dit 'n definisie is wat as doel het om sowel teorie as praktyk te integreer. Die spanningsvolle bipolariteit word dan oorbrug deur 'n derde vlak, naamlik die sogenaamde praktykteorie. Daar bestaan geen primaat van die teorie bo die praxis of andersom nie. Hy skryf: "Teorie moet voortdurend getoetst word aan die praxis, wat empirisch-georiënteerd praktisch- theologisch ondersoek vraagt en die praxis moet vanuit die teorie onder kritiek gestel word, wat 'n voortgaande hermeneutiese teorie-vorming noodzakelik maak" (Heitink 1993:150).

Bipolariteit geld ook met betrekking tot die verhouding tussen pastoraat en ander vorme van hulpverlening. Volgens Heitink staan die een brandpunt vir dít wat die pastoraat met ander vorme van hulpverlening in gemeen het en die ander brandpunt vir die eie identiteit van die pastoraat. Onder die elemente wat die pastoraat

met ander vorme van hulpverlening in gemeen het, onderskei Heitink vier velde, naamlik die mediese, sosiale, psigiese (of psigoterapeutiese) en pastorale hulp (Heitink 1979:79).

1.4.3 Verbreding van die pastoraat

In die lig van die tradisionele siening oor die Bybelse fundering van die pastoraat, praat Heitink van 'n sogenaamde verbreding. Met die verbreding bedoel hy 'n wyer siening as die tradisionele siening van die pastoraat as besondere toespitsing van die Woord (Heitink 1979:135-144). Hierdie verbreding doen, volgens hom, geen afbreuk aan die gereformeerde pastoraat nie, maar open 'n weg vir die evangelie na die werklikheid waarin die mens leef.

Heitink onderskei vier funksies van die pastoraat as hulpverlening:

- *"Helen"* Onder die helende funksie van die pastoraat verstaan Heitink die moontlike positiewe gevolge wat die pastorale optrede met betrekking tot die gesondheid en die welsyn van mense in die ruimste sin van die woord het (Heitink 1979:289).
- *"Bijstaan"* Met bystaan verstaan Heitink (1979:294) die aangaan en instandhou van 'n verhouding met 'n mens in nood of lyding. So 'n verhouding hou as moontlike gevolg in dat die persoon op die moeilike weg wat hy moet gaan, getroos en ondersteun voel.

- “*Begeleiden*” Die begeleidingsfunksie het betrekking op geestelike leiding aan mense wanneer hulle voor moeilike religieuse of etiese beslissings staan. Daardeur word hulle gehelp om op grond van hulle lewensoorligings hulle eie keuses te bepaal en besluite te neem (Heitink 1979:300).
- “*Verzoenen*” Onder versoening word verstaan dat mense wat van mekaar, van sigself of van God vervreemd is, tot insig kom. Sodoende leer hulle om in nuwe verhoudings te leef. Die versoeningsfunksie moet teen die agtergrond van die mens se sondeskuld gesien word (Heitink 1979:307-311).

Heitink (1998:127) wys daarop dat al vier funksies van die pastoraat nie gelyktydig aan die orde kom nie. Gedurende ‘n bepaalde periode en onder bepaalde omstandighede en afhanklik van die konteks, tree een bepaalde funksie op die voorgrond.

1.4.3 Kritiese evaluering

Kritiese opmerkings oor die bipolarêre model, met betrekking tot positiewe en negatiewe beskouinge vir die navorsing van hierdie studie, word as volg saamgevat:

Positiewe beskouinge. Positiewe waardering vir die bipolarêre bydrae tot die pastoraat met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie is die volgende:

- *Onhoudbaarheid van 'n teologiese of psigologiese reduksie.* Volgens Louw (1997:160) toon die bipoelêre aanpak dat dit in die pastorale ontmoeting onmoontlik is om menslike probleme te beperk tot óf 'n *psigologiese reduksie* waarbinne die terapie hoofsaaklik op inherente menslike potensiaal fokus, óf 'n *teologiese reduksie* waarbinne die terapie hoofsaaklik van 'n eksterne bron, Woordverkondiging, afhanklik is. Die proses van interaksie tussen God en die mens is te kompleks en omvattend vir eensydighede.
- *Terrein van die pastorale praktyk.* Heitink lewer 'n besonder groot bydrae met sy indeling van die terrein van die pastorale praktyk (Rossouw 1983:62). Hy maak 'n onderskeid tussen die basiese geloofs- en lewensvrae van die mens, wys op die problematiek wat by elkeen sentraal staan, skets die situasie waarin die vrae gewoonlik na vore kom en wys op die doelstelling wat die pastor by elke problematiek moet hê.

Negatiewe beskouinge. Die volgende negatiewe opmerkings word met betrekking tot die bipoelêre model geboekstaaf:

- *Bipoelêre verhouding tussen God en die mens.* Die bipolariteit tussen God en mens, in die sin van interafhanklikheid van mekaar vir die sinvolle bestaan van beide, staan onder verdenking (Rossouw 1983:16). Dit kan beteken dat God onvolledig is. Louw (1997:88) meen dat God en mens dan maklik komplementêr tot mekaar beskou kan word. In aansluiting hierby, beweer Vriezen (1966:183) dat die mens

geen gelykwaardige vennoot van God in die verbond kan wees nie.

- *Sondebeskouing.* Die denkskema wat impliseer dat die mens van homself nie klein genoeg, en van God nie groot genoeg, kan dink nie (sien Heitink 1979:112), vorm volgens Janse van Rensburg (1996:157) die fundering vir Heitink se antropologie waarin geen ruimte vir die sonde gelaat word nie. In teenstelling met die gereformeerde tradisie wat van die *mens as sondaar* praat (verwysende hier na die Kategismus), verkies hy om van die *mens as skepsel* te praat (Rossouw 1983:35).
- *Versmelting van die wetenskappe.* De Klerk (1981:12) verwys na die waarde wat ander "pastorale" wetenskappe vir die pastoraat kan hê. Hy skryf dat die handreiking van bevriende bure 'n besondere bydrae kan lewer. Hy gaan verder voort: "Vanweë die rigtinggewende deskundigheid kan die verskillende pastorale wetenskappe vrugbare, koersbepaling vir die Pastoraat maak" (De Klerk 1981:13). Rossouw (1983:37) is oortuig dat daar met so 'n beskouing nie 'n versmelting van wetenskappe gesuggereer word nie, terwyl daar by Heitink wel 'n versmelting plaasvind. Heitink wil in die antropologie die onderskeiding tussen die pastoraat en ander hulpwetenskappe ophef. Met sy bipolarêre beskouing is daar aan die een kant die pool van die Bybelse antropologie, en aan die ander hulle relasie tot mekaar, dat die een nie sonder die ander kan bestaan nie. Die volheid van die twee pole lê dus in die sintese daarvan.
- *Krisispastoraat.* Heitink (1979:193) identifiseer *probleemvelde* en die *aspekte van menswees* as die terrein waarin die pastorale praktyk moet funksioneer. Dit impliseer dat dit in die

pastorale praktyk net om één saak gaan en dit is probleme. Die pastorale praktyk gaan dus in 'n krisispastoraat op. Rossouw (1983:44) meen dat die pastoraat hiermee tot 'n spreekkamerpraktyk gedeformeer word en daar gevolglik te min van die opbou van die gelowige tereg kom.

- *Ooraksentuering van priesterlike amp.* Heitink beskou die kerk as 'n dienslewerende instelling naas andere. Met sy grondhouding van "pastoraat als diakonia" (Heitink 1979:350) neig hy om aan te toon dat die ganse werk van die kerk een van diens is. Sodoende loop hy die gevaar om die kerklike terreine sodanig te versmelt dat hy die drie ampte in Christus in so 'n mate minimaliseer dat dit uiteindelik tot ooraksentuering van die priesterlike amp lei (Rossouw 1983:56-57).

Samevattend word tot die gevolgtrekking gekom dat Heitink met die ontwerp van sy bipolarêre pastorale model vir hulpverlening daarin slaag om die terrein van die pastoraat aansienlik te verbreed. Hoewel hy soms op relatief dun ys beweeg, bly hy tog grootliks binne die riglyne van die gereformeerde pastoraat. Met sy poging om 'n sintese tussen die kerugmatiese model van Thurneysen en die eduktiewe model van Hiltner te bewerkstellig, skyn die swaartepunt na die kant van Hiltner oor te leun.

1.5 Pneumatologiese model

Jacob Rebel pleit vir 'n pastoraat in pneumatologiese perspektief. Met Van Ruler se teologiese denke as onderbou, ontwikkel hy 'n pneumatologiese model vir die pastoraat (Rebel 1981).

1.5.1 Evaluatiewe opmerkings

Positiewe waardering vir die pneumatologiese model met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie word met betrekking tot die volgende aspekte uitgespreek:

- *Otonomie van die mens.* In pneumatologiese pastoraat staan die gespreksgenoot sentraal. Dit word egter nie ten koste van die teologiese en kerugmatiese aspekte gedoen nie (Rebel 1981:248). Die nuwe mens word vir die Heilige Gees die antropologiese aansprekings- en ook insprekingspunt. Te midde hiervan word die outonomie van die mens steeds gehandhaaf. In 'n pneumatologiese antropologie behou die mens sy mondigheid en selfstandigheid. Deur sy gebed neem hy deel aan die wêreldregering. Daarom word daar van 'n pneumatonome sinergie gepraat (Rebe1 1981:249).
- *Erkenning aan profane wetenskappe.* Rebel (1981:246) skryf dat die betekenis van die psigologie as katalisator vir die teologie nie onderskat moet word nie. Die verhouding tussen psigoterapie en pastoraat moet egter pneumatologies gesien

word. Die psigoterapie soek die geestelike welsyn van die mens en die Heilige Gees het 'n aandeel daarin. Wanneer die psigoterapie die mens tot dieper insigte lei, vind dit deur die krag van die Heilige Gees plaas. As katalisator vir die teologie het die psigologie derhalwe 'n stimulerende werking op die teologie (Rebel 1981:260).

Samevattend kan gesê word dat die ontwikkeling van menslike persoonlikheid binne 'n pneumatologie, meer as net 'n op-weg-wees na psigiese volwassenheid is. Die Heilige Gees pas die heilswerk van Christus in die lewe van die mens toe en inisieer daardeur die proses van geloofsvolwassenheid (Louw 1993:201).

1.6 Konvergensiemodel

In 'n poging om 'n teologie vir die pastorale bediening te ontwerp, postuleer Daniël J Louw (1984, 1993, 1997) die konvergensiemodel. Daarin toon hy aan dat die eiesoortige karakter van die pastoraat teleologies deur 'n eskatologiese perspektief bepaal word. In die proses verwys hy na die *dilemma van die pastorale teologie*. Uitgaande van die *basiese beginsels van die God-mens-ontmoeting* bied hy aan die hand van 'n *pastoraat in eskatologiese perspektief* 'n moontlike uitweg uit die dilemma waarin die pastorale teologie verkeer. Dit loop uit op sy beskouinge oor *promissioterapie as pastorale strategie*. Enkele *evaluatiewe opmerkings* word aan die einde van die bespreking gemaak.

1.6.1 Dilemma van die pastorale teologie

Die dilemma van die pastorale terapie lê onder meer in die aard van sy operasionele terrein. Volgens Louw (1984:16-17) bestaan die terrein van pastorale terapie uit drie probleemvelde, naamlik 'n saakprobleem, 'n persoonsprobleem en 'n situasieprobleem. Die uiteenlopende aard en kompleksiteit van die pastorale terrein bring mee dat daar nie eenstemmigheid bestaan oor die *doel* van die pastoraat nie. Is die doel persoonlikheidsontplooiing, potensiaalontginning, gevoelsanalise, bekering of geloofsvolwassenheid? Oor die *metode* van die pastoraat bestaan ook onsekerheid. Mag die pastoraat gebruik maak van die kennis van die empiriese wetenskappe, van gesprekstegnieke en psigoterapeutiese insigte of moet die pastoraat met die Skrif, die gebed en die sakramente volstaan?

In die lig van voorafgaande onsekerhede kom dit voor asof die pastorale teologie met sy eie identiteit sukkel. Voortdurend dreig die gevaar van twee uiterstes waartussen die pastoraat in die verlede dikwels gehuiwer het (Louw 1984:16). Aan die een kant is daar die gevaar van 'n teologiese reduksie met die volle aksent op die kerugmatiese benadering en 'n verontpsigologisering van die pastoraat. Dit word dan 'n wesenlike moontlikheid dat die pastoraat sy relevansie vir die menslike bestaan verloor en van 'n doketisme beskuldig kan word. Aan die ander kant dreig die gevaar van 'n psigologiese reduksie van die pastoraat met alle aksent op die eduktiewe benadering. 'n Verdere probleem in die huidige dilemma van die pastoraat is die toenemende verdwyning van die rol wat

waardes, asook die morele dimensie, in die proses van geloofsvolwassenheid speel (Louw 1984:20).

1.6.2 Pastoraat in eskatologiese perspektief

Die antwoord op die dilemma van die pastoraat is nie in een van die tradisionele teenstrydighede geleë nie. 'n Pastorale teologie vind sy wese en inhoud, nie in 'n suiwer kerugmatiese model van verkondigingsgebeure en Woord-aangeleentheid nie. Dit is ook nie te vinde in 'n suiwer eksistensiële aangeleentheid, wat op empiriese vlak tot selfaktualisering en -ontplooiing aanleiding gee nie. 'n Bipolariteit of korrelasiebeginsel waarin die onderskeid tussen God en mens telkens dreig om geminimaliseer te word, kan ewe min die teologiese dilemma van die pastoraat oorbrug. Louw (1984:27-28; 1993:46; 1997:88) meen dat die perspektief van God se koninkryksheerskappy 'n uitweg uit die dilemma van die pastorale teologie bied. Die bipolariteit van die God-mens-spanning moet perspektiwies verstaan word. Dit vind sy perspektiwiese fokuspunt in die eskatologiese perspektief van die komende Godsryk.

Hy verduidelik dit verder aan die hand van die *eskatologiese voorbehoud* en die *implikasies van die eskatologiese perspektief*.

- *Eskatologiese voorbehoud*. Die eskatologiese voorbehoud voorkom enersyds dat die bipoelêre spanning tussen God en die mens komplementêr gedink word. Andersyds voorkom dit dat die bipoelêre spanning tussen God en mens so verabsoluteer

word dat God en mens net in terme van relasie en kommunikasie verstaan word. Binne die eskatologiese perspektief word die *dialogiese model* met 'n *teleologiese model* aangevul. Dit beteken dat die God-mens-dialoog deur 'n spanning gedra word, wat in terme van die belofte-in-ervulling-struktuur van hierdie dialoog, 'n teleologiese dinamiek besit (Louw 1984:27-28).

Die teleologiese aard van die God-mens-spanning besit 'n tweërlei dinamiek wat Louw (1984:28, 1997:89) as *sentrifugaal* en *sentripetaal* beskryf. Vanuit die Godpool moet die eskatologiese dinamiek *sentrifugaal* gesien word. Die dinamiek van die *eschaton* word deur die handeling van God self bepaal. In die God-mens-spanning, is Hy soos 'n middelpuntvlietende krag waardeur die menslike bestemming bepaal word, deurdat die geloof op die uiteindelijke bestemming van die mens, naamlik die lof van God, gerig word. Vanuit die menspool moet die eskatologiese dinamiek *sentripetaal* gesien word. Binne die God-mens-verhouding bly die mens 'n onrustige soeker. Teleologies gesproke is die mens middelpuntsoekend. Hy is op soek na die sin en bestemming van sy lewe.

Louw (1984:28-29) verduidelik pastoraat in eskatologiese perspektief verder: In die *geloof* is die mens aan die teosentriese sentrum, die koninkryk van God gebind. Die *hoop* rig die mens op hierdie teosentriese sentrum. Geloof is dus vir die pastoraat fundamenteel. Dit bind die mens aan God en Sy beloftes. Hoop as konsekwensie van die geloof rig die geloof vorentoe, op die toekomstige dimensie van die *eschaton*.

- *Implikasies van die eskatologiese perspektief.* Die ontwerp van 'n eskatologiese perspektief vir die pastorale bediening hou vir die praktyk die volgende belangrike konstruktiewe implikasies in (Louw 1997:91-92): 'n Positiewe sinhorison word verskaf deurdat dit na die geheel van God se vervulde beloftes, wat op die heil gerig is, verwys. 'n Eiesoortige profiel word aan die pastorale optrede verskaf vanweë die feit dat die spesifieke medium waarmee die pastor werk, die geloof is.

1.6.3 Promissioterapie as pastorale strategie

Louw (1997:518) beskou promissioterapie as 'n vakwetenskaplike term wat pastorale terapie as 'n unieke teologiese fenomeen van psigoterapie onderskei. Daardeur word die pastor gehelp om in sy terapeutiese betrokkenheid tussen die psigologiese en pastorale momente te onderskei. Die doel van promissioterapie, soos deur Louw (1984:56-60; 1997:510-540) ontwikkel, is om die mens te rig om vanuit geloof en verwagting te leef. Dit is die deurgang van die Christelike hoop wat ontspring by die beloftes en trou van God. As strategie vir die pastorale praktyk word die volgende momente uitgelig: die *aard van promissioterapie*, die *gebruik van promissioterapie* en die *uitwerking van promissioterapie*.

1.6.3.1 Aard van promissioterapie

'n Aantal stellings waarin Louw (1997:518-520) promissioterapie verduidelik, kan as volg saamgevat word:

- *Gekoppel aan God se beloftes.* Pastorale terapie in die gestalte van promissioterapie, is aan God se trou en beloftes gekoppel. Dit is die toespitsing van die heilsbeloftes via die pastorale ontmoeting op die pneumatiese mens se geloofsfunksies.
- *Geloofsgroei.* Promissioterapie, as die toespitsing van God se beloftes op die totale situasie van die mens, het geloofsgroei en -ontwikkeling as effek.
- *Antisipasie van die heilsbeloftes.* Die onmiddellike effek van promissioterapie is bekering en geloof. Die langtermyn effek van promissioterapie is die antisipasie van die heilsbeloftes via hoop. Op 'n antisiperende wyse kry die gelowige vooruitgrypend deel aan die volheid van die heil.
- *Toekomsdimensie.* Promissioterapie skep 'n toekomsdimensie vir die gelowige mens. Dit ontsluit 'n sinhorison waarbinne die gelowige elke dag oorwinnend kan leef vanuit die opstandingshoop. Promissioterapie beskik nie oor 'n uitgewerkte skema met logiese antwoorde vir lyding nie.

Promissioterapie as 'n gegronde verwagting word in die teologie nie bloot rondom lewenswaardes gebou nie, maar rondom die persoon van die opgestane Christus. Hierin verskil promissioterapie van logoterapie (Louw 1997:519).

1.6.3.2 Gebruike van promissioterapie

Promissioterapie, in die konteks van berading met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie, kan met vrug in die volgende situasies aangewend word (Louw 1984:57):

Toekomsneurose. Die MIV/VIGS-lyer ervaar angs by die gedagte aan die toekoms. Die eskatologie van God se koninkryksheerskappy kan die geblokkeerde toekomsverwagting by gelowiges weer oopmaak.

Hooppatologie. Hooppatologie ontstaan wanneer die gelowige die begeerte aan herstel die inhoud van sy geloof maak. Normatief is die hoop dan op genesing gerig. In so 'n geval is die hoop nie afhanklik van God se beloftetrou nie, maar van die eie obsessie om te lewe. Dit is jammer dat so 'n hoop by die MIV/VIGS-lyer optimisme genereer wat maklik in teleurstelling oorslaan.

Hooputopie. Dikwels is die hoop 'n onrealistiese verwagting dat dit in die toekoms beter sal gaan, veral waar die persoon nog slegs MIV geïnfekteer is. Die nadeel is dat die toekoms met valse beloftes as

die oplossing van probleme geantisipeer word, terwyl verantwoordelikheid in die hede ontduik word.

1.6.3.3 Uitwerking van promissioterapie

Promissioterapie as pastorale strategie bewerkstellig die volgende (Louw 1984:57-60):

- Dit skep hoop by die pastor sodat hy 'n positiewe lewenstyl en uithouvermoë in die bediening behou.
- Die pastor ontwikkel 'n egte, pastorale sensitiwiteit. Hy gee nie bloot gevoelens empaties deur nie, maar kommunikeer die ontferminge van God.
- Promissioterapie beskik nie oor 'n uitgewerkte skema met logiese antwoorde vir MIV/VIGS-lyding en waaromvrae nie, maar daar word in die gebed saam na leiding gesoek.
- Promissioterapie werk met die volle verskeidenheid van verskillende tipes van Skrifgebruik in die pastoraat. Dit behels 'n saamsoek na daardie Skrifbeloftes wat inpas in die situasie van die MIV/VIGS-geïnfekteerde en -geaffekteerde.
- Promissioterapie werk voorkomend en opbouend. Voordat byvoorbeeld 'n terminale siekbed mense oorval en die verwerkingspotensiaal tot die minimum beperk is, kan die

pastoraat MIV/VIGS-geïnfekteerde mense begelei tot sinduiding en lydingsverwerkliking.

Samevattend kan gesê word dat pastoraat in eskatologiese perspektief 'n nuwe wending bring in die aard en karakter van lewe. Dit laat die MIV/VIGS-geïnfekteerde persoon leef vanuit die opstandingsgeloof met die lewensperspektiewe van die opstandingshoop.

1.6.4 Evaluatiewe opmerkings

Met betrekking tot die konvergensiemodel soos deur Louw gepostuleer, val die volgende op:

- Die konvergensiemodel met sy eskatologiese perspektief lewer 'n wesenlike bydrae om die betekenis van die eskatologie vir die pastoraat uit te lig.
- Die konvergensiemodel rig 'n waarskuwing teen oorbeklemtoning van die psigologie en psigoterapie ten koste van die teologie.
- Geloofsvolwassenheid word geaksentueer. Daar word nie by die daad van sondevergifnis stilgestaan nie.
- 'n Geïntegreerde model word verskaf wat aanduidend is van verbondskommunikasie, parakiese, pneumatologie,

promissioterapie, Skrifgebruik, gespreksprosedures,
diagnostiese kriteria, gebed en geloof.

Van besondere betekenis vir die onderhawige navorsingsprojek is Louw (1997:515) se opmerking dat mense se siening en persepsie van God, dit wil sê hulle Godskonsepte, in 'n pastorale perspektief deurslaggewend is.

1.7 Narratiewe benadering

Die narratiewe benadering word vir die doeleindes van hierdie studie as terapeutiese model gekies, omdat dit oor die kapasiteit en dinamika beskik om van die positiewe elemente van die reeds genoemde pastorale modelle te gebruik. Die narratiewe benadering word "’n vrugteslaai" van daardie positiewe elemente van die ander pastorale modelle wat funksioneel en effektief is vir pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die narratiewe benadering deurgaans binne die paradigma van die praktiese-teologie gebruik. Die motivering vir ’n praktiese-teologiese paradigma by punt (2) van hierdie afdeling bespreek.

Volgens die narratiewe benadering, soos beskryf deur White en Epston (1990) word ’n individu se lewe as ’n storie of narratief beskryf. Individue gee betekenis aan hulle lewens deur hulle ervarings en belewenisse te beskryf. Hierdie stories bevat

beskrywings oor hulself, oor ander en oor die verhoudings waarin hulle staan.

Wanneer mense poog om sin uit hulle lewens te maak, moet hulle hul ervarings en gebeurtenisse in 'n sekere volgorde oor tyd op so 'n manier rangskik dat hulle 'n duidelike prentjie van hulself en die wêreld rondom hulle het. Hierdie rangskikking van gebeure neem gewoonlik die vorm van stories aan. Hierdie stories demonstreer 'n opeenvolging van gebeurtenisse wat 'n begin ('n geskiedenis), middel ('n hede) en 'n einde ('n toekoms) het. Dit beteken dat die interpretasie van dít wat mense tans beleef, beïnvloed word deur dit wat in die verlede beleef is, sowel as deur dit wat hulle van die toekoms verwag (White & Epston 1990:10).

Die narratiewe terapeutiese metodologie kyk dus in wese na stories en onderskei tussen dominante en alternatiewe stories:

- Dominante stories is gewoonlik probleemgerigte stories. Die fokus is dikwels so sterk op hierdie probleemgesentreerde stories dat die alternatiewe stories heeltemal vervaag of buite rekening gelaat word. Alles wat gebeur word deur die bril van hierdie dominante storie gesien. Uiteraard beïnvloed hierdie probleemgesentreerde beskouing dan ook die gedrag en optrede van die betrokke persoon, en hierdie gedrag word die maatstaf vir die toekenning van betekenis: *“The problem-saturated stories of people’s lives usually rule out the attribution of new meanings to such experiences”* (White & Epston 1990:56).

Die narratiewe benadering fokus egter nie op dominante, probleemgesentreerde stories nie, maar luister graag na alternatiewe stories: Alternatiewe stories is dié deel van belewenisse wat nie deel vorm van die dominante storie nie. Die dominante storie word gewoonlik in baie besonderhede onthou, maar in die proses gaan daar positiewe ervarings verlore wat ook deel is van die dominante storie.

Hierdie positiewe deel van die dominante storie word nie onthou of as belangrik genoeg geag om te verhaal nie. Tog skep dit die geleentheid vir die skryf van 'n nuwe verkose narratief. "*When persons seek therapy, an acceptable outcome would be the identification or generation of alternative stories that enable them to perform new meanings, bringing with them desired possibilities*" (White & Epston 1990:15). Hierdie verkose narratief plaas die kliënt in beheer van die storie en bring nuwe perspektief en hoop.

Narratiewe benadering maak gebruik van sekere terapeutiese vaardighede of mikrokaarte om hierdie verkose narratiewe na vore te bring:

- Hierdie mikrokaarte is die mikrokaart van *not knowing*, (binne die gekose paradigma van hierdie studie – *not knowing* in terme van die gesin se emosionele belewenisse), eksternalisering, metafore, dekonstruksie en ko-konstruksie, *remembering*, *taking-it-back*, vraagstelling, glinstermomente, landskap-van-identiteit, landskap-van-aksie en herskrywing. Hierdie mikrokaarte en hoe ek hulle gebruik het in my studie

word bespreek in die hoofstukke wat handel oor my paadjie saam met die gesin. Wat veral vir die doeleindes van hierdie navorsing van belang is, is die vestiging van 'n vertrouensverhouding met die gesin.

Daar word van verskeie narratiewe strategieë gebruik gemaak:

- Die volgende kan onder meer genoem word: die geneagram (sien Kerr & Bowen 1987:221-255 ; McGoldrick & Gerson 1995:1-38; Muller 1996:97-217), bibliodrama (sien Heitink 1998:169-170), eksternalisering (sien White & Epston 1990:38-76), ritueel (sien Mitchell 1989:68-77; Muller 1993:1-13), refleksiewe ondervraging (sien Tom1987:167-183), "reframing" (sien Becvar & Becvar 1996:100-101; Capps 1990:165), die reflekerende span (sien Becvar & Becvar 1996:273-275) en skryfwerk (sien White & Epston 1990:34-37). Weens gebrek aan ruimte word genoemde strategieë nie verder bespreek nie.

Die volgende voorstanders van die Narratiewe benadering word kortliks genoem:

- In die Verenigde State van Amerika word die naam van Gerkin (1984, 1986) onder meer aan die narratiewe benadering verbind. Verder word Capps (1990) genoem. In Wes-Europa maak die narratiewe benadering, volgens Heitink (1998:82), sy intrede vanaf ongeveer 1985. Hier geniet die naam van Veltkamp (1988) onder meer die aandag. In Suid-Afrika word

die narratiewe benadering onder meer met Kotzé (sien Kotzé & Kotzé 1993; Kotzé & Botha 1994; Dill & Kotzé 1997), Muller (1996) en Dill (1996) in verband gebring.

'n Belangrike aspek in die Narratiewe benadering is die beginsel van God se Verhaal met die mens:

- Heitink (1998:80), skets die pastoraat in terme van 'n verhaal. Dit is die lewensverhaal van die mens en die verbindings wat hierin lê met die Verhaal van God met die mense. Die geloofsperspektief hoef nie van buite af ingebring te word nie, want dit is te vinde in die lewensverhaal van die mens self, in die wyse waarop hy in die loop van sy lewe deur religie of bepaalde geloofstradisie of lewensbeskouing in positiewe of negatiewe sin beïnvloed is. In die pastorale gesprek word hierdie elemente geaktiveer. 'n Mens is immers voortdurend besig om sy eie lewensverhaal te herinterpreteer in die lig van nuwe ervarings.

Die pastorale gesprek sluit hierby aan. Om mense te help om tot verhaal te kom (sien Muller 1996), is dus die kern van die pastoraat. Die pastoraat word deur Veltkamp (1988:186) beskryf as 'n kragveld waarin drie soorte verhale op mekaar inwerk, naamlik die verhaal van die gespreksgenoot, dié van die geloofstradisie en dié van die pastor self. Verder werp die narratiewe benadering lig op prosesse van oordrag van tradisie en godsdienstige opvoeding (Heitink 1998:104).

In die narratiewe benadering word daar na verbande tussen die gespreksgenoot se storie en die Storie van God gesoek:

- Die vermelding van die Godsnaam of verwante temas in die stories, byvoorbeeld God se wil, Sy straf of Sy genade, kan aanduidend wees van die gespreksgenoot se band met, en afhanklikheid van, God. Louw (1997:389-390) onderskei ses tipes stories wat insiggewend kan wees in verband met die vermelding van die Godsnaam, naamlik komiese, tragiese, romantiese, ironiese, dramatiese en terapeutiese stories.

Voorts wys Louw (1997:449) op die rol van effektiewe Skrifbenutting in die narratiewe benadering:

- In sommige situasies is dit nodig om Bybelverhale te vertel sodat die gespreksgenoot bewus kan word van God se konkrete, aktiewe teenwoordigheid. 'n Ander nuttige aanwending van die narratiewe benadering van Skrifgebruik is in die pastorale bediening aan kinders. Heitink (1998:104) meld ook voorbeelde waarin die metode kan deurwerk in gesinsterapie.

Die narratiewe benadering, wat verband met die konstruktivistiese epistemologie hou, het sy wortels in die postmodernisme. Aangesien die postmoderne paradigma teenswoordig besondere aandag geniet, word die narratiewe benadering uit die volgende perspektiewe

kursories bespreek: *opkoms van die postmodernisme, rol van taal en dekonstruksie. Evaluatiewe opmerkings word gemaak.*

1.7.1 Opkoms van die postmodernisme

Du Toit (2000:14-23) praat van die premoderne of voorwetenskaplike tyd. Met hierdie begrippe beskryf hy die lewens- en wêreldbeskouing wat deur die Ou en Nuwe Testamentiese tye tot met die aanbreek van die moderne tyd, aan die begin van die sestende eeu, geheers het. Gergen (1991:18) kategoriseer die negentiende eeu as die bloeitydperk van die romantisisme. Hierdie perspektief lê klem op die onsienlike, selfs heilige kragte wat diep in die persoon setel en aan lewe en verhoudings hulle betekenis gee. Teen die einde van die negentiende en die begin van die twintigste eeu, is die romantisistiese perspektief deur die modernisme verdring. In hierdie meer praktiese beskouing is na die waarheid gesoek deur "systematic observation and rigorous reasoning" (Gergen 1991:29). Hierdeur het die wetenskaplike metode aan die orde gekom. Die standaardbeeld van die wetenskap wat deur Van Niekerk (1992:49) as *modern* getipeer word, berus op die objektiwiteit van wetenskaplike kennisaansprake en die rasionaliteit van die metode van kennisverwerwing. Becvar en Becvar (1996:87) verduidelik dat die mens in die moderne era geleer het om op die krag van die wetenskap en die kennis van objektiewe deskundiges te vertrou.

Dill en Kotzé (1997:6) wys op 'n groot kentering wat in die gedagtes van die wetenskaplike wêreld as gevolg van die ontwikkeling van

Thomas Kuhn se teorie (sien Kuhn 1962) plaasgevind het. Genoemde teorie dui daarop dat wetenskapsparadigmas 'n wesentliche invloed op wetenskapsbeoefening uitoefen. Kuhn voer aan dat daar deur die eeue heen invloedryke standaard-wetenskaplike werke ontstaan het. Dié werke het later so gesaghebbend geword, dat dit die soort vrae wat toekomstige navorsers stel en die verklarings wat hulle bied, direk beïnvloed. Deur hierdie argument het die kriteria van die sogenaamde standaard-wetenskapsbeskouing onder verdenking gekom. Barbour (1990:35-36) som die situasie van die wetenskapsbeoefening in die volgende woorde op: "In sum science does not lead to certainty. Its conclusions are always incomplete, tentative and subject to revision. But science does offer reliable procedures for testing and evaluating theories by a complex set of criteria."

In die resente era, waarna as die postmodernisme verwys word en wat volgens Janse van Rensburg (2000:6) in die 1960's begin het, word geloof in die moontlikheid van objektiewe kennis en absolute waarheid aan baie fronte ondermyn. Die sogenaamde moderne wetenskapsmetodes kom al meer onder verdenking. Die relatiwiteit van kennisaansprake word progressief deur bekende wetenskaplikes uitgewys. Daar word toenemend aanvaar dat verskeie standpunte ewe geldig in verskillende situasies kan wees, in 'n beskouing wat as *pluralisme* bekend staan. Postmoderniteit kan, volgens Dill (1996:7), gesien word as 'n groot versameling van pogings om verskeie modernistiese dualismes te deurbreek. Hy beskou die term postmodern egter nie as die teenpool van modern nie, maar as 'n korrektief, 'n aanvulling en 'n verruiming van die moderne (Dill 1996:2).

Ter illustrasie van die toenemende probleme wat die sogenaamde standaard-wetenskapsbeoefening ondervind, verwys Dill en Kotzé (1997:7-13) na verskeie epistemologiese breuke met die verlede by die toegepaste natuurwetenskappe. Op die gebied van die sosiale en geesteswetenskappe word objektiewe kennis ook bevraagteken en verwys Dill en Kotze (1997:13-16) na epistemologiese dilemmas. So skryf Botha (1977:143) byvoorbeeld: "Die werk van T S Kuhn het, benewens die indirekte invloed daarvan op die afbraak van die positivistiese standaardopvatting van die wetenskap in die sosiale wetenskappe in die algemeen, ook deurgewerk na 'n verskeidenheid van spesifieke sosiale wetenskappe."

Mouton (1993:73) sluit by Botha aan en wys daarop dat Kuhn se paradigmatheorie die probleme tussen teorie en feite, asook dié van waardevryheid, aanspreek. Hoffman (1992:9) maak die volgende stelling: "The social constructionists not only challenge the idea of singular truth, but doubt that there is such a thing as objective social research as well." Op geestelike gebied het daar ook gedurende die afgelope dekades verskeie vrae ontstaan oor die logiese positivisme as kennismodel (Dill & Kotzé 1997:15).

Teenoor die moderniste se wetenskapsmetodes wat objektiviteit, redelikheid en sekerheid beklemtoon, stel Brueggemann (1993:9-10) 'n alternatiewe wetenskapsmetode voor. Hy postuleer dat kennis kontekstueel te vind is, dat kennis 'n lokale invloed uitoefen en dat kennis op 'n pluralistiese wyse betekenis moet kry. Heitink (1998:142) vat die situasie bondig saam: "Juist in een post-moderne kultuur ontstaat meer ruimte voor het articuleren van de eigen levensovertuiging, omdat deze principieel ruimte laat voor de

ander om tot haar of zijn eigen vertolking hiervan te komen." Becvar en Becvar (1996:87) konkludeer dat in die plek van objektiwiteit en sekerheid, wat as die wetenskapsideaal van die modernisme voorgehou is, nou die gedagte gevind word dat die realiteit onvermydelik subjektief is en dat die mens inderwaarheid in 'n multiversum woon wat deur die daad van observasie gekonstrueer word. Feite word deur perspektiewe verplaas en met hierdie verskuiwing word 'n uitdaging aan die krag en privilegie, wat vantevore aan die besitters van "kennis" toegeken is, gerig.

Volgens Janse van Rensburg (2000:9) is die kern-idee van postmoderniteit dat waarheid as 'n objektiewe realiteit nie bestaan nie. Volgens hierdie epistemologie is realiteit saamgestel uit 'n veelheid narratiewe wat as oop-einde refleksies op die realiteit beskou moet word.

1.7.2 Rol van taal en dekonstruksie

Die verskuiwing van 'n geloof in feite na 'n bewuswording van perspektiewe fokus in die postmoderne era die aandag op die rol van taal en diskoers. Gergen (1994:30-31) wys op die belangrike paradigmatverskuiwing wat daar rondom taal ontstaan het. Vir die postmodernis word taal verstaan as die middel waardeur individue so ver kom om hulle wêreld te ken en in die kenproses tegelykertyd die wêreld te konstrueer. Gergen skryf (1985:267): "The terms in which the world is understood are social artifacts, products of historically situated interchanges among people. From the constructionist position the process of understanding is not

automatically driven by the forces of nature, but is the result of an active, cooperative enterprise of persons in a relationship." Die postmodernis moet dus daarvan kennis neem dat die self nie 'n geïsoleerde, outonome wese is nie, maar eerder in verhoudings geskep word.

Dill en Kotzé (1997:20) verduidelik dat daar in die geskiedenis van taal en hermeneutiek twee fases onderskei kan word: eerstens is daar 'n primêre klem op die oorspronklike teks en die outeur. Die doel is om die eksakte bedoeling en oorspronklike betekenis van tekste te ontdek. Tweedens kom die klem op sowel die onmiddellike teks voor hande as op die leser van die teks. 'n Groter verwysende potensiaal van die teks kom dus ter sprake. Veral belangrik is dat 'n groter kontekstuele en kultuur-sosiale beklemtoning by die hermeneutiese proses in ag geneem moet word. Gergen (1991:106-108) wys op die relatiewe betekenis van woorde en begrippe tot die taalsisteem waarin dit funksioneer. Volgens Dill en Kotzé (1997 :21) is woorde se betekenis nooit finaal nie. Vanuit hierdie insigte word die belangrike konsep *dekonstruksie* ontwikkel.

Dekonstruksie word deur Dill (1996:83-86) as 'n sleutelbegrip in die narratiewe paradigma beskryf. Daarvolgens moet betekenis nie agter of binne 'n teks gesoek word nie. Tradisionele konsepte moet eerder getransformeer en vervang word terwyl hulle voorveronderstellings krities bevraagteken word. Alle konsepte is derhalwe wesenlik onbeslis. Geen teks se betekenis word deur iets of iemand gewaarborg nie, maar kan te alle tye gedekonstrueer word. Olivier (1993:252) skryf in hierdie verband: ". ..no text is in itself 'smooth', univocal and fixed in its meaning." Ware betekenis

hou dus nie verband met enige bedoelde betekenis nie, maar kan eerder ook as een van die betekenis-aanduiders gesien word. Deur dekonstruksie kan daar op kreatiewe wyse na die mens, sy kennis en sy lewensomstandighede gekyk word. Die kritiese instelling van die benadering kan ook rigiede modernistiese denkpatrone en gedrag deurbreek en verruimde verstaan- en lewensomstandighede skep. Langs hierdie weg bied dekonstruksie dus die geleentheid om nuut na versteekte betekenis van tekste te kyk en nuwe betekenis moontlik te maak. Hierdeur word die weg geopen vir die pastoraal-terapeutiese aanwending van die narratief.

1.7.3 Evaluatiewe opmerkings

Kritiese opmerkings oor die narratiewe benadering kan kortliks met betrekking tot positiewe en negatiewe elemente as volg saamgevat word:

Positiewe elemente. Die volgende positiewe waardering vir elemente in die narratiewe benadering word gemeld:

- Strategieë soos die narratief en dekonstruksie wat in postmoderniteit gebruik word, kan wel met vrug aangewend word mits hulle nie in 'n postmoderne epistemologie geplaas word nie. Epistemologies is dit moontlik omdat 'n strategie soos die narratief nie eksklusief tot die postmoderniteit behoort nie (Janse van Rensburg 2000:37).

- Heitink (1993:243-244) meen dat die postmodernisme, wat krities teenoor die optimistiese verligtingsdenke staan, maar nietemin trou bly aan die rasionaliteit, geen afskeid beteken nie, maar eerder 'n radikalisering van die moderne denke is. Janse van Rensburg (2000:37) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat die Bybel narratiewe en dekonstruksie gebruik het lank voordat postmoderniteit die waarde daarvan beklemtoon het.
- Met aanwending van die dekonstruksieteorie kan modernistiese dualismes moontlik oorkom word. Deurdat verskeie nuwe horisonne vir die verstaan van "tekste" gebied word, en nie net die "regte" oplossing gesoek hoef te word nie, word die verstaanproses verruim (Dill1996:96). Sodoende kan uitkomst vir dilemmas moontlik gebied word.

Negatiewe elemente in die narratiewe benadering:

- In die kulturele klimaat van die postmodernisme, meen Heitink (1998:156), dat spreke oor God radikaal problematies geword het.
- 'n Postmodernistiese epistemologie hou ernstige implikasies vir die debat met betrekking tot etiese gedrag in. Becvar en Becvar (1996:88) voer aan dat as ons konsekwent moet wees met die fundamentele aannames van die postmoderne wêreldbeskouing, dit verstaan moet word dat kliënte ewe geldige perspektiewe het en ons daarvan bewus moet word dat

daar nie 'n "transcendent criterion of the correct" (Gergen 1991:111) bestaan nie.

Dit sal bemerk word dat kritiek nie soseer teen die narratiewe benadering as sulks gerig word nie, maar wel teen die postmodernistiese paradigma. Daar word gevolglik by Janse van Rensburg (2000:36-37) aangesluit wanneer hy aantoon dat daar onderskei moet word tussen die postmoderne kritiek en 'n postmoderne paradigma. Hy beskou die postmoderne kritiek in die meeste gevalle as geldig. So is byvoorbeeld die absolute eis dat die rede superieur oor alles is, en die veronderstelde onfeilbaarheid van wetenskaplike bewyse, onaanvaarbaar. In hierdie verband skryf Du Toit (2000:115): "Via die modernisme het ons nou in die postmoderne tyd aangeland by die wete dat sodanige absolute kennis 'n vergissing is: Ons ken voorlopig en ons ken ten dele..."

Aan die ander kant rig Janse van Rensburg (2000:37) sy kritiek direk teen die postmoderne paradigma en epistemologie wanneer hy skryf: "We can agree that our foundationalist approach led us to make absolute statements about everything. That was wrong. But to make an epistemological statement *that there is no absolute truth* and no place for grand narratives would be impossible to uphold if we also want to remain biblically-based Christians and theologians."

Voortaan word die keuse vir 'n prakties-teologiese epistemologie gemotiveer.

2 'n Prakties-teologiese epistemologie

Praktiese teologie wil 'n epistemologiese bydrae tot die teologiese dissiplines (en ander wetenskappe) maak. Dit kan nie net verkry word deur op die praktyk gerig te wees nie, maar die teologiese teorie of perspektiewe waaruit die handeling bestudeer word, mag nie bloot vanuit 'n bepaalde dogmatiese tema, onkrities-wetenskapsteories nagevors word nie. So 'n dogmatiese tema of perspektief bring 'n gekompliseerde aantal vooronderstellings met hom mee wat nie verantwoord word nie, maar vanselfsprekend aanvaar word.

Die praktiese teologie streef daarna om die tradisionele indeling van die vak (homilitiek, poimentiek, ens.) te deurbreek. Volgens hierdie indeling val baie velde wat vir die praktiese teologie van belang is buite sy gesigsveld. Daarbenewens het elk van hierdie vertakkinge ontwikkel in 'n eie navorsingsgebied sodat slegs sprake is van 'n vakgroep, praktiese teologie. Dit word bloot saamgebundel deur kerklike praktykgerigheid.

Otto (1986:56-59) bied na my mening 'n sinvolle indeling vir die gebruik van die praktiese teologie. Hier word gewerk met 'n vertikale en horisontale verdeling wat dan 'n bepaalde snypunt het. Op die vertikale vlak gaan dit om handelingsdimensies waar bepaalde kategorieë soos die enkeling, die groep, die gemeente en die samelewing beurtelings na vore tree. Die horisontale verdeling word handelingsvelde genoem. Hier het ons weer te make met

kategorieë soos kommunikasie (of verkondiging), sosialisering (of opbou), diens (of pastorale sorg) en leiding (of organisering).

Hierdeur word die praktiese teologie in staat gestel om nie net die prediking in die erediens te bestudeer nie, maar ook byvoorbeeld die kommunikasie in een of ander media van die samelewing in die geheel.

As 'n wetenskaplike dissipline wil die praktiese teologie die werklikheid bestudeer vanuit die geloofsaspek, en nie slegs vanuit bepaalde kerklike tradisies nie. Dit maak dit moontlik vir die teologie om alles in die werklikheid te bestudeer. Hier word slegs 'n modale begrensing ingesluit, met ander woorde die geloofsaspek, wat die praktiese teologie dan afgrens van die psigologie of die sosiologie. Hierdeur word die eeue-oue skolastiese siening dat die Skrif die "studie-objek" is, oorkom (Strauss 1988:137).

Pieterse (1986:63) kies ook die Christelike geloofshandeling tot objek van studie wat hy vanuit die perspektief van die kommunikatiewe aspek wil bestudeer. Wolfaardt (1987:7) beperk die ondersoekveld tot die kommunikatiewe handeling. In aansluiting hiermee wil hy die belangrike saak van die normatiewe element in die praktiese teologie aanspreek.

Alhoewel Jonker (1981:20-22) met reg op die gevaar wys dat die praktiese teologie bloot praxeologie kan word, word daar tog vanuit die prakties-teologiese benadering gepoog tot fundamentele

teorievorming, wat binne 'n wetenskapsteoretiese raamwerk verantwoord kan word.

2.1 Posisionering van die ondersoek binne die praktiese teologie as wetenskap

Die doel van hierdie afdeling is om die gekose paradigma te posisioneer binne die praktiese teologie as wetenskap, met spesifieke verwysing na die narratief-hermeneutiese praktiese teologie van Charles V Gerkin.

2.1.1 Die narratief-hermeneutiese praktiese teologie van Charles v Gerkin

God gee nie vir ons 'n bloudruk vir die lewe nie. Hy gee vir ons die Bybel en die Bybel is 'n storie. Dit is nie sommer nét 'n storie nie. Dit is die storie van die lewe, die storie wat die waarheid oor die lewe vertel - God se storie met die mens. Dit begin eenvoudig met: "In die begin het God..." (Cilliers 1998:11-12).

Gerkin (1986:59-64) verduidelik die onderskeid tussen praktiese teologie en 'n narratief-hermeneutiese praktiese teologie soos volg: praktiese teologie is die kritiese en konstruktiewe reflektering op die lewens en werk van Christene in drie kontekste, naamlik die professioneel-pastorale konteks, die konteks van die Christengemeenskap en die konteks van individuele lede. Die doel

is om verandering in alle fasette van die lewe in ooreenstemming met die Christelike evangelie te fasiliteer.

In 'n narratief-hermeneutiese praktiese teologie vind daar 'n fusie of samesmelting plaas van die *horison van betekenis binne die Christelike narratief* enersyds en *ander horisonne* andersyds (Gerkin 1986:59-64). Die doel van hierdie fusie is 'n begripshorison wat ander inligting bevat en veranderde persepsies veroorsaak in die verskeie areas waar Christene aktief is (Gerkin 1986:61). Hierdie fusie van horisonne behels vier aspekte:

Eerstens behels dit 'n reflektoring op die horisonne van betekenis wat deur die Bybelse narratief aan Christene oorgedra word, asook 'n reflektoring op die horisonne van betekenis waardeur die moderne lewe ingelig en gevorm word. Daar word voortdurend gepoog om die horison van Christelike interpretasie en ander horisonne wat daarmee saamgaan, te laat saamsmelt (Gerkin 1986:61). Elke horison se betekenis word dus uitgedaag en bevraagteken deur die betekenisterreine van die ander horison(ne). In die mate waartoe daar dan 'n fusie van horisonne plaasvind, word 'n nuwe sienswyse, 'n nuwe manier van kyk na 'n situasie, gevorm.

Binne die konteks van hierdie studie deel die navorser die horison *van Christelike interpretasie*. Binne hierdie gedeelde Christelike horison is daar egter twee verskillende horisonne van interpretasie wat geakkommodeer moet word; dié van die geaffekteerde kleuter en sy geïnfekteerde ouers. So kan dit gebeur dat nie twee mense (al is hulle al drie Christene) dieselfde dink oor begrippe soos

byvoorbeeld Christenskap en vergifnis nie. Die *ander horisonne* waarvan Gerkin praat is baie sigbaar in die konteks van die navorsing, want daar is twee mense uit twee waardestelsels. Elkeen van hierdie twee groepe mense het dus sy/hulle eie *ander horison(ne)*.

'n Ander implikasie is respek, iets wat myns insiens nie genoeg beklemtoon kan word nie. Dit beteken nie net die uiterste respek vir die horison wat vergestalt word in die Christelike storie nie, maar ook respek vir ander horisonne. Hierdie respek vir ander horisonne vereis dat daar sorg aan die dag gelê moet word om die taal en metafore van daardie horisonne toe te laat om vir hulself te praat. Dit beteken nie dat ek geen kennis in die gesprekke inbring nie, maar eerder dat ek deurentyd 'n bewustheid moet hê van my eie vooroordele en konstruksies.

Gerkin (1984:27) stel dit soos volg: *"To listen to stories with an effort to understand means to listen first as a stranger who does not yet fully know the language, the nuanced meanings of the other as his or her story is being told. One of the first lessons of life on the boundary is that it is important to avoid, at all costs, the temptation to stereotype or take for granted"*.

Binne die pastoraat beteken dit dat die pastorale berader 'n goeie luisteraar moet wees. Daar is subtiele verskille in die manier waarop individue hulle stories aanbied en die dinge wat hulle beklemtoon. Die ervarings vorm dikwels die grondslag van die

betekenis wat aan sekere gebeure geheg word. Die gesinslede praat as't ware drie verskillende tale oor dieselfde onderwerp.

Die geheim lê grotendeels daarin om die vrae wat deur daardie tale uitgedruk word, te vra en om die betekenis wat deur hulle voortgebring word, te ko-konstrueer. Ko-konstruksie as vereiste herinner aan die sosiale konstruksiediskoers: "*Thus the process of fusion of horizons may be seen as analogous to a conversation between persons who hold differing points of view (italisering myne) but who also have some viewpoints in common*" (Gerkin 1986:63).

Hierdie respek waarvan Gerkin praat beteken dat ek nie sommer 'n ander horison mag afkraak of minimaliseer omdat dit van my horison verskil nie, maar dat ek sal luister met 'n opregte gewilligheid om van die ander horison te leer. Respek kweek respek. Long (1997:45) beklemtoon ook respek. "*Children are more responsive to deeds and actions than they are to words and symbols*".

Die derde implikasie van 'n fusie van horisonne is 'n *hermeneutic of suspicion* (Gerkin 1986:64). Die dialogiese gesprek tussen horisonne wys blinde kolle uit, vra vrae wat gewoonlik nie gevra word nie en vergelyk sienswyses. Hierdie hermeneutiek van agterdog beklemtoon die noodsaaklikheid daarvan dat daar meer as een realiteit, en dus meer as een betekenis wat aan realiteit(e) geheg kan word, erken moet word.

Die vierde implikasie is dat praktiese teologie altyd die fasilitering van 'n transformasie van die betrokke persone se lewens ten doel het. Menslike lewe is ingebed in die struktuur van tyd. Omdat tyd beweging veronderstel, impliseer tyd ook verandering en transformasie. Die lewe staan nie stil nie, maar is altyd aan die beweeg. Ook menslike betekenisstrukture wil en moet beweeg en verander. Die teenpool van beweging is stagnasie. Gerkin (1986:65) meld dit en waarsku daarteen: *“Like the human appropriation of any horizon of meaning, our appropriation of the Christian horizon tends to become fixed and stagnant. Thereby its ability to provide interpretive guidance for persons called Christian in the ever-changing and pluralistic arenas of human activity becomes limited and closed to the new activity of God in the power of the Spirit. Only as the process of practical theological thinking is kept open and active, alive with other perspectives on reality, can the Christian community remain open to the movement of God that may be found taking place in the darkest corners of arenas far afield from our accustomed Christian contexts”*.

Een manier om stagnasie te voorkom, is dus om bewus te wees van ander perspektiewe oor realiteit. Wanneer daar na ander mense se perspektiewe oor realiteit geluister word, word daar nuwe betekenis toegevoeg. In hierdie toevoeging van betekenis, beklemtoon Gerkin die gebruik van stories. Stories speel 'n belangrike rol in die lewens van mense, want *“We dream in narrative, daydream in narrative, remember, anticipate, hope, despair, believe, doubt, plan, revise, criticise, construct, gossip, learn, hate and love by narrative. In order to live, we make up stories about ourselves and others, about the personal as well as the social past and future”* (Gerkin 1986:29).

Om mens te wees, is met ander woorde om in stories te leef. Stories hou gebeure, mense en ervarings bymekaar wat andersins losstaande sou wees. Stories ontstaan egter nie in 'n vakuum nie, maar is deel van 'n klomp groter stories.

Gerkin beklemtoon drie aspekte van stories; eerstens die narratiewe struktuur van menslike ervarings; tweedens die noodsaaklikheid van narratiewe metaforiese taal waarin daar gelyktydig oor menslike ervarings, sowel as die aktiwiteit van God in hierdie ervarings gepraat word; en derdens die verhouding tussen metafoor en betekenis. Ek gee vervolgens aandag aan hierdie drie aspekte.

2.1.2 Die narratiewe struktuur van menslike ervaring

Vir Gerkin (1986:48) is die Bybel 'n groot narratief waarin al die ander narratiewe van die wêreld, in volgorde gerangskik, gesetel is. Stories is nie net 'n manier om gebeure te interpreteer nie, maar hulle help ook om betekenis aan gebeure toe te ken. Hierdie toevoeging van betekenis kan gedoen word juis omdat stories vertel word.

Mense leef hulle lewens in stories, 'n idee wat Michael White (1992:123) ook meld: "*the narrative metaphor proposes that persons live their lives by stories - that these stories are shaping of life, and that they have real, not imaginary, effects- and that these stories provide the structure of life*".

2.1.3 Die noodsaaklikheid van narratiewe metaforiese taal

Ek stem saam met Gerkin (1997:116) dat metaforiese taal enersyds noodsaaklik is, omdat dit die enigste manier is waaroor die mens van God kan praat, want ondanks God se openbaring bly Hy 'n misterie. Daar is geen ander-wêreldse taal as dié waarmee God op intellektuele of teologiese vlak beskryf kan word nie. Deist (1996:22) sê tereg: *"Dit is nie maklik om daardie werklikheid onder presiese woorde te bring nie. Om dit te benoem, moet jy na beelde en metafore gryp. Jy moet sê: "Dis soos..." wel wetende jou woorde kan nie...die werklikheid uitdruk nie "*.

Andersyds gebruik mense metafore om hulle ervarings te storie. Dikwels is dit moeilik om 'n bepaalde situasie of gebeurtenis te beskryf, of selfs om daaroor te praat, in welke geval sodanige ervarings of gebeurtenisse dan in metaforiese taal aangebied kan word. Ook in die navorsingsituasie waar daar drie plus een verstaanshorisonne is, kan metafore gebruik word om gesprekke oor 'n verskeidenheid onderwerpe te fasiliteer, misverstande uit die weg te ruim en alternatiewe betekenis(se) toe te voeg.

2.1.4 Die verhouding tussen metafoor en betekenis

Die gebruik van metafore behels onvermydelik herinterpretasie(s), sodat die unieke betekenis van 'n spesifieke situasie verhaal kan word. Binne die konteks van hierdie studie, en in die lig van sosiale konstruksiediskoers, is dit 'n soveel ryker interpretasie omdat dit

hier 'n geval is van hoe meer mense, hoe meer betekenis(se) en waardetoevoeging(s). Die doel met hierdie herinterpretasie(s) is nie om 'n presiese tydgeldende verstaan van die betrokke situasie te kry nie, maar die byvoeging van nuwe betekenis(se) en derhalwe verandering.

Lax (1995:153) sê hieroor die volgende: *“Words are not intended to represent a ‘true’ reality. They are always metaphors that take on meaning through social exchange. Metaphors are always open for reinterpretation by the participants “.*

Tot dusver is daar aandag gegee aan Gerkin se idees rondom die narratief-hermeneutiese benadering binne die praktiese teologie. Ek bespreek vervolgens die pastorale idees van Charles V Gerkin in meer detail.

2.1.5 Die pastorale idees van Charles v Gerkin

Mense verhaal die gebeure van hulle lewens, en gee daaraan betekenis. Hierdie betekenis word in die Christelike storie ingeweef. Daar bestaan dikwels konflik of 'n ooreenkoms tussen mense se ervaring van die storie van elke dag se gebeure en die Christelike storie. Die pastor se rol is hoofsaaklik dié van luisteraar en interpreteerder. Hy/sy spreek in die lig hiervan hierdie konflik of ooreenkoms aan in die dag-tot-dag verhoudings wat tussen pastor en die mense bestaan (Gerkin 1986:109).

Gerkin (1986:110-127) onderskei etlike sake waarmee die pastoraat primêr gemoeid is, byvoorbeeld menswees en die lewensiklus, verantwoordelikheid in verhoudings en interpersoonlike konflik, keuses en lewenstyl, die mens se roeping en taak in die wêreld, kollektiewe verantwoordelikheid, sosiale geregtigheid, vrede en die toekoms van die mensdom en sake van waarheid van die uiteindelige betekenis van die menslike bestaan. Ek bespreek enkele van hierdie sake wat op hierdie studie van toepassing is.

Die eerste saak wat Gerkin (1986) aanroer en wat ek wil bespreek, is die onderskeiding ten opsigte van menswees en die lewensiklus.

2.1.5.1 Sake rakende die menswees en lewensiklus van mense

Volgens Gerkin is die pastoraat hoofsaaklik 'n bediening vir mense wat op soek is na maniere om die lewe te hanteer. Daarom is 'n goeie pastor volgens hom iemand wat daarna streef om hierdie mense te ken. Hierdie ken van mense beteken nie net om mense individueel te ken nie, maar ook om fyn ingestel te wees op betekenisvolle dinge wat met elke persoon gebeur. Die pastor moet daarom ook ingestel wees op dinge van buite wat 'n invloed op 'n persoon kan hê. Die pastor is met ander woorde nie net ingestel op en bewus van sake rakende die algemene welsyn van die gemeente en die gemeenskap nie, maar is ook ingestel op die invloed wat daardie sake op die menswees van individue kan hê.

Volgens Gerkin (1986:110) beteken die luister na die menswees van mense ook dat daar geluister word na dit wat *sielkundig* met hulle

aan die gebeur is. Hierdie luister na wat *sielkundig* met mense in hulle lewensiklus en menswees aan die gebeur is, en hoe dit hulle beïnvloed, is binne die konteks van MIV/VIGS vir my 'n baie belangrike onderskeiding en ek gee dus meer aandag hieraan.

Die huishouding wat gebruik is vir die navorsing van hierdie studie, bestaan uit drie mense wat almal begin het om hulle eie lewenstories se hoofstukke oor menswees te skryf. Die skryf aan 'n nuwe hoofstuk van hulle lewenstories het twee pole. Aan die een kant is hulle MIV-geïnfekteerde volwassenes en 'n sesjarige kleuter in die huishouding wat daardeur geïnfekteer word. Aan die ander kant is hulle as gevolg van hulle beroepe deel van die gemeenskap en kleuterskoolgemeenskap. Hierdie teenstrydige rolle kan 'n verwarrende invloed op hulle hê, soveel so dat hulle dalk moeilik tussen die ou stories oor hulle gesonde jare en die nuwe stories, sedert hulle MIV-geïnfekteerd geraak het, kan onderskei.

Hierdie familie moet nuwe besluite neem. Hierdie besluite wat geneem moet word, het 'n tweeledige doel. Levinson (1978:79-80) stel dat dit hulle uitsig op die lewe moet vergroot en daarmee saam moet 'n gesonde, volwasse familie-struktuur opgebou word.

Binne die konteks van hierdie studie beteken dit dus dat ek moeite sou moes doen om elke lid van hierdie familie persoonlik te leer ken, nie net as 'n lid van die gemeente nie, maar ook as 'n persoon in eie reg, as mens met sy/haar eie behoeftes en drome, met eie verwagtings en vrese. Dit beteken dus nie net 'n oppervlakkige ken nie, maar ook 'n ken op emosionele vlak. Geduld en

bereidwilligheid om tot die familie se leefwêreld toe te tree, is 'n groot vereiste hier.

Gerkin (1986:113) bevestig dit dan ook: *“More than anything else, it involves patience and the willingness to enter into a common praxis with persons experiencing life as it is, grounding that mutual praxis in the identifying narrative of Christian faith “.*

Die tweede saak waarmee die pastoraat besig is, aldus Gerkin, is sake rakende verantwoordelikheid rondom verhoudings en interpersoonlike konflik.

2.1.5.2 Verantwoordelikheid in verhoudings en interpersoonlike konflik

Menswees vind selde, indien ooit, in 'n verhoudingsvakuüm plaas. Inteendeel, belangrike verhoudings is een van die aspekte wat mense se menswees ten diepste raak. Vir volwassenes beteken dit gewoonlik die verhouding met 'n huweliksmaat en gesin. Vir 'n kleuter is dit gewoonlik verhoudings met sy/haar ouers en maats.

Hierdie verhoudings oorvleuel dikwels en botsende belange en loyaliteite ontstaan. Konflik tussen persoonlike belange en behoeftes aan die een kant, en verantwoordelikheid vir bevrediging van die behoeftes en verwagtings van ander belangrike persone aan die ander kant, is meer die reël as die uitsondering. Daar ontstaan

vrae oor die vervulling van eie behoeftes en begeertes: *“Questions as to whether and how in the flow of busy life "my needs" are to be met or "my desires" are to be fulfilled make up a great deal of the content of self-concern in the modern context “* (Gerkin 1986:113).

In hierdie milieu van botsende belange word die pastor dikwels uitgesonder as iemand wat met vriendelikheid en outoriteit na hierdie stories oor verhoudingskonflik kan luister. In 'n sekere sin simboliseer die pastor vir baie mense God se omgee vir die individuele mens se behoeftes, asook die verpligting wat mense het om verantwoordelik met verhoudings om te gaan.

Die pastor staan dus in die onbenydenswaardige posisie van arbiter van konflikte oor behoeftes aan die een kant en verantwoordelikheid aan die ander kant. Dit is dus noodsaaklik dat die pastor die liefdesgebod “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself “ as deel van die Christelike narratief in gedagte sal hou.

As ek die voortdurende konflik en verhoudingsprobleme, wat so 'n integrale deel van die gesin was, saam met Gerkin se idees hierbo lees, vermoed ek dat 'n groot deel van my werk as pastorale terapeut waarskynlik op hierdie vlak sou val.

Met hierdie afdeling het ek gepoog om die studie te kontekstualiseer. Die klem het op Gerkin se beskrywing van 'n narratief-hermeneutiese, praktiese teologie geval omrede die ervarings van die familie onderling met mekaar gedeel moet word en

dat hulle daarvoor moet reflekteer. So kan mense en/of 'n gemeenskap opgeroep word om verantwoordelikheid vir hulle medemense te aanvaar.

3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

3.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om deur middel van narratiewe terapie vas te stel hoe die geaffekteerde familie van MIV/VIGS 'n nuwe verhaal van hoop kan beleef. Daar sal met begrip en empatie geluister word en saam sal die dominante verhaal van MIV/VIGS gedekonstrueer word, sodat 'n nuwe alternatiewe verhaal van hoop gekonstrueer word. Sodoende word daar lig gewerp op die probleemstellings binne die terrein van hierdie navorsing.

Hier word dus nie bloot 'n ondersoek na die effek van MIV/VIGS op die geaffekteerde familie ingestel nie, maar die doel is juis om 'n verandering van die trauma-ervaring teweeg te bring.

3.2 Doelwitte

Die spesifieke doelwitte vir die studie is:

- Om basisteoretiese perspektiewe vir pastorale terapie met die familie na te vors en neer te lê;
- Om metateoreties vas te stel wat die emosionele beleving van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie is;
- Om praktykteoretiese riglyne te bied wat toepaslik is vir pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie.

3.3 Kwalitatiewe navorsing van hierdie studie

Die doel van die navorsing sal sekerlik die epistemologie van die ondersoek bepaal. Dit spreek vanself dat navorsingsprosedures, metodes en prosesse in ooreenstemming met die epistemologiese diskoerse van die navorsing sal wees. Myns insiens leen die prakties-teologiese paradigma van die navorsing tot 'n *kwalitatiewe* metodologie.

'n Kenmerk van 'n narratiewe benadering is 'n openheid om ander standpunte en perspektiewe in ag te neem sonder om 'n óf/óf houding in te neem. Hoewel kwalitatiewe navorsing meer akkommoderend is vir 'n narratiewe benadering, is die gebruik van kwantitatiewe navorsing nie uitgesluit nie. Die kwalifiserende vraag vir beide hierdie navorsingsparadigmas sal myns insiens die epistemologiese uitgangspunte wees.

Vervolgens sal ek aandag skenk aan kenmerkende eienskappe van kwalitatiewe navorsing.

Eerstens is kwalitatiewe navorsing beskrywend en verkennend van aard, wat aansluit by die aard van die navorsing wat hierdie studie wil onderneem. In hierdie verband skryf Kvale (1992a:13): “*The research process is not a mapping of some objective social reality; research involves a co-constitution ... with an emphasis on qualitative, interactive and involved research* (eie aksentuering)”.

Tweedens maak kwalitatiewe navorsing dit moontlik om, volgens Pieterse (1993:186) “*dieper te graawe om die sosiale werklikheid en die verskynsels daarbinne in al sy kompleksiteit na te gaan*”. Waar die doel van hierdie navorsing *nie* is om die geldigheid en betroubaarheid van “eksakte” resultate van ‘n “objektiewe” studie te vind *nie*, is dit moontlik om deur middel van kwalitatiewe navorsing die verwagtings, behoeftes, geloofsdimensies en singewing te eksploreer. Kvale (1992b:51) voer aan dat kwalitatiewe navorsing die potensiaal het om die navorsing wat uit die breë rasionaliteitsbegrip gedoen is, te ondervang.

Derdens is dit moontlik om, soos in hierdie ondersoek, sosiale konstruksie binne ‘n prakties-teologiese paradigma te gebruik, want binne kwalitatiewe navorsing bestaan die moontlikheid om betekenis en singewing te ondersoek (Mouton 1993:53-75). So skryf Roux (1996:20) met verwysing na Patton: “*Qualitative inquiry cultivates the most useful of all human capacities - the capacity to learn from others.*”

Vierdens betrek kwalitatiewe navorsing die ondersoeker op 'n kubernetiese wyse en sluit dit aan by die rol van die navorser soos hierbo beskryf.

Dit is dan my mening dat, uit die aard en epistemologie van die studie, kwalitatiewe navorsing 'n feitlik vanselfsprekende keuse is.

3.3.1 Die rol van hermeneutiek in die lig van kwalitatiewe navorsing

Die uiteenlopendheid en polariteit van die gesprek het die hermeneutiese aard van die navorsing aangedui. Ek wil vervolgens die rol van hermeneutiek in die navorsing bespreek.

Wanneer 'n persoon begin besef dat sy waarde-oordele afhanklik is van sy interpretasie van sy leefwêreld, word die gebied van die hermeneutiek betree. Hermeneutiek word omskryf as die studie van *verstaan deur interpretasie* (Pieterse 1993:72). "*Elke mens is uniek in sy persoonlikheid, geskiedenis, lewenservaringe en situasies, daarom moet elke mens, "sy eie individuele moment vind"* (De Klerk, 1998:118). Pieterse (1993:1) haal Bosch met die volgende stelling aan: "*It is widely accepted today, in all the sciences (natural as well as social) that total objectivity is an illusion, and that knowledge belongs to a community and is influenced by the dynamic operative in such a community*".

Die hermeneutiese tradisie bestaan baie jare reeds in Europa. Pieterse (1993:72) dui aan dat dit vanaf Heidegger, Gadamer, Ricoeur tot by Habermas se vertrekpunte gevind kan word. Pieterse (1993:73) verwys na Dilthey wat van mening is dat menslike ervaring en handeling slegs doeltreffend bestudeer kan word deur die bedoelinge, waardes en intensies wat agter handeling lê, te verstaan.

Wanneer nagedink word oor God, Sy betrokkenheid in jou leëwêreld en die invloed wat dit op jou verhouding met God het, is elke persoon dus besig met sy eie subjektiewe verstaan en vertolking van sy konkrete situasie en sy eie interpretasie daarvan. Die *unieke* ontmoeting van God en mens is hier ter sprake. Volgens Pieterse (1993:83), met verwysing na Fret, is dit juis hierdie geloofshandeling van die mens wat in die praktiese teologie aangespreek word.

Om mekaar te bedien, te verstaan en te ondersteun, is dit krities vir mede-Christene om te besef dat ons te doen het met verskille van interpretasies en nie noodwendig met absolutes, met wit-en-swart lewensreëls nie. Die rede word dus nie meer alleen gebruik om tot begrip te kom nie. Ek het ook deurentyd in die gespreksgroepe probeer om die hermeneutiese aard te promoveer deur verkennende vrae.

Binne die raamwerk van Ricoeur (Pieterse 1993:88) se hermeneutiese perspektief is ons hier besig met die eerste fase van deelnemende verstaan. Dit beteken dat daar van binne af probeer

word om as deelnemer die spesifieke situasie van die wêreld om ons (ons land; ons gemeente) te verstaan. Dit is duidelik dat ons hier te doen het met 'n ander dimensie van verstaan wat naas die "objektiewe" werklikheid staan.

Ons ondersoek die "subjektiewe" verstaan van dit wat sin aan 'n eie werklikheid gee. Elke individu gee sin aan sy handeling deur sy subjektiewe verstaan of interpretasie daarvan. Elkeen se worsteling, twyfel of vrae moet dus in hierdie lig gerespekteer en van binne verstaan probeer word. Omdat elke individu uit sy eie "verstaan" binne sy leefwêreld 'n ander individu se leefwêreld betree, is ontmoeting en dialoog nooit neutraal of absoluut en afgesluit nie.

Daar word dus wegbeweeg van die klem op die rasonale na 'n meer holistiese interpretasie van die wêreld en die mens se geloofsreaksie binne die wêreld. Hoewel dit tot groot onsekerhede en beangstheid kan lei, lei dit ook tot bevryding en verryking van insigte. *"To be Christian means for us to see ourselves, the world about us, and human purposes with the interpretive vision provided by the metaphors and themes of the Christian story"* (Gerkin 1986:37).

Vervolgens wil ek myself as navorser binne kwalitatiewe navorsing posisioneer.

3.3.2 Kwalitatiewe navorsing en die navorser

Die rol van die navorser as gespreksgenoot is tweeledig. In die eerste plek is die navorser *deelnemer*, maar in die tweede plek steeds *navorser* wat 'n bepalende invloed op die rigting van die gesprek het. Volgens Bawden (1991:24): “*Thus we have the case of the professional researcher learning about the world in order to be more informed in his or her actions, and the researcher helping others to enquire into their own worlds as a basis for better informed actions all around.*”

Dit is nodig vir die navorser as deelnemer om bewus te wees dat hy/sy, net soos die ander deelnemers, uit sy/haar eie geïnternaliseerde diskoerse betekenis en kennis konstrueer. Wat Anderson en Goolishian (1992:30) sê oor 'n terapeutiese situasie is myns insiens ook waar ten opsigte van navorsing: “*The therapist always enters the therapeutic arena with expectations about the issues to be discussed that are based on the therapist's prior experiences and the referral information*”.

In die volgende hoofstuk gaan daar gelet word op basisteoretiese perspektiewe van pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie.

3 BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE PASTORALE

TERAPIE MET DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE

1 FAMILIE: KEUSES VIR 'N BEGRIPSBEPALING

'n Konseptuele raamwerk vir die pastoraat aan die MIV/VIGS-geaffekteerde familie, moet duidelikheid bereik oor 'n aantal vrae, soos die volgende (vgl Anderson 1980:71): Wat is die familie en hoe funksioneer die familie effektief? Wanneer is 'n familie disfunksioneel? Hoe kom verandering binne 'n familie tot stand ten einde effektiewe funksionering te bewerkstellig? Watter rol kan terapeutiese ingryping speel om verandering binne 'n disfunksionele familie te vergemaklik?

Hierdie hoofstuk wil veral ingaan op die gedagte van basisteoretiese perspektiewe wat vir die pastorale terapie met die geaffekteerde familie belangrik is. Die bovermelde vrae is egter ook vir hierdie doel baie relevant. Daarom word gepoog om ook in die verloop hiervan op minstens sommige van dié vrae antwoorde te vind. Dit is só omdat eerlike pogings tot doeltreffende pastoraat aan die MIV/VIGS-geaffekteerde familie, uiteindelik op die familie moet fokus. Dit is die konteks waarbinne die familie werklik "ontdek" word. Maar dit is ook die konteks waarbinne onder andere gesoek

moet word na 'n weg om beleving van hoop vir die geaffekteerde familie daar te stel.

1.1 "Gesin" of "familie"?

Die definiëring van die begrippe "gesin" en "familie" word deur 'n groot aantal faktore bepaal. Baie vrae kan so 'n definisie beïnvloed. Wie behoort tot die familie? Wie word in- en wie word uitgesluit? Waar lê die grense van die "familie" en van die "gesin"? Die gesin/familie sal daarom nie alleen kwantitatief nie, maar ook kwalitatief beskryf moet word (Louw 1989:78). Die "familie" is ook nie 'n "dit" nie (Le Roux 1987:16). Hudson en Harrison (1986:85) beskou die begrip "familie" wel as 'n bruikbare metafoor, maar meen dat die "familie" 'n waarneembare bestaan het wat die grense van spesifieke "merkers" oorskry. "Familie" is 'n simbool waarmee die samestelling van individue, wat per ooreenkoms of as gevolg van bepaalde omstandighede as groep leef, aangedui word, selfs al woon hulle nie bymekaar nie (Hudson & Harrison 1986:85).

Families verskil grootliks in hulle samestelling. Die assessering van die gesonde funksionering van die familie kan vanuit verskillende teoretiese oriënterings gemaak word (Barker 1986:31). In die definisiebepaling is dit belangrik om te weet vanuit watter perspektief na die gesin/familie gekyk word. 'n Gedeeltelike aanhaling van De Jongh van Arkel (1989:146) se verwysing na Dell (1985:17), is veelseggend in hierdie verband: "... each observer who distinguishes what he or she calls 'the Smith family' will make his or her own unique distinction."

Vir die doeleindes van hierdie studie is die keuse ten gunste van die "familie" eerder as die "gesin" gemaak. 'n Eerste terloopse rede vir hierdie keuse is geleë in die konnotasie wat in Afrikaans aan die begrip "gesin" geheg word. In die algemeen is hierdie konnotasie baie sterk op die sogenaamde "kerngesin" gerig. In die volgende hoofstuk word dit egter duidelik dat die woord "gesin" 'n baie eng en onvolledige verstaan is van 'n konsep wat vir die doeleindes van hierdie proefskrif eerder met die woord "familie" weergegee word.

Die verweefdheid van die mens met sy omgewing (wat meer sake en mense as die lede van die sogenaamde "kerngesin" insluit) en daarom die gepaardgaande wedersydse beïnvloeding van mens en omgewing, is verder bydraend tot hierdie keuse. Vir die pastoraat, wat op sy beurt ook vanuit 'n bepaalde gesigshoek na die familie kyk, is die betekenis en invloed van die omgewing van groot belang. 'n Gesinsverryking begin nie by die probleem nie, maar by die omgewing waarbinne die probleem sy oorsprong het. Hierdie grense loop dikwels wyer as die "gesin".

Ten diepste lê die voorkeur vir die gebruik van die begrip "familie" in hierdie studie, in die baie aspekte wat deurlopend te midde van vele kragtige invloede, mense daartoe beweeg om "familie" te wees. Dit is belangrik dat sommige van hierdie aspekte, en die invloed daarvan, aangestip word. 'n Poging word aan die einde van hierdie hoofstuk aangewend om die begrip "familie" voorlopig en werkbaar te omskryf.

1.2 Teologiese teorievorming van die familie: 'n Sistemiese ontdekkingstog

Die Bybel openbaar 'n ryk geskiedenis van kompleksiteit en diversiteit in die familie. Ou Testamentiese voorskrifte aangaande die familie, byvoorbeeld die leviraatshuwelik, sluit baie wysshede aangaande die huwelik en ouerskap, asook levitiese wette in verband met die familie, in (Anderson 1984:13). Dit kan uit die aard van die saak nie alles reglynig op die moderne kulture van toepassing gemaak word nie. Nuwe Testamentiese gegewens oor die familie lyk op die oog af meer na teenstrydighede as na verskeidenheid. Dit is duidelik dat hierdie gegewens altyd óók in verband staan met die kulturele formulering van dié tyd. Die familie is wel belangrik vir die Nuwe Testamentiese skrywers. Jesus aanvaar en waak ook in belang van die familie. Maar Hy verabsoluteer nie die familie nie. Vir Hom is die menslike verpligtinge ondergeskik aan 'n Hoër lojaliteit (Anderson 1984:13).

1.2.1 Voorwaardes vir 'n teologiese fundering van die familie

Wanneer die familie teologies gedefinieer word, word temas van belang vir die verstaan van die familie, vanuit die hele Christelike tradisie, geïdentifiseer. Algemeen geldende teologiese beginsels soos orde, verandering, uniekheid, gemeenskaplikheid, geregtigheid, vergifnis en verskeidenheid, word ondersoek

(Anderson 1984:15). Daar moet egter gewaak word teen die verabsoluttering van óf die familie óf die teologie (Anderson 1984:15). Verder word in die ondersoek voorsiening gemaak vir 'n lewendige interaksie tussen Christelike tekstradisies en algemeen menslike ervaring. Uiteindelik word ter wille van die pastorale doelstelling gevra wat die verskille tussen die christen-familie en ander families is (Wynn 1985:31). In die teologiese besinning oor die familie is 'n waarskuwende woord daarom van pas: "The pastoral theologian's agenda is not to identify a 'Christian family' but to help people find ways of being Christian in families" (Anderson 1984:15).

1.2.2 Enkele Ou Testamentiese gegewens aangaande die familie

Etnograwe onderskei verskillende familietipes, waarvan onder andere ook spore in die Ou Testament te vinde is (De Vaux 1974:19). 'n Minder bekende familietipe is die **fratriargale** familie, waar die oudste broer die familiehoof is en hierdie gesagsposisie van broer na broer oorgelewer is. Die leviraatshuwelik is hiervan 'n voorbeeld. Die **matriargale** familie is meer algemeen in primitiewe gemeenskappe. Die kenmerkende van hierdie familietipe is nie dat die moeder gesag uitoefen in die familie nie (dit is wel raar), maar dat die geslagslinie deur die moeder se geslagte bepaal word. Die kind behoort tot die moeder se familie en sosiale groepering en nie tot dié van die vader nie (De Vaux 1974:20). Sekere skrywers beweer dat hierdie familietipes in sommige Ou Testamentiese verhale nagespeur sou kon word. De Vaux (1974:21) kan egter om verskeie redes nie met hierdie bewerings saamstem nie.

Duidelike sistemiese lyne is kenbaar in 'n ander familietipe, naamlik die meer bekende **patriargale** familie, wat tiperend van die Israelitiese familie was. 'n Duidelike verwysing na hierdie familietipe lê opgesluit in die naam *bêth 'ab*, die "huis van die vader" (De Vaux 1974:22). Binne die Ou Testamentiese familie word die individu nooit los van die familie gesien nie. Die mens is organies aan die familie verbonde en vorm daarmee saam 'n eenheid. Die plek van die familie teenoor God word in religieuse terme bepaal deur die voorouers (Blom 1981:139). Geslagsregisters speel dus 'n belangrike rol. Ten opsigte van die patriargale familietipe, word geslagte aangedui langs die linie van die vader. Vroue word selde genoem (De Vaux 1974:23).

Die patriargale familie, waarin veral die poligame huwelik gefunksioneer het, was normaalweg groot (Baab 1962:238). Dit het uit die uitgebreide familie bestaan. In Israel is die groot familie om ekonomiese asook godsdienstige redes aanbeveel. Die solidariteit binne die familie is in stand gehou deur die patriargale figuur van die vader, deur die toepassing van die beginsel van vergeldende beregting ("retributive justice") in terme van die korporatiewe familie verantwoordelikheid (Baab 1962:238). Die man is die heer/meester van die vrou, met absolute gesag oor die kinders. Die familie bestaan uit lede wat deur bloedverwantskap aan mekaar verbind is en woon in een huis. Die grense van hierdie familie strek verder as die bloedverwantskap. Dit sluit óók diensknegte, "vreemdelinge" (qerim) en diegene sonder status, naamlik weduwees en wese onder die beskerming van die familiehoof, in (De Vaux 1974:24). Die familie is dus 'n inklusiewe gemeenskap (Baab 1962:238). Abram besny byvoorbeeld elke manlike lid van sy "huis", naamlik sy seun

Ismael, slawe wat in sy besit gebore is, sowel as die slawe wat hy met geld gekoop het (Gn 17:23,27).

In die konteks van hierdie Bybelse familie was kinders, veral seuns, van groot belang. In ou Israel is 'n groot getal kinders as veelbegeerde eer beskou. Onvrugbaarheid daarenteen, is as beproewing beleef (De Vaux 1974:41). Die opvoeding en onderrig het besondere klem gekry. Beide vader en moeder neem hieraan deel, alhoewel die inhoudelike van hulle deelname verskil. Dit is die moeder wat die basiese grondslag lê, in die besonder deur mondelinge inligting wat oorgedra word (Spr 1:8; 6:20). Die vader se bydrae lê veral die klem op die nasionale tradisies en die onderrig aangaande die eise van die Wet. Aangesien die bedryf van vakmanskap gewoonlik 'n familieaangeleentheid was, was die professionele opleiding ook die verantwoordelikheid van die vader. Benewens die godsdienstige opvoeding tuis, word die kind saamgeneem na die heiligdomme. Daar word ook amptelik onderrig gegee, maar veral die liturgiese handeling word as kragtige medium van onderrig benut (De Vaux 1974:49-50). Hierdie betrokkenheid van die kind onderstreep die dinamiese verbintenis van die familie aan die kultus as "groter huishouding".

Gedurende die patriargale tydperk is die huwelik, met die klem op die getal kinders, eintlik 'n verbond tussen twee families wat die familiegroep op hierdie wyse vergroot. Waar meer as een vrou betrokke was, het elke vrou-gesentreerde groep (alhoewel hulle nog onder die beheer van die vader gebly het) in eie woonkwartiere gebly, met eie slawe en diensknegte. Op hierdie wyse is families binne families geskep (Baab 1962:239). Hierdie uitbreiding van die familie het nie die korporatiewe verantwoordelikheid en verpligtinge

in verband met die familie se eer en naam in gedrang gebring nie, maar het dit eerder onderstreep (Baab 1962:239). Lede van die familie in die wyer familieverband, het 'n verpligting om mekaar te help en te beskerm. Die go'el (wat terugkoop of verlos) sien byvoorbeeld om na die belange van die individu of groep. Die verhaal van Rut is 'n klassieke voorbeeld van hierdie familieverpligting (De Vaux 1974:52).

Sistemies beskou, is verandering in die samestelling van die familieverband ook in Bybelse tye reeds sigbaar. Die familie bly nie staties nie. Volksverskuiwings na stede het byvoorbeeld belangrike sosiale veranderinge teweeggebring en familiegebruike is daardeur beïnvloed. Families het as gevolg van die materiële voorspoed en ontwikkeling van industrieë minder selfonderhoudende eenhede geword (De Vaux 1974:54). In stede het die getal lede van die familie, wat onder een dak kon woon, verminder sodat in later tye in die Ou Testament selde verneem word van families met meer as die ongetroude kinders in die huis. Wanneer seuns in die huwelik tree, kom 'n nuwe familie tot stand en word 'n eie huis gebou (Neh 7:4) (De Vaux 1974:62).

In 'n wyer sin van die woord is die familie steeds gelyk gestel aan die stam, of mishpahah. Die stam deel gemeenskaplike belange, is bewus van hulle bloedverwantskap en word daarom "broers" (1 Sm 20:29) genoem (De Vaux 1974:65). Die omvattendheid van die familiebegrip word verder sigbaar in die feit dat dit ook gebruik word met verwysing na die nasies van Juda en Israel. Die belangrikste uitbreiding van die begrip is waar dit van toepassing gemaak word op Israel in die Ou Testament, en in terme van die

geloofsgemeenskap van die kerk in die Nuwe Testament met die verwysing na die "familie van God" (Baab 1962:239).

1.2.3 Uitbouing van die familiebegrip in Nuwe Testamentiese terme

God is God van die voorgeslagte, van die huis van Abram, Isak en Jakob. Israel is "kinders van God" en in daardie sin dan ook "familie van God", in teenstelling met die ander families op aarde (Blom 1981:139). Wanneer Christus in die Nuwe Testamentiese era op aarde verskyn, gebeur dit nie in 'n lugleegte nie, maar maak Hy deel uit van 'n familie. God verbind Homself aan hierdie familie. In die Lukasberig (Lk 3:38) oor die afstamming van Jesus, word Jesus ten diepste gesien in die afstammeling van "Adam, die seun van God" (Blom 1981:140).

In die Nuwe Testament vind 'n duidelike klemverskuiwing met verwysing na die familie, plaas. Die familie in die Nuwe Testament het wel 'n belangrike plek, maar dit speel nie 'n sentrale rol nie. Dit beteken egter nie 'n ontwikkelingsbreuk met die verlede ten opsigte van die familie in die Ou en Nuwe Testament nie.

Daar tree wel 'n nuwe visie na vore. Sonder dat die gesag van die vyfde gebod aangetas word, is dit tog in die Nuwe Testament duidelik dat, om Jesus Christus te volg, as hoogste prioriteit gesien moet word. 'n Verkeerde piëteit teenoor byvoorbeeld die ouer, kan in die weg van 'n verhouding met Hom staan (Blom 1981:140).

Die vrug van hierdie hoër lojaliteit hou in dat die mens in die gemeente 'n nuwe familie vind. Dáár word familie nie eksklusief tot bloedverwantskap beperk nie, maar die gemeente word 'n inklusiewe ruimte vir 'n ander geloofsfamilie. Korporatief word hulle nie alleen "familia Dei" nie, maar één liggaam van Christus (Rm 12:4-8; 1 Kor 12:12-30). Bepalend is nie dat dieselfde bloed deur hulle are vloei nie, maar dat hulle volgens 1 Korintiërs 12:13 met dieselfde Gees deurdrenk is (Blom 1981:141). Die kerk, wat aanvanklik uit huiskerke en familiebyeenkomste bestaan het, het as die gemeenskap van die gelowiges dus 'n besondere roeping om hierdie familieband met Christus, te laat sigbaar word. Dit maak die milieu waarbinne die familie as deel van 'n groter familie funksioneer, van groot belang.

1.2.4 Die verbondsmatige karakter van die Bybelse familiebegrip

In 'n later stadium word voorkeur gegee aan die sogenaamde familielewe-spiraal (Combrinck-Graham 1985:142) ten opsigte van die ontwikkelingsbestaan van die familie. Hierdie voorstelling van die familie impliseer in 'n sekere sin 'n "oneindige" bestaan van "familie". Teologies het hierdie bestaan tog ook 'n baie besondere aanvang. Dit kan in die wortel van sy bestaan as verbondseenheid teruggevoer word na "die uitverkiesende genade van God" (Louw 1988:40). Hierdie kernmoment van die verbond het 'n ryk nalatenskap in die Christelike teologie (Balswick & Balswick 1989:23).

'n Uniekheid van die verbondskonsep, wat dan van besondere belang ten opsigte van die familie is, is die resiproke of wedersydse betrokkenheid in die verhouding tussen God en verbondsmens. Alhoewel die verbond onvoorwaardelik is, word die seën daarvan alleenlik in die nakoming van verbondsverpligtinge ervaar. Die wederkerigheid (resiprositeit) binne die verbond is daarom 'n kernmoment wat natuurlik ook binne die familieverhouding geld (vgl Balswick & Balswick 1989:25).

Die wederkerigheid as kernmoment van die verbond is eerstens 'n onvoorwaardelike verpligting, wat oorheersend deur God in 'n "ouer-rol" gedemonstreer word. Verwysings na hierdie selfopgelegde verpligting van God word vroeg reeds in die Bybel gevind, beginnende by die verbond met Noag (Gn 6:18, 22; 9:9-10) en die verbond met Abram (Gn 15:18; 17:1-7). Die verbondsluiting vind eensydig van God se kant af plaas terwyl aan Noag en Abram geen keuse in die saak gelaat word nie. Die geldigheid daarvan hang nie af van Noag en Abram se nakoming daarvan nie. God se verbintenis het vasgestaan, of hulle dit aanvaar het of nie. God het 'n reaksie (respons) van beide Noag en Abram verwag. Hulle reaksie op die verbond het egter nie die ewigheidskarakter daarvan in gedrang gebring nie (vgl Balswick & Balswick 1989:23).

Tweedens is die menslike verantwoordelikheid binne die verbondsverhouding van belang. "Hoe sterk 'n mens ook die monopoleuriese karakter van die verbond beklemtoon, kan niemand daarby verbykyk dat die verbond op tweesydigheid aangelê is en ten diepste wederkerige betrokkenheid en gemeenskap tussen God en die mens in die oog het nie. In die verbondsverhouding skakel God

daarom die wil, kennis en gevoel van die mens in by die deurvoering van sy heilsplan" (Jonker 1989:202). "Slegs binne die verbondskonteks is dit moontlik om te verstaan dat die Bybel met soveel nadruk die mens se verantwoordelikheid poneer, en daarnaas tog aan die volkome alleenwerkzaamheid van God in die menslike heil vashou. Fil. 2:12-13 is hier 'n sleutelteks" (Jonker 1989:203).

Die verbondsverantwoordelikheid van die kant van die mens, kom binne die familie op 'n besondere manier tot uitdrukking. Die verbondsfamilie kan nooit daarvan ontsnap nie. Binne die verbond word die familie altyd daaraan herinner. Louw (1988:42) sien die doop as die faktor wat die familie enersyds aan die indikatief van die heil bind. Andersyds stel dit die familie onder die imperatiewe implikasies van dié heil. God se eienaarskap van die gesin word daardeur geproklameer en dit fundeer die bestaan van die verbondsgemeenskap in die beloftes en trou van God self.

Die gedagte dat die familie 'n verbondsgemeenskap is, klink vreemd op die moderne oor (Wynn 1982:151). Tog is hierdie Bybelse waarheid van groot belang in die kontemporêre lewe. Die beloftes wat gemaak word, die onderhandelings, die huweliks- en familieverpligtinge bly steeds verbondsgerig. Daar moet uiteraard duidelik onderskei word tussen die verbondsverhoudings van die kontemporêre familie en dié van die familie in Bybelse tyd.

Nietemin bly die Bybelse voorbeeld normatief (Wynn 1982:151). Die familie word binne die gemeente, wat God se groot huishouding is, geabsorbeer. Gelowiges word deur 'n nuwe bloedverwantskap,

naamlik deur die bloed van Christus, aan mekaar as broers en susters verbind. "Die familie word gerelativeer deur God se familie en vind sy eintlike funksiebestemming in die *communio sanctorum*. Die huwelik en gesin word in 'n sekere sin "subsisteme" van die saambindende geloofsisteem: die gemeente as liggaam van Christus. Gesinskohesie is in die lig van die verbondsisteem, geloofsinteraksie" (Louw 1988:42).

Dit is duidelik dat daar 'n wisselwerking bestaan tussen familie-interaksie enersyds en die interaksie tussen God en Sy huishouding andersyds. Man en vrou se liefde binne die huwelik simboliseer nie alleen die liefde tussen Christus en sy kerk nie, maar word moontlik vanuit hulle deelname aan die liefde tussen Christus en die kerk (Hulme 1962:31). Familie en gemeente is dus vanuit die verbondsperspektief, komplementêre begrippe (Louw 1988:43). Die verlossing in Christus word duidelik binne verhoudings. God staan in verhouding met die mens deur Sy verlossende liefde in Christus. Hierdie heilige liefde van God is egter nie bedoel om die liefde tussen mense te vervang nie, maar is juis bedoel om binne daardie verhoudings lewend te word (Hulme 1962:31). Dit is juis binne die familie dat hierdie verhouding ingeoefen en sigbaar gemaak word.

Die familie kan daarom as "teologiese seminarium" beskryf word (Wynn 1982: 162-164). Ten einde metafisiese teologiese terme soos verlossing werklik te begryp, is dit belangrik dat dit in interpersoonlike terme verstaan word. Indien versoening nie in die praktyk van hierdie verhoudings ervaar word nie, is die bereidwilligheid om die waarheid daarvan te aanvaar, gering. Die familie bied die ruimte waarbinne die gesin abstrakte begrippe soos

God se liefde, na analogie van die liefdesinteraksie tussen ouer en kind, kan beleef. Die Bybel benadruk hierdie verhoudings voortdurend. God is die Vader van almal; gelowiges is sy seuns en dogters. Omdat gelowiges broers en susters van Christus is, is hulle ook broers en susters van mekaar. Gesamentlik is hulle geloofshuishouding, die familie van God (Wynn 1982:163).

Uiteindelik staan die onderstaande momente ten opsigte van die familie as verbondsverhouding voorop. In hierdie afdeling word veral na die resente werk van Balswick en Balswick (1989), wat onder andere uitvoerig hieroor handel, verwys:

- Binne hierdie verhouding is vergifnis tussen familielede moontlik, omdat hulle as gelowiges vergifnis ontvang het. Dit is in die gebrokenheid van familieverhoudings dat die kind leer wat aanvaarding en versoening beteken wanneer gebroke verhoudings weer herstel word. Sonder die analoë ondervindings binne dié verhoudings, is werklike begrip van teologiese waarhede moeilik (Wynn 1982:164).
- Die verbond is, volgens die aard daarvan, genade. Dit is 'n begrip wat in 'n verhouding betekenis kry. Die mens word geroep om binne 'n verhouding van onverdiende genade met God te leef. Familieverhoudings is deur God ontwerp met die bedoeling dat dit nie in die gees van die wet beleef sal word nie, maar in die gees van genade. Kontraktuele familielewe lei tot 'n atmosfeer wat in die teken van die wet staan. Familielewe gebaseer op die verbond lei na 'n atmosfeer van genade en vergifnis. In só 'n atmosfeer tree familielede met

verantwoordelikheid, liefde en wedersydse bedagsaamheid op (Balswick & Balswick 1989:26).

- Binne so 'n klimaat word dit moontlik vir elke lid van die familie om tot sy volle potensiaal te ontwikkel. Balswick en Balswick (1989:28-29) verwys in hierdie verband na die belangrike aspek van volmag ("empowering"). Daardeur word toegelaat dat gesag in 'n ander persoon bevestig word. Dit stel daardie persoon in staat om sy eie kwaliteite van krag en potensiaal te ontdek en te ontwikkel deur middel van 'n resiproke proses waarin gesamentlik aan moontlikhede hiertoe gewerk word (Balswick & Balswick 1989:28).

- Binne die verbond geskied die ontwikkeling van volmag in die klimaat van liefde, genade en aanvaarding. In só 'n klimaat is die gee van volmag 'n aksie van God wat binne mense se lewens plaasvind. In Jesus Christus word hierdie volmag toegeken, sodat mense "die lewe kan hê, en dit in oorfloed" (Jh 10:10b). Hierdie volmag is in Christus "mag" van persoonlike aard. Dit is mag wat aan die magtelose toegeken word. Die allesoorheersende voorbeeld is in Christus self, wat aan mense die volmag toeken om kinders van God te wees, te vinde. In plaas van mag aan te wend om ander te beheer, vestig Christus die toegekende volmag om ander mee te dien, gevallenes op te hef, skuldiges te vergewe, swakkes aan te moedig tot verantwoordelikheid en volwassenheid, en onbekwames tot bekwaamheid in staat te stel (Balswick & Balswick 1989:28-29).

- Die toekenning van volmag is liefde in aksie. Binne verhoudings kom dit op vanuit die verbond en genade wat in Christus aangebied word. Dit is die teenwoordige werking van

die Heilige Gees in die lewe van gelowiges wat moontlikhede vir ander skep. Wanneer die familie geestelike groei ervaar, is dit vir hulle moontlik om mekaar op buitengewone wyse te dien. Paulus verwoord dit in 1 Korintiërs 8:1b wanneer hy skryf: "Kennis maak verwaand, maar liefde bou op." Wanneer ouers binne die familie met toegekende volmag en gesag op hulle beurt kinders prosesmatig met volmag beklee, word die ouers nie van hulle volmag ontnem nie. Ouers en kinders ervaar eerder almal die gevoel van persoonlike mag, selfrespek en geheelheid (Balswick & Balswick 1989:29- 30).

- Die verbondsverhouding binne die familie behoort 'n besondere intimiteit te besit. Hierdie intimiteit in die verbondshuishouding, word deur God geïnisieer wanneer Hy in die geskiedenis van die mens inbreek om persoonlik met die mens in verhouding te tree (Balswick & Balswick 1989:30-31). Die uitwerking hiervan op die verbondsmens is dat die lede van 'n familie wat verbondsmatig in 'n atmosfeer van genade en volmag leef, in staat is om só te kommunikeer dat hulle binne die familie mekaar intiem ken en deur mekaar geken word. Lede behoort met inspanning na mekaar te luister, mekaar te probeer verstaan en die beste vir die ander te soek, sodat hulle in navolging van Jesus Christus van hulleself ontledig, diensknegte soos Christus word (Balswick & Balswick 1989:31).

1.3 Familie: Begripsvorming vanuit die sosiale wetenskappe

1.3.1 Definisieverwarring?

Die begrip "familie" is binne die sosiale wetenskappe met verloop van tyd verskillend gedefinieer en geïnterpreteer. Dit besit nie meer die duidelike en algemeen aanvaarbare definisie wat dit gehad het nie (Wynn 1982:21). Daar bestaan byvoorbeeld verskille oor die vraag of, benewens die tradisionele "kerngesin", 'n groep wat in 'n kommune saamwoon, die enkelouer, en 'n kinderlose egpaar, as "familie" gedefinieer kan word. As voorbeelde van hierdie verskillende standpunte, die volgende: Wynn (1982:21) gebruik vir die doeleindes van familieterapie die term "familie" om enige verhouding van mense binne die huwelik, deur aanneming en/of eie bloedfamilie of wat dieselfde linie van oorsprong met mekaar deel, aan te dui.

Hiermee word benewens die "kerngesin" ook die sogenaamde "uitgebreide familie" bedoel. Ook persone wat vir die sisteem relevant is, word per definisie by die begrip "familie" ingesluit. La Haye (1982:18-19) oordeel weer populêr en baie kras oor enige definiëring wat sou wegbeweeg van wat hy as die "tradisionele definisie" sien en daarmee, nie net die definisie nie, maar ook die familie self, ernstig in gevaar stel. Daar word gewys op die sogenaamde "radikale aktiviste" wat per definisie ook homoseksuele en lesbiese persone, asook enkellopendes wat ongehuud

saamwoon, as "familie" wil tipeer en voordele wat slegs die "tradisionele familie" toekom, wil laat geniet (La Haye 1982:18-19). Daar kan nie aanvaar word dat, by die gebruik van die begrip "gesin" of "familie", almal dieselfde beeld daarvan het nie. Die vraag kan gevra word of elkeen wat die begrippe gebruik, nie sy eie definisie het nie, en of elkeen dit eendimensioneel vanuit 'n bepaalde perspektief gebruik (De Jongh van Arkel 1989:145). So definieer Gantman (1980:107) as psigoloog die familie sosio-psigologies as "a societal institution or structural unit within society", en fokus dan vir doeleindes van die bepaalde studie op "groups of individuals who cohabit and who are part of the 20th century American Society and its culture."

Daar word in die verband dan spesifiek na die "kerngesin" verwys. Blom (1981:141) trek in sy definisie as teoloog die kring heelwat wyer: "Ten aanzien van de familie kan gesproken worden over bloed-, geest- en lotverwantschap. Men denkt multigenerationeel en gaat uit van de interdependentie van de leden die tot een familie behoren ...Naast de natuurlijke bindingen op het horizontale vlak is er het Verbond op het verticale vlak; uit de vele families op aarde heeft God deze ene gekozen." Anderson (1984:12) bring 'n verdere aspek na vore. Hy bedoel met die term "familie" die verhouding waarin mense met mekaar in 'n bepaalde groepering bestaan, asook die interaksie wat daar tussen hulle in daardie verhouding plaasvind. Die familie word gedefinieer as: "a group, limited in membership, of human beings, who have regular interaction with one another over time. Family membership is determined by both external and internal boundaries."

1.3.2 Faktore wat deur die sosiale wetenskappe in die definiëring van "familie" in berekening gebring word

In die proses van teorievorming en definiëring van die konsep "familie" is vanuit verskillende gesigshoeke telkens gepoog om tot 'n werkbare definiëring te kom. Verskeie aspekte word telkens in berekening gebring ten einde die term "familie" vir 'n bepaalde doelwit te definieer. Mens sou hierdie verskillende aspekte oorsigtelik soos volg kan groepeer:

1.3.2.1 Genealogiese posisie en definieerbare rolle

Die meeste definisies van die begrip "familie" bevat twee belangrike basiese elemente (Steyn, Van Wyk & Le Roux 1987:38). Eerstens is daar die element van verwantskap of genealogiese posisie van die groeplede ten opsigte van mekaar, normaalweg in die Westerse beskawing gevorm deur twee volwassenes van die teenoorgestelde geslag in 'n goedgekeurde geslagtelike verhouding, saam met die afhanklike kinders wat uit dié verhouding gebore word. Hierbenewens is daar ook die stel maatskaplik gedefinieerde rolle, met rolverwagtings en -regte wat die lede van die groep ten opsigte van mekaar het. Dit is 'n stel posisies en rolle met wedersydse pligte en regte rondom die voortplantingsituasie, maar ook ten opsigte van die sosiale rolbekleding (Steyn et al 1987:39).

1.3.2.2 Familieverandering

Die familie as sosiologiese eenheid het in die loop van eeue voortdurend verander. Nie slegs die gesin se eie "lewenspatrone, gesinspatrone en gesinsbindinge" het verander nie (Louw 1989:78). Ook die persepsie en definiëring van die begrip "familie" het nie dieselfde gebly nie. Die vraag is waarom hierdie begrip nie dieselfde betekenisinhoud kon behou nie? Waarom bly die rustelose soeke na 'n vaste definisie voortduur? Daar word gelet op 'n paar faktore wat hierdie soeke veroorsaak:

1.3.2.2.1 Die verbreding in die terapeutiese benadering

Die verbreding in die terapeutiese benadering, vanaf die individuele na die gesin, asook toenemende in berekening bring van die ekologiese sisteem, het klaarblyklik ook die verandering in die definiëring van die begrip, meegebring. Aan die begin van die sestigerjare het familieterapeute die fokus in die terapie verbreed, om sodoende ook die uitgebreide familie by die begrip in te sluit (Hayley 1971:6-7). Later in dieselfde tydperk word die beskouing van "familie" verder verbreed om alle sisteme (histories en toekomstig), bloedverwant, besigheidsverwant en selfs politiesverwant in berekening te bring. Die ekologiese konteks van die individu is dus ingesluit.

1.3.2.2.2 Familieverandering en familie-omgewing

- Die verband wat tussen die familie en die sosiale omgewing bestaan is intiem verweef. Louw (1989:13) sien die "gesin" as 'n "mikro-kosmiese seleenheid binne die geheel van die makro-kosmiese sosiale organisme." In die familie vind die waardes, houdinge, gesindhede en styl van 'n bepaalde groep of kultuursituasie neerslag. "Aan die ander kant beïnvloed die gesin weer die samestelling van 'n bepaalde groep mense" (Louw 1989:13). Daar vind dus 'n wedersydse beïnvloeding tussen familie en familie-omgewing plaas. Die aanpassing en verandering wat in vele opsigte in die familie plaasvind, is dus onlosmaaklik aan hierdie proses van beïnvloeding onderworpe.
- Tradisionele familiefunksies, soos dié van sosialisering, van die ekonomiese, die opvoedkundige, die godsdienstige, sowel as dié van ontspanning en sekuriteit, moes toenemend met ander sosiale groepe in die samelewing gedeel word. "Hierdie toedeling en oornome van gesinsfunksies deur die samelewing, maak dit soveel te meer belangrik om die gesin nie losstaande van die samelewing te ondersoek nie" (Van der Neut 1984:14). In aansluiting hierby het die familie vroeër gefunksioneer om selfvoorsienend en ter wille van oorlewing, te bestaan. Die moderne familie se funksie is egter minder op oorlewing en meer op emosionele sekuriteit gerig (Wynn 1982:17).

- Verandering van familiefunksies het ook die familie se verhoudingspatrone verander. Daar word hoë eise aan die hedendaagse familie gestel en daar word dikwels meer van die familielede verwag as waartoe hulle as familie in staat is. Uit die aard van die saak oefen hierdie druk 'n invloed uit op die verhoudings binne die familie. Die invloed van massaverandering deur byvoorbeeld inflasie, verstedeliking, politieke invloede en industrialisasie, het ten gevolg dat die familie in sy mikro-verhoudings sodanig beïnvloed word dat bepaalde aanpassings binne die sisteem gemaak moet word (Wynn 1982:17-18).
- Strukturele differensiasie in die geïndustrialiseerde samelewing het mettertyd tot die strukturele isolasie van die "kerngesin" gelei. Die klem val op die selfbeskikkingsreg en die privaatheid van die "kerngesin" en op die afname van die maatskaplike beheer van die wyer verwantskap van die lede van die sisteem. Die "kerngesin" is struktureel al minder ondersteun en het alleen verantwoordelik geword vir probleme wat mag opduik - wat 'n groot las op die skouers van die egpaar plaas (Steyn et al 1987:317).
- In die preïndustriële familie was die werk en familielewe geïntegreerd. Differensiasie in werkrolle was gebaseer op familierolle. Arbeidsrolle en familierolle is sedert die industriële revolusie geskei en dit het mettertyd tot indringende verandering in die familierolle gelei. Meer rolalternatiewe het vir die vrou ontwikkel en die voorskriftelike aard ten opsigte van haar rolverdeling het afgeneem. Hierdie

proses van rolverandering is steeds besig om plaas te vind (Steyn et al 1987:317- 318).

- Die toenemende emansipasie van die vrou het daartoe gelei dat die legitimiteit van die tradisionele outoriteitspatroon, met die man in die dominante posisie, geleidelik begin verval. Die vrou het heelwat meer aan outoriteit gewen (Steyn et al 1987:318).
- 'n Belangrike kenmerk van die struktureel gedifferensieerde samelewing is die toename in spesialisering en burokratisering van die verskillende samelewingstrukture, waar die verhoudings universalisties, spesifiek, individualisties en affektief-neutraal is. Die gesin, wat meer partikularisties, diffuus, kollektief georiënteerd en affektief van aard is, is feitlik nog die enigste struktuur waar die verhoudings 'n sterk emosionele dimensie het, en waar emosionele ontlading en herstel kan plaasvind (Steyn et al 1987:318).

Die familie dra dus swaar aan die emosionele druk van die buitelewe en hoë eise word in hierdie verband aan die familie gestel.

1.3.2.3 Familietipering

'n Baie onbevredigende werkswyse in die definiëring van die "gesin" of "familie" is die geskiedenis van pogings om familietipes te onderskei. Hiermee loop die "familie" die gevaar om in meerdere of

mindere mate kategorie "ge-etiketteer" en afgegrens te word. In die denke oor die familie word daarmee dan min ruimte gelaat vir aspekte soos die ontwikkeling, die verandering en die beïnvloeding op en vanuit die ekologie van die familie. Veral die dinamiek van 'n konsensuele domeinafbakening tussen mense, wat hulleself om verskeie redes as "familie" beskou, word met hierdie tipering uitgesluit.

In die algemeen word na die volgende tiperings verwys:

- Die "kerngesin" of "nukleêre gesin": Dit bestaan uit 'n egpaar met hul onmiddellike nakomelinge. Die "kerngesin" het in die Middeleeue reeds as een van 'n verskeidenheid familievorme bestaan (vgl Louw 1989:14). Dit bestaan uit die huweliksisteem en die volgende subsysteme: "die ouer-kindsisteem, die broer-sustersisteem en die gesin-familiesisteem" (Louw 1989:103).
- Die "poligamiese gesin": Hierdie familietipe bestaan uit twee of meer "kerngesinne" wat deur gelyktydige meervoudige huwelike aanmekaar gekoppel is, en waar een van die eggenotes dus 'n gemeenskaplike lid van meerdere kerngesinne is (Steyn et al 1987:45). In hierdie gesinne word onderskei tussen: poliginie, waar 'n man meervoudige huwelike aangaan en die rol van vader en eggenoot in verskeie "kerngesinne" speel, en poliandrie wat berus op die huwelik van twee of meer mans met een vrou (Steyn et al 1987:45-46).
- Die "saamgestelde gesin": Hier word twee bestaande "nukleêre gesinne" aan mekaar verbind deurdat twee persone

met mekaar in die huwelik tree terwyl elk reeds aan 'n bestaande enkelouergesin verbind was (Louw 1989:104).

- Die "enkelouergesin": Die "enkelouergesin" word onderskei in die sporadiese enkelouergesin, die enkelouer uit eie keuse, die geskeide enkelouer, en die weduwee/wewenaar enkelouer (Louw 1989:104).
- Die "uitgebreide gesin": Dit is 'n sisteem waar twee of meer "nukleêre gesinne" by mekaar geaffilieer is deur die uitbreiding van die ouer-kindverhouding. 'n Situatie kan ontstaan waar 'n ouerpaar saam met hul getroude kinders en dié se kinders in dieselfde huis saamwoon (Louw 1989:104). Steyn et al (1987:59) wys daarop dat die konsep van uitgebreide gesin 'n baie spesifieke betekenis het van 'n begrensde groep saamwonende persone in verwantskapsverband tot mekaar, deurdat kerngesinne aaneengekoppel is, om só 'n groter groep te vorm. Enige groep persone waar addisionele verwante of lede wat by die kerngesin inwoon, of waar dienste op 'n vrywillige basis gelewer word, kan dus nie as 'n uitgebreide gesin, in die sin wat dit hier gebruik word, getipeer word nie.
- Die "kommunale gesin": 'n Paar "nukleêre gesinne" woon saam en verdeel die familietake onder mekaar. Een vrou kyk byvoorbeeld na al die kinders terwyl die ander werk. Die inkomste word gesamentlik onder mekaar verdeel (Louw 1989:104).
- Die "saamwoongesin": Dit is 'n gesin waar die ouers nie wettig deur huweliksluiting aan mekaar verbind is nie. Die sisteem is dan afhanklik van die konsensus tussen die twee partye (Louw 1989:104).

Navorsing in verband met die familie in die sestigerjare het 'n nuwe tendens vertoon, wat wegbeweeg het van die gedagte om die familie te tipeer. In plaas daarvan om familie-"tipes" te probeer aandui, is groter belangstelling geopenbaar in die fases van familie-ontwikkeling. Verskille tussen families word dan aangedui in terme van krisispunte in hierdie ontwikkelingsfases. Die gebruik van die lewensiklus van die familie is veel meer as 'n beskrywende identifikasie van families in verskillende fases van hulle getroude lewe (Kenkel 1977:445). Dit moet eerder beskou word as 'n sosiologiese verwysingsraamwerk wat 'n verandering in die kenmerke van die familie lewe identifiseer en wat 'n aanwysbare effek op die individuele gedrag sowel as familie-interaksie het (Kenkel 1977:445).

Anderson (1980:12-22) onderskei ses fases in die lewensiklus van die familie vanaf die losmaking van vorige familiebande tot by die huwelik en die totstandkoming van 'n nuwe familie. Hy onderskei dit soos volg:

- Die bou van 'n huwelik
- Die geboorte van kinders
- Die groeiproses van kinders
- Die emansipasieproses wanneer tieners selfstandigheid bereik
- Die verlaat van die familie deur die kinders om 'n eie familie te begin
- Die aftrede

In dieselfde verband dui Stewart (1979:48-67) die lewens- of ontwikkelingsgang van die familie, bestaande uit sewe fases, aan:

- Huwelik tot geboorte van eerste kind
- Geboorte en aanvang van skoolloopbaan van die eerste kind
- Aanvangsonderwys
- Adolessensie
- "Lanseringsfase"
- Leë-nes-fase
- Dood van een eglied

Louw (1989:100) onderskei nog meer gedetailleerd:

- Beplannings- en oriëntasiefase
- Besluitnemings- en verwagtingfase
- Uitbreidingsfase
- Voorskoolse fase –
- Skoolgaande fase
- Tienerfase
- Lanseerfase
- Leë-nes-fase .
- Verliesfase -Bejaardefase

1.3.2.4 Sistemiese familiedenke en familie-ontwikkeling

Vir die doeleindes van 'n teologiese besinning oor die familie, met die oog op pastorale terapie, is 'n verdere en baie belangrike ontwikkeling in die denke oor die familie, die familie-ontwikkelingsmodel wat as "familielewe-spiraal" beskryf word (Combrinck-Graham 1985:142). Die beginsel van "ontwikkeling" en "ekologie" in die besinning binne die gedragswetenskappe is te danke aan revolusionêre ontwikkelinge binne die denkwêreld van die biologiese wetenskappe (Combrinck-Graham 1985:139). Wanneer die winste vanuit hierdie besinning (in die vorm van ontwikkelingsmodelle wat ook binne die gedragswetenskappe daargestel is), sonder meer op die familiesisteem toegepas word, word dit ongelukkig weer eens liniêr toegepas. 'n Verwante probleem is dan dat ontwikkeling alleenlik beskrywe word in terme van die individu, generasies of generasie-subsisteme, of selfs 'n mengsel hiervan (Combrinck-Graham 1985:140).

Beide die benaderings van die psigodinamiese/groei- en die strukturele/strategiese beskouings het verandering binne die sisteem in die oog. Dit moet teweeggebring word deur die gedrag van die lede van die sisteem te verander (Massey 1986:26). Die paradigmas van die psigodinamiese/groei-beskouings se fokus is op die psigologiese dimensie van menslike gedrag. Die fokus van die strukturele/strategiese benaderings, is op die sosiale vlak van die menslike bestaan. Die familiesisteem voldoen aan 'n verskeidenheid van behoeftes en doelwitte. Die ideaal om beide benaderings te integreer, is moontlik geleë in die voorstelling vir 'n verdere model, naamlik dié van 'n familielewe-spiraal (Combrinck-Graham 1985:142). Die funksionering hiervan word later behandel.

1.4 "Familie": 'n Voorlopige beskrywende definisie vir die pastorale terapie

In die definiëring van die begrip "familie" vir die pastoraat wat ook voorkomend werk, sal baie duidelik meer aspekte in berekening gebring moet word as die blote getal persone binne 'n bepaalde groepering, of die aard van hulle verbintenis of verwantskap. Dit gaan in so 'n definisie ook om veel meer as 'n begrensde "tipering" van die "familie". In die definiëring moet deeglik kennis geneem word van bruikbare waarnemings ten opsigte van die sistemiese funksionering van die Bybelse familie. Vir die pastoraat sou die volgende voorlopige beskrywende definisie oorweeg kon word:

'n Familie is 'n dinamiese en doelgerigte, geïnstitusioneerde, sosiale verhouding. Daar kan na "familie" verwys word wanneer mense konsensueel, kognitief, op grond van hulle interaksionele, emosionele, sosiale verhouding met mekaar, onderling en binne 'n ekologie van bepaalde gesamentlike idees waaroor hulle saamstem, hulself as "familie" beskou (vgl. De Jongh van Arkel 1989:146). Die besondere pastorale betrokkenheid by, en die pastorale terapie met, die "verbondsfamilie", hou ook verder rekening met die dinamiek van onderlinge verbondsmatige verhoudings wat ten diepste spruit vanuit, en bepaal word deur, 'n God-geïnisieerde en God-verbonde verhouding .

Noudat die begrip "familie" teologies, sowel as vanuit die sosiale wetenskappe nouer omskryf is, is dit nodig om verder aandag te gee aan die element van interaksie binne die familie. Uiteindelik word in die besonder gelet op die interaksionele funksionering van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie, ten einde die pastoraat in staat te stel om terapeuties in dié verband op te tree.

2 FAMILIE EN FAMILIE-INTERAKSIE: DIE SISTEMIESE BENADERING

2.1 Inleidend

In die voorlopige beskrywende definisie van die "familie" aan die einde van afdeling een, word na die dinamiek wat binne die familiesisteem aangetref word, verwys. Hierdie dinamiek van 'n familie se totale funksionering lê opgesluit in die wyse waarop die familie-subsisteme interaksioneel tot mekaar bestaan. In die onderlinge interaksie tussen die subsisteme word in 'n hoë mate die grense tussen die familie en die ekologiese sisteme bepaal. Vanuit die onderlinge interaksie word daarom ook die interaksie met die ekologie bepaal. Daar bestaan verder 'n definitiewe verband tussen sisteem en simptoombuigings (vgl. De Jongh van Arkel 1988:25-26). Die interaksie binne die familiesisteem is 'n dinamiese vermoë, waarmee die familie sodanig stabiliseer dat die familie betekenisvol kan funksioneer, ten spyte van disfunksionaliteit van sy lede. Trouens, simptoombuigings vervul met betrekking tot die sisteem ook bepaalde funksies, aan die hand waarvan daar uiteindelik ook

terapeutiese ingrepe gedoen kan word om die sisteem te help om gesond te funksioneer.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die bestudering van die interaksionele vermoë en die wyses waarop simptoondraers daarbinne funksioneer, van groot belang. Die MIV/VIGS-geaffekteerde lid van die familie word vanuit hierdie kennis veel meer as blote objek van probleemgesentreerde pastoraat. Hy word in samehang met die sisteem, wat hy as disfunksionerende lid verteenwoordig, ook die poort waardeur pastoraal na die kern van die familiebestaan beweeg kan word. Dit geskied dan nie alleen om pastoraal te sorg en te help nie, maar ook om geestelik te verryk.

Vrae wat in hierdie verband vir die pastoraat van belang is, sentreer rondom die invalshoek vanwaar na interaksie gekyk behoort te word ten einde hierdie kernaspek van die familiebestaan terapeuties te kan benut. Ook in die interaksionele beskouing van die familie, is dit nodig dat die pastoraat 'n keuse maak tussen verskillende bestaande metodologiese moontlikhede.

2.2 Familie-interaksie: Sirkulêre versus liniêre waarnemingsmetodologie

2.2.1 Interaksie tussen persone

Die sisteemdenke het 'n belangrike bydrae gemaak tot die waarneming van die interaksie in die gedrag en optrede tussen individue. Die familie kan selfs in terme van die interaksie van die gesinslede gedefinieer word (Beavers 1977:28). Dit is moontlik omdat die familie sistemies bestaan in terme van die lede se interaksie met mekaar. Hierdie interaksie is relatief intens in vergelyking met die interaksie met ander mense buite die sisteem. Op hierdie wyse word 'n grens rondom die familie geskep, waarmee invloede wat die interaksionele funksionering van die familie in gedrang kan bring, beheer word.

Interpersoonlike persepsies, ondervinding en gedrag binne die familiesisteem, is nie eksklusief individueel nie. Die dinamiek van interaksie funksioneer binne die familie. Dit word gevorm op grond van die interaksionele terugvoer tussen mense op verskillende vlakke. Dit is daarom meer akkuraat om dit te beskryf as interpersepsie, interondervinding en interaksie (Massey 1986:27). Interaksie binne die familiesisteem vind dus binne 'n kringloop plaas. Hierdeur word die aksies van sowel die individu as dié van die groep wedersyds beïnvloed.

Sirkulêre interaksiepatrone vind ook volgens bepaalde reëls plaas. Daardeur word die individualiteit van die gesinslid, sowel as sy verbondenheid aan die sisteem gehandhaaf (Blom 1981:144). Vir die ondersoek van die funksionering van die familie is die liniêre ondersoekmodel, binne die sosiale wetenskappe welbekend. Hierdie ondersoekmetode is veral in die lig van die sisteemdenke, vervang met die sirkulêre model. Met behulp van hierdie model kan die volle omvang van die sirkulêre interaksie binne 'n familie ondersoek word.

2.2.2 Interaksie tussen mense en omgewing

Interaksie in soverre dit die familiesisteem betref, gaan verder as die wisselwerking tussen individue. Sisteemdenke impliseer dat daar ook met die sirkulêre wisselwerking wat tussen die individu en sy sosiale konteks bestaan, rekening gehou word. Moeilike werksomstandighede van die een gesinslid kan byvoorbeeld tot ingrypende gevolge vir die res van die sisteem lei. Die familiesisteem verkeer ook in interaksie met 'n verskeidenheid van ander sosiale sisteme soos skole, fabriek, woonbuurte en portuurgroepe (Andolfi 1979:10). Familieverhoudings moet daarom altyd beoordeel word teen die agtergrond van die hele netwerk van sosiale verhoudings. Hierdie buite-familieverhoudings beïnvloed, en word beïnvloed, deur die waardesisteme van die gemeenskap. Daarom bly hierdie verhoudings nie staties nie. Dit verkeer in 'n voortdurende proses van spanning en kontras en dit is baie moeilik om die middelpunt van die ewilbrium daarvan te bepaal. In die beoordeling van die individu of die familie, bestaan die gevaar van die oorvereenvoudiging van die realiteit. Die komplekse netwerk van die verhoudings wat die familie as mikrosisteem omring, moet voortdurend in ag geneem word (Andolfi 1979:10). 'n Té geringe skakeling van die familie met sy ekologie hou die gevare van relatief geslote familiegrense in.

2.2.3 Interaksie en gedragpatrone

Interaksie het te make "met die direk waarneembare gedrag wat plaasvind wanneer twee persone, of meer, met mekaar in verhouding tree" (Grundlingh 1977:19). Die sisteem waarbinne die individu funksioneer, speel 'n deurslaggewende rol in die bepaling van die individu se gedrag. Menslike interaksie blyk dus die medium te wees waardeur gemeenskappe en sosiale sisteme hulle funksies verrig en doelstellings bereik (Grundlingh 1977:20). Sisteme word op hierdie wyse interaksioneel aan mekaar verbind en beïnvloed mekaar wedersyds.

As gevolg van die prosesmatige herhaling van interaksie en gedrag word enige poging om die interaksie te verander met weerstandsprosesse ontmoet, omdat dit die familie se stabiliteit bedreig (Van der Neut 1984:24). "Die term transaksies benoem hierdie spesifieke interaksies, wat na herhaling en tydsverloop, as transaksionele patrone vasgelê word. Gesinsinteraksie is dus aangeleerde gedrag, gebaseer op funksionele eise" (Van der Neut 1984:25). Sonder intervensie van buite, kan hierdie gedragpatrone van een geslag na 'n ander oorgedra word (Blom 1981:146). Die interaksionele bestaan van mense binne die familiesisteem as aangeleerde gedrag is dus 'n belangrike oorweging wanneer na die oorsake van disfunksionele gedrag, en vandaar na moontlike voorkomingsoptrede, gesoek word.

2.2.4 Interaksie en disfunksie van die sisteem

Die sisteemdenke - met inagneming van die wyse waarop die lede van 'n familiesisteem deur middel van interaksie wedersyds beïnvloedend funksioneer - het ook implikasies vir die terapeutiese behandeling van die disfunksionele sisteem. Die simptoombraer van 'n disfunksionele familiesisteem word in die lig van die sirkulêre model van die sisteemdenke, beskou as die familielid wat die teenwoordigheid van pyn, ongemak, of selfs van oorlewingsnood binne die sisteem, deurgee. Afwykende of simptomatiese gedrag van individuele familieledes kan daarom nie geïsoleer bestudeer word nie. Ingryping ten opsigte van die interaksiepatrone binne die familie geskied met behulp van konsepte en prosedures wat met kommunikasie en interaksie in verband staan. As sodanig word dit as belangrike instrumente vir die oplossing van die probleme binne die sisteem, beskou (Satir 1971:127-128).

Ook die terapeut se betrokkenheid by die familie word in terme van die gesigshoek van die sisteemteorie, in 'n ander lig ervaar. In die terapie aan die sisteem is die terapeut nie bloot iemand wat van buite die situasie ten opsigte van 'n individu in isolasie probeer verklaar nie. Die terapeut word 'n aktiewe deelnemer in die proses om konsepte te herdefinieer. Benewens die familiesisteem en die terapeut, word 'n derde sisteem gevorm. Dit word die terapeutiese sisteem genoem (Andolfi 1979:10-12). As aktiewe deelnemer verloor hy in die terapeutiese sisteem die posisie as kenner van buite. Elke lid van die sisteem neem aktief deel aan die bepaling van nuwe reëls waarmee nuwe interaksionele patrone op die proef gestel word. Die rol van die terapeut word hiermee volledig herdefinieer. Dit word sy funksie om die sisteem weer in balans te kry deur die lede van die sisteem tot nuwe vorme van opponering en

deelname te aktiveer (Andolfi 1979:13). Binne die sistemiese milieu is die terapeut 'n deskundige in die verstaan van familiesisteme. As sodanig is hy ingenieur wat die familie help om homself te herstel en in ewilibrum te funksioneer. In hierdie opsig wil ek myself voorwaardelik van die mikro-kaart van *not knowing* distansieer. Die herstelwerk is daarop gemik om van familieleden self sisteem-“deskundiges” te maak wat uiteindelik, indien nodig, selfs sonder die hulp van die terapeut verstellings kan doen (Bowen 1978:157).

2.2.5 Liniêre uitleg van sistemiese gebeure: Op soek na 'n oplossing

Die groeiende besinning oor die sisteem-teoretiese benadering het nie probleemloos in die praktyk van familieterapie inslag gevind nie. Familieterapie met die persoon as vertrekpunt, was die tese vir kontemporêre terapeutiese pogings ten opsigte van verandering. Die evolusie van die sisteemteorie het in die terapeutiese proses 'n anti-tese daargestel (Massey 1986:23). Daar was twee diverse rigtings waarin familieterapie beweeg het om aan te dui dat die mens interafhanklik en in konteks gesien word. Aan die een kant was daar die benadering van psigodinamiese groei wat die persoonlike ervaring binne konteks hanteer. Daarteenoor was die strukturele/strategiese oriëntering, wat weer die sosiale beïnvloedingsprosesse onderstreep (Massey 1986:23-24).

Probleme wat hieruit na vore tree is die gevaar dat die individuele terapie dikwels blind kan wees vir die wyer konteks. Terselfdertyd kan die sisteembenadering weer die "dele" waaruit die geheel

saamgestel is, buite rekening laat deur slegs op die geheel te konsentreer (Massey 1986:24). Wanneer gesinsterapeute 'n "sisteembeskouing" voorstaan, is hulle geneig om kant te kies vir óf die strukturele vlak, óf die psigologiese vlak van moontlikhede. Hierdie keuse van gesinsterapeute naamlik, om óf die gedragsosiale-interaksie-model óf die ontwikkeling-psigodinamiese-model te beklemtoon, lyk na 'n kontrasterende benadering (Massey 1986:26). Die skakel tussen die twee denkrigtings is egter die sistemies-sirkulêre prosesse van die mens-in-konteks. 'n Holistiese sisteem-teoretiese benadering moet beide die "binne-" en die "buitekant" dit wil sê die psigologies/ondervindelike asook die sosiologiese beskouings van die gesin integreer (Massey 1986:24). 'n Geïntegreerde beskouing van gesinsisteme doen nie afbreuk aan die sosiaal strukturele invloede op die persoonlike geaardheid nie, en kyk ook nie die sosiale psigologiese prosesse mis deur slegs op die konteks te konsentreer nie. "The what is the who" (Massey 1986:24).

Bydraes ten opsigte van familie-ontwikkeling het veral gekom van sosioloë wat die ingewikkeldheid in die navorsing van familie-ontwikkeling aantoon, en van klinici wat weer die relevansie van sulke modelle vir die kliniese assessering en familieterapeutiese-praktyk beklemtoon (Combrinck-Graham 1985:140). 'n Model wat sekere neigings van die evolusie van beide die individu en die sisteem weerspieël, maar nie spesifieke veranderings as gevolg van skielike herorganisasie van die strukture uitsluit nie, is die familielewe-spiraal (Combrinck-Graham 1985:142-149).

Hierdie ontwikkeling lyk na 'n besondere antwoord op die probleme wat ten opsigte van verskillende skole ervaar word in 'n poging om vanuit sisteemdenke te evalueer. Hierdie bydrae tot die

sisteemdenke kan op 'n spesifieke wyse in verband gebring word met die verbondsmatige karakter van die familie (Graham-Combrinck 1985:136).

Die familielewe-spiraal is nie liniêr nie, begin nie met 'n spesifieke fase nie en eindig ook nie met die dood van 'n spesifieke generasie nie. Dit verteenwoordig die siklusse van individue binne die familie, in verhouding met die siklusse van individue in ander generasies. Binne die spiraal vind 'n opstapeling van generasiegebeure plaas. Die individuele lewensiklusse kan gesien word as die weefdrade waarmee die familiekonteks gewef word (Combrinck-Graham 1985:142). Veranderings in die individuele "weefdrade" word in die voorkoms, of die vorm, van die familiekonteks weerspieël.

Dit lyk of die sisteem ossilleer (skommel) tussen periodes van familienabyheid, periodes van natuurlike, nie-patologiese verweefdheid en periodes van familie-afstand. Die periodes van nabyheid in die familie word met die term "sentripetaal" aangedui. Daarmee word verwys na die oorhand van die magte binne die sisteem waarmee die familie bymekaar gehou word. Die periodes van afstand word "sentrifugaal" genoem. Dit dui op die oorheersing van magte wat die sisteem se lede van mekaar verwyder. Nie een van die twee definisies verwys na 'n patologiese toestand nie, maar beskryf bloot die vorm van die familie (Combrinck-Graham 1985:143).

Die magte waarna verwys word, kan óf in die wyer sosiale konteks van die familie, óf as magte binne die familiesisteem geïdentifiseer

word. Wat skynbaar binne die familielewe-spiraal gebeur, is dat die kragte verskuif, of ossilleer, terwyl die sisteem ontwikkel (Combrinck-Graham 1985:143). Vanuit die perspektief van die familie as sisteem verskaf hierdie verskuiwings (ossillasie-periodes) 'n oefenarea, waarbinne die intimiteit en selfaktualisering ervaar word. Dit geld ook vir die herondervinding hiervan op verskeie vlakke van volwassenheid en deur middel van verskillende take soos wat die individu binne die familie ontwikkel (Combrinck- Graham 1985:144). Die ossillasie-periodes wat onderskei word in die familielewe-spiraal is:

- Die sentrifugale sisteem
- Die onderweg wees na die sentripetale periode: Periode van herbou
- Die sentripetale sisteem
- Die onderweg wees na die sentrifugale periode: Periode van oopmaak ("Opening up")

Samevattend kan die familie in die familielewe-spiraal beskou word as 'n "omgewing" wat ossilleer in die vorm van 'n spiraal. In die vorming van die siklus herhaal gebeure wat intimiteit, en alternatiewelik individualiteit en selfontplooiing, aanmoedig. Elke opeenvolgende ondervinding verskaf die geleentheid vir "oefening" aan die familielede. Hierdie oefening word beïnvloed deur die familie-omgewing.

Die familiesisteem is onsterflik. Deur herhalende prosesse van familieformasie, kinders wat gebore en opgevoed word en weer

afsonderlik nuwe families vorm, begin die siklus opnuut. Die familie vorm die omgewing waarbinne die belangrike prosesse van onderhandeling, nabyheid en intimiteit, differensiasie en individualisering, plaasvind. Individue binne die sisteem werk hierdie prosesse herhaaldelik, op verskillende generasievlakke, deur. Die beweging van opening en sluiting van die sisteem is daarom onvermydelik (vgl. Combrinck-Graham 1985:149) en van groot waarde vir die pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie.

2.3 Familie-interaksie en die algemene kenmerke van die sistemiese funksionering van die familie

In hierdie stadium is dit belangrik om kursories na die funksionering van die sisteemdenke, ten opsigte van die familie en die interaksie binne die familiesisteem, te kyk. Sonder om aanspraak te maak op volledigheid word enkele faktore in die sisteemteorie uitgelig, en wel in terme van die gesinsisteem en die interaksies daarbinne.

2.3.1 Die familie as oop of geslote sisteem

Een van die elementêre beginsels van die sisteemdenke berus op die aanvaarding dat sisteme óf oop óf geslote kan wees. Die sisteem word as oop beskou wanneer die grense van die familie deurdringbaar is en invloede van buite toegelaat word om die sisteem te penetreer. Energie tussen die buite- en binne-invloede word dus uitgeruil (Sieburg 1985:33). Die oop sisteem staan in 'n

besondere verhouding tot sy omgewing en word gekenmerk deur 'n voortdurende inset-deurset-uitset-terugvoerproses met sy omgewing, ten einde stabiliteit te handhaaf. So 'n oop sisteem beskik dus oor die vermoë om sigself herstellend te handhaaf (Schoeman 1980:179-180). Terwyl dit 'n voortdurende invloei van invloede toelaat, word familiehomeostase behou, sonder om die status quo te handhaaf, of selfs na 'n vroeëre toestand te wil terugkeer (Sieburg 1985:33).

In hierdie verband word na entropie verwys as 'n toestand van disorganisasie of wanfunksionering, wat in 'n sisteem kan ontwikkel as gevolg van 'n wanordelike en ongereguleerde vloeï van energie in die sisteem (Schoeman 1980:180). Oop sisteme is in staat om deur insette van ander subsisteme, met wie hulle in interaksie bestaan, nuwe verhoudinge aan te gaan, aanpassings te maak en nuwe strukture daar te stel. Daar vind dus negatiewe entropie plaas. Dit verwys na die herstelproses ten opsigte van die disorganisasie of die wanfunksionering van die sisteem. In 'n geslote sisteem, wat nie in wisselwerking met sy omgewing is nie, word positiewe entropie ervaar wanneer die sisteem hom nie kan of wil oopstel vir enige nuwe energie of inligting vanuit sy omgewing nie.

Die proses van disorganisasie of wanfunksionering vermeerder tot sy maksimum grens waar hierdie sisteem 'n finale toestand van selfvernietiging bereik (Schoeman 1980:180-182). In hierdie verband kan dit gebeur dat, by te oop familiesisteme, die individualisering van die lede ten koste van die onderlinge verbondenheid geskied (Blom 1981:146). Die werklike bestaan van volkome oop of volkome geslote sisteme in die praktyk word egter

bevraagteken. Die vraag ontstaan byvoorbeeld of dit nie slegs die posisie in 'n kontinuum van openheid of geslotenheid aandui nie. Schoeman (1980:180) vra verder of die mens werklik so 'n geslote sisteem kan wees, dat hy hom geensins kan oopstel vir beïnvloeding van buite nie? Moet, in die geval van die mens, nie eerder van 'n relatief geslote sisteem gepraat word nie?

Teenoor die oop sisteem, kan in verband met die geslote sisteem, onderskeidend na drie teoretiese moontlikhede verwys word (Sieburg 1985:33):

- Die geslote sisteem wat relatief ondeurdringbare grense het, as gevolg waarvan die lede waarskynlik oorbetrokke bymekaar is; wat waarskynlik rigied en onbuigsaam is ten opsigte van sy funksionering, sy kommunikasiepatrone en sy homeostatiese prosesse (Sieburg 1985:33). Te geslote familiesisteme vertoon in die reël 'n groot mate van groepskohesie, waardeur individualisering in sommige gevalle as "verraad" gesien word (Blom 1981:146).
- Die gedisoriënteerde sisteem, wat gekenmerk word deur 'n oormatige buigsaamheid en 'n gebrek aan 'n duidelike struktuur as gevolg waarvan hy vergestaltung is van oormatige onstabiliteit, onvoorspelbare veranderinge en chaos.
- Die gefragmenteerde en ontwrigte sisteem waarvan die lede minimaal gebonde is, onderbetrokke is bymekaar met rigiede, ondeurdringbare interne grense.

2.3.2 Grense

Sisteme beskik oor grense waardeur die ordelikheid, struktuur en gereguleerdheid daarvan bepaal word. Ten einde homeostase binne die familiesisteem te bereik en in stand te hou, is onder andere 'n afgebakende interne omgewing noodsaaklik. Daarbinne kan die beste funksionering bereik word (Steinglass et al 1987:50). Sistemiese begrensing beskerm die sisteem en dien as 'n beheermaatreël ten opsigte van dít wat tot die sisteem toegelaat mag word, en dít wat die sisteem mag verlaat (Schoeman 1980:183).

Die begrip "familie" dui reeds 'n begrensing aan (Louw 1989:89). Die familie verskil van enige ander sisteem, maar families verskil ook onderling van mekaar. Familiiegrense het 'n sosiale komponent waarbinne faktore soos die inkomste van die gesin, kultuurfaktore soos afkoms en nasieskap, asook die faktor van religie 'n belangrike funksie het (vgl. Louw 1989:88-89). Grense word egter in 'n groot mate deur die sisteem se eie waarde-oordele en normstelsels bepaal. Terwyl die grense van 'n oop sisteem maklik deurdringbaar is en die sisteem oop laat vir beïnvloeding, is die grense van geslote sisteme meesal rigied en ondeurdringbaar (vgl. Schoeman 1980:183-184).

Die grense van die sisteem, sowel as die verhoudings binne die sisteem, word deur die kommunikasie wat daarbinne plaasvind, uitgespel. Kommunikasie is die basis van enige sisteem (Sieburg 1985:33). Dit is die wyse waarop bestaande verhoudings onderhou word, maar ook die wyse waarop verandering bewerkstellig word en nuwe verhoudings gevorm word. Wanneer kommunikasie verkeerd loop, verswak die grense en kan die sisteem nie meer bestaan nie.

Sisteemgrense word ook vergelyk met 'n stel reëls. Hierdie reëls, wat die grense gedeeltelik aandui, kan afgelei word uit die tipies repeterende gedragpatrone binne die familie (Jackson 1965:6). Sistemies is dit dus belangrik om te bepaal volgens watter reëls die familie optree. Kennis van die reëls kan die komplekse gedrag, soos alkoholisme, binne die sisteem verklaar, of dit ten minste meer betekenisvol laat voorkom. Dit omskryf wie aan die interaksie kan deelneem, asook op watter wyse daar deelgeneem kan word (Minuchin 1974:53).

Die funksie van grense is verder om enersyds die differensiasie van 'n sisteem te beskerm, en andersyds om familiefunksies uit te voer. Sukses in die bereiking van familiefunksies hang af van die graad van betrokkenheid in interaksie (Van der Neut 1984:26). Die interaksie tussen die subsysteme is alleenlik suksesvol indien die subsysteme nie met mekaar se interaksie inmeng nie. Suksesvolle interaksie is ook van só 'n aard dat kontak tussen al die lede van die subsisteem en ander sisteme, moontlik is. Eers wanneer interaksie hierdie voorgestelde graad bereik, kan daar gepraat word van relatief suksesvolle familie-interaksie en -funksionering.

Die aard van grense is soos volg (Minuchin 1974:54):

- Streng of rigiede grense wat behels dat die reëls van interaksie streng is en die interaksionele patroon rigied is. In hierdie geval is interaksie binne die familie redelik voorspelbaar.
- Duidelike grense wat impliseer dat sub sisteme vrylike en oop interaksie handhaaf op grond van die duidelikheid van interaksiereëls.
- Verstrengelde grense wat dui op die vaagheid van die reëls van interaksie en wat uitloop op oorbetrokkenheid by mekaar. As sodanig is dit 'n ontkenning van grense. Duidelike grense differensieer dus sub sisteme en bied interaksiereëls vir suksesvolle familiefunksionering.

Pastoraal gesproke word die uiterste grense van 'n gesin gevind in sy eie beperkinge en swakhede binne hierdie gebroke en verganklike lewensbestel. Die feit dat elke gesinslid ook 'n sondige mens is, bring uiteraard begrensing mee. Die grens van die sonde is een van die vernaamste redes waarom die gesinsisteem aan verbokkeling en disintegrasie blootgestel is.

In die lig van hierdie begrensing, is 'n ontgrensingsfaktor ook nodig. "Die enigste faktor wat die begrensing van sonde nie net effektief kan bekamp nie, maar ook kan ophef, is die versoeningswerk van Christus" (Louw 1989:89).

2.3.3 Struktuur

Die familiestruktuur sou beskryf kon word as die onsigbare stel funksionele eise, wat die wyse waarop die familie in interaksie verkeer, organiseer. Herhaling binne die interaksie vestig uiteindelik die hoe, die wie en die met wie van verhoudingspatrone binne die sisteem (Minuchin 1974:51). Die familiestruktuur sou op drie skale aangedui kon word (Beavers 1977:31-33):

- Die eerste, naamlik overte mag, het te make met die manier waarop mag in die familie verdeel word. Dit is byvoorbeeld moontlik dat familielede in een opsig almal eweveel mag kan besit, maar dat 'n klein baba andersins die gang van die hele huishouding kan bepaal. 'n Vader wat soos 'n tiran optree, kan ook smag na liefde en in die proses minder mag besit as die ontoereikende seun wat baie spesiale aandag van sy ma kry.
- Die tweede, naamlik ouerlike koalisie, bepaal tot 'n groot mate die doeltreffende funksionering van die gesin. Indien 'n ouer deur die optrede van 'n kind met overte gesag na 'n kinderrol verplaas word, ontstaan 'n baie sterk, maar negatiewe kind-ouerkoalisie. 'n Swak ouerlike koalisie ontstaan in geval waar byvoorbeeld onopgeloste konflik, aanvalle op mekaar en gebrekkige emosionele ondersteuning en sigbare onderlinge distansiëringsmaneuvers in 'n gesin bestaan. Gesonde

koalisie daarenteen, verwys na die ouers se vermoë om saam te werk en om saam doeltreffende leiding in die familie te neem.

- 'n Derde skaal waarmee die struktuur van die familie gemeet word, is die nabyheid wat twee duidelik onderskeibare kwaliteite insluit. Hierdie kwaliteite is die duidelike intrasistemiese grense en die kwantitatiewe intimiteit in die familie-interaksie (Beavers 1977:33). Die vermoë van die familie om intimiteit te hanteer, verskaf die balans tussen outonomie aan die een kant en gemeenskaplikheid, aan die ander kant, as die waarborg vir interafhanklikheid (Anderson 1984:55). Daar bestaan dus 'n tweeledigheid in intimiteit, naamlik aanvaarding of verwerping (Louw 1989:83). Dit impliseer dat daar tussen nabyheid en afstand, ten opsigte van familielede in die familiesisteem, onderskei moet word. Dit is die afstand en ruimte binne die sisteem waarin eerlike evaluasie en objektiewe perspektief geskep word (Louw 1989:81).

2.3.4 Familiemitologie

In die voorlopige beskrywende definisie van die begrip "familie" in afdeling een van hierdie hoofstuk, word melding gemaak van die "bepaalde gesamentlike idees" waaroor lede van die familie saamstem. Dit dra by tot die konsensus wat familielede bereik om mekaar as lede van die "familie" te reken. Een van die vorme waarin hierdie ideekonsensus aangetref word, is die familiemitologie.

Met die familiemitologie word bedoel dat alle families 'n deurlopende en gedeelde konsep van mekaar as familieledede, en van mekaar se potensiaal, het (Beavers 1977:34). Familiemitologie verwys ook verder na 'n stel gesistematiseerde oortuigings van die lede oor hulle gesamentlike rolle en oor die aard van hulle verhouding (Ferreira:1977:51). Soms is aspekte van hierdie familiemites so verweef met hulle alledaagse bestaan, dat dit 'n onlosmaaklike deel van hulle perseptuele konteks is. Die oorsprong van hierdie mites is dikwels die vorige geslag(te), omdat dit van geslag tot geslag oorgedra kan word.

Groepverdediging is 'n belangrike funksie van familiemitologie. Sodoende word die homeostase in 'n familie bevorder (Ferreira 1977:55). Sisteeme verskil egter in die graad van ooreenstemming ten opsigte van hulle gesamentlike selfevaluering en hulle oortuiging, en die beeld wat waarnemers in staat is om van hulle te vorm. Uiteraard sal die bedrewe, goed funksionerende familie, in die beoordeling van hulself as familie en van hulle interaksies, naaste aan die gevolgtrekking van objektiewe waarnemers kom. Wanneer die sisteem oor hierdie standaard van selfbeoordeling beskik, besit dit 'n kragtige instrument vir aanpassing en verandering (Beavers 1977:34).

2.3.5 Outonomie van die individu binne die sisteem as geheel

Die gedrag van elke individu in die familie is nou verwant aan, en afhanklik van, die gedrag van al die ander lede (Watzlawick, Beavin & Jackson 1967:134-135). Tog is die analise van 'n gesin nie gelyk aan die somtotaal van die analyses van individuele lede nie. Baie "individuele kwaliteite" van familieledede, veral in terme van simptomatiese gedrag, is in werklikheid kenmerkend van die besondere sisteem (Watzlawick, Beavin & Jackson 1967:136).

Die familie se funksionele vermoë staan in noue verband met die aanmoediging van familieledede tot outonomie. In die entropiese sisteem is daar swak differensiasie tussen lede, met onduidelike grense tussen subsisteme. Binne die funksionele familiesisteem word die individuele grense goed onderskei, alhoewel die sisteem ook gemeenskaplik funksioneer (Beavers 1977:35). In die familiesisteem besit die bande self nie méér waarde as die persone wat daardeur aan mekaar verbind word nie. Sisteemlede se outonomieit of uniekheid, sowel as hulle samehorigheid, dien as gesonde spanning in die familiedinamika. Daar moet binne die familiesisteem steeds gesoek word na 'n positiewe balans tussen hierdie twee komponente (Louw 1989:80).

Die familiesisteem is soos 'n prisma waarmee die saamgevoegde perspektiewe en dinamiek van individuele lede gereflekteer word (Massey 1986:34). Die samehorigheidsbeginsel is daarop ingestel om die "ons"-persoonlikheid van die familie verder te ontwikkel. Dit absorbeer egter nie die unieke "ek"- persoonlikheid van die individuele lede nie (Louw 1989:80). Die uitdrukking "being separate together" is 'n raak en omvattende beskrywing van die individu in verhouding tot die sistemiese geheel. Dit beteken dat

persoonlikheid gemeenskaplikheid voorveronderstel en andersom (vgl. Anderson 1984:60).

Elemente wat die outonomie van die individu bevorder en balans met die geheel handhaaf, is duidelike kommunikasie, aanvaarding van verantwoordelikheid vir persoonlike optrede, en die indringendheid, sowel as die deurdringbaarheid, van sisteemgrense (Beavers 1977:35).

Die verbondskind is sistemies onlosmaaklik deel van die verbondsfamilie en daarom ook objek van die pastoraat met die verbondsfamilie. Die kind het 'n besondere plek in die pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie. In die volgende hoofstuk word gekyk na die kind van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie en sy geaardheid.

4 METATEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR PASTORALE TERAPIE AAN DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE

1 DIE KIND BINNE DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE

In die vorige hoofstuk het die algemene funksionering van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie aan die orde gekom. 'n Verdere belangrike aspek in dieselfde verband vra kursories die aandag - dit is die kind van die geaffekteerde familie.

Sy posisie is om meer as een rede van groot belang. Eerstens vorm hy as subsisteem deel van die MIV/VIGS-familiesisteem. Die interaksie tussen hom en sy ouersisteem staan volledig en onlosmaaklik in verband met die familiesisteem. Tweedens vorm die kind as subsisteem 'n baie belangrike skakel in die inter-generasie oordrag van MIV/VIGS as gedragsprobleem binne die ontwikkeling van die sisteem. Ten slotte is die kind 'n baie prominente objek van enige pastoraat, veral ook wanneer die pastoraat vertroostend en vernuwend ten opsigte van die familie wil optree.

1.1 Invloed van die MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers op die kind: Algemene opmerkings

Die nadelige en riskante invloed van die omgewing binne die MIV/VIGS-geïnfekteerde familie op die kind is onweerlegbaar. Kinders van 'n MIV/VIGS-geïnfekteerde familie word in die literatuur deur navorsers en skrywers, onder andere, bestempel as "forgotten children", 'n "hidden tragedy", die "unseen casualties", die "neglected problem" (Wilson 1982:151). Hierdie kinders voel in die algemeen magteloos. Hulle ervaar probleme om hulle eie prestasies raak te sien en het hulp nodig om 'n identiteitsgevoel te vestig. Aangesien hulle rolmodelle inkonsekwente gedrag openbaar, tree hulle ook inkonsekwent op (Phillips, Martin & Martin 1987:10).

Hierdie kinders geniet wel aandag, maar navorsers en skrywers slaag nie daarin om 'n samehangende prentjie van hulle in die MIV/VIGS-geïnfekteerde familie te skilder nie (Wilson 1982:151). Die rede hiervoor is dat navorsers nie altyd 'n suiwer familie-georiënteerde, interaksionele benadering volg nie. Ook behandelingsprogramme bly grootliks individu-georiënteerd, met die fokus op die MIV/VIGS-geïnfekteerde. Wanneer die familie wel in berekening gebring word, word familieledede gesien as geïsoleerde individue, met die algemene persepsie dat hulle, ook die kinders, "slagoffers" van die MIV/VIGS geïnfekteerde is (Wilson 1982:151). Op hierdie wyse bly die kinders van die MIV/VIGS-geïnfekteerde familie in 'n sekere sin dikwels buite die bereik van die hulp wat ook hulle so baie nodig het.

1.1.1 Ouerskapfunksies en die kind van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie

Die pastoraat is betrokke by en het toegang tot die hele familie. Verwysings na die doeltreffendheid waarmee hierdie feit en voorreg deur die pastoraat benut word, word in 'n later hoofstuk aan die orde gestel. In hierdie stadium is dit egter belangrik om vanuit die gesigshoek van die pastoraat op enkele belangrike ouerskapfunksies, wat van groot belang is vir die begrip van die kind afkomstig uit die MIV/VIGS-geaffekteerde familie, te let.

1.1.1.1 Rolstabiliteit

Om toenemend 'n emosionele verhouding met sy ouers te ervaar, is 'n onbewustelike, prosesmatige behoefte wat 'n kind het. Voortdurende rolstabiliteit verg 'n voortdurend emosionele verhouding tussen kinders en ouers, sowel as 'n voortdurend emosionele reaksie tussen familielede. Vir die kind is rolbesettings soos wie kook, wie werk toe gaan en wie die slaapydstories lees, nie belangrik nie. Wat wel belangrik is, is die stabiliteit van hierdie rolle (Morehouse & Richards 1983:22). Kinders reageer normaalweg negatief op die onbestendige optrede van ouers. Hulle vind dit moeilik om, byvoorbeeld, onvoorspelbare gedrag of selfs die skielike onttrekking van ouers, te hanteer (Howe 1989:120-121). Wanneer rolveranderings wel plaasvind, soos wanneer 'n moeder byvoorbeeld buitenshuis begin werk, is dit vir die kind belangrik dat hierdie tydelike destabilisasie herstel word. In die MIV/VIGS-geaffekteerde

familie word die rolstabiliteit dikwels vervang met rolverwarring, sodat die kind min geleentheid het om 'n duidelike rolvervulling van die ouer waar te neem (Morehouse & Richards 1983:23).

Oormatige konflik, verwyte en liefdeloosheid kan binne die MIV/VIGS-geaffekteerde familie juis tot hierdie onbestendige optrede van ouers bydra (Howe 1989: 121). Ook in die besondere geval van my navorsing het dit voorgekom of die kleuter van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie vasgevang word in die selfvernietigende patrone waarin hy deur sy disfunksionele ouers voorgegaan word. Die kleuter het homself teen hierdie onstabiliteit en aggressie verdedig deur self bepaalde rolle in te neem. Oor hierdie rolle word later in hierdie hoofstuk verder uitgebrei.

Wood (1987:7) wys kortliks daarop dat die kind in die MIV/VIGS-geaffekteerde familie op die onstabiele rolvervulling reageer, met enersyds 'n optrede van pseudo-volwassenheid. Hy tree meerderwaardig teenoor ander kinders op, negeer hulle, of beskou hulle as kinderagtig. Andersyds tree hy oorafhanklik op, ontwikkel skoolfobieë, vermy die portuurgroep en ontwikkel allerlei redes om in die teenwoordigheid van volwassenes te wees of hulle aandag te ontvang (Morehouse & Richards 1983:26).

1.1.1.2 Omgewingsbestendigheid

Alhoewel gesinne verskil, is die gesin waarin die kind grootword per definisie altyd die plek waar hy slaap, geklee word, eet en veilige

beskutting gebied word teen die elemente en gevare daarbuite. Reëls binne die familie hou gewoonlik met hierdie aspekte verband. Dit bied nie net veiligheid teen die gevare daarbuite nie, maar bied ook veiligheid daarbinne (Treadway 1987:19). In die MIV/VIGS-geaffekteerde familie is hierdie omgewingsbestendigheid geneig om met 'n omgewingschaos vervang te word. Ek wys op enkele redes hiervoor wat tydens my navorsing by die geaffekteerde familie waargeneem is:

- Die MIV/VIGS-geïnfekteerde ouer het in sy optrede binne 'n paar minute vlugtige veranderings ondergaan, wat wissel van onttrekking van homself na ruimhartigheid, en vanaf rustigheid tot gewelddadigheid.
- 'n Direkte gevolg van hierdie onbestendigheid vir die kleuter van die MIV/VIGS-lyer, was onsekerheid.
- Die kleuter het soms op hierdie onbestendigheid gereageer deur by 'n portuurgroep in te skakel. Die verhoudinge binne die portuurgroep berus vir so 'n kind nie op liefde nie, maar op simpatie en bejammering. Die kritieke oomblik breek vir hom aan wanneer daar weer liefde gegee moet word.
- Hierdie verpligting het vir hom 'n bedreiging geword. Hy beantwoord liefde deur ander in die groep wat daaraan behoefte het, te bejammer. Die inskakeling by die portuurgroep het egter op so 'n wyse geskied dat die kleuter ook 'n permanente onwelkome lid van die groep geword het.

- Ter wille van die soeke na die stabiliteit van vriendskap, het hy selfs die vernedering van bespotting en mishandeling verduur. Dit was teen hom gerig as gevolg van die opponerende gedrag, waarmee hy ontwrigtend deelgeneem het aan die portuugroep se bedrywighede.

1.1.1.3 Betroubaarheid

Enige kind word in omstandighede groot waar hy soms teleurgesteld raak in beloftes wat ouers aan hom gemaak het en nie uitgevoer het nie. Binne die MIV/VIGS-geaffekteerde familie was hierdie teleurstelling egter onstellend hoog. Die MIV/VIGS-geaffekteerde familie is 'n leefwêreld vol van emosionele weifeling en onvervulde beloftes. Die geaffekteerde kleuter het volgens my waarneming dit moeilik gevind om te vertrou. Alhoewel dit gelyk het of hierdie wantroue net soms verdwyn het, het dit steeds onderliggend aanwesig gebly.

Volgens Perez (1986:120) word wantroue en suspisie 'n vername rede vir die swak interpersoonlike verhoudings binne die MIV/VIGS-geaffekteerde familie. Veral wanneer die MIV/VIGS-lyer as gevolg van die siektetoestand sy beloftes nie kan opvolg nie, bring dit sy betroubaarheid by die kind ernstig onder verdenking (Morehouse & Richards 1983:24).

1.1.1.4 Emosionele beskikbaarheid en skuldgevoelens

MIV/VIGS versteur die ouer se vermoë om opreg empaties of met selfprysgawe homself aan die kind te "gee". Toenemende selfgesentreerde gedrag verswak hierdie vermoë progressief. Die gevolg hiervan by die ouer is dan soms 'n emosionele oorbetrokkenheid om sy eie skuldgevoelens te verwerk (Morehouse & Richards 1983:24). Skuldgevoelens is die neerslag van 'n sensitiewe gewete. Die MIV/VIGS-lyer is iemand met 'n uiters sensitiewe gewete, wat klaarblyklik letterlik groei as reaksie op sy (sedelose) gedrag (vgl. Perez 1986:94).

Ten einde die beskikbaarheid van sy ouers af te dwing, het ek gevind dat die geaffekteerde kleuter hierdie beskikbaarheid by ander persone gesoek het (die grootouers van die familie), of hy het hom onttrek deur middel van fantasievlugte. Morehouse & Richards (1983:28) wys daarop dat só 'n kind ook sy eie skuldgevoelens kan ontwikkel. Hulle moet hoe langer hoe meer die stigma van sy MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers teenoor ander ontken. Hoe moeiliker hulle liefde vir en afhanklikheid van dié ouer dit vir hulle maak om hulle afkeer en haat te bedwing, hoe skuldiger voel hulle oor die familie en sy MIV/VIGS-verwante probleme (vgl. Deutsch 1982:47).

1.1.2 Enkele aanwysers ten opsigte van kinders van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie

Vir die baie groot getal kinders van MIV/VIGS-geaffekteerde families, is dié siekte wat 'n integrale deel vorm van die lewe van die betrokke families, 'n sentrale faktor in hulle lewensbestaan. Hulle gevoelens, persoonlikhede, gedrag, akademiese vordering en sosiale aanpassing, word meer deur hierdie enkele faktor as deur enige ander faktor beïnvloed (Deutsch 1982:4). Hulle ervaring en hantering van MIV/VIGS as feitlikheid binne die familie as sisteem, tree op verskillende maniere na vore. Dit is 'n algemeen aanvaarde feit dat kinders van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie 'n hoë risikogroep vir 'n verskeidenheid van lewensprobleme is (Deutsch 1982:4).

Daar bestaan wel aanwysers ten opsigte van die kinders van MIV/VIGS-geaffekteerde families waarvan ook in die pastoraat kennis geneem behoort te word. Wat hierdie aanwysers betref, is dit ook goed om ag te slaan op die waarskuwende opmerking van Perez (1986:118) dat hierdie karaktertrekke by sommige van die kinders wel dominant is, terwyl dit by ander skaars waarneembaar is, en by nog ander glad nie voorkom nie. Dit is algemene neigings en kan nie op elke enkele kind van MIV/VIGS-geaffekteerde families van toepassing gemaak word nie.

Enkele van hierdie bekende aanwysers word vervolgens hanteer:

1.1.2.1 'n Konstante behoefte aan goedkeuring

Kinders van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie word in 'n omgewing van skerp kontrasterende emosionele uiterstes groot. So 'n kind leef byvoorbeeld in die situasie waar die MIV/VIGS-geïnfekteerde ouer weifel tussen die gee van buitengewone aandag, liefde en koestering enersyds, en kille onverskilligheid en vyandige verwerping andersyds. Die kinders se konstante behoefte aan goedkeuring word dikwels gekanaliseer in diensbaarheid aan ander. Hulle behoefte aan dankbare erkenning spoor hulle voortdurend aan om ander te dien. Hulle gewete is oorsensitief en hulle besluite vloei meer dikwels uit 'n skuldige gewete as uit 'n berekende keuse voort. Hierdie onderdrukte leefwyse het verlies aan selfrespek en respek vir ander ten gevolg (Perez 1986:119). In sy verhouding tot sy MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers, het dit by die geaffekteerde kleuter gemanifesteer in die vorm van knaende sanikerigheid en 'n groot mate van opstandigheid teenoor sy ouers.

1.1.2.2 'n Swak vermoë om te volhard

Hierdie onvermoë geld ook vir die dinge waarvan hulle hou. 'n Belangrike rede hiervoor is die feit dat baie kinders van MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers vrees dat enigiets wat hulle aanpak sal misluk (Perez 1986:120). Hierdie aanwyser staan in 'n noue verband met my navorsingsresultate waar die geaffekteerde kleuter voorgegaan

word deur sy ouers, wat as rolmodelle besluiteloos en onseker van hulleself is en 'n swak selfbeeld het (Perez 1986:122).

1.1.2.3 'n Neiging tot leuens

My navorsing het getoon dat die geaffekteerde kleuter soms die neiging het om sonder rede leuens te vertel. As kind moet hy dikwels deur sy eie fantasering die chaos van sy omgewing ontvlug. Perez (1986:121) wys in hierdie verband daarop dat hulle fantasie vir hulle net so belangrik word as die werklikheid self - vir sommige selfs belangriker. Fantasering het in die harde werklikheid waarin hulle tot volwassenheid moet groei, 'n deel van hulle verdediging geword. Omdat die fantasie wat hulle leef vir hulle werklikheid en waarheid is, word leuens as "wit leuens" geregverdig (Perez 1986:123).

1.1.2.4 'n Aangetrokkenheid tot pyn

Die gewete is baie prominent en dikwels dominant binne die MIV/VIGS-geaffekteerde familie. Dit vorm dikwels die basis waarop alle besluite geneem word. Die kleuter van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie het dikwels aangetrokke gevoel tot pyn. Perez (1986:124) wys ook daarop dat emosies van pyn skuldgevoelens kan self – 'n verskynsel wat waarskynlik as rede kan dien vir die geaffekteerde kleuter se aangetrokkenheid tot pyn.

1.2 Rolle en rolpatrone van kinders binne die MIV/VIGS-geaffekteerde familie

Soos ander families het die MIV/VIGS-geaffekteerde familie ook gepoog om aan hulle kind 'n positiewe en veilige klimaat te verskaf. Die MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers het gepoog om, ter wille van die kind, die familieprobleme te deflekteer, in bedwang te hou, of te ontloot. Tog, as deel van die sisteem, is die kleuter by die proses van die hantering van familieprobleme betrek. Dit strem hom in sy ontwikkeling, want die ontwikkeling van sy individualiteit word ondergeskik gemaak aan die belange van die familie se behoeftes (vgl. Deutsch 1982:56).

Treadway (1987:19) wys daarop dat so 'n kind die optrede van diegene van wie hy afhanklik is, as onvoorspelbaar en inkonsekwent beleef. Hy oorleef in sulke omstandighede deur te leer om te wantrou. Die kind blokkeer sy gevoelens en emosies en hou rigied vas aan die posisies binne die familie wat enigsins aan hom 'n gevoel van 'n eie plek en 'n eie identiteit verskaf. Wanneer hy grootword, kan hierdie oorlewingstrategieë belangrike struikelblokke in sy volwasse verhoudings word. Dikwels ontwikkel hy rituele en gedragpatrone wat opnuut aan hom 'n mate van beheer binne die maalstroom van chaos moet gee (Deutsch 1982:57-60).

In my navorsing oor die MIV/VIGS-geaffekteerde familie is bevind dat die kleuter 'n oorlewingsmeganisme ontwikkel het om dít wat rondom hom aangaan, te ignoreer en gevoelens daaromtrent te onderdruk. Hy het, byvoorbeeld, geleer om met die minste bystand en ondersteuning van die ouers oor die weg te probeer kom. Deutsch (1982:66) wys op die moontlike gevaar van hierdie optrede as kinders dikwels later, as volwassenes, nie beseef dat hulle van hulle eie kinders, huweliksmaats en kollegas verwag om te vergoed vir hierdie leemte in hulle persoonlike ontwikkeling nie. Selfs al kom dit voor of die kinders van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie buitengewoon selfstandig en onafhanklik is, kommunikeer hulle nietemin dikwels 'n onderliggende emosionele afhanklikheid wat verhoudings kan benadeel. In hulle volwasse verhoudings is sulke persone dikwels, soos in hulle kinderdae, deurlopend op soek na tekens van oneerlikheid, inkonsekwentheid en verwerping (Treadway 1987:19).

In my navorsing oor die MIV/VIGS-geaffekteerde familie het ek verder gevind dat die kleuter homself teen die onstabiliteit en aggressie binne die huishouding verdedig deur bepaalde rigiede "rolle" aan te neem. Die rolle, soos dit bespreek word by punt 1.3.1 in die volgende paragraaf, het gevarieer in 'n mindere en meerdere mate by die kleuter voorgekom. Treadway (1987:79) wys daarop dat hierdie rolle vir baie lank die grondslag gevorm het waarop navorsers se konsepsie ten opsigte van sulke kinders berus het. Vier primêre rolle word in hierdie verband onderskei. Hierdie rolle is egter 'n stuk selfbedrog waarmee die "vals self" van meerderwaardigheid (familieheld), aggressie (sondebok), onttrekking (verlore kind) en spitsvondigheid (gelukbringer), 'n overte teenstrydigheid vorm om die koverte gevoelens van kwesbaarheid,

nood en 'n beskadigde selfbeeld weg te steek (Robinson 1989:15). Wanneer met hierdie kinders terapeuties of pastoraal gewerk word, moet hierdie rolle en die moontlike voortgaande effek daarvan in die later volwasse lewe van dié persoon, in gedagte gehou word.

1.2.1 Rolle van die kind in die MIV/VIGS-geaffekteerde familie

1.2.1.1 Die familieheld

Die familieheld is die "goeie kind" wat buitengewoon presteer te midde van die nadelige omstandighede en groot verantwoordelikhede in die familiekring aanvaar (Wood 1987:8). Daar word ook na hierdie kind verwys as die "superkid", die "manager", die "controller", of die "Goody Two Shoes" (Deutsch 1982:58).

Kenmerkend van kinders aan wie hierdie rol toegeken word, is dikwels onder meer die volgende:

- As kind, wat hierdie rol van "assistent-ouer" oorneem, aanvaar hy verantwoordelikheid in die huishouding en staan hy gelyktydig die ouer as helper by. Sy gevoel van eiewaarde en sy identiteitsoeke word dikwels afhanklik gemaak van sy rol as plaasvervangende ouer (Treadway 1987:20).
- As gevolg van so 'n kind se oënskynlike magposisie, verantwoordelike sin en gevoel van eie waarde, word hy normaalweg met respek behandel. Hy gaan egter ook uit sy

pad om só goed te presteer, dat die MIV/VIGS-geïnfekteerde ouer so trots op hom moet wees dat dit vir die ouer as aansporing moet dien om beter te voel (Wood 1987:8). Dit is ook die rede waarom MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers hulle hoop op hierdie kind vestig en hom vryelik daarvoor beloon (Deutsch 1982:58).

- Die ouers se hoop wat hulle op so 'n kind vestig, plaas hom egter in 'n beskermingsrol ten opsigte van hulleself (Deutsch 1982:58). Die familieheld is daarom vasbeslote om aan die wêreld te "bewys" dat alles tuis normaal is (Robinson 1989:6).

So 'n kind uit die MIV/VIGS-geïnfekteerde familie staan gewoonlik 'n goeie kans om 'n disfunksionele persoon as huweliksmat te kies en weer eens die rol van plaasvervanger en werkolis te vervul (Treadway 1987:20). As volwassenes wat as kinders nooit leer ontspan het nie, wend hulle hul dikwels tot middels soos alkohol en kalmeermiddels om te kan ontspan (Deutsch 1982:61). In die volwasse lewe ervaar hulle baie probleme in die rol van volwassene. Hulle word dikwels kompulsiewe werkers en werkoliste wat spoedige sukses behaal, maar 'n duur prys vir hulle oorontwikkelde sin vir verantwoordelikheid betaal (Robinson 1989:9). Ongelukkig word die droom dat die ouers as gevolg van hierdie rolvervulling sal genees, normaalweg nie 'n werklikheid nie. In die voortsetting van hierdie lewenstyl word die familieheld dan voortdurend gelaat met die ervaring dat niks wat hy deurvoer, suksesvol genoeg is nie en dat sy ideale onvervuld bly (Wood 1987:8).

1.2.1.2 Die sondebok

Die term "sondebok" ("scapegoat") verwys na die familielid wat as gevolg van 'n prosesmatige verloop van gebeure in die familie, as die familie se "probleem" geïdentifiseer word (Ritson 1982:183-184).

Soms handhaaf die familie as sisteem ewilibrum en voorkom dit verandering deur een van die kinders, byvoorbeeld die hiperaktiewe kind of die jeugmisdadiger, vir al die familie se probleme kwalik te neem. Die welwese van hierdie een individu word in so 'n geval prysgegee ter wille van dié van die familie as geheel (Anderson 1984:65). Die sondebok lewer sy bydrae tot die funksionering van die MIV/VIGS-geïnfekteerde familie deur elke ander familielid se woede, teleurstelling en frustrasie aan te trek en tot uitdrukking te bring (Deutsch 1982:62).

Hy vervul die rol van weerligafleier vir die familiespanning en -konflik. Konfrontasie wat die status quo binne die familie kan bedreig, word dus vermy deur dit deur hierdie kind te kanaliseer en van die ander lede weg te lei (Treadway 1987:20). Die sterk identifikasie-binding tussen die MIV/VIGS-geïnfekteerde ouer en die sondebok, wat normaalweg van dieselfde geslag as die betrokke ouer is (Deutsch 1982:63), besit 'n paar kenmerkende elemente:

- Die sondebok bied aan die ouer nog iemand op wie hy die skuld vir sy siekte kan projekteer. Die ouer slaag daarin om hom op die voorgrond te hou deur hom die fokus van almal in die omgewing se aggressie te maak (Deutsch 1982:63). Die sondebokstrategie verenig dus die familie rondom die sondebok se lewe van mislukking (Deutsch 1982:65). Hy tree op as die beskermmer van die vader en moeder ten opsigte van wedersydse beskuldigings en konfrontasies, beskerm die ander kinders teen die "hitte" van die konfrontasie en homself teen die angs van die omstandighede deur passief op die volgende krisis te wag (Treadway 1987:20).
- Hierdie kind is altyd in 'n negatiewe kalklig in terme van tipiese afwykende en anti-sosiale gedrag. Deur middel van die koestering wat die familieheld te beurt val, verwerk hulle die gevoelens van verlies en verwerping (vgl. Wood 1987:8). Die beeld wat die sondebok van homself as moeilikheidmaker en gebore verloorder het, is die vervulling van die beeld wat die familie ten opsigte van hom daarop nahou (Deutsch 1982:64).
- Aangesien woede en aggressie 'n belangrike deel van die sondebok se persoonlikheidsmondering uitmaak, is dit ook tydens adolessensie van sosiale belang, omdat dit teenoor portuurgroepe en gesag gerig word (Deutsch 1982:64). In 'n groep kan die sondebok die grootste ontwrigter wees - die één kind wat onderwysers nooit vergeet nie (Robinson 1989:10).
- Anders as die familieheld wat lank familie- en huisgebonde is, word die sondebok vroeg reeds uit die sisteem gewentel met besondere binding aan groepe daarbuite (Deutsch 1982:65).

Omdat hy die lid van die sisteem is wat na buite beweeg, is hy ook dikwels die eerste lid van die sisteem wat vir terapeutiese hulp aangemeld word. Hy is geneig om, as gevolg van self-sabotasje, in terme van swak menseverhoudings en destruktiewe gedrag, te misluk (Robinson 1989:11).

1.2.1.3 Die verlore kind

Dit gebeur soms dat, as gevolg van die gevorderde aard van die MIV/VIGS-toestand in die familie, waarin daar geen verdere rolbehoefte aan 'n heldefiguur of swartskap is nie, een kind as die "verlore kind", op die agtergrond geskuif word.

Die vernaamste doel van dié kind in die rol is om emosionele en fisiese konflik te vermy (Deutsch 1982:67). Hierdie kind ontwikkel daarom die vermoë om onopvallend en onbetrokke te leef en slaag daarin om intuïtief uit die pad van probleme te bly (Treadway 1987:20). Die onttrekking uit die familie-omstandighede vind ook soms plaas deur rebellering, deur die neem van risiko's en selfs deur misdadige gedrag. Die verlore kind onttrek ook emosioneel vanuit interpersoonlike verhoudings na 'n geslote wêreld van fantasie en persoonlike afgetrokkenheid (Wood 1987:8). Hy is as kind soveel moontlik afwesig uit die familie en soek dikwels ondersteuning by ander volwassenes. As volwassene bly hy geneig om moeilik by intieme verhoudings betrokke te raak en bly hy gewoonlik 'n onverbonde randfiguur (Treadway 1987:20).

Soos by die huis, is hulle ook op skool nie seker waar presies hulle inpas nie. Weereens word hierdie onsekerheid in hulle volwasse lewe voortgesit (vgl. Robinson 1989:11).

1.2.1.4 Die gelukbringer

Die "gelukbringer", soos die familieheld, soek na positiewe aandag en poog om spanning te verlig deur 'n atmosfeer van warmte en gemoedelikheid te skep (Wood 1987:9). Dié kind verrig 'n funksie waaraan die familie groot behoefte het, naamlik om spanning te verbreek. Die lelike aspekte van 'n interaksionele verhouding word op allerlei maniere bewustelik van hom weggehou. Hy word toenemend instrumenteel vir die familielede in hulle pogings om hulle doel te bereik (Deutsch 1982:72).

In die MIV/VIGS-geaffekteerde familie is die spanning altyd sluimerend. Wanneer hierdie kind sy opwagting maak, is direkte en eerlike kommunikasie binne die familie baie swak en is 'n egskeiding dikwels dreigend. Die gelukbringer word deur die lede van die familie as 'n onvolwasse en "breekbare objek" hanteer. Die kinders van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie wat die ander rolle, naamlik dié van familieheld, swartskaap en verlore kind vervul, verskerp hierdie rolle in die teenwoordigheid van die gelukbringer (Deutsch 1982:72).

Vanweë die feit dat die MIV/VIGS-geaffekteerde familie 'n sisteem vol van hoogspanning is, ervaar al die lede dikwels angs. By die gelukbringer is hierdie angs egter hoër. Hy word kunsmatig weggehou van direkte konfrontasie, maar voel voortdurend die

spanning aan en leer om onmiddellik op enige teken daarvan te reageer. Hierdie situasie benadeel sy konsentrasievermoë (Deutsch 1982:73). So 'n kind is geneig om met die stil familieheld in die huwelik te tree en sy rol in terme van die kind-eggenootrol voort te sit (Deutsch 1982:74). Baie kinders in die MIV/VIGS-familie slaag soms daarin om aspekte van al vier hierdie rolle op homself te verenig. Die sondebok kan byvoorbeeld die suksesstandaard van die familieheld bereik deur goeie kwalifikasies te behaal, maar hom dan, soos die verlore kind, van die sisteem te onttrek deur homself ver van die familie te gaan vestig (Wood 1987:9).

1.2.2 Rolpatrone

Benewens die vier primêre rolle wat kinders in die MIV/VIGS-geaffekteerde familie kan inneem en vervul, onderskei Black (1986:122-124) ook vier rolpatrone by kinders met MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers. Die kenmerke van hierdie rolpatrone vertoon ooreenkomste met dit wat reeds hierbo as "vier primêre rolle" bespreek is. Wanneer Robinson (1989:6-14) hierdie rolle bespreek, plaas hy die rolpatrone waarna Black (1986:122-124) verwys, saam met die primêre rolle onder die noemer "survival roles" (Robinson 1989:6). Dit lyk nietemin belangrik om hierdie waarnemings afsonderlik, maar met aanduiding van die onderlinge raakvlakke, ook aan te stip.

Hierdie rolpatrone help, net soos die ander rolvervullings, om kinders in die MIV/VIGS-geaffekteerde familie te laat oorleef (Black 1986:123). Dié begrippe is bekend in familiesisteem-benaderings,

maar word nie normaalweg spesifiek op die kinders van MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers van toepassing gemaak nie. Sistemies is hierdie rolpatrone egter ook ten opsigte van die siekte van die ouers, kompenserende reaksies van die kind ten einde hom in staat te stel om homeostase te bewerkstellig en te oorleef (Black 1986:123).

Alhoewel die kleuter van die MIV/VIGS-geïnfekteerde familie ook in 'n mindere en meerdere mate hierdie rolpatrone gevolg het om te oorleef, was tekens van onderliggende angste en onsekerheid sigbaar.

Die tersaaklike rolpatrone is:

- Die verantwoordelike kind: Hierdie is 'n tipiese rol vir die enigste kind van die familie. Hy word die verantwoordelikheid vir homself en vir die familie opgelê (Black 1986:123). Hierdie rolpatroon vertoon ooreenstemming met dié van die familieheld, wat op 'n volwasse wyse groot verantwoordelikhede aanvaar (Robinson 1989:8).
- Die kind wat homself aanpas ("adjuster"): Hierdie kind voel nie die familieverantwoordelikheid so sterk aan soos die ouer, verantwoordelike kind nie. Hy volg daaglikse aanwysings en doen gewoon wat van hom verwag word. Volwassenes wat as "adjusters" van families grootgeword het, ervaar dat hulle hulself met groter buigsaamheid in die verskeidenheid van maatskaplike omstandighede kan aanpas (Black 1986:124). Soos die verlore kind van die MIV/VIGS-geïnfekteerde familie,

is hierdie kind uiterlik aanpasbaar, maar innerlik ervaar hy 'n lae gevoel van eie waarde en voel hy of hy nie 'n greep op die lewe het nie (Robinson 1989:8).

- Die kind wat as paaier of versoener optree ("placator") sien sy rol daarin om in konflikomstandighede, ander op hulle gemak te stel. Binne die MIV/VIGS-geaffekteerde familie is hierdie kind geneig om hierdie rol as gevolg van skuldgevoelens te vervul. Sy skuldgevoelens spruit voort uit sy vrees dat hy dalk die oorsaak van konflik kon wees. Sy skuldgevoelens verlig dié vrees (Black 1986:124). Hierdie lid van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie is volledig opgeneem in die emosies van en hulp aan ander, in so 'n mate dat so 'n persoon in sy volwasse lewe 'n identiteitskrisis kan beleef wanneer daar nie iemand is wat gehelp moet word nie (Robinson 1989:9).

2 KINDERS EN RELIGIE

Religieuse beraders behoort altyd die ontwikkelingsstadium van die kind in aanmerking te neem wanneer daar met hulle oor God, siekte en die dood gepraat word (Lester 1985:28). Die volgende basiese punte moet in gedagte gehou word tydens berading met kleuters (Lester 1985:40-52):

- Omdat kleuters se kognitiewe prosesse nog onontwikkeld is, het hulle nog net 'n vae (of "konkrete") idee van wat God en godsdienstige leringe beteken. Religieuse roetines en rituele (bv. gebede) kan egter baie vertroosting aan 'n siek kind of 'n kind wat 'n nabye familielid het wat siek is, bied.

- Die ouer voorskoolse kind begin 'n vermoë ontwikkel om godsdienstige leringe te verstaan. Teen hierdie tyd het hulle 'n konkrete konsep van God en begin hulle Hom voorstel in terme van fisiese eienskappe (asof God soos 'n denkbeeldige vriend is). Alhoewel jong kinders entoesiasties deelneem aan religieuse rituele, het hulle nog 'n beperkte begrip van die waarde daarvan. Hierdie roetines (byvoorbeeld gebede) kan nogtans baie vertroostend vir jong kinders wees, veral gedurende stresvolle tye soos tydens siekte.
- Godsdienstige leringe soos reg en verkeerd, straf of beloning, hemel of hel word verstaan en wanneer hulle iets verkeerd doen ontlok dit skuldgevoelens by kinders (Trimmer 1994:67).

Omdat kleuters siekte verkeerdelik as straf kan interpreteer – vir werklike of gewaande oortredinge – wys Rice (1989:149-156) daarop dat dit belangrik is om hierdie idee te verwerp en om die onvoorwaardelike liefde van God te beklemtoon, eerder as om God voor te stel as 'n regter oor goeie en slegte gedrag. Shatz (1992:61-67) brei op hierdie gedagte uit deur daarop te wys dat die kleuter God voorstel as 'n mens, daarom beskryf hulle God dikwels met terme soos “liefdevol” en “versorgend”.

Rim (1992:627-629) het deur middel van navorsing met kleuters bevind dat kleuters gefassineerd is met die begrippe “hemel” en “hel” en dat hulle bang is om hel toe te gaan. Hierdie konsepte moet daarom met die kind bespreek word en die kind moet verseker

word dat God kinders liefhet en nie van hulle verwag om perfek te wees nie. In aansluiting hierby wys Huysamen (1996:8-92) daarop dat kleuters, veral kleuters van vyf en ses jaar, behep is met reëls en regulasies en verwag om gestraf te word in ooreenstemming met hulle wangedrag.

Kleuters kom slegs geleidelik tot volle begrip van die dood en die sterwensproses. Dit is daarom noodsaaklik om die kognitiewe ontwikkelingsstadium van die kleuter in aanmerking te neem wanneer berading met hom of haar gedoen word. Johnson (2000:8-15) wys in hierdie verband op die volgende aspekte:

- Die kleuter (3 tot 6 jaar) dink gewoonlik aan die dood as skeiding en hy of sy sien dit net as tydelik van aard – iets soortgelyk aan slaap. Vanuit die kleuter se perspektief is die dood 'n omkeerbare proses en die kleuter verwag dat die ontslape persoon (of iemand soortgelyk) sal terugkeer.
- Wanneer berading met kleuters gedoen word oor geliefdes wat gesterf het, moet sodanige siening van kleuters se begrip van die dood in aanmerking geneem word. Daarom het dit geen nut om aan 'n kleuter te verduidelik dat sy ontslape pa nooit weer gaan terug keer nie.

Dit is nie wenslik om die realiteit of onomkeerbaarheid van die dood te verbloem deur die onderwerp te vermy of eufemismes te gebruik wat dalk verkeerd deur die kleuter verstaan kan word nie. Dit kan

die kleuter verhoed om sy of haar eie verlies te konfronteer en te verwerk.

Die dood moet daarom openlik bespreek word en voorgehou word as 'n normale deel van die gang van die lewe. Die fisiese en emosionele welstand van die kleuter en die besef dat daar 'n volwassene (of meer persone) is wat bereid is om die kleuter se verlies met hom of haar te deel, is van kardinale belang. Herinneringe aan die ontslapenes behoort aangemoedig te word.

Dit is belangrik dat kleuters toegelaat word om deel te neem aan die rouproses, seremonies en rituele. 'n Goeie balans moet gehandhaaf word tussen die medeling van grusame besonderhede van die dood en die totale uitsluiting van die begrafnisreëlins en die begrafnis self. Dit is belangrik vir kleuters om deel te neem aan die rituele van die dood, sodat hulle die konkrete werklikheid van die dood kan ervaar en besef dat hulle nie alleen is in hulle rouproses nie.

Alhoewel 'n sekere mate van ontwrigting onafwendbaar is, moet die daaglikse roetine van die kleuter so min as moontlik ontwig word tydens dood in die familie.

3 OPVOEDINGSTYLE

Goeie opvoedingstyle beskerm kleuters se psigologiese aanpassing deur hulle op twee maniere minder kwesbaar te maak: eerstens het traumatiese gebeure hulle intellektuele, kreatiewe en kognitiewe

bronne verminder, en die afwesigheid van hierdie bronne voorspel baie psigologiese probleme in 'n model waar waarneembare opvoedingstyle uitgesluit is. Tweedens, politieke aktiwiteite verminder psigologiese veranderingsprobleme in dieselfde model, maar nie in die model waar goeie opvoedingstyle uitgebeeld word nie (Baumrind 1991:34-40). 'n Optimaal effektiewe opvoedingstyl verteenwoordig 'n hoë aanvaarding, warmte en ferm beheer (Baumrind 1991:40-41).

4 OUERSKAP EN KLEUTERS WAT AAN TRAUMA BLOOTGESTEL WORD

Garbarino (1985:75) het waargeneem dat kinders stres en traumatiese ervarings beter kan hanteer as hulle 'n sterk, positiewe band met hulle families het, en as ouers 'n voortdurende gevoel van stabiliteit, permanensie en insiklikheid uitstraal. Daarom is die ouers se aanmoediging van die kind se hulpbronne baie belangrik in hulle ervaring van traumatiese gebeurtenisse.

Die veronderstelling word gemaak dat die blootstelling aan traumatiese gebeurtenisse geassosieer kan word met kinders se psigologiese aanpassing via die kwaliteit van die waarneembare opvoeding en via die kind se kognitiewe bronne.

Garbarino (1985:87-102) het deur middel van empiriese navorsing bevind dat traumatiese ervarings die risiko van kleuters se aanpasbaarheid verhoog. Traumatiese gebeure kan gesinsbande

verstewig, maar ook meer ingewikkeld maak. Garbarino (1985:107) suggereer dat ouers 'n direkte buffer kan wees vir die kleuter se psigologiese aanpassing deur middel van emosionele bystand en goeie dissipline.

Uit die navorsing van Kuttub (1988:23-30) in hierdie verband, is die volgende bevind:

- *Eerstens*, traumatiese ervarings verminder die kleuter se intellektuele, kreatiewe en kognitiewe hulpbronne. Die verlies van die hulpbronne veroorsaak 'n vermindering in hulle psigologiese aanpasbaarheid indien goeie ouerskap nie in ag geneem word nie.
- *Tweedens*, die blootstelling aan traumatiese gebeure verminder die kleuter se gesinsaktiwiteite sonder inagneming van die tipe opvoeding wat hy ontvang. Verhoogde gesinsaktiwiteite wat saamgaan met traumatiese gebeure, dui op die kleuter se pogings om beheer te verkry oor die traumatiese ervarings.

5 VERLIES EN ROU

Smith (1981:57) het bevind dat die afwesigheid van die kleuter se ouers vir langer as twee maande, vir die kleuter totaal onbegryplik is. Verwydering is 'n emosionele skok wat psigiese skade meebring.

Die kleuter ervaar angs, want daar is 'n verbreking van die kontinuïteit van sy bestaan.

Garbarino (1985:156-160) brei op die bevindinge van Smith (1981) uit deur dit te stel dat die kleuter wat aan verlies blootgestel word, weerloos en kwesbaar is. Dit hang saam met die feit dat die kleuter tydens die kleuterfase 'n al duideliker beeld van hom-/haarself as afsonderlike persoon ontwikkel. Dit het tot gevolg dat die kleuter se identiteitsvorming geraak word en daar ontstaan nou 'n gaping in die proses van identifisering met sy ouers.

5.1 Vier fases in die rouproses

Bowlby (1979:48) beskryf vier fases in die rouproses by kleuters:

- Die eerste fase van protes, destruktiewe gedrag en woedebuie duur 'n paar dae lank voordat dit geleidelik oorgaan na die fase van wanhoop;
- Die wanhoopfase gaan gepaard met opflikkerings van hoop;
- Na 'n paar weke beweeg die kleuter geleidelik na die derde fase van losmaking. Dit kom voor asof hy/sy vergeet;
- Indien die verhouding herstel het, is daar 'n fase van intense emosionele gedrag: vasklou aan die moeder en akute angs indien hy/sy net 'n ruk verlaat word. By 'n kleuter wat langer as ses maande verlaat is of indien skeiding herhaaldelik

voorgekom het, sal 'n gevorderde fase van losmaking bereik word en die gevaar van permanente losmaking en skade aan die binding met die ouer is baie groot.

Die navorsingsresultate van hierdie studie wat betrekking het op die familie wat deur MIV/VIGS geaffekteer word, sluit aan by die kleuterse beleving van 'n krisis soos dit aangedui word in hierdie hoofstuk. Vervolgens gaan daar in die volgende hoofstuk gelet word op die praktykteoretiese perspektiewe ten opsigte van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie.

5 PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE NARRATIEWE BENADERING TEN OPSIGTE VAN DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE

1 INLEIDING

In die samelewing bestaan diskoerse oor alle aspekte van die lewe. Kotzé en Kotzé (1997:33), in 'n heenwysing na die werk van Michael White (1992,1995), wys daarop dat mense in narratief leef. Hierdie narratief bestaan uit hul ervarings wat hul op so 'n wyse rangskik (oor tyd heen) dat dit vir hulle help om sin te maak van hul lewens en omgewing. Hierdie narratiewe weerspieël nie ons lewens nie. Dit konstitueer dit, vorm en slyp dit (1997:35). Ons eie verhale en dié van ander gee sin en betekenis aan ons lewens en bepaal watter verhale ons insluit en vormend op ons laat inwerk (1997:34). Stephen Covey (1992:99) wys op sy beurt daarop dat alle dinge (sy woordkeuse: 'all things') twee maal geskep word, maar dat die eerste skepping nie noodwendig bewustelik geskied nie.

Maak hierdie diskoerse oor die gesinslewe, oor manwees, vrouwees, kindwees, ouerwees, uitgesproke of onuitgesproke (ingebed in gesinslede se ontwikkeling), die stemme van die onderskeie gesinslede stil? Onderdruk dit, en indien wel in watter mate, elke gesinslid se eie verhaal?

Parry (1991:37-53) wys daarop dat elke mens se verhaal onlosmaaklik verbind is aan ander se verhale, asook aan groter verhale. Elkeen is 'n hoofspeler in sy eie draaiboek. Terselfdertyd is hulle "opgeroep" en "ingetrek" in die draaiboeke van ander mense. Die individu se verhaal kan slegs vorder as elke rolspeler sy ondersteunende rol in ander se verhale vertolk. As hul trou, behou beide hul eie verhale. Hul behou die sentrale lyn. Volgens Parry (1991:37-53) kan mens net hoop dat elkeen 'n punt sal bereik waar 'n gesamentlike verhaal begin ontvou wat tegelyk 'n integrale deel van elkeen se individuele verhaal is. 'n Krisis in 'n gesin ontstaan wanneer een of meer van die spelers nie meer die rolverwagtinge wat ander gesinslede ten opsigte van hulle koester, in die gesinsverhaal wil nakom nie. Wanneer dit gebeur, vorder niemand se verhaal nie.

In die daarstel van pastorale berading met die geaffekteerde kleuter van MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers, sal die verwagtings wat gesinslede van mekaar het, ontgin moet word. Dit moet geskied in ooreenstemming met elkeen se bereidheid om wel aan daardie verwagtings te voldoen, of net eers daaroor te praat. Parry (1991:37-53) wys op die belangrikheid daarvan om ter wille van hierdie storieverbinding, 'n so volledig en gedetailleerde verhaal as moontlik van hul verwagtings te identifiseer. Families wil hê dat gesinslede moet konformeer en een word in die verhale van die ander gesinslede, selfs ten koste van die lid se eie verhaal. Sodoende kan dit gebeur dat van die gesinslede se sieninge en behoeftes onderdruk word ten gunste van 'n sogenaamde "groter" gesinsverhaal. Hierteen moet gewaak word in die skryf van 'n nuwe gesinsverhaal.

Ek meen Covey se klem op die feit dat mense ko-konstrueer aan ons narratiewe, is van waarde. Hy lei mense om algemeen aanvaarde praktyke (mens sou dit ook diskoerse kon noem) in hul eie lewens te bevraagteken. Dit is vir my positief dat hy mense kry om te droom oor hoe hulle gesinne kan lyk en nie maar net voort te ploeter en mekaar en gesinwees as vanselfsprekend te aanvaar nie. Ek wonder egter of die nadink oor en beplan van hoe ek my gesin wil hê nie dalk in 'n dominante diskoers kan ontaard wat mense sodanig polisieer dat hulle iets van die vreugde van gesinwees verloor nie. Daarmee bedoel ek dat ek my voortdurend kan meet aan hierdie ideaal van my, sonder om te besef dat ek dit dalk onwerklik of onbereikbaar vir myself gemaak het. As ek myself dan keer op keer weeg en te lig bevind, kan dit meebring dat ek sielsongelukkig word.

Covey (1992:101-108) se gedagte om 'n gesinsmissiestelling te laat opstel, het ook waarde. Dit herinner aan wat Alice Morgan (2000:73-75) "verdigting" noem in narratiewe terapie. Morgan (2000:85-99) trek saam met kliënte aksieplanne teen die probleem op. Ek is van mening dat gesinsmissiestellings gebruik kan word as terapeutiese en gespreksdokumente teen samelewingsdiskoerse wat mense se gesinslewe beperk.

In die volgende afdeling word die narratiewe benadering tot 'n terapeutiese model vir die MIV/VIGS-geaffekteerde familie bespreek.

2 'N NARRATIEWE BENADERING

In hierdie deel wy ek uit oor my eie benadering tot gesinsterapie, naamlik 'n narratiewe benadering. Ek wil in die eerste plek 'n inleiding bied tot sekere aspekte van 'n narratiewe benadering. Dit word gevolg deur mikrokaarte wat ek na verwagting gaan gebruik.

Epston (1998:214) stel dit dat die narratiewe vorm gee aan dít wat ons glo binne ons vermoëns is, asook hoe ons dít wat ons en andere doen, interpreteer. Wanneer ons probleme beleef, is die stories wat ons opdiep, ook die stories wat die probleem akkommodeer of aanleiding daartoe gegee het. Hierdie probleem-akkommoderende stories beperk of sluit selfs ons toegang tot die arsenaal van middele wat tot ons beskikking is, uit. 'n Narratiewe benadering het ten doel om toegang te skep tot 'n groter veld van keuses vir mense wat die huidige dominante stories as beperkend beleef (Epston 1998:215). Ten opsigte van 'n huisgesin waar die ouers met MIV/VIGS geïnfekteer is en met 'n kleuter wat daardeur geïnfekteer word, sou mens ook naas dít wat as beperkend beleef word, dít wat as verrykend beleef word wou uitlig en verenig op wyses wat vir die gesin aanvaarbaar sou wees.

In 'n narratiewe benadering word gepoog om mense respekvol en nie-blamerend te benader. Mense word gesien as die deskundiges van hul eie lewens. Probleme word gesien as losstaande van mense, en dit word aanvaar dat mense inherent oor vaardighede, waardes, geloof en verbintenisse ("commitments") beskik wat hulle in staat stel om die probleem te kan oorkom (Morgan 2000:2).

Vervolgens bespreek ek die waarde van stories of narratiewe vir pastorale berading. Daarna kyk ons kortliks na sekere mikrokaarte en narratiewe uitgangspunte.

2.1 Narratiewe en die waarde van narratief vir gesinsverryking vir die MIV/VIGS-geaffekteerde familie

Die term "narratief" impliseer 'n luister na, en vertel (en/of oorvertel) van stories oor mense en die ervarings in hulle lewens. In die lig van die dodelike erns van baie van hierdie ervarings (dikwels ook vir hulle problematies van aard), blyk die idee van luister na en vertel van stories, onvanpas te wees. Dit is dikwels moeilik om te glo dat gesprekke (en dus stories) nuwe moontlikhede kan laat vorm aanneem. Tog is dit juis wat gebeur in narratiewe terapie (Freeman, Epston & Lobovits 1997:xv).

Mense benut stories om hul ervarings te organiseer en die kompleksiteit daarvan te verstaan. Die keuses wat gemaak word, word grotendeels gevorm deur die betekenis wat ons aan gebeure heg, asook die betekenis wat ons heg aan die keuses wat ons oorweeg. Dikwels het die mens geen beheer oor of 'n saak 'n probleem in sy/haar lewe gaan wees nie. Waaroor hul wel beheer het, is wat hulle gaan doen en hoe hulle daarmee gaan saamleef (Freeman et al 1997:xv).

Ons eie stories is egter nie al wat op ons inwerk nie. 'n Mens moet die breër sosio-politiese konteks van mense se lewens ook in ag

neem. White en Epston (1990:27) is van mening dat Foucault se analise van mag/kennis meer lig kan werp op hierdie breë konteks. Die betekenis wat verkry word uit die strukturering van ervarings in stories, word verkry in taal. Sonder taal kan die ervarings nie stories word nie. Daarom, volgens White en Epston (1990:27), heg ons betekenis aan ons ervarings en druk ons ons lewens en verhoudings in taal uit. Wanneer ons taal gebruik, is dit nie 'n neutrale aktiwiteit nie. Agter die gebruik van taal lê 'n voorraad van kulturele diskoerse oor wat aanvaarbaar en toepaslik sou wees. Hierdie kulturele diskoerse werk in op ons verstaan van ons ervarings. Die kulturele diskoerse oefen, in daardie sin, mag oor ons lewens uit. Gesinne interpreteer dinge op grond van die stories wat hul lewens deurdrenk. "Wat sal die mense sê", word deur gesinne gebruik om gesinslede se gedrag te beheer. Hiermee bedoel ek dat dit wat die gemeenskap as aanvaarbaar beskou, as norm voorgehou word aan 'n gesinslid wat gedrag of siening openbaar wat met die kulturele diskoers in stryd is. Dié gesinslid se gedrag of siening word in 'n sekere sin deur die kulturele diskoers onderdruk.

Wat is die waarde van narratief vir pastorale berading? Volgens Parry (1991:42,43) word stories in narratiewe terapie gesien as net 'n storie. Daar word nie gesoek na 'n dieper betekenis in die stories nie. Hierdie manier van kyk laat die moontlikheid vir herskryf en heruitdink. So word die ruimte vir gesinne geskep om hul lewens te herontwerp. Die besef dat 'n storie oor my lewe net 'n gedeelte van my lewe verteenwoordig en dat hierdie gedeelte prominensie geniet, omdat ek beïnvloed is om myself en ander op 'n bepaalde manier te sien, help mense om met hul ou lewenstyle te kan breek. Die dekonstruksie van 'n gesin se lewensverhaal behels ook 'n

bewuswording van die feit dat elke gesinslid se verhaal onlosmaaklik verbind is aan die ander gesinslede se verhale. Dieselfde geld ten opsigte van die stories van ander persone met wie hul in verbinding tree.

Die waarde van 'n narratief vir pastorale berading lê in die versigtige opdiep van die onderdrukte verhale. Dit geskied deur die vra van vrae. Deur vrae word die verband gelê tussen die stories wat vertel is (en die aannames en sieninge wat daarmee gegaan het) en ander stories en moontlikhede wat tot op hede nie deur die gesin in verband gebring is met die probleme/sieninge van hul lewens nie (Parry 1991:51).

Parry en Doan (1994:26-30) wys daarop dat, aangesien ons deel van 'n samelewing is waar die "waarheid" 'n konstruksie van ons as mense is, daar vir ons geen geldige maatstaf kan wees waarteen ons gesinne kan meet nie. Ek stem saam met hulle dat een van die take van pastorale berading behoort te wees om gesinne te help om hul eie verhale bloot te lê en as gesaghebbend te beskou. In die geval van my gekose navorsingsprobleem, moet die geïnfekteerde ouers, sowel as die geïnfekteerde kleuter, gehelp word om elkeen in hul eie woorde hul eie ervarings weer te gee en te interpreteer.

Hulle behoort met wedersydse respek die verhale van die ander gesinslede aan te hoor, en saam te skryf aan 'n nuwe verhaal wat elke lid se stem verteenwoordig. Volgens White (1995:29) is die proses van "*renaming and naming*", soos hy dit stel, van uiterste belang. Deur 'n naam te gee aan 'n alternatiewe storielyn word 'n

wêreld van ervarings wat voorheen verwaarloos en geïgnoreer is, blootgelê. Dit is juis hierdie "geïgnoreerde kennis" wat van belang is vir narratiewe terapie.

3 MIDDELE WAT HELP OM 'N NARRATIEF BLOOT TE LÊ

Narratiewe terapie maak gebruik van 'n linguistiese kaart, naamlik eksternalisering. Die doel van eksternalisering is om mense los te maak van hul probleme. Sodoende word verhinder dat mense druk op hulself plaas deur te blameer (hulself of ander) en/of te wil verdedig. Die gevolg is dat 'n persoon nie meer 'n probleem is nie, maar nou eerder oor hom/haarself dink as in 'n verhouding tot die probleem (Freeman et al: 1997:xv). Volgens Parry (1991:41-42) benader dekonstruksie enige storie as inherent onvolledig of gefragmenteerd. In elke storie is daar meer uitgelaat as wat opgeneem is in die verhaal. Wat opgeneem word in die verhaal, gaan afhang van die aannames en sieninge van die verteller, asook sy/haar doel met die vertelling. As 'n gesin hul verhaal aan 'n terapeut vertel, dan is die gesin daarvan oortuig dat hulle verhaal, soos hulle dit weergee, die waarheid aangaande hul lewens is. Hulle is onbewus van die feit dat hulle op grond van as-vanselfsprekend-aanvaarde-sienings oor hulle gesin, sekere stories ingesluit en ander uitgesluit het.

Watter effek het die narratief op gesinne? Twee aanhalings uit die werk van Parry en Doan (1994:17) verwoord dit raak: eerstens verwys hulle na White se woorde oor die werk van Bateson: "*People do what they do because they are otherwise*". "*Otherwise*" beteken

hier om die gesin aan te moedig om toegang te verkry tot die storielyne wat onderdruk is deur die gesins- en kulturele diskoerse oor regte en verkeerde gedrag.

Volgens Parry en Doan (1994:17) is White se eerste stap in die losmaak van hierdie bande wat mense vasknel, om die persoon los te maak van die probleem. Dit doen hy deur te eksternaliseer. Dit wil sê, waar die gesin die persoon gesien het as iemand wat "probleem-deurdrenk is", word daar nou afstand geskep tussen die persoon en die probleem. Dit skep die moontlikheid om die geleenthede waar die probleem nie die persoon oorheers het nie, bloot te lê. Hierdie oomblikke van probleemvrye bestaan is vantevore onderdruk en het vergete geraak. Dit bring ons by die tweede aanhaling.

'n Kragtige manier waardeur gesinne gesinslede "beheer", is om hulle te laat identifiseer met die probleem. Anders gestel: "*Having people blame themselves is a most powerful way of controlling not only a family, but a populace*" (Parry & Doan 1994:17). Volgens Parry en Doan (1994:18), was White die eerste om mense te sien as die bewakers van veelvoudige verhale. Natuurlik is al hierdie verhale nie ewe veel op die voorgrond nie. Dit is egter ook nie te sê dat die dominante diskoers noodwendig in die beste belang van die persoon is nie. Dikwels is dit meer in belang van die gemeenskap.

In die narratiewe benadering tot terapie word daar met mikrokaarte gewerk. Ek wil my gebruik van hierdie mikrokaarte in pastorale

terapie met die volgende beeld omskryf. Dit is soos 'n reis. Jy weet reeds wat jou bestemming is. Jy moet nog uitwerk hoe jy daar gaan uitkom. Mikrokaarte dien dan die doel van 'n padkaart. Dit gee my 'n aanduiding van die pad wat ek sou kon kies na die bestemming ('n storie van hoop en innerlike heling). Wat dit my nie bied nie, is kennis oor wat langs die pad gaan gebeur en hoe die omgewing daar gaan uitsien. Dit ontdek ek saam met die familie deur die kennis en ervaringe wat hulle na die gesprek bring. Dit is ook moontlik dat die familie ander bestemmings sou kon identifiseer. Ek meen egter dat innerlike heling en hoop as 'n bestemming omvattend genoeg is vir hierdie eie bestemming wat die familie dalk sou wou daarstel. Vervolgens bespreek ek dan kortliks die mikrokaarte wat ek verwag om moontlik te gebruik.

3.1 Mikrokaarte

3.1.1 Die mikrokaart van “*not-knowing*”

Volgens Anderson en Goolishian (1992:25-39) impliseer 'n posisie van *not-knowing* dat ek as berader deur my houding en ingesteldheid 'n nuuskierigheid kommunikeer, 'n opregte behoefte om meer te weet en beter te verstaan. Hierdie posisie van *not-knowing* impliseer dat die berader nie oor geprivilegieerde inligting ten opsigte van dit wat die kliënt ervaar, beskik nie en nie in staat is om 'n ander persoon ten volle te verstaan nie. Die berader poog wel om te verstaan deur te luister na dit wat die kliënt sê, asook dit wat die kliënt nie sê nie. So kan juis die vermyding van 'n onderwerp of weiering om oor 'n onderwerp te praat dalk 'n aanduiding wees dat

daar dalk 'n onvertelde storie oor hierdie onderwerp is en dat dit vir die kliënt moeilik is om oor hierdie storie te praat.

Dit is goed om aanvanklik en voorlopig 'n "*not-knowing*" benadering in te neem. As dit egter binne 'n post-moderne paradigma geskied wat deurgaans en tot aan die einde van die pastorale proses teen alle koste gehandhaaf moet word, is daar geen ruimte vir teologie en pastoraat meer oor nie. Dan kan daar geen didagé en kerugma plaasvind nie. Dan speel pastorale kundigheid ook geen rol nie en kan kliënte se behoefte aan teologiese antwoorde op teologiese vrae nie ontmoet word nie.

Waar die behoefte aan lering en antwoorde ontmoet word, word die persoon se eie kennis nie onderdruk nie. Daar vind wel 'n fusie plaas tussen God se verhaal en die mens se verhaal – iets wat tog die doel van pastorale terapie volgens Gerkin en ander is (sien hoofstuk een). Na aanleiding van lering uit die Skrif, word daar saam gebou aan 'n nuwe verhaal en unieke uitkomst wat God se opinies ook insluit.

3.1.2 Dekonstruksie

Dekonstruksie is volgens McKenzie en Monk (1996:95) die proses waardeur algemeen aanvaarde (of as vanselfsprekend-aanvaarde) aannames oor 'n gebeure of 'n saak uiteen gehaal word. Deur dekonstruksie word diskoerse blootgelê en die posisies wat mense binne-in hierdie diskoerse inneem, ontbloot. Van hierdie diskoerse

sluit in geslag, begeertes, liefde, seks en die verskille tussen mans, vrouens en kinders. Dekonstruksie is, myns insiens, 'n kombersterm. Jy kan baie dinge onder 'n kombers verberg. Met kombersterm bedoel ek dan dat dit baie aspekte van narratiewe terapie kan insluit. So kan die resultaat van eksternaliserende taalgebruik en vrae, volgens White (1995), beskou word as deel van dekonstruksie. Net so vind dekonstruksie plaas deur die effek wat die probleem, of 'n bepaalde diskoers op 'n gesin se lewe het, te ondersoek. (Meer hieroor by die punt oor kartering).

Morgan (2000:45) wys daarop dat, vanuit 'n narratiewe perspektief gesien, probleme slegs kan oorleef en floreer as dit ondersteun word deur diskoerse, sieninge en beginsels vanuit die samelewing. Byvoorbeeld: anoreksie kan slegs floreer binne 'n kultuur wat 'n hoë premie plaas op slank wees, en waar sukses en bevoegdheid beoordeel word in terme van liggaamsvorm en -grootte. Dekonstruksie is dan die proses van die ontgin, blootlê en dissekteer van hierdie sieninge, idees en praktyke van die kultuur waarbinne die gesin leef (Morgan 2000:45). Volgens Morgan is dit gesinne se belewing dat dekonstruerende gesprekke groter vryheid van die invloed van die idees en diskoerse wat die ou verhaal ondersteun, meebring (2000:50).

Dekonstruksie vind plaas deur die vra van vrae. McKenzie en Monk (1997:89) gebruik die term "smalling questions". Daarmee bedoel hulle vrae wat 'n familie uitnoui om veral na te dink oor die fragmente van hul ervarings wat nog nie ondersoek is nie. Dekonstruksie help die MIV/VIGS-geaffekteerde familie om die verskuilde of onuitgesproke aannames wat deur die familie se sosio-

kulturele omgewing vasgelê is, bloot te lê. Sodra die aannames by naam geïdentifiseer is, kan die familie kies of hulle dit steeds as vanselfsprekend wil aanvaar en of hulle wil breek met hierdie diskoers (McKenzie & Monk 1997:102).

Volgens White en Epston (1990:42) is dit baie doeltreffend om relatiewe invloedvrae ("*relative influence questioning*") te vra. Die vra van vrae rakende die invloed wat die probleem of diskoers op 'n familie het, help die familie om die diskoers te eksternaliseer. Relatiewe invloedvrae draai om twee kante van dieselfde muntstuk: ten eerste, die kant wat wys watter invloed die diskoers op die familie uitoefen. Aan die anderkant van die munt is die invloed wat die familie op die diskoers uitoefen. In die volgende deel skenk ons meer aandag hieraan.

3.1.3 Kartering

In kartering gaan dit oor die invloed wat die probleem op die familie se lewens uitoefen. Kartering bring baie inligting wat die familie behulpsaam kan wees, na vore. Hier word die fondament gelê vir die ko-konstruksie van 'n nuwe gesinsdiskoers. Volgens McKenzie en Monk (1997:102,103) beskik 'n familie selde oor die volledige prentjie van die probleemverhaal of diskoerse wat op hul inwerk. Daarom is dit belangrik om uit te vra na die effek wat die diskoers op hulle dag-tot-dag take uitoefen. Watter effek het hierdie diskoers op hulle verhoudings, vriendskappe en werk? Hoe raak dit hulle emosioneel? As die familie sou voortgaan soos hulle huidiglik doen, hoe sou die diskoerse hulle lewe raak teen volgende maand/jaar?

Hierdie vraag trek die fokus in op die groter prentjie. Hier kan ook navraag gedoen word na die taktiek wat gebruik word om die bepaalde diskoers of probleem te versterk. Kartering help die familie om die effek van sosio- kulturele diskoerse te ondergrawe en af te breek. Deur 'n naam te gee aan 'n alternatiewe diskoers ("*naming the counter plot*") help dit die familie om 'n onderskeid te tref tussen die ou diskoers en die nuwe voorkeurdiskoers wat ontwikkel gaan word (McKenzie & Monk 1997:103,104).

3.1.4 Unieke uitkomst

'n Tweede been van kartering is om die invloed wat die familie op die probleem uitoefen, uit te lig. Teen hierdie tyd is die familie reeds bewus van die feit dat daar tye is wat die sosio-kulturele diskoers nie hulle wens oorheers nie. Help die familie om die vaardighede waaroor hulle beskik, uit te lig. Dit gaan hier ook oor kennis wat anders is as die dominante diskoers (McKenzie & Monk 1997:106,107). McKenzie en Monk (1997:108) wys daarop dat hier veral gekyk moet word na wat genoem word "*unique outcomes*". Hoe meer "*unique outcomes*" uitgelig en saamgevoeg kan word, hoe minder kans is daar dat die familie dit kan afmaak as fratse of geluiskote.

3.1.5 Landskap-van-aksie en landskap-van-identiteit

Landskap-van-aksie vrae is vrae wat poog om die sogenaamde "*unique outcomes*" uit te lig en aan mekaar te verbind om 'n nuwe

storielyn te help vorm en/of te versterk (McKenzie & Monk 1997:109). Volgens Morgan (2000:51) is "*unique outcomes*" (glinsteroomblikke) gebeure, gedagtes of intensies wat die dominante diskoers weerspreek, of bloot buite dit staan. Anders gestel: enigiets (kennis, ervaring, voornemens, planne van aksie) wat die dominante diskoers nie van hou nie, sal 'n glinsteroomblik kan wees. Landskap-van-aksie vrae fokus op gebeure in die verlede wat nie deel uitmaak van die ou probleemdiskoers nie. Hierdie gebeure wat herontdek en nou uitgelig word, gee gestalte aan die nuwe diskoers-in-wording. Tipiese vrae is: "*Watter voorbereidings het jy getref om hierdie groot stap moontlik te maak?*" en "*Wat is aan die gebeur in jou lewe dat jy die energie sou hê om so 'n skuif te kon maak?*" Waar 'n landskap-van-aksie goed gevorm is, help dit die familie om hulle unieke kwaliteite, verbintenisse, voorkeure en behoeftes te ondersoek (McKenzie & Monk 1997: 109).

Landskap-van-identiteit (ook genoem landskap-van-bewustheid) help die familie om raak te sien waar hulle verbintenisse lê en waar hul groter waardering kan kry vir hul kwaliteite en vermoëns. Met landskap-van-bewustheid vrae nooi jy die familie om te besin oor hoe hulle dit vermag het om die aksies voort te bring wat in die landskap-van-aksie deel blootgelê is. Nou het die familie die geleentheid om hierdie aksies te waardeer (McKenzie & Monk 1997:109). Morgan noem dit landskap-van-identiteit. In die landskap-van-identiteit vrae word die familie gevra om te besin oor wat die gebeure wat blootgelê is in die landskap-van-aksie, vir hulle beteken. Daar word nou gedink in terme van hul begeertes, intensies, voorkeure, geloof, hoop, persoonlike kwaliteite, waardes, sterk punte, verbintenisse en doel (Morgan 2000:61). Landskap-van-aksie vrae wil die besonderhede van die glinsteroomblikke

("unique outcomes") eksplorieer, terwyl landskap-van-identiteit vrae handel oor die betekenis van die gebeure (2000:64). Met beide hierdie maniere van vrae stel, word die familie genooi om iets van die nuwe diskoers se moontlikhede te kom vier.

4 DIE VASLÊ VAN 'N NUWE STORIELYN

Dit is na my mening belangrik om in pastorale terapie die nuwe storielyn van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie op soveel wyses moontlik vas te lê. Morgan (2000:73-121) gebruik hiervoor, onder andere, "*remembering conversations*", rituele, terapeutiese briewe, terapeutiese dokumentasie bv. sertifikate, notas van sessies, videobande en prente, om maar net 'n paar te noem. Soos en waar hierdie verdigtings- of uitbreidingsbenaderings (sy noem dit "*thickening the plot*") in hierdie navorsing ingespan word, sal kortliks bespreek word. Hier wil ek die konsep van briewe vir 'n oomblik onder die loep neem.

Waarom is dit so noodsaaklik? Volgens Epston (1998:95) is 'n gesprek ten beste kortstondig van aard. Na selfs 'n baie betekenisvolle sessie is dit moontlik, volgens Epston (1998:95), dat die familie weggaan met 'n gedagte wat hul tot nadenke stimuleer. Dit is moontlik dat hierdie selfde gedagte binne enkele ure nie meer voorop in hul gedagtes is nie. Twee persone sal dieselfde gesprek van minute tevore verskillend weergee, omdat mense selektief luister. Gesinslede wat gewoon is aan hulle konflikte, mag heel moontlik net geluister het na wat hulle graag wil hoor. Buzan (1989:64) wys daarop dat, na 'n aanvanklike een-uur leerperiode,

tagtig persent van die detailinligting binne vier-en-twintig uur verlore gaan. 'n Moontlike oplossing vir bogenoemde problematiek is, volgens Epston (1998:95), die opstelling van 'n brief.

Wat is die inhoud van so 'n brief? Aanvanklik het Epston sy notas van die gesprek weergegee. Trouens, in die gesprek self het hy by tye dít wat hy geskryf het weer voorgelees, met die doel om te kontroleer of hy die kliënt reg verstaan het. Hy gebruik die brief as die wegspringpunt vir die volgende gesprek. In die brief beklemtoon hy by herhaling dat die probleem los gesien moet word van die persoon. Hy eksternaliseer dus opnuut die probleem. Die briewe is meer as net 'n opsomming van die gesprek. Hy fokus op die aspekte van die gesprek wat alternatiewe gegenereer het (of anders gestel: dít wat teenstrydig is met die probleemverhaal). Die brief is ook vir Epston (1998) 'n geleentheid om 'n "swak sessie" te red. In die brief herbedink hy sy vrae, vra hy nuwe vrae wat die gesprek verder sou kon neem en erken hy sy foute. Ook vrae wat hy moeilik vind om direk aan 'n kliënt te vra, of wat net te seer sal maak, is dikwels makliker, volgens Epston (1998:108), om te verwerk as dit in privaatheid gelees word.

Die gebruik van briewe kan waarde hê vir pastorale terapie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie. Hierdie briewe versterk ("reinforce") die kennis wat gegenereer is in die sessies deur die herhaling van dít wat gekonstrueer is. Die belang van herhaling in enige leerproses is deur Buzan (1989:64,134) uitgelig toe hy gesê het dat herhaling 'n akkumulatiewe effek het op alle aspekte van leer, denke en geheue.

Alhoewel ek moeilik tydens gesinsberading die herhaling kan inbou, soos Buzan (1989:53-57) dit voorstel vir doeltreffende leer, word herhaling wel bygebring deur die familie se lees van die briewe wat tussen sessies na hulle uitgaan. Herhaling vind ook plaas deur aan die begin van elke nuwe sessie eers te kyk na van die inhoud van vorige gesprekke.

Ek vertrou dat hierdie benadering daartoe sal bydra om die nuwe diskoerse wat die familie vir hulself konstrueer, meer te vestig en 'n blywende effek van verryking vir hulle sal hê. Die skepping van 'n kunswerk word effektief vir hierdie doel aangewend en word derhalwe in die volgende hoofstuk volledig bespreek.

6 DIE SKEP VAN 'N KUNSWERK: 'N NAVORSINGSVERSLAG

1 INLEIDING

Ek verduidelik met 'n beeld hoe ek van hier af vorentoe te werk sal gaan. As beeld wil ek die skep van 'n kunswerk gebruik. Die kunstenaar kyk na dít waarvan hy 'n studie wil maak. Hy besluit op 'n aantal mediums (hetsy waterverf, pastelle, pen en inkt, potlood of dalk houtskool of 'n kombinasie van almal) waarin hy hierdie studie wil doen. Argumentsonthelwe noem ons dit 'n collage. Die kunstenaar besin oor die styl: wil hy abstrak werk of dalk die impressionisme naboots. Hy neem die regte tipe papier of doek en aan die hand van tegnieke eie aan die aard van sy gekose medium en styl, begin hy werk aan dit wat hy op papier wil vaslê.

Tot hiertoe het ek aangedui dat ek pastorale terapie as studie aanpak en dat my gekose medium die narratiewe benadering is. Ek het aangedui dat ek met die praktiese teologie as paradigma werk. Hierdie keuse het ek gemotiveer. Ek het ook die hoek waaruit ek die lig wil laat val op dít wat ek in die collage wil vasvang, vir myself geïdentifiseer, naamlik die narratiewe pastorale model. Ek het die tegnieke (mikrokaarte), wat ek dink ek sal moet inspan, 'afgestof' en herbedink. In enige kunswerk, veral waar waterverf ter sprake is, moet jy deeglik vooraf beplan, aangesien daar vinnig gewerk moet word om die beste resultate in hierdie medium te verkry. Ek het die

tema wat ek vir die collage gebruik as pastorale berading met die geaffekteerde kleuter van die 'n MIV/VIGS-geïnfekteerde gesin aangedui.

Nou begin die skilderwerk. 'n Aantal klein sketsies word gemaak om te sien presies wat ingesluit moet word, en wat nie. Die sketsies help om die sogenaamde negatiewe spasies raak te sien, asook om vir oulaas te besin oor wat waar geplaas gaan word en watter mediums die beste gaan wees. In die geval van hierdie navorsing gaan ek nou 'n uiteensetting doen van die navorsingsmetodologie, -proses en -prosedure. Dan volg 'n meer gedetailleerde potloodskets op die papier self. Dit is die raamwerk van wat ek beplan om te doen tydens die ontmoetings. Die basislaagverf (wat help om alles in 'n geheel saam te bind) is die blootlê van diskoerse. Daarna volg al hoe meer detail waar laag na laag neergelê word. Soos hierdie lae neergelê word, sal ek dit verder verduidelik. In hierdie hoofstuk beskryf ek die skep van die kunswerk slegs tot en met die gedetailleerde potloodskets.

Wat my navorsingsmetodologie betref, het ek kwalitatiewe navorsing gedoen. Dít wat ek waargeneem het by die familie, het ek probeer verstaan en/of geïnterpreteer in die lig van die betekenis wat hulle daaraan geheg het.

Hoe verbind ek kwalitatiewe navorsing met die narratiewe benadering wat ek volg? In hierdie verband is die beskouing van Clandinin en Connelly (1991:260) insiggewend: Hulle het gesê: *"Narrative as research method is, therefore, less a matter of the*

application of a scholarly technique to understanding phenomena than it is a matter of 'entering into' the phenomena and partaking of them" (1991 :260). In die geval van pastorale berading beteken dit dat ek in hul "leefwêreld ingelaat" word. Hulle woorde en daede (soos hulle dit beskryf) gaan die bron van my inligting wees. Maykut en Morehouse (1994:167) verduidelik in 'n voetnota hul siening van kwalitatiewe navorsing as *"a research model that is primarily exploratory and descriptive, and for which people's words and actions are the main source of data"*. In terme van my beeld van 'n collage, voorsien ek om met die familie te werk in terme van gevallestudies, onderhoude, groepsessies, persoonlike ervarings en reflektering.

Volgens Denzin en Lincoln (1994:14,15) is kwalitatiewe navorsing eindeloos kreatief en vol interpretasie. Die navorser verlaat nie net die navorsingsterrein met hope inligting wat hy/sy nou gaan opskryf nie. Interpretasies word gekonstrueer. 'n Aanvanklike teks word daargestel vanuit die notas wat in die veld gemaak is, asook van dokumente wat versamel is. Hierdie aanvanklike teks word nou verwerk in 'n navorsingstekst wat bestaan uit notas en interpretasies van die aanvanklike teks. Vandaar word die finale verwerking gedoen. Die finale verwerking van die nagevorste data is, volgens Clandinin en Connelly (1991:275), deel van 'n oopmaak van moontlike interpretasies vir die deelnemers, of soos hulle dit stel, *"giving back a story"*.

Een van die hoof funksies van navorsing vanuit 'n narratiewe oogpunt, volgens Clandinin en Connelly (1991:275), is om by die deelnemers nadenke te stimuleer wat sal lei tot die herskryf van hul

stories ("re-storying"). Hierdie bydrae is geleë in die interaktiewe verhouding tussen deelnemer en navorser. Hierdie interaksie lei tot 'n gedeelde en gesamentlike vertel en oorvertel van die deelnemers (d.w.s. deelnemers en navorser) se stories. Sodoende word my interpretasie van die collage deur hierdie aanvanklike grondlae verbind met die verhale (latere lae verf) van die gesinne. My interpretasie bly egter verbind aan die collage wat ek poog om te skep.

Sal die toekomstige waarnemer van die collage steeds die oorspronklike rangskikking of stillewe kan herken? Al wou ek realisties werk, en nie abstrak nie, kan ek nooit in presiese weergawe skilder nie. Dit bly 'n interpretasie. Netso is dit vir my, vanuit my epistemologie, duidelik dat ek as navorser nie 'n objektiewe buitestaander kan wees in die insameling van die data nie. Boonop is die eindresultaat 'n interpretasie van dít wat waargeneem is. Daarom wil ek die deelnemende gesin vra om die verbatims van gesprekke, en indien moontlik ook die interpretasies daarvan, na te gaan en dit te "waarmerk". Soos reeds aangedui, gaan die gesin saam ko-konstrueer aan hierdie benadering tot 'n verhaal van hoop en innerlike heling. In die taal van die beeld rondom die collage, kan mens sê dat die gesin saam skilder aan die kunswerk. Dit is nie 'n een-persoon werk nie. Vervolgens gaan ek aandui watter prosedures ek beoog om te volg, asook hoe die gesin as getuies vir die navorsing sal deelneem.

2 NAVORSINGSPROSEDURE

Ek het 'n familie van drie lede – twee ouers met 'n sesjarige kleuter gewerf (die twee ouers is MIV/VIGS-geïnfekteer). Dele van die navorsing geskied in enkelpersoonverband, ander dele net in gesinsverband. Ek wil werklik die familie 'n eie, nuwe manier van gesinwees laat ko-konstrueer. Dit is vir my belangrik om getrou aan 'n narratiewe benadering te bly en nie bloot 'n verhaal van hoop en innerlike heling uit te werk, wat hier en daar 'n narratiewe benadering gebruik nie. Om dit te vermag, sou ek die familie se huidige kennis na vore moet bring en hulle suksesse ten opsigte van aanvaarding en hoop saamvoeg in 'n nuwe, positiewe narratief. Daarmee saam moet ek daarteen waak om enigsins as deskundige oor hul lewens op te tree. Dít sou die narratiewe van hul lewens benadeel. Die gedagte is sterk om die kennis en vaardighede waaroor hul reeds beskik, na vore te bring en saam te weef in gesinsverband, asook afsonderlik, in 'n nuwe dominante diskoers oor hul gesinwees wat vir hulle aanvaarbaar is.

In die gees van die narratiewe benadering, werk ek met mikrokaarte. Om met mikrokaarte te werk, beteken vir my dat ek wel 'n kaart sal hê waarvolgens ek werk, maar dat ek nie al die nuanses, rusplekke en besienswaardighede van die reis oor die landskap van gesinwees ken nie. Ek is nie die deskundige oor hul lewens nie. Hulle is. Ek beoog om hulle deskundige kennis oor hulself bloot te lê in in nuwe gesinsdiskoers. Die mikrokaarte wat ek na verwagting sal gebruik, bespreek ek in 'n latere afdeling. Die wyse waarop ek dit wil

vermag is deur vrae te vra. Met die vrae wil ek versigtig, saam met die gesin, hul konsep van gesinwees ondersoek.

Besa (1994:312) sê ten opsigte van terapie, dat narratiewe terapeute twee tipes relatiewe- invloedvrae vra: eerstens vrae oor die invloed wat die probleem of diskoerse op hul lewens het. Tweedens word vrae gevra oor watter invloed hul op die probleem of die diskoerse sou uitoefen? Aangesien hierdie pastorale berading is, verwag ek om meer besig te wees met vrae rondom samelewingsdiskoerse en ander kennis waaroor die familie beskik, wat hulle in die verlede as verrykend ervaar het.

Daarbenewens glo ek nie dat alle gesinne, wat moontlik in 'n soortgelyke situasie verkeer, dieselfde dinge as verrykend sal ervaar nie. Daarvoor leef elkeen te veel in 'n eie, ingekleurde draaiboek. My oogmerk met die vrae is om soveel as moontlik van die stemme in hul lewens (of draaiboeke) bloot te lê en te dekonstrueer. Die vrae sal tog ook evaluerend van aard moet wees. Juis hulle ervarings en gedagtes moet na vore kom. Vrae wat hier gevra kan word is byvoorbeeld: “Het julle enige skuldgevoelens?”; “Is julle kwaad vir mekaar?”; “Is jy kwaad vir jou Pa of vir jou Ma?”; “Is jy kwaad vir die Here?”; ens.

Saam kan hulle as deskundiges konstrueer aan nuwe kennis oor gesinwees. My idee is dat dit verryking sal bewerkstellig op 'n meer permanente wyse as wanneer ek op 'n modernistiese wyse 'n bepaalde siening van gesinwees aan hulle sou voorlê.

3 NAVORSINGSPROSES

Die familie is gevra om toestemming te verleen sodat die gespreksmateriaal in die navorsingsverslag/proefskrif gebruik kan word. Dit is vir my belangrik om vertroulikheid te handhaaf om hulle onthalwe, sodat hulle op geen stadium uitgelewer moet voel nie. Daarom gaan hulle gevra word om aan te dui watter skuilnaam hul sou verkies om te gebruik.

By die eerste groepsessie word die ko-konstruksie reeds sigbaar. Daar is gevra na die reëls wat die familie sou wou neerlê vir hul as familie. Hiermee wil ek my eie mag, as sogenaamde deskundige, dekonstrueer en hulle bemagtig. Dit wil ek verder voer deur vrae te vra oor evaluering, byvoorbeeld hoe ons gaan weet of aanvaarding/vergewing/hoop plaasgevind het? Of anders gestel: wat sal hulle as verrykend en hoopvol, veral vir die kleuter, beleef? Hoe het dit gebeur dat ons dit hieraan sou wou meet? Of aan die begin kan gevra word: As hulle familie presies sou voortgaan soos tans, hoe sal hulle oor twee jaar daar uitsien? Sou hulle wou bly soos hulle nou is of sou hulle wou verander? Hoe sal die verandering daar moet uitsien? Aan die einde sou die vraag gevra kon word of ons wel verander het en dít sal dan as maatstaf kan dien (indien ons 'n maatstaf wil hê) van of ons verryking ervaar het, al dan nie. Aan die einde van die navorsing sou die vraag weer gevra kon word, en die verskil sou op moontlike groei kon dui.

Daar sou ook gevra kon word na hulle huidige ervarings en pogings rondom aanvaarding en/of innerlike heling: wat het hulle in die verlede gedoen om krisisse in hulle gesinslewe te verwerk? Het hulle gevoel dit werk? Was die groei blywend of voel hulle dat hulle teruggesak het? Wat doen hulle tans om hulle familiekrisis te bowe te kom? Wat sou hulle graag wou doen om hulle familielewe te verryk? Wat verhinder hulle?

Dit sou kon dui op huidige kennis waaroor die familie beskik, wat benut kan word. Dit is belangrik om op hierdie punt daarop te let dat die vraag na die huidige kennis van die familie bepalend kan inwerk. Ek vermoed dat die kennis daar is, maar nog net nie op hierdie terrein van hulle lewens toegepas is nie.

4 'N NARRATIEF VAN ONTMOETINGS MET DIE GESIN

Van hieraf gee ek kortliks die verloop van die ontmoetings met die familie weer. Ek gee dit programmatig weer: omtrent net die raamwerk met die tipes vrae gevra, en net genoeg "vleis" om 'n oorsig te kan gee oor die gebeure. Sodoende voorkom ek oorvleueling, aangesien ek in hoofstuk ses die vernaamste narratiewe konsepte wat ek gebruik het, uitlig en toelig aan die hand van vinjette. Ek begin met enkele opmerkings oor die ontmoetings en die denke daaragter.

Die ontmoetings is versprei oor 'n tydperk van ongeveer drie maande. Daar is vooraf met elke lid van die familie afsonderlik

gesprek gevoer oor hulle verwagtings van die ontmoetings, en geleentheid is gegee vir die vra van vrae. Daarna is 'n Saterdag gebruik vir die eerste ontmoeting. Na hierdie ontmoeting het ek weer met elkeen van die familie afsonderlik vergader. Daarna is elke tweede Saterdag agtereenvolgens benut waar daar weer as 'n familie saam gekonstrueer is aan kennis wat hulle as verrykend beleef.

Die idee agter die besluit om 'n tydsverloop tussen die sessies te hê, is om aan die een kant te bepaal of daar 'n behoudende verandering in die familie se lewens plaasgevind het wat hulle as verrykend beleef. Aan die ander kant, het ek in gedagte gehou wat Trimmer (1994:64,134) gesê het rondom onthou, naamlik dat geen leerervaring waarde het, tensy daar nie herhaling plaasvind nie. Die herhaling sou geskied deur die deurgae van verbatims van die groeps gesprekke aan elke lid van die familie. Hulle moes dit deurlees en oordeel of dit na hulle mening 'n korrekte weergawe van die betrokke Saterdag se werksaamhede is. Ek het ook 'n brief aan elke lid van die familie gerig, met die doel om sekere sake weer uit te lig en dus weereens iets te herhaal wat deur die familie gekonstrueer is.

Voorts verduidelik ek die verloop van die verskillende ontmoetingsgeleenthede. Die verloop van die berading was as volg:

- vooraf gesprekke met elke lid van die familie;
- eerste Saterdag se groepsessies;
- briewe aan die familie, asook 'n besoek;

- sessies met die kleuter;
- die storie van Rooikappie en die wolf ('n verwerking van die storie met die kleuter);
- tweede Saterdag byeenkoms;
- briewe, asook die verbatims aan die familie;

5 RIGLYNE VIR DIE INTERAKSIE

Dit is nodig om riglyne vir interaksie met die MIV/VIGS-geaffekteerde familie neer te lê, om vrymoedig gesprek te kan voer oor hulle lewens. Enige vergadering het riglyne vir die ordelike verloop van die vergadering. Daarom was die skep van riglyne vir die familie se interaksie eerste aan die orde.

5.1 Riglyne vir die familie

Ek vra die familie om riglyne daar te stel vir ons gespreksbyeenkomste. Ek het hier vertroulikheid, eerlikheid en ander waardes en sake wat hulle as belangrik sou beskou in gedagte.

Met die nodige riglyne vir die familie in plek, is begin met die werk rondom gesinwees en verryking. Ek het begin deur te dekonstrueer aan die diskoerse, wat aan die werk is in hulle lewens. Dit het ek gedoen vanuit verskillende hoeke. Ek het die familie afsonderlik, en dan weer saam as familie laat werk. Die rede hiervoor was tweërlei.

Aan die een kant wou ek die familie afsonderlik laat werk, omrede hulle kla oor te min tyd saam. Aan die ander kant was die groepsessies belangrik, omdat my epistemologie verklaar dat mense kennis ko-konstrueer. Ek wou dit benut.

5.2 Dekonstruksie

Tydens die eerste Saterdag se ontmoeting het ek die meeste tyd bestee aan dekonstruksie. Ek wou dat elke lid van die familie 'n duidelike beeld het van waar hulle nou is, watter invloede op hulle inwerk en waar hulle kennis van MIV/VIGS vandaan kom. Hier noem ek slegs die verloop van die gebeure.

5.2.1 Dekonstruksie van hul huidige scenario (Gesinsaktiwiteit)

Ek het hulle gevra om die volgende vrae te bespreek en dan kortliks hulle mening as gesin neer te skryf: *“As julle familie presies sou bly voortdoen soos tans, hoe sal julle oor twee jaar daar uitsien?”*. (Byvoorbeeld, watter goeie dinge sou daar nog wees? Wat sou verlore gegaan het? Watter krapperighede sou dalk ontwikkel tot volskaalse probleme? Wat doen julle as gesin saam? Wat doen julle om julle gesin bymekaar te hou? Hoe gereeld doen julle dit?).

Veral met die oog op die kleuter, was ek aanvanklik onseker hoeveel van die besprekings hy sou verstaan. Daarom het ek van 'n aktiwiteit gebruik gemaak om sy stem te probeer uitbring. Ek het

gevra dat hy 'n prent moes teken van dinge wat hulle graag saamdoen as familie; dinge wat hy voel dit 'n goeie familie maak. 'n Tweede prent het gehandel oor dinge wat hy dink hulle familie 'n beter en lekkerder familie sal maak.

5.2.1.1 Hulle siening van hulself as familie (gesinsaktiwiteit)

Ek het groot velle papier en ou tydskrifte voorsien en gevra dat elkeen van die familie 'n collage skep met prentjies of sketse wat sê hoe hulle tans is. Ek wou die oefening aan die einde herhaal, en dan te kyk of die twee collages verskil. Elkeen moes ook verduidelik wie watter insette gelewer het. Laasgenoemde is om seker te maak dat die kleuter se stem wel hoorbaar word.

5.2.1.2 Dekonstruksie van kennis (groepsaktiwiteit)

Hiervoor het ek twee speletjies uitgedink. (Ek gee geensins voor dat die speletjies nuut en uniek is nie. In die geval van die eerste speletjie het ek die idee taamlik breedvoerig by die bordspel "Balderdash", uitgegee deur Arlenco Toys, geleen. Die tweede speletjie is van só aard dat ek moeilik erkenning sou kon gee aan enige bron van enige aard. "Uitgedink" wil bloot sê dat ek iewers dalk so iets gesien het, en vanuit die vergete kennis het 'n nuwe idee vir my voortgespruit.

Speletjie een: Ek gee 'n paar woorde aan die ouers en elkeen skryf op 'n papier sy definisie (of wat die woord beteken) neer. Na elke woord vergelyk ons die definisies. Elke regte "definisie" kry een punt. Die persoon wie die meeste regte definisies gegee het (meeste punte het), wen. Die woorde was byvoorbeeld: karmenaadjie, karet, iemand op sy karmenaadjie gee, en perk.

Hierna is bespreking gevoer aan die hand van die volgende vrae: "Wat leer ons uit hierdie speletjie? Sou dit 'n verskil maak het as ons in 'n ander tyd geleef het? Sou dit gehelp het as ons op 'n plaas grootgeword het? Met ander woorde watter invloed het tyd, plek en agtergrond (jou eie en ander) op hoe jy 'n woord gebruik of iets verstaan?"

Om die dekonstruksie te kon doen, wat ek met die speletjie beoog het, het ek die laaste woord op die blaaibord doodgetrek, twee ander woorde ("vergifnis" en "ouerskap") geskryf en toe gevra: "Wat sou gebeur as ons dít wat ons hier geleer het, toepas op ander kennisvelde? Sou dit help om te weet watter rol my grootword nou op my het?" (Let daarop dat die bespreking telkemale dieper gegaan het as net die vrae.)

Ek het tydens die bespreking die kleuter gevra om 'n prentjie van 'n boom te teken.

Die rede hiervoor was dat sy aandag afgedwaal het. Ook het ek sy ouers gevra om elkeen 'n prentjie van 'n boom te teken. Ek het al

die boomprentjies ingesamel en gevra: "Wie se boom is nie 'n boom nie? Lyk almal se bome eenders? Maar almal se bome is bome, is ek reg? As ons nou enige iets anders moet teken, beteken dit ons moet dit steeds presies dieselfde doen? So, ons mag anders dink en doen? As ek anders is, maak dit dan dat ek verkeerd is? Mag 'n maatjie dinge anders sien as ek?". Die volgende speletjie het die gedagte met die familie verder geneem.

Speletjie twee: Die familie is gevra om die volgende letters te neem en 'n nuwe woord te skep, wat nie bestaan nie en dus nog geen betekenis het nie: a, b, e, g, s, u, i, o, l, m, p. Ek het elkeen van die familie se woorde op 'n blaaibord geskryf en gesê: "Kom ons kies een wat ons dink die beste is. Kom ons maak nou 'n betekenis op vir hierdie woord. As ons almal verskillende betekenis het, hoe gaan ons uitkom by net een betekenis?" Dit het gelei tot 'n bespreking oor die gelykwaardigheid van alle kennis en dat sekere kennis onderdruk word deur kennis wat deur 'n groep saam gekonstrueer is. Die bespreking het ook uitgewys dat hulle beskik oor kennis met betrekking tot konflikhantering – iets wat aanvanklik aangedui is as 'n tema waarvoor hulle meer sou wou leer.

Tipiese vrae wat ek gevra het is: "Wat word nou van die ander betekenis? Beteken dit dat die betekenis wat die meerderheid voorstaan meer korrek is as die ander mense s'n? Hoekom nie? Sou dieselfde gedoen kan word in ons gesinslewe? Beteken dit dat daar meer as een manier kan wees waarop ons gesin kan wees? Soos? Moet ons net wees soos die meerderheid sê ons moet wees? Of soos ons ouers dit gedoen het? Sou ek dan, as ek wou, kon kies

om 'n ander manier van familiewees te ervaar, al stem dit nie ooreen met hoe die mense sê 'n familie moet wees nie?"

5.2.2 Dekonstruksie van sosiale diskoerse

Ek benader hierdie deel met groepsbesprekings en -oefeninge. My oogmerk is om die sosiale diskoerse wat op hulle inwerk, bloot te lê. Hier volg 'n kort oorsig.

Groepsbespreking. Ek lei die groepsbespreking deur vrae te vra soos die volgende: "Dit wat jy in jou lewe geleer het, waar het jy dit geleer? Kom ons hoor by Marius (die kleuter): Wat is lekker en wat nie? Wie besluit dit? Is dit belangrik dat alles altyd lekker moet wees? Watter rol het jou maatjies/kleuterskoolonderwysers/ouers hierin gespeel?" Vir Marius vra ek toe weer om die volgende vir my te teken: "Maak 'n prentjie wat sê wat pappas moet doen, wat mammas moet doen en wat kinders moet doen. Jy kan een of drie prentjies maak. Jy kan teken, of uitknip en plak."

Ek vra vir terugvoer in die groep. Die antwoorde lys ek op 'n blaaibord. Ek begin by die vrou: "Sê wat jy sien as mans se rol en pligte. Hoekom? Waar het ons dit geleer?" Die man moes op hierdie stadium net sit en luister. Later kry hulle kans om te reflekteer hierop. So ook Marius.

Ek herhaal die proses met die man wat hierdie keer aan die woord is en die vrou wat luister: "Sê wat jy sien as 'n vrou se rol en plig in

die familie en hoekom. Waar het ons dit geleer?" Ek vra aan albei ouers of daar 'n verskil is tussen hoe mans praat, dinge interpreteer en na dinge kyk en hoe vrouens dit doen? Ruim geleentheid vir bespreking volg hierop.

Nou kom Marius aan die beurt. Ek vra: "Sê wat is pappa en mamma se rol en pligte in 'n gesin. Wat verwag jy van hulle?"

Vandaar is die bespreking gestuur in die rigting van oplossings deur die volgende tipe vrae te vra: "Wie se verantwoordelikheid is dit om die etikette te verander/te verwyder? Wie moet die inisiatief neem? Hoe kan ons mekaar help hiermee? Hoe doen julle dit in julle familie?"

Die familie het geleentheid gekry om 'n bespreking te voer oor dít wat positief in hulle huidige manier van gesinwees is. Dit is belangrik dat die kleuter hier saampraat deur alles te noem wat vir hom lekker en goed aan sy familie is, asook wat volgens hom aan familiebande bou? Wat werk vir hulle?

Ek werk met die uitgangspunt dat mense kennis ko-konstrueer. Daarom vra ek dat die gesin met mekaar deel dít wat hulle in hulle familie bespreek.

Ter wille van herhaling, asook om te sien watter konstruksies elkeen gevorm het vanuit die ko-konstruksies wat plaasgevind het, vra ek:

"Wat is vandag hier gesê, wat belangrik sal wees om te onthou? Wat het julle gehoor wat sin maak vir julle, of wat julle dink julle graag sou wou probeer? Verder vra ek: wat was van waarde? Wat het julle geniet? Wat sou julle anders wou hê?"

Ek sluit die dag af met huiswerk. Die oogmerk is om die gesinne te laat praat oor wie hulle is en watter waardes hulle het. Ek gee twee stukke huiswerk:

Huiswerk 1: "Teken 'n stamboom van julle familie. Marius, jy word aangestel as speurder. Sê my net, wat doen speurders? Jy is 'n privaatspeurder. Jou opdrag is om ondersoek te doen na wie almal deel van julle familie is, wie hulle is, watter interessante stories oor hul vertel kan word. En ouers, julle moet nie inligting verswyg nie. Julle sal aangekla word van regsverdeling. Maak tyd om die speurder by te staan. Help hom met 'n stamboom waarvan hy kan werk."

Huiswerk 2: "Kies 'n liedjie wat iets sê van julle familie. Dit moet iets soos 'n volkslied wees, maar hierdie keer moet dit 'n gesinslied wees. Julle kan enige liedjie bring, of self een skryf en dan kom sing." Ek het met hierdie huiswerk 'n tweede doelwit, naamlik om 'n groepsidentiteit vir die familie te bou. Die opdrag sou gesprek voortbring oor wie hulle is, waarvoor hulle staan en hulle hopelik hefter saambind as 'n span of groep.

6 TUSSEN-IN GESPREKKE

Tussen die twee Saterdaggespreksgeleenthede het ek die familie besoek en met hulle gesprek gevoer. Die geleentheid is gebied om knelpunte (indien enige) te hanteer. Ek het ook met die familie begin gesels oor moontlike nuwe verhale vir hulle as familie.

Met die kleuter het ek 'n ekstra gesprek ingewerk. Die gesprek het gehandel oor sy kennis van 'n familie en die bydraes wat hy meen hy tot die familie kan maak. Sagte speelgoed is gebruik as hulpmiddel tot die gesprek. Die materiaal wat hieruit voortgekom het, is verwerk in 'n kinder storie (die verhaal van die drie klein beertjies). Die ouers is gevra om elkeen afsonderlik dele van die verhaal vir die kleuter voor te lees. Verdigting was die motief agter die storie.

7 SATERDAG, 3 AUGUSTUS 2002

Tydens hierdie byeenkoms word meer gekonsentreer op die daarstel van 'n nuwe diskoers vir die familie en die verdigting van die diskoerse en ko-konstruksies van die vorige byeenkoms. Ek skop af met laasgenoemde deur in die familie uit te vra oor die vorige sessie.

Gesamentlike groepsessie: "Julle het almal die verbatims van die vorige sessies ontvang. Is die inhoud korrek? Is daar dinge daarin wat julle opnuut tref of waaroor julle weer wil gesels?"

Ek volg die gesprek op met terugvoer uit hul lewens: "Wat het die laaste tyd in julle gesinslewe gebeur? Het iets verander? Was die verandering positief of negatief? Wil iemand van hierdie veranderings deel met die familie?"

Ek haal die huiswerk op. Ek wys hulle daarop dat die speurderoefening later die oggend gebruik sou word. Ek vra uit: "Was daar betekenis in die opstel van gesprekke oor die oefening? Wat was van waarde? Die temalied?" Ek vra die familie om hul temalied met my te deel, asook om te sê juis hoekom hulle hierdie lied gekies het.

7.1 Die ontwikkeling van nuwe diskoerse

Dit is een ding om te weet welke diskoerse in jou lewe aan die werk is. Dit is 'n ander ding om iets aan hierdie diskoerse te verander. Daarom werk ek van hieraf saam met die familie om nuwe diskoerse te ontwikkel, wat kan meewerk aan dit wat hulle as verrykend beleef. Ek laat die familie ko-konstrueer deur hulle geleefde kennis met mekaar te deel. Om die gesprek te vergemaklik, maak ek gebruik van 'n metafoer.

Die skaalmetafoor. Ek skets 'n skaal soos die wat op die embleme by regshoue te sien is. Die volgende opmerkings en vrae het voorgekom: "As die een kant van die skaal swaarder is as die ander kant, wat kan ek alles doen om dit om te swaai? Goed uitlaai aan die een kant, en goed oplaai aan die anderkant. Sorg dat ek meer aan die positiewe kant inlaai as die negatiewe kant. Probeer om niks negatiefs in te laai nie en net positief in te laai. Wat is die goed wat die skaal teen ons as gesin laat swaai? Met ander woorde, wat maak dat ons vir mekaar kwaad is? Wat breek verhoudings in ons gesin af? Is dit dan alles goed wat aan die kant van die skaal kom? Wat moet ek dié kant inlaai? Noem dinge wat gesinslewe aanhelp. Wat sou ons nog kan doen om die skaal te 'tip'? Watter dinge doen julle, wat julle voel help om julle as gesin naby aan mekaar te hou? Hoe word hierdie aktiwiteite beplan? Bly dit net by beplanning?"

Vanuit vorige gesprekke het ek gehoor dat die familie behoefte het aan saamdoenaktiwiteite. Ek het 'n bordspel vir hierdie doel benut. Die gesinspeletjie is 'n bordspel wat ek ontwerp het met die doel om verdigtings van vorige gesprekke te bewerk.

Nadat almal klaar gespeel het, verkry ek terugvoer oor die spel. Die volgende is voorbeelde van die tipe vrae wat ek gevra het: "Wat het die spel vir julle beteken? Wat aan die spel het die betekenis teweeg gebring? Wat het dit verhinder? Was die element van prôt sterk genoeg? Het die pretaspek gesinsgroei gestimuleer of teengewerk? Wat was die lekkerste aan die speletjie? Is dit 'n speletjie wat julle weer sou wou speel? Watter voorstelle sou julle wou maak rondom die speletjie?"

Ek benader verdigting nou vanuit 'n ander hoek. Ek poog om met pretelemente dit wat vir elke persoon in die gesin belangrik is, uit te lig en te verdig: "Ons skryf dinge neer oor ons gesin wat nou vir ons belangrik is; dinge wat ons geniet om te doen en waardes wat vir ons belangrik is. Eienskappe wat ons nou het wat vir ons positief is. Watter tipe aktiwiteite deel ons graag? Hoe wil ons graag met mekaar praat? Watter tipe atmosfeer wil ons graag by die huis hê? Baie belangrik: ons skep nie 'n liniaal waarmee ons onself gaan meet nie. Ons sit bloot wat nou vir ons belangrik is, op papier. Dit wil sê, dit wat ons nou op goeie dae geniet, daarvoor gaan ons nou dink, byvoorbeeld hoe die atmosfeer op 'n lekker dag by die huis is. Wat maak dit lekker? Skryf dit dan neer. Lig hierdie deel van jul gesinstorie uit. Hoekom is vakansies lekker? Wat doen ons wat ons as familie na aan mekaar laat voel? Analiseer dit en skryf dit neer.

Ek bou voort deur die gedagtes wat in die vorige oefening uitgekome het op 'n ander wyse vir die gesin vas te knoop. Ek vra dat hulle die volgende aktiwiteit moet uitvoer: "Ontwerp nou saam 'n familiewapen wat hierdie dinge uitbeeld. Julle kan prentjies gebruik, teken of bou of welke medium ookal gebruik."

My bedoeling is dat sonder herhaling al die werk aan 'n embleem nutteloos kan wees, net soos wat nuwejaarsvoornemens nie lank hou nie. Om hierdie gevaar pro-aktief teen te werk, kry ek die familie om saam te konstrueer aan oplossings.

Groepsaktiwiteit: "Hoe kan ons ons gesinswapen/embleem verder neem om te gebruik as kompas? Hoe kan ons as gesin mekaar help sodat hierdie embleem nie in 'n laai bly lê en verlore raak nie?"

Ter afsluiting by hierdie Saterdagssessie lei ek die familie in 'n bespreking rondom die volgende vrae en gedagtes: "In die begin het ons gevra, hoe sal ons weet of ons innerlike heling beleef het? Kom ons evalueer dit nou. Hoe sal ons dit doen? Wat aan die benadering was vir u positief? Wat het u as negatief beleef? Wat aan my aanbieding het dit vir u makliker gemaak en wat moeiliker? Wat kan ons doen om ander gesinne meer bewus te maak van die belangrikheid van innerlike heling?" (Gee geleentheid vir hulle idees).

In die volgende hoofstuk neem ek die vernaamste konsepte van narratiewe terapie en illustreer dit met voorbeelde uit die navorsing .

7 PASTORALE HANTERING EN TERAPEUTIESE VERWERKINGSPROSES: BESLUITNEMING, SINGEWING EN HOOP

1 INLEIDING

Ten einde struktuur aan die pastorale gesprek met die MIV/VIGS-geïnfekteerde ouers te gee, moet daar besluit word of Kübler-Ross (1969) se fasemodel net so op die verwerkingsproses van die vigs pasiënt toegepas kan word. Dit is vanselfsprekend dat die vigs pasiënt wat die virus as gevolg van 'n mediese ongeluk (besmette spuitnaald) of bloedoortapping opgedoen het, min of meer dieselfde reaksiepatroon as die kanker pasiënt en terminale pasiënt sal openbaar. Die fases van skok en ontkenning, woede, onderhandeling, depressie en aanvaarding kan dus in die algemeen voorkom. Hierdie gedagte word bevestig deur Wendler (1987:12v) in sy artikel oor die bediening aan die vigs pasiënt. Die aspek van veral woede teenoor God veronderstel 'n eerlike konfrontasie met jouself en die aspek van verantwoordelikheid. Dit veronderstel selfondersoek en 'n eerlike konfrontasie met die implikasies van 'n immorele lewenstyl. In die akute stadium van vigs vermy die pasiënt liever 'n derglike konfrontasie en "berus" by 'n soort skietstilstand tussen hom en God.

Hierdie gevolgtrekking van Wendler besit belangrike implikasies vir die pastorale bediening. As gevolg van hierdie vermydingsfaktor van verantwoordelikheid en skuldgevoelens, en die sogenaamde eties-neutrale reaksie, maak ons van 'n ander model as dié van Kübler-Ross gebruik. Dit is in elk geval baie belangrik dat enige pastorale model daarop ingestel moet wees om die vigs pasiënt te bring tot 'n meer aktiewe, konstruktiewe en verantwoordelike hantering van sy toestand. Die pasiënt moet gehelp word om self 'n aktiewe rol in sowel die mediese en psigososiale as pastorale terapie te speel (Price 1986:96-97).

1.1 Fases in die pastorale bediening

Daar kan van die volgende pastorale bedieningsmodelle gebruik gemaak word (Wendler 1987:8v):

1.1.1 Skokfase

Dit is die fase van emosionele ontwrigting. Die pasiënt is gekonfronteer met die dodelike implikasies en realiteit van vigs. Verwarring en skok kom algemeen voor by enige traumatiese ervaring wat skielik opduik. Die vigs pasiënt reageer dikwels met stomheid, angs en wanhoop. Die toekoms is vir hom onbekend, terwyl hy besef dat die siekte 'n sekere onafwendbaarheid besit met uiters destruktiewe implikasies. Wanhoop kom dikwels onmiddellik voor,

omdat die pasiënt bewus is van die feit dat daar tans geen geneesmiddel vir die siektetoestand bestaan nie.

Die pastorale strategie in hierdie stadium is dié van fisiese teenwoordigheid en liefdevolle ondersteuning. Woorde het in so 'n situasie selde 'n uitwerking. Omdat sekere fisiologiese behoeftes soos onder andere seksualiteit en veiligheidsbehoefte (die soeke na sekuriteit en geborgenheid) in hierdie stadium, terwyl die pasiënt nog nie in die akute fase verkeer nie, baie dominant is, is dit belangrik dat die terapeut 'n vertrouenshouding sal bou waarbinne die pasiënt in aanraking met sy eie behoeftes en gevoelens gebring word. Luister, empatie, nabyheid en onvoorwaardelike liefde is hiervoor deurslaggewend. Dit is ook belangrik dat die terapeut nie die onderwerp van die pasiënt se seksuele behoeftes en sy seksuele lewenspatroon sal vermy nie (Price 1986:99).

1.1.2 Regressiefase

Dit is die fase van emosionele oorlewing deur terug te val op gedragpatrone wat vorige, aangename assosiasies na vore roep en help om die uitwerking van die huidige krisis tydelik te oorbrug. Met behulp van die verdedigingsmeganisme van ontkenning, blyk dit asof die pasiënt apaties teenoor sy huidige toestand is. Hy weier selfs om oor sy siekte te praat. Onttrekking vanweë die isolasiekrisis en die intimiteitskrisis kom dikwels voor. Vanweë die stigma-dimensie en die ervaring dat die samelewing teen so 'n pasiënt diskrimineer, kan die pasiënt doelbewus probeer om mense te vermy. Die pasiënt bereik 'n soort neutrale toestand en alle aktiwiteite kom tot stilstand. Dit is selfs

moontlik dat die pasiënt op 'n lighartige wyse reageer en probeer om oor sy situasie grappies te maak ten einde die omstanders te skok of uit te daag. In die regressiefase is dit vir die pasiënt egter baie moeilik om tot konstruktiewe en doelgerigte gedrag oor te gaan.

In hierdie stadium is die pastorale dimensie van koinonia uiters belangrik. Die persoon moet die ervaring kry dat hy aan 'n groep behoort. Opname in groepsverband geskied nie op grond van 'n teenprestasie wat hy moet lewer nie, maar op grond van liefde en genade. 'n Groep van gelowiges kan hier 'n belangrike rol speel en deur middle van groepsterapie die pasiënt help om sy situasie te aanvaar. Dit is ook in hierdie stadium dat die terapeut die gesinsisteem moet beïnvloed ten einde 'n positiewe terapeutiese klimaat van liefde, aanvaarding en intimiteit te skep.

1.1.3 Internaliseringsfase

Dit is die fase van treur. Die pasiënt tree nou met sy eie ek in gesprek. Ego behoeftes is in hierdie stadium erg ontwrig sodat die selfbeeld intens negatief is. Bewus van die volle implikasie van die siektetoestand en die langtermyngevolge vir die persoon self, begin die persoon om homself met vigs te identifiseer. Die pasiënt betree die fase van afskeid. Rousmart konfronteer hom nie net met die kosbaarheid van sy sosiale verhoudinge nie, maar ook met die kwaliteit van sy lewe as individu. Vanweë die feit dat sy sogenaamde "reputasie" sy ego aantast, worstel die persoon in hierdie stadium met

minderwaardigheidsgevoelens. Depressie is ook 'n integrale deel van hierdie fase. Die persoon pas selfondersoek toe en begin nadink oor sy lewenstyl en seksuele oriëntasie. Dit is ook in hierdie stadium dat selfhaat, selfvernietiging en selfveragting na vore kom.

Gedurende die fase van internalisering is dit die taak van die terapeut om die pasiënt te help om die onderskeid te tref tussen skuld en skuldgevoelens. Die onderwerp van skuld moet nie vermy word nie. As gevolg van die feit dat die persoon besig is met selfkonfrontasie is dit onvermydelik dat in die geval van 'n ongelowige pasiënt ook konfrontasie met God sal plaasvind. Die treurproses kan ook 'n hartseer insluit as gevolg van 'n verlies aan die teenwoordigheid van God. Die pasiënt voel God se afwesigheid as oordeel en straf aan. Dit is daarom belangrik dat skuldpastoraat in hierdie stadium gekoppel sal wees aan die vergifnishulp (Clark 1986:46). Die ontdekking van God se medelye met die nood van die vigs pasiënt via die lyding van Christus kan die pasiënt onthef van selfvernietigende reaksiepatrone.

1.1.4 Rekonstruksiefase

Dit is die kreatiewe fase waarbinne die persoon verantwoordelikheid vir sy siektetoestand aanvaar en begin met die taak van sinontwerp en toekoms-oriëntasie. In die rekonstruktiewe fase gaan dit om die neem van konstruktiewe besluite oor die onmiddellike toekomsplanne, asook die formulering van korttermyn- en langtermyn doelwitte. Die oogmerk van die pastoraat is om die persoon te help om opnuut sy lewe te

herstruktureer, te kom tot nuwe sinontwerpe, die aanleer van doelgerigte gedrag ondanks die fisiese agteruitgangsproses en die integrasie van die gelowige se geloofsinhoude by sy siekte-situasie. Van deurslaggewende belang vir 'n pastorale strategie sal die faktor van singewing en hoopvolle perspektiefontwikkeling wees. Omdat die rekonstruksiefase te doen het met die terminale implikasie van vigs, is dit belangrik dat die Christelike hoop hierin 'n deurslaggewende rol sal speel. Die pasiënt moet gehelp word om nie vanuit sy vigstoestand sy emosionele gevoelens op God te projekteer nie, maar om al sy negatiewe gevoelens deur middle van klaagbede of deur die klaagpsalms voor God te verbaliseer (Brueggemann 1984:51-56).

Dit is juis die bedoeling van die klaagpsalms om gestalte te gee aan smart en die lydende persoon binne die vergadering van die Here en die konteks van die verbond te bring tot herstel en troos. Dit is juis die klag as protesvorm wat die bidder met God se patos in aanraking bring (Brueggemann 1984:66). Op geloofsvlak word hoop versterk wanneer die lydende persoon eerlik met God kan kommunikeer en bewus word van die simpatieke teenwoordigheid van God. Daarom verklaar Westermann dat "The Old Testament cannot pin God down to a single soteriology; it can only speak of God's saving acts within a whole series of events, and that necessarily involves some kind of verbal exchange between God and man. This latter includes both the cry of man in distress and the response of praise which the saved make to God" (Westermann 1974:24).

Die hele bedoeling van hooptherapie is om die pasiënt vastigheid en kontinuïteit te laat ontdek te midde van wanhoop, depressie en diskontinuïteit. Die inhoud van die hoop is daarom die vastigheid van God se trou aan sy verbondsbeloftes. Die perspektief wat die hoop ontsluit, is die werklikheid van die opstandingslewe. Christelike hoop is wesenlik opstandingshoop (Louw 1985:24). Die bedoeling van hoop in die pastoraat is om die vigs-pasiënt te help om vanuit die oorwinningsperspektief van die opstanding sy lewe in die hede op 'n sinvolle wyse te herkonstrueer. Die feit dat die gelowige in Christus die lewe het, stel homself daartoe in staat om sy lydingstoestand te gebruik om na ander mense in hul lyding uit te reik.

Dit gee aan die pasiënt daardie geborgenheid dat daar vir sy doodsangs in die hart van God plek is; vigs is nie noodwendig die opskorting van lewe nie, maar juis die weg waarlangs die lewe in die diepte van sy opstandingsdimensie, via geloof, ontsluit word. Die Christelike hoop ontsluit 'n positiewe, ontiese toestand: die verlore toestand van die nuwe mens in Christus (die nuwe mens as nuwe skepsel van God binne die realiteit van die opstandingslewe). Hierdie toestand in Christus wek nie net 'n positiewe denkpatroon en lewenstyl by die vigs-pasiënt nie, dit skep ook 'n positiewe lewensoriëntasie met 'n vorentoe- en toekomstmoment. Singewing as 'n soeke na die antwoord op die "Waartoe?"-vraag word op hierdie wyse deur hooptherapie gegenerereer (Louw 1985:26-28).

Die Christelike hoop skep midde in die vigs-pasiënt se wanhoop 'n nuwe houding en kwalitatiewe bestaanstoestand. Dit skep daardie ontiese

toestand van vertroue wat gebaseer is op God se troue liefde. Die hoop is nie net 'n beskrywing van (a) die *toestand* van die Christen as nuwe mens nie; dit is ook (b) 'n aanduiding van die kwaliteit van 'n *verhouding* wat geborgenheid bied en toekomsmoontlikhede oopmaak. Die Christelike hoop is voorts (c) 'n *perspektief* op God se moontlikhede vir lewe. Hierdie hoop word gegenerer in 'n geloofsverhouding met God en dring die bestaan binne as 'n gawe van die Heilige Gees.

Die Christelike hoop is nie soseer gerig op dit wat ons wil hê (wens) nie, maar 'n kwaliteit van bestaan wat sinvol gerig bly op God se vervulde beloftes (Clinebell 1987: 76-80). Gewoonlik dink ons aan hoop meer in futuriese en liniêre terme en minder in eskatologiese en onties-relasionele terme. Laasgenoemde is egter die unieke kwaliteit van die Christelike hoop (Carrigan 1976:45). Hoop besit, naas sy ontiese en relasionele dimensies, ook 'n fisiologiese aspek. Navorsing op die brein het aan die lig gebring dat die linkerkant van die brein die meer logiese informasieprosesse van die bestaan beheer, terwyl die regterkant van die brein die menslike oriëntasie in ruimte beheer (Stone 1983:296).

Gewoonlik konsentreer die teologie en die pastorale bediening baie op die linkerkant van die breinfunksies, naamlik die meer analitiese denkprosesse, en minder op die regterkantfunksies, naamlik die meer intuïtiewe funksies en fantasering. Die pastorale bediening konsentreer dikwels op die meer kognitiewe dimensie en die aspek van doelbewuste kontrole, en minder op die affektiewe dimensie en die

aspek van mistieke in antisipatie. Dit blyk ook dat wanneer ons na die verband tussen hoop en vertrouwe in die Psalms kyk, die Bybelse wêreldbeeld meer georiënteer is. Dit is dan ander andere die funksie van die Christelike hoop dat dit op psigofisiese vlak die regterkant van die brein stimuleer, en aanleiding gee tot positiewe gemoedstoestand en aangename emosies wat help om meer integraal en doelgerig te leef. Dit is juis hierdie ontdekking van 'n positiewe lewenskwaliteit en 'n integrasiefaktor te midde van die disintegrasieproses van vigs, wat die pasiënt daartoe in staat stel om vanuit die positiewe bestaansperspektief op lewe, hoopvol vorentoe te lewe en nuwe sinvelde op 'n kreatiewe wyse te antisipeer. Die antisipasiegebeure van die Christelike hoop stel die pasiënt in staat om sy bestaan te transendeer in die rigting van God se beloftes vir 'n opstandings- en ewige lewe (Carrigan 1976:47).

In die volgende afdeling wil ek gebruik maak van narratiewe konsepte in die pastorale hantering van die MIV/VIGS-geaffekteerde familie.

2 DIE GEBRUIK VAN NARRATIEWE KONSEPTE

In hierdie afdeling bespreek ek die vernaamste narratiewe konsepte en idees wat ek gebruik het in die terapeutiese verwerkingsproses. My uitgangspunt is dat narratiewe denke in die praktiese teologie gegrond is op die geloof dat die Bybel die verhaal van God is wat met die mens se verhaal verband hou. Aandag word gegee aan die mens se verhaal

in die lig van die Woord van God en hoe dit van belang is vir die narratiewe pastorale berading.

Alle terreine van die mens se lewe moet dus in die lig van God se Woord gesien en verstaan word. Wanneer daar dus in hierdie studie oor die verhale van mense wat MIV/VIGS-geïnfekteer, en daardeur geïnfekteer, is gepraat word, moet dit in hierdie lig gesien word. In die bediening van die pastoraat aan hierdie familie, sal beginsels van 'n narratiewe benadering van toepassing wees. Louw (1993:83) meen dat die praktiese teologie in sy geheel betrokke is by die verstaanproses van die ontmoeting tussen God en mens. Hy plaas egter die pastoraat volgens my in die hart van die hermeneutiese benadering as hy sê dat die pastorale hermeneutiek die ontmoetingsgestalte van heil vanuit die paraklese metafoer verstaan en vertolk. De Jongh van Arkel (1988:10) beklemtoon ook die paraklese metafoer in sy stelling dat dit in die pastoraat nie in die eerste plek om die sorgende handeling van mense gaan nie, maar om die paraklese van God, wat deur bemiddeling van mense plaasvind.

Om iets van die interaksie van die ontmoetings beter te verstaan, gee ek ook van die dialoog verbatim, in die vorm van vinjette, deur.

Ek het begin deur te dekonstrueer aan die diskoerse wat aan die werk is in hulle lewens. Dit het ek gedoen vanuit verskillende hoeke. Ek het die gesin afsonderlik laat werk en dan weer saam as groep. Ek het

ook gemeen dat afwisseling sal verhoed dat veral die kleuter verveeld raak.

My uitgangspunt is dat MIV/VIGS-verwante kennis, wat gekonstrueer is deur mense, diskoerse word wat mag verkry oor mense. Mense leef dan binne hierdie diskoerse omdat "dit is soos dit hoort". Om hierdie diskoerse enigsins te kan hanteer, moet hulle blootgelê en ontmasker word. In 'n narratiewe benadering word dit gedoen deur te dekonstrueer.

2.1 Dekonstruksie

In die deel wat nou volg bespreek ek dan dekonstruksie soos ek dit toegepas het. Ek het ook dekonstruksie benut as gereedskap om die deur vir alternatiewe diskoerse oop te maak. Dit het ek gedoen deur 'n spel te skep wat vra na die oorsprong van kennis aangaande MIV/VIGS. Ek breek die bespreking oor dekonstruksie op in kleiner dele. Dit gee, myns insiens, 'n beter blik op die verskeidenheid van diskoerse en aspekte van diskoerse wat ter sprake gekom het.

2.1.1 Dekonstruksie en epistemologie

Die eerste Saterdag se gesprekke is veral bestee rondom sosiale diskoerse en die invloed wat hierdie diskoerse op die gesin het. In my

epistemologie het ek reeds aangedui dat ek myself binne die prakties-teologiese paradigma plaas. Ek is van mening dat die familie begin verstaan dat straf van God en die noodlot nie onweerlegbare diskoerse is nie en dat dit nadelig inwerk op hulle godsdienst- en lewensbeskouing. Hierdie insig laat vir hulle 'n wêreld oopgaan waar die paraklese van God ervaar kan word.

Op hierdie punt beleef ek 'n ongemak met die sosiale konstruksiediskoers. Ek betwyfel dit of daar innerlike heling kan kom as bespreking méér belangrik as antwoorde word. Die soeke na Skrifantwoorde word irrelevant. Omdat daar nie antwoorde is, óf gesoek word nie, word mense gelaat met hulle eie verstaan van iets soos sondebegrip of straf van God. Dit skep nog meer verwarring en vervreemding van God! Hulle moet dan meer bereid wees om nuwe konstruksies daar te stel wat vir hulle werk, gebore uit 'n wetenskaplik-verantwoorde verstaan van die teks.

Daarmee saam was dit vir my belangrik om hulle op hul gemak te hou en te laat besef dat hulle in beheer is en dat hulle opinies en kennis waardevol is. My motivering hiervoor lê daarin dat ek my eie mag wou dekonstrueer en dat ek hulle stemme hoorbaar wou maak. Ek het van meet af gepoog om hulle stemme hoorbaar te maak en hulle te laat saam konstrueer. Daarom het ek begin deur hulle te vra watter riglyne hulle vir ons groepinteraksies daar sou wou stel.

2.1.2 Dekonstruksie van mag

Wanneer mens met groepe werk, word dit aanvaar dat jy bepaalde vaardighede rakende groepwerk het. Volgens Silvester (1996:234) word dit sondermeer aanvaar dat die groepleier oor goeie fasiliterings- en onderrigvaardighede beskik. Dit plaas oombliklik die groepleier in 'n posisie van mag. Hy/sy is die deskundige wat met hierdie deskundige kennis, vaardighede en middele gesprek gaan voer met die hoorders wat "minder kundig" is. As kennis dan mag is, is die groep (hoorders) by implikasie, (gemeet aan sogenaamde deskundigheid), met minder mag as die groepleier gelaat. Dit is ook waarskynlik dat die groepleier ondersteuning sal bied aan die kultureel-dominante diskoerse. Dit sou kon meebring dat die groep se eie diskoerse onderdruk word (Silvester 1996:234). Ek het deurentyd probeer om my mag te dekonstrueer deur die spreekwoordelike bal terug in hulle hande te plaas.

'n Ander manier wat ek gebruik het om hierdie sogenaamde mag van my te dekonstrueer, was om te aanvaar dat die groep oor baie kennis, op vele terreine verwerf, beskik en dat hulle dit hier sou kon aanwend. In plaas daarvan om voorskriftelik te wees en riglyne vir die groep neer te lê, het ek om bogenoemde redes besluit om af te skop met die volgende vraag aan die groep: "Watter riglyne wil u as familie neerlê

vir die werksessies?" Op die volgende riglyne is ooreengekom (ek het elke riglyn op die blaaibord geskryf en dikwels gevra na die verstaan en betekenis wat die woord vir die groep dra):

Gerda: *"Ek dink juis vertroulikheid. Dit gee jou die vrymoedigheid om te praat."*

Pieter: *"Vertroulikheid. Dat ons kan praat. Wat bedoel ons met vertroulikheid?"*

Gerda: *"Dat dit wat jy sê, hier bly. Eerlikheid."*

Pieter: *"Eerlikheid. Wat bedoel jy daarmee?"*

Gerda: *"Dat 'n mens nie iets sal sê om te dink hoe die ander daarvoor voel nie, maar jou ware gevoelens weergee. Ek weet nie hoe om dit te stel nie."*

Pieter: *"Nie te sê wat jy dink ander wil hoor nie."*

Gerda: *"Ja."*

Pieter: *"'n Mens kan byvoeg deur te sê dat ons nie sal probeer om 'n beter beeld van die gesin voor te hou as wat ons regtig is nie. Sal dit vir u werk? Dat ons nie sal maak asof ons beter is as wat ons is nie. Wat sou nog belangrik wees?"*

Gerda: *"Ek dink dat Marius - 'n mens sê altyd dat kinders gesien word, maar nie gehoor word nie, maar die teenoorgestelde: dat ons juis Marius sal hoor. In my dae word jy groot dat kinders gesien maar glad nie gehoor word nie. Dat ons dit so geborge vir hom sal maak, dat hy juis aangespoor sal word om te praat."*

Die volledige konstruksie waarvolgens ons die berading sou laat verloop was as volg: Ons sal "vertroulikheid handhaaf"; "nie uitpraat

nie"; "ons sal eerlik wees"; "opreg in dit wat ons sal sê"; "nie sal sê wat ons dink die ander wil hoor nie"; "dat ons nie sal maak of ons beter is as wat ons is nie"; "dat ons Marius sal hoor"; "dat ons hom sal aanmoedig om te praat en dat hy wel sal praat".

Met die "platform" geskep vir openhartige gesprek kan daar met dekonstruksie rondom hulle gesinwees begin word.

2.1.3 Dekonstruksie van diskoerse rondom hulle gesinwees

Ek het in die vooraf gesprekke vir die familie gesê dat ek hulle wil help om 'n nuwe draaiboek vir hulle familie te skryf. Om dit te vermag moes ek gesprek tussen die onderlinge gesinslede stimuleer. Ek wou sodoende begin dekonstrueer aan hulle huidige gesinsopset. Gevolglik het ek die volgende tipe vrae gevra: "Wat doen julle as familie saam? Wat doen julle om julle familie bymekaar te hou? Hoe gereeld doen julle dit? As julle familie presies sou bly voortdoen soos tans, hoe sal julle oor twee jaar daar uitsien? Watter goeie dinge sou daar nog wees? Wat sou verlore gegaan het? Watter krapperighede sou dalk ontwikkel in volskaalse probleme?"

'n Ander voorbeeld van dekonstruksie van diskoerse rondom gesinwees kom uit 'n gesprek met Gerda na aanleiding van 'n terapeutiese brief aan hulle. Die effek wat 'n diskoers op 'n persoon kan hê, word duidelik uit die woorde van Gerda, wat moes ontdek dat daar nie iets soos 'n perfekte huwelik is, soos sy nog altyd geglo het nie. Die persone van wie se huwelik sy dit geglo het, is geskei. In hierdie

gesprek dekonstrueer ek aan diskoerse rondom gelukkig en normaal. Ek gebruik die kaart van eksternalisering deur van "normaal" te praat asof dit 'n persoon buite die familie is (ek plaas die deel in vetgedrukte letters). Die gesprek verloop as volg:

Jan: *"Julle het as opskrif, nie opskrif nie, maar woorde gekies soos, "uniek wees", "uitkoms".*

Gerda: *"Wat ek netnou wou sê van uniek wees. Ek dink, as ek na Pieter se persoonlikheid kyk, dan is dit uiteenlopend. Ons persoonlikhede is nie halfpad dieselfde nie. En dit maak vir my uniek. Mens het altyd die idee as mense dieselfde voel oor goed en dieselfde dink oor goed, dan kom hulle goed oor die weg. Maar ek dink juis in ons gesin het elke ou sy eie manier van dink en sy eie manier van doen ".*

Jan: *"Is dit vir jou positief of negatief?"*

Gerda: *"Ja! Ja. Ek dink mens druk dan nie jou mense in 'n blik nie."*

Jan: *"Marius, is jy dieselfde as Mamma of Pappa?"*

Marius: *"Nee, hulle is al groot"*

Jan: *"Hoekom is grootmense anders as kinders? Is dit vir jou lekker? "*

Marius: *"Grootmense maak my hartseer, want hulle baklei baie".*

Pieter: *"Ek dink ek is op 'n punt, al erken ek dit nie maklik nie, maar dat ek dink dat mens, ek dink veral in 'n huwelik, dat mens nie gelukkig kan wees nie. Ek dink ek het dit baie gesien. Al die mense wat ek gedink het het 'n huwelik wat so standvastig is en toe op die ou einde, het hulle nie goeie huwelike gehad nie."*

Jan: *"Al die mense?"*

Gerda: *"Ek dink byvoorbeeld aan oom Hansie en tannie Alta. Ek en Trieksie het so saam grootgeword en ek het gedink daar kan nie 'n beter verhouding wees as daardie twee mense s'n nie. Ek het gedink dis hoe dit moet wees.*

Jan: *"Maar hoe lyk daardie 'dis-hoe-dit-moet-wees'?"*

Gerda: *"Hulle is gelukkig. Hulle het goed saam met hulle kinders gedoen. Grappies gemaak . So 'n ontspanne atmosfeer as jy daar kom. Dit was al die tyd...."*

Jan: *"Dit was jou normaal?"*

Gerda: *"Dit was my normaal. Ja."*

Jan: *"En toe Normaal nie die engeltjie is wat dit lyk nie, wat doen dit toe aan jou?"*

Gerda: *"Ek dink dit het my negatief gemaak. Ek dink ek het skrikkerig geraak."*

Jan: *"Ken jy mense wat gelukkig getroud is? Werklik gelukkig getroud is?"*

Gerda: *"Nee, ek het toe op 'n stadium in my lewe gekom wat ek amper daaraan getwyfel het."*

Jan: *"Is dit Gerda wat dit sê, of is dit Normaal wat dit sê?"*

Gerda: *"Seker maar 'n persepsie van Gerda of albei..."*
(onduidelik).

Jan: *"Is dit hoe Normaal wil hê jy die lewe moet sien?"*

Gerda: *"Ja en ek weet ek moet seker besef dat 'n huwelik en gesinslewe nie perfek kan wees nie. Gaan sy 'ups and downs' hê. Dink ek het dit van ons uiterste na 'n ander uiterste toe gevat".*

Pieter: *"Ek is huiwerig om dit te sê, maar ek het die gevoel gekry dit is normaal om 'n buite-egtelike verhouding te hê....."*
(stilte)

- Jan: *“Is dit hoe Normaal wil hê jy die lewe moet sien?”*
- Pieter: *“Ja, maar Normaal het my gedrop toe dit by die siekte kom! Dit is nie Normaal dat my hele gesin nou daaronder moet ly nie!”*
- Jan: *“Is daar ’n ander moontlikheid wat julle wil voorstel wat nie só Normaal is nie?”*
- Gerda: *“Ons lewe is in ’n doodloopstraat....dit is Normaal....seker maar jou lewe neemdit is seker ook Normaal. Wat is nie ‘so Normaal’ nie?”*
- Pieter: *“Sal God ons vergewe? Sal Hy hierdie Normale skuldgevoelens en twyfel van my wegneem? Ek en Gerda sal seker nooit weer gesond word nie, dit is Normaal. Maar God is mos nie Normaal nie!”*

Eksternalisering help Gerda en Pieter om afstand te kry tussen hulle en hulle ou diskoerse. Dit open die deur vir verdere dekonstruksie wat hulle kan help om ander moontlikhede te kan oorweeg. Vir geestelike vernuwing is dit belangrik, aangesien dit die deur oopmaak vir moontlikhede wat hulle as meer verrykend sal beleef. Wanneer dit gebeur, moet die gesin gehelp word om dit te hanteer.

2.1.3.1 Grondlaag van die Collage

Nou begin ek die grondlaagverf op my collage aanbring. 'n Grondlaag is die "basiskleur" wat al die los dele gaan bind. Ek is van mening dat die diskoerse, op grond van die sterk invloed wat dit op alle terreine op

ons uitoefen, hierdie funksie van grondlaag sal vervul. McKenzie en Monk (1996:105) het gewys op die belangrikheid daarvan dat die terapeut moet kontroleer of die uitkoms waarnatoe gewerk word, wel die uitkoms is wat die kliënt begeer. Daarom het ek die gesin uitgevra oor hulle konstruksies rondom die woord "vergewing". Met ander woorde, ek het begin om die konsep "vergewing" te dekonstrueer saam met die gesin. Die deelname van die kleuter aan hierdie rondte gesprekke, waar hy laat blyk het dat die konflik tussen sy ouers hom ontstel, was vir my voldoende. Ek wil dit integreer met die uitkoms vir die familie wat sy ouers daargestel het.

2.1.3.2 Dekonstruksie van diskoerse rondom konflikhantering

Ek het die gevoel gekry die familie dink dat daar 'n regte manier is om konflik te hanteer en hulle moes dit nou leer. Anders gestel: ons meet ons teen die konsep van konflikhantering en nou voel dit vir ons dat ons tekort skiet. Die enigste manier om vas te stel of ek die situasie reg lees, was vir my om navraag te doen. Die antwoorde wat ek terug ontvang het, noop my om 'n aanname te maak, naamlik dat daar 'n diskoers bestaan rondom vergewing en vernuwing wat sê: "Jy moet die ideale manier van konflikhantering aanleer en bemeester." Ek meen dat die volgende vinjette dit raak illustreer dat die gesin wel oor kennis beskik rakende konflikhantering, maar dat hulle as gevolg van die diskoers (hierbo gemeld) dit nie besef nie:

- Jan: *"As jy sê konflik op 'n gesonde manier oplos, sou jy sê daar is 'n "regte" manier?"*
- Pieter: *"Ja, ek dink daar's verskeie regte maniere. Ek dink dit hang baie af van persoon tot persoon. As daar 'n konfliksituasie kom, en daar sal wees, **en jy wil die persoon aanval, is dit totaal verkeerd.** As jy liever die persoon eenkant kry en sê; kyk, hierdie konfliksituasie, kom ons kyk hoe ons dit kan oplos. ..maar dis maklik gesê."*
- Gerda: *"Meeste konflik kom meestal nie oor **wát gesê word nie, maar oor hóe dit gesê word.**"*
- Pieter: *"Of oor hoe dit opgeneem word."*
- Jan: *"Hierdie regte manier of paar maniere van oplos; hoe laat dit u voel? Oor hiérdie manier van oplos?"*
- Pieter: *"Dis moeilik, want elkeen dink sy manier van konflikhantering is die regte manier ...hier om idees te kry. Ek dink my manier van konflikhantering is wonderlik, terwyl Gerda nie met my daaroor saam stem nie."*

Ek sou op hierdie punt vir hulle inligting kon deurgegee het rondom konflikhantering soos wat L'Abate en Weinstein (1987:8) byvoorbeeld doen in hulle programme. Ek het gekies om dit nie te doen nie, aangesien die vinjette hierbo illustreer dat gesinne wel kennis het oor kommunikasie en konflikhantering.

Die vetgedrukte dele hierbo kon net sowel aanhalings gewees het uit byvoorbeeld die werk van Daniël Louw (1985:174,175), of Nicky Alpaslan (1994:262). Beide wys daarop dat in konflikhantering jy nie

die persoon moet aanval nie, maar die probleem moet pak. Ook dat stemtoon belangrik is: " *...dis nie net wat ek sê nie, maar hoe ek dit sê*"

McKenzie en Monk (1996:107) skryf dat mense aangenaam verras is wanneer hulle ontdek dat hulle oor bevoegdhede beskik wat voorheen onder probleme verberg is. Die vinjette hierbo onderstreep dat die gesin wel oor die nodige kennis beskik.

2.1.4 Speel-speel dekonstrueer

Ek het verder gedekonstrueer aan hulle huidige manier van gesinwees. Alvorens hulle werklik nuut kon begin dink oor gesinwees, moes hulle tog immers 'n raakbeeld van hulle eie gesinslewe hê. McKenzie en Monk (1996:117) het gesê dat 'n mens slegs nuwe inligting kan absorbeer as hy/sy dit kan vergelyk met 'n vorige stel inligting. Waarteen sou hulle hul gesinwees kon meet? Teen die een of ander ideale beeld van 'n gesin? Sou dit nie 'n dominante diskoers wees wat nog meer mag oor hulle verkry deur hulle te laat voel ons skiet nog tekort nie? Sou dit nie veel eerder deel kon uitmaak van verdigting as hulle kon sien ons het 'n skuif gemaak van byvoorbeeld A na B nie. Gevolglik het ek gekies om hulle hulself te laat meet teen hulself. Hiermee bedoel ek: kry 'n duidelike beeld van waar jy nou is en as jy vorentoe terugkyk, en 'n verskil sien tussen dan en nou, dan weet jy daar was groei, hetsy negatief of positief. Uit jou vergelyking kan jy dan besluit of dit positief vir jou as individu was, of negatief.

2.1.4.1 'n Collage

Ek het aan elkeen van die gesin 'n vel karton en 'n klompie tydskrifte gegee. Hulle is vooraf gevra om 'n skêr, pen, kleurkryt en gom saam te bring. Nou het ek hulle versoek om 'n collage van hul gesin daar te stel wat hulle uitbeeld soos hulle tans is. Die Wilsons (1976:42), van wie ek die idee ontleen het, laat elkeen in die gesin 'n mini-collage skep wat iets vertel omtrent hulle gesin. Die gesin moes saam die collage doen en die ouers moes vra hoekom elkeen 'n sekere ding/prent wou inbring. Dit het tot gevolg gehad dat dit gesprek gestimuleer het en Marius se stem was meer hoorbaar vir sy ouers. Die volgende opmerkings van Pieter en Gerda wys daarop dat die collage wel daarin geslaag het om die gesinslede met mekaar te laat praat en sodoende Marius se stem meer hoorbaar te maak.

Pieter: *"Definitief. Ek dink dit sou 'n baie goeie tradisie kon raak en dan sou mens kon terugkyk ook oor Marius se persepsie, van kleuter tot tiener."*

Gerda: *"Ek dink dis ook 'n maklike manier om jou kleuter te laat kommunikeer. Jy kan dan vir hom vra hoekom hy juis hierdie spesifieke prentjie in wil hê, en dan kan hy*

verduidelik waarom hy dit daar wil hê. So kan jy dalk iets optel wat jy nooit eers van geweet het nie."

Pieter: *"Wat my ook nogal opgeval het, is dat ek die hele tyd 'n man of 'n leë stoel ook in die prentjie wou inbring, omdat ek gevoel het ek het my kind iets ontnem, maar die hele tyd het hy dit weer uitgehaal. Waar ek gedink het dis 'n behoefte by hom, het dit vir my gewys dat dit juis nie 'n "issue" vir hom is nie."*

Die collage moes die funksie van 'n metafoor vervul. Pearce (1996:xiii) omskryf 'n metafoor, op sy eenvoudigste, as 'n manier om te beweeg van die bekende na die onbekende. Metafore en narratiewe verskaf 'n buffer teen spanning wat ontstaan as gevolg van ervarings, persoonlike vrese, probleme en lewenstorme. Metafore gee, volgens Pearce (1996:xiii), vir mense die geleentheid om, soos hy dit stel, *"... to distance themselves from events in their own experiences and become the protagonist in their own lives' narratives. Metaphor and narrative enable them to rehearse potential solutions until they achieve insight and new direction (1996:xiii)."*

'n Metafoor is 'n storie wat mense help om die gaping tussen wat is en wat kan wees, te oorbrug (1996:xiii). Die collage was dan die metafoor van hul gesinslewe wat die hier en nou verwoord, met die oog op dit wat moontlik kan wees. Op hierdie stadium het die gesin met die saamstel van die collage waarskynlik nie die "wat-kan-wees" in sig gehad nie. Tog het dit vele verrassings meegebring. Ek gee enkele kommentaar deur:

Pieter: *"Ek dink om te sien dat dit wat vir jou nou belangrik is, dalk oor 'n jaar glad nie meer so belangrik is nie. Ons kyk nou verwyte en onsekerhede vas, maar oor 'n jaar is dit nie meer van belang nie. Dinge kan vinnig verander en dan sal ons iets anders in die middel sit. Die lewe gaan aan, jy voel jy's nou in 'n put en gaan nooit weer daar uitkom nie, maar tog as jy later terugkyk, het jy dit oorwin en bo jou probleme uitgestyg."*

Ek is van mening dat die narratiewe benadering 'n benadering vir gesinsvernuwing/heling kan ontwikkel wat realiteite of verskillende werklikhede met mekaar kan versoen. In hierdie sessie het ek die familie begin bewus maak dat daar alternatiewe maniere van gesinwees bestaan, veral binne hulle unieke konteks.

8 NUWE DISKOERS VIR DIE MIV/VIGS-GEAFFEKTEERDE FAMILIE

1 INLEIDING

Tot hiertoe is moeite gedoen om deur middel van dekonstruksie en speletjies die huidige dominante diskoers rondom hulle gesinwees bloot te lê. Hiermee moet egter nie volstaan word nie. Hudson (1999:75) wys in 'n omskrywing van narratiewe terapie daarop dat persoonlike probleme gegenerer word deur sosiale, kulturele en politieke kontekste. Elke persoon interpreteer sy lewe vanuit die stories wat beskikbaar is in hierdie kontekste. Om verandering mee te bring moet die gesin gehelp word om te ". ..'re-describe' themselves, through their own stories, to take responsibility for their own scripts (1999:75)." Die terapie beweeg, volgens hom, vanaf die gegewe verhale na alternatiewe verhale. In my benadering tot berading beweeg ek dan nou vanaf die diskoerse wat tot hiertoe blootgelê is, na die skryf van 'n alternatiewe diskoers vir die gesin. Dit is gedoen deur verder te dekonstrueer aan hulle huidige vorme van gesinwees.

Aan die familie is gevra om die volgende te bespreek: "Wat in hulle huidige manier van gesinwees is vir hul positief?" Ek het weereens gewys op die belangrikheid dat hulle kind moet saampraat: laat hy

alles noem wat vir hom lekker en goed is aan sy huisgesin. Wat voel hy bou aan gesinsverbande? Wat werk vir hom?

Ek het gevra vir terugvoer in die groepsverband. Met die terugvoer in die groep was die idee dat daar saam gekonstrueer word aan alternatiewe moontlikhede en dat hulle as gesin hierdie konstruksies sou inbou in hul eie gesinsdiskoerse.

Tussen die twee Saterdagssessies het ek 'n paar opdragte vir hulle gegee. Ter wille van Marius het ek dit "huiswerk" ('n skoolterm waarmee hy bekend was) genoem. Die huiswerk is gekies om ten eerste die gesprek tussen hom en sy ouers verder te stimuleer, en tweedens om met behulp van 'n metafoor die familie te begelei in die skryf van 'n eie diskoers.

Die metafoor wat ek hier gebruik, is 'n gesinslied. Anders gestel, elke land het 'n volkslied wat iets verwoord van die land se mense en aspirasies. Die gesinslied moes iets van elke gesin se aspirasies en drome verwoord. Die huiswerk was as volg:

Huiswerk 1: "Teken 'n stamboom van julle gesin. Marius, jy word aangestel as speurder. Jy is 'n privaatspeurder. Jou opdrag is om ondersoek te doen na wie almal deel van jou familie is, wie hulle is, watter interessante stories oor hul vertel kan word. En ouers, julle moet nie inligting verswyg nie. Julle sal aangekla word van

regsverdeling. Maak tyd om die speurder by te staan. Help hom met 'n stamboom om vanaf te werk." Hierdie idee is ontleen uit die werk van Russell en June Wilson (1976:38,42).

Huiswerk 2: "Kies 'n liedjie wat iets sê van julle familie. Dit moet iets soos 'n volkslied wees, net hierdie keer 'n gesinslied. Julle kan enige liedjie bring of self een skryf en dan kom sing."

2 LANDSKAPSKILDERTJIES

Ek het die gesinsliedmetafoor gekies om die geleentheid te bied om landskap-van-aksie- en landskap-van-identiteit-vrae te vra, sonder om iemand ongemaklik te laat voel. Die volgende vinjet dien as illustrasie:

Jan: *"Wat het julle as 'n gesinslied gekies? Wie gaan probeer?"*

Pieter: *"Ons het konsensus bereik oor een liedjie, ons voel ernstig oor daardie liedjie. Dit is Marius se voorstel."*

Jan: *"Marius, nou is ek nuuskierig! Vertel my."*

Marius: *"Dit is 'n lied in die 'Sing Onder Mekaar': 'My enigste troos in lewe en in dood, is dat ons aan Jesus Christus behoort.' Ek hou baie van hom."*

Jan: *"Dit is 'n pragtige lied! Hoekom hou jy van hom?"*

Marius: *"Ons behoort aan Liewe Jesus. Niks kan Mamma of Pappa of vir my van Liewe Jesus skei nie!"*

Landskap-van-aksie-vrae en landskap-van-identiteit-vrae bring volgens Morgan (2000:68) mee dat waardes, verbintenisse ("commitments"), begeertes, bedoelings en sterk punte na vore gebring word. Hierdie inligting word gebruik in die skryf van 'n nuwe diskoers. Die skryf van 'n nuwe diskoers vir hierdie familie, maar veral vir die geaffekteerde kleuter, het ek aangehelp deur middel van die volgende benadering: op 'n blaaibord het ek met die familie se hulp elke familielid se sterk punte gelys.

Ek het dit opgevolg met landskap-van-aksie- en landskap-van-identiteit-vrae: "Hoe voel dit as mooi dinge van julle gesê word? Sou dit lekker wees om dit meer te hoor? Meer kere te sê? Sou dit julle gesinwees verryk?" Die gedagte is om hier iets van die stereotipes, of etikette af te breek. Dit kan ook meewerk tot 'n hernude waardering van mekaar, asook om identiteit te bou. "Oor watter talente/gawes beskik julle as gesin (individue)? Wie is julle helde? Hoekom? Sou julle sulke eienskappe deel wou maak van julle gesinwees (Covey 1997:89)?"

In die skryf van 'n nuwe diskoers vir die familie het ek gevra na moontlike positiewe bydraes wat elkeen van hulle kans gesien het om te maak. Let op die vraagstelling. Ek het hulle beurtelings gevra: "Wat dink jy sou hulle wou hê moet jy doen om dit lekkerder in die huis te maak?" Epston (1998:61-68) skryf oor hierdie manier van vraagstelling as dit kom by strydende partye. Dit verhinder dat die terapeut regter moet speel. Epston het gevind dat dit mense op 'n ongewone wyse laat reflekteer, terwyl die ander baie fyn ingestel is op

luister. Ek wou in hierdie geval elkeen laat reflekteer oor sy/haar bydrae tot die gesin. Hulle response was:

Pieter: *"Wat kan ek doen? Ek dink meer positief wees. Ek moet verby stigmas en etikette leef. Ek moet my probleem vir God gee en daardie vryheid en vreugde moet ek in my huis inbring."*

Gerda: *"En ek dink ek moet meer luister. Marius was so opgewonde om te praat. Ja. Net om te kan praat. Hy het so 'n groot behoefte gehad. Ek luister nie genoeg nie. Veral teenoor Marius."*

Marius: *"Liewe Jesus is ons Herder. Ons moet nie bang wees nie".*

Ek voel dat dit (die vraag en antwoorde) geslaagd was, veral omdat dit by die ander 'n gevoel gelaat het van "ons is gehoor". Hiermee sou ek dan kon begin werk aan 'n gesinsmissiestelling. Ek dink hier in terme van Covey (1997) se stellings van waardes wat as 'n kompas kan dien. Ek dink dat hierdie familie dit verrykend sal beleef om self te besluit oor wat hulle in hul familiestorie wil hê en wat nie. 'n Familiemissie kan 'n manier wees om die effek van samelewingsdiskoerse in hul lewens te beperk. Hoe wil ons graag met mekaar praat? Watter tipe atmosfeer wil ons graag by die huis hê (Covey 1997:89)?

Enige nuwe diskoers moet versterk of verdig word. Morgan (2000:74) sê dat dit moeilik vir mense is om verbind te bly aan 'n nuwe verhaal wat nog aan die ontwikkel is. Maniere moet gevind word om hierdie

verhaal op die voorgrond te hou. Een van die maniere wat Morgan (2000:74) gebruik om 'n verhaal te verdig, is die skryf van briewe. In die volgende gedeelte illustreer ek die gebruik van briewe om verdigting te bewerk.

3 VERDIGTING

Van hieraf, in die taal van my metafoor van die navorsing as 'n collage, begin ek besluit in samewerking met die familie, watter kleure en detail ons wil uitlig in die collage wat ons skep. Dit maak van die collage 'n groepswerk en nie 'n een-manstuk nie. My uitgangspunt was van meet af aan dat hierdie 'n ko-konstruksie sou wees: ek sou saam met die familie ko-konstrueer aan gesinsvernuwing/heling. Die samewerking van die familie is belangrik, omdat die nuwe diskoers vir hulle 'n positiewe diskoers moet wees. McKenzie en Monk (1996:104) en Morgan (2000:74) wys daarop die kliënt (familie) self moet besluit of 'n nuwe diskoers vir hulle gunstig is, al dan nie.

3.1 Briewe as verdigting

In die tydsverloop tussen die twee Saterdag se ontmoetings het ek aan die familie 'n brief geskryf waarin ek aanhaal uit die verbatims van die twee Saterdag se gesprekke. Die aanhalings is gemik op probleme of sake wat die familie in die voorafgesprekke aangeraak het. Ek het ook vir hulle die volledige verbatims gestuur en hul versoek om dit te lees

en my te laat weet of hulle dink dit 'n getroue weergawe van die gebeure is. Aan die een kant sou dit my help met die navorsing. Aan die anderkant sou dit geheues verfris en sou die herlees van wat gesê is, die geheueprosesse bevorder en verdigting meebring. Met die toestemming van die familie gebruik ek die brief aan hul gerig, asook die vinjet uit die gesprek met hul familie, om die waarde van hierdie briewe te illustreer.

Hier benut ek die terapeutiese brief om die storielyn te verdig, glinsteroomblikke uit te lig (byvoorbeeld waar die gesin hulself as uniek beskryf) en ook om die brief weer as aanknopingspunt vir 'n verdigtingsgesprek te gebruik. In hierdie gesprek tel hul spontaan die vonkeloomblik op en word die geleentheid gebied om met landskap-van-identiteit-vrae dit verder te eksploreer en verdig. Let daarop dat die familie se eie woorde keer op keer aangehaal word. White en Epston (1990:126) sê: "In a storied therapy, the letters are the version of that co-constructed reality called therapy and become the shared property of all parties to it." Volgens White en Epston (1990:126) maak hierdie briewe die terapeut aanspreekbaar teenoor die familie. Dit skep, volgens hulle, die geleentheid om nie soseer retrospektief verslag te doen van die probleemverhaal nie, maar eerder 'n proaktiewe blik te verskaf op wat kan wees.

In die volgende voorbeeld van só 'n brief probeer ek juis dit vermag. Ek poog om deur die gebruik van die familie se eie woorde die glinsteroomblikke uit te lig en so op die nuwe verhaal van hulle lewens te fokus en dit te verdig. Deur gebruik te maak van vrae, laat ek

deurskemer wat dalk kan wees op grond van wat reeds gesê en geleef is. In die geval van hierdie familie, waar die ouers MIV/VIGS-geïnfekteer, en die kleuter daardeur geïnfekteer is, en hulself as "disfunksioneel" beskou, het die "nuwe verhaal" waarskynlik reeds bestaan, maar was dit onderdruk deur die dominante diskoers van "disfunksioneel" wees: 'n getraumatiseerde huis.

3.1.1 Die terapeutiese brief

2002-11-24

Hallo Pieter, Gerda en Marius,

Ek het die gesprekke met julle baie geniet. Dankie vir die voorreg om op hierdie wyse 'n deel saam met julle as gesin te kan stap. 'n Klompie dinge het my opgeval oor julle en ek wil dit graag met julle deel. Ek sal ook graag wil hoor hoe julle oor sekere dinge dink.

Ek hoor dat julle sê dinge kan maar rof raak. Dat ons met mekaar oor konflik moet praat. Pieter, jy het gesê: "Ek het nog my hele lewe lank 'n probleem met konflikhantering en ek kry nogal, ...hoe hanteer mens konflik binne so 'n intieme verhouding?"

Ek het jou gevra: "Wat bedoel jy met konflik?" en jou antwoord was: "As situasies opduik en iemand word vir iemand kwaad. Jy weet. Wat is die regte manier?" Ek het gewonder of julle nie alreeds 'n manier gevind het wat wel werk nie. Een wat met tye resultate lewer. Kom ek verduidelik. Wil julle nie 'n oomblik vat en die volgende aanhalings weer bekyk nie? Watter oplossings vir konflik lees ons hierin raak? Sou dit werk?

Gerda: "Ja. **Saam besluit**. Ek sukkel daarmee omdat ek nie so groot geword het nie. Ek sukkel om my kind te betrek in besluite. Ek onttrek my in my dop en gaan lê vir twee dae met 'n hoofpyn in my kamer en dan besluit ek daarna dis wat ek wil hê. Sonder **dat ek my kind daarby betrek** en sê: 'Ek het nou hierdie probleem. **Kom ons kyk wat is die oplossing**, maar miskien as ons saamwerk dan – ek weet nie hoe om dit regtig te interpreteer nie, om dit te implementeer nie. "

Jan: "Sou mens **hierdie saampraat ook op 'n positiewe manier** kan gebruik? Nie net om 'n probleem deur te praat nie, 'n konflik te ontlont nie. Sou mens dit ook kan gebruik om **'n konflik te voorkom**?"

Ek wonder of julle daaraan gedink het dat julle benadering dalk in die regte rigting was, dalk net nie ver genoeg nie? Ek wonder of daar dalk ander kreatiewe maniere sou wees waarop julle vir Konflik nog verder sou kon stilmaak? Op bladsye 7, 8 en 9 van die groepsessie-oggend is daar nog wysheid oor Konflik. Dinge wat ook deur julle voorgestel is.

Kan julle nog die flik "Ghostbusters" onthou? Ek wonder of julle nie besig is om te ontluik as "Conflict-busters" nie.

Hoe dink julle? Ek wonder ook oor iets anders: Wat het ons hierbo gedoen (dit waaruit ek die aanhalings geneem het)? Hoe het dit wat ons hierbo gedoen het gehelp om 'n beter verstaan te kry oor hoe ons mekaar kan help as Konflik byvoorbeeld 'n aanval loods?

Die collage wat julle gemaak het, het my laat dink dat in hierdie gesin het jy met 'n span te doen. Was ek reg? Nie net enige span nie, 'n besonderse span. Is dit 'n goeie beskrywing? Ek het dit beleef in die manier waarop julle die oggend die collage gedoen het. Kan julle nog onthou hoe julle saamgewerk het, en die onbelangrike dinge (vir julle onbelangrik) kon uitskuif met konsensus? En die woorde en prente wat julle gekies het om juisself mee te beskryf; woorde soos: "ons voel ook dat ons 'n unieke gesin is"; "omdat ons Christene is, kan ons ook uitstyg bo ons omstandighede". Het julle die "ons" so eenvormig beplan? Ek let daarop dat julle nêrens gesê het "ek" nie, maar altyd "ons". Wat sê dit van julle as gesin? Is dit vir julle 'n positiewe ervaring?

Die woorde wat julle kies om juisself mee te beskryf is vir my interessant. Woorde soos: "ons voel ook dat ons 'n unieke gesin is", "uitstyg bo ons omstandighede", "ons sien dit raak en gee om vir mekaar". Ek wonder hieroor: Hoe het dit gekom dat julle sulke woorde

kies? Is dit belangrik vir julle om juis hierdie woorde te gebruik? Wat sê al hierdie woorde vir julle oor julle toekoms?

Kan ek 'n uitdaging rig? Kan ek hierdie gesin uitdaag deur te vra: Wat sal gebeur as ons die bal speel en nie die persoon nie? Om "Vark" (julle woordkeuse vir die siekte) te pak en nie mekaar nie. Ek wonder oor wat alles kan gebeur as hierdie span "Conflict-busters" mekaar se goeie punte kan vier en uitlig . Sou meer Probleme sneuwel? Dit het my nuuskierigheid geprikkel: Wat is Marius nog alles? Watter mooi interessante dinge sou julle my nog oor Marius kon vertel?

Ek het gewonder hoe julle nou oor die toekoms voel. Ek vra dit in die lig van julle gesin se antwoord op die vraag: As julle gesin sou bly voortdoen soos tans, hoe sal julle oor twee jaar daar uitsien? Julle het geskryf: "Nog steeds saam."

Ten laaste, ek het gewonder wat julle sou wou uitlig in 'n paar kort sinne, wat raak sal saamvat, wie julle is? Sou ons by 'n volgende keer weer daaroor kon praat?

Nogmaals dankie vir die voorreg om julle so te kan leer ken.

Groete Jan

In die sessie wat ek alleen met die familie gehad het, tussen die twee groepsessies, gebruik ek die brief as aanknopingspunt. Die vinjet wat ek hier weergee wys op die effek wat so 'n brief op die familie het.

3.1.2 Opvolggesprek: 25 November 2002

Pieter: *"Mm, Kan partykeer nie dink dat ons sulke goed gesê het nie."*

Gerda: *"Ons het regtig lanklaas baklei."*

Marius: *"Dit was lekker."*

Die brief het die geleentheid gebied om die nuwe verhaal wat aan die ontvou was af te speel teen die ou verhaal van verwyte, onsekerhede en konflik. Ek het dit as volg benut. (Ek tel die lyn van die gesprek op waar hulle spontaan die ou geskiedenis begin ophaal het):

Gerda: *"Ek sien dit meer dat hier vrede in die huis is."*

Marius: *"Ons het baklei al was Pappa nie in die huis nie."*

Gerda: *"Ek kan dit onthou. Dit was vreeslike gespanne omstandighede."*

Pieter: *"Ja, mens het nooit geweet wat wag....."*

Gerda: *"Iemand het gesê 'plante groei nie waar daar nie vrede in 'n huis is nie' of so iets. Sondag kom oom Sarel hier aan en sê toe 'Joe, maar jou plante is pragtig. Kyk net hierdie varkoor. Hoe mooi het hy gegroei.' En toe skielik kom dit*

by my op: ek kon nooit 'n plant laat groei by die ou huis nie. Miskien is dit omdat ek meer lus het iets te doen, iets te laat groei. Dit weerspieël iets van my binneste. Ek is rustiger in myself."

Tot op hierdie punt het ek hulle spontaan laat hervertel aan die ou verhaal. My gedagte was om nou weereens te beweeg na die nuwe verhaal as teenoorgestelde van die oue. Soos reeds gesê, fokus Epston (1998) in sy briewe aan kliënte op die aspekte van die gesprek wat alternatiewe gegenereer het. (Of anders gestel: dit wat in opposisie staan tot die probleemverhaal). Hier het ek gepoog om dit verbaal te doen.

Jan: *"Hoekom het julle die woord 'uniek' gekies in die collage?"*

Pieter: *"Want ons is uniek."*

Jan: *"Wat maak julle uniek?"*

Gerda: *"Ek dink ek sien uniek in die idee van, mens het altyd die prentjie gehad, normaal en 'n gesin is gelukkig. Ek het daardie idee gehad in my kleintyd en al hoe meer het ek gesien dit is eintlik unieke gesinne wat gelukkig is. Dis die uitsondering op die reël wat gelukkig is en nie andersom nie. Ek het altyd gedink ons gesin was ongelukkig en al die ander mense s'n is gelukkig. My oë het begin oopgaan en (ek het) gesien, maar dis eintlik nie so nie." .*

Die woord 'uniek' was hul beskrywing van hulself in die collage. Deur hul stem (die gebruik van die woord 'uniek') uit te lig, het 'n nuwe moontlikheid vir hulle oopgegaan. Hulle is nie verdoem tot "disfunksioneel" wees nie, want hulle is uniek. Hulle kon dit nie afmaak as my beskrywing nie (deur te sê: hy weet nie regtig wat in ons lewens aangaan nie), aangesien dit hulle eie beskrywing was. Dit wys, myns insiens, op die belangrikheid van die gebruik van die gesin se eie woorde en omskrywings. Hulle is tog immers die deskundiges oor hul eie lewens.

3.2 Dokumente wat verdig

Briewe is nie die enigste skriftelike manier waarop verdigting gedoen kan word nie. 'n Ander wyse is om gebruik te maak van dokumente, verklarings, sertifikate, handboeke, notas van sessie, prente en lyste (Morgan 2000:85). Dit dien ook as "counter-documents" (Morgan 2000:86) wat staan teenoor die probleemdiskoers. Ek het die nota van 'n sessie met Marius (die kleuter) gebruik om die positiewe wat deur die familie gegenerer is, te verdig. Die gespreksessie is gebaseer op die verhaal van Rooikappie.

Jan: *"Marius, julle het al seker baie stories gehoor by die kleuterskool?"*

Marius: *"Mm, nie so baie nie."*

Jan: *"Watter een was vir jou mooi?"*

Marius: *"Die een van Rooikappie en die slegte ou wolf."*

Jan: *“Hoekom was die storie vir jou mooi?”*

Marius: *“Omdat die houtkapper die slegte wolf doodgemaak het.”*

Jan: *“Dink jy Liewe Jesus sou dit ook gedoen het?”*

Marius: *“Liewe Jesus is groot en sterk.”*

Jan: *“Hoekom dink jy so?”*

Marius: *“Liewe Jesus is ons Goeie Herder. Hy sal Rooikappie en haar ouma red en die wolf doodmaak. Hy sal nie kwaad wees vir Rooikappie nie.”*

Jan: *“Hoekom nie?”*

Marius: *“Dit is die wolf se skuld!”*

Jan: *“Is Liewe Jesus nie dalk vir ons kwaad nie?”*

Marius: *“Miskien, maar ons is dan Sy kinders. Hy het ons baie lief.”*

My idee was om die verhaal te gebruik as verdigting van die nuwe diskoerse wat aan die ontwikkel was, naamlik dat die gesin hulle as uniek beskou. Wat daar gesê was, was immers hulle eie beskrywing van 'n nuwe diskoers van hulle lewe. Die terugvoer van die ouers op hierdie storie was baie positief.

In die volgende deel verf ons al hoe meer detail in ons collage in. Los deeltjies word vaster gebind aan die geheel en die eindprodukt begin meer sigbaar word. Die temalied wat hulle as huiswerk gekry het, kom eerste aan die beurt.

3.3 Sing-sing nader aan mekaar

Die gesinslied (wat huiswerk was tussen sessies) dien as 'n metafoor wat hulle, aan die een kant, sou laat besin oor wie hulle as familie is, wat vir hulle belangrik is, en aan die anderkant, as 'n aksie sou saambind. Covey (1992:96) wys in 'n gevallestudie op 'n familie wat 'n gesinskreet gebruik het om eenheid te behou en deur moeilike krisisse te kom. Ek het die gedagte "geleen" en gekies om 'n gesinslied, in plaas van 'n kreet, te laat skeep. Ek gebruik die geleentheid om landskap-van-identiteit-vrae te vra. Die doel is om die betekenis van hulle gekose lied verder uit te lig en te verdig in die nuwe diskoers oor hulle familie.

Die gesinslied het bygedra tot die verdigting van die nuwe diskoers, deurdat die familie mooi moes gaan dink oor wat van hul gesinswees hulle verwoord wou hê in die lied. Waardes, drome en maniere-van-wees moes gesif word, sodat dit as 'n tema vir hul familie kan dien. Die familie het iets probeer verwoord wat hulle as kenmerkend beskou het van die nuwe diskoers van hulle lewenstorie. Die familie het volstaan met die lied "My enigste troos in lewe en dood is dat ek aan Jesus Christus behoort" in die "Sing Onder Mekaar"-liedbundel. Die enigste wysiging wat hulle aan die woorde van die lied aangebring het was die verwysing van die eerste persoon enkelvoud na die eerste persoon meervoud ("Ons enigste troos in lewe en dood is dat ons aan Jesus Christus behoort.")

In die volgende poging tot verdigting het ek "teruggegryp" na sosiale konstruksies. Ek het die groep laat ko-konstrueer aan die hand van nog 'n metafoor: die weegskaal.

3.4 Geweeg en positief gevind (nie te lig nie)

Ek het 'n outydse weegskaal op 'n blaaibord geteken. Een soortgelyk aan die een wat die Departement van Justisie as embleem gebruik. Ek het die skaal as metafoor gebruik om hulle kennis en sieninge oor gesinslewe na vore te probeer bring. In die eerste been van hierdie gesprek, het ek bloot verken wat mens alles kan doen om die skaal te laat swaai, byvoorbeeld om aan die een kant goed in te laai en aan die anderkant goed te verminder. Vandaar het ons die metafoor oorgeskuif na die gesinslewe. Ek het gevra: "As dit nou ons gesinslewe is en dit (*wys op die skets op die blaaibord*) dinge wat maak dat dit minder goed met ons gaan, of dinge wat ons gesinslewe bederf of keer dat ons dit kan geniet.

Dié aan die ander kant van die skaal is die lekker dinge of die dinge wat ons positief laat voel oor die gesin. Hoe kan ek dit kry om die skaal te laat balanseer? Wat kan ek alles doen, aan hoeveel maniere kan julle dink om daardie deel nie net te laat balanseer nie, maar om te swaai dat hy so lê?" (*Beduie op die blaaibord*)

Dit het 'n taamlike debat meegebring. Van die belangrikste dinge wat na vore gekom het was:

Pieter: *"Jy moet aan die positiewe bou."*

Gerda: *"Jy kan in plaas van om te hamer op die slegte goed konsentreer op die positiewe."*

Pieter: *"Sorg dat jy meer aan daai kant insit."*

Jan: *"So, ek hoef nie noodwendig hier uit te haal nie. Ek moet net sorg dat ek meer daar insit. Goed, dis 'n tweede manier. Wat kan ek nog doen?"*

Pieter: *"Lelik met mekaar praat."*

Jan: *"Dit sal ons uithaal, né?"*

Gerda: *"Mekaar nie 'labels' gee nie."*

Pieter: *"'n Mens kan self met dissipline en die tipe van ding baie verder kom, deur aanmekaar die positiewe te "reinforce", as wat jy die hele tyd sê; 'Moenie dit, moenie dat, ens.' As 'n ou regtig gaan sit en dink en kyk na die kommunikasie, met kinders wat nog klein is, en jy wil sê hoeveel sinne jy gesê het op 'n dag of hoe lank jy met hulle gepraat het, en jy kyk hoeveel van hulle is in der waarheid 'Moenie dit; moenie so maak nie, oppas hier.....' in stede van lekker kommunikeer, met mekaar praat."*

Jan: *"Moet ek heelyd 'moenie' hierdie kant sit?"*

Pieter: *" Ja!"*

Gerda: *"Positief is dan ook seker om tyd te maak vir mekaar."*

Ek het die gesprek probeer beweeg na meer praktiese of konkrete aksies wat hulle neem. Ek het gevra: "Kom ons vat 'n bietjie dinge wat julle laat goed voel oor gesinwees as julle dit doen. Wat help ons as gesin om nader aan mekaar te bly?" My gedagte was om uit te kom by wat hulle as belangrik geag het in gespreksessies, naamlik om bymekaar te leer as gesin. Hulle het as volg gereageer:

Marius: *"Ons speel baie bordspeletjies saam, kaart. Nou nie Monopoly nie, my Ma hou nie daarvan nie!"*

Gerda: *"Ek dink 'n mens moet meer saam eet. Ek bedoel om 'n tafel!"*

Pieter: *"Ek dink daarmee saam, as jy iets mooi sien om dit as gesin te geniet. Jy sien baie keer iets moois, maar dan hou jy dit vir jouself. Ek dink om dit dan spesifiek met jou gesin te deel."*

Ek wou die positiewe momentum van die gesprek verdig in 'n positiewe storielyn. My ervaring in die verlede is dat mense gewoonlik meer negatiewe goed oor hulle huweliksmaat kan lys in 'n kort tyd as positiewe dinge. Hier beleef ek nou die teenoorgestelde. Ek het dit as 'n vonkeloomblik beskou. Daarom wou ek weet wat hulle dink oor die feit dat daar so vinnig, so baie goed aan die positiewe kant gesê kan word, en so min aan die negatiewe kant en van waar hulle as gesin nou is.

Pieter: *"Ek hou daarvan, want dit wys vir my 'n mens fokus tog meer op die positiewe. Daar is seker negatiewe in enige gesin, maar wat belangrik is, is dat die positiewe ...ek dink ons sien dit raak."*

Jan: *"Sou dit aanhou uitkring?"*

Pieter: *"Ek dink so, daar is 'n goeie proses wat plaasvind en as 'n mens so gesels, laat dit jou opnuut weer daaraan dink."*

Ek het hier die keuse gemaak om dit af te speel teen die samelewingsdiskoerse. Dit sou my uitbring by hulle 'lived experience', maar ook help om 'n vergelyking te trek tussen 'ou kennis' (wat die samelewing volgens hulle oor gesinne sê) en nuut verworwe kennis (dit wat hulle nou oor gesinne sê). Hier wou ek dit as verdigting gebruik.

Jan: *"Wat sê mense in die algemeen vandag oor gesinne?"*

Pieter: *"Ek dink deesdae lag hulle vir 'n hegte familie of hulle dink jy's uit die oude doos of outyds as jy familiewaardes wil handhaaf. "*

Gerda: *"Ja, ek dink as 'n mens by die negatiewe begin, wil die een ou erger slaan as die ander en dan 'boomerang' dit. Die een probeer erger wees as die ander, dis asof dit sneeubal."*

Pieter: *"Ek het al baie na daardie gebed gekyk (wys na geraamde, gehekelde weergawe van die Onse Vader teen die muur) en elke keer as ek na hom kyk, sien ek daardie 'die' wat verkeerd geskryf is. Net omdat ek dit raakgesien het, kyk*

ek elke keer na daardie fout. Al is daar eintlik so baie wat mooi is op daardie kunswerk, ek sien elke keer dit raak. .."

Jan: *"En dit maak dat jy eintlik die res mis?"*

Pieter: *"Dis reg, ja."*

Jan: *"Jy het gesê met die negatiewe kom 'n mens eintlik nêrens. Die feit dat ons met die negatiewe nêrens kom en ons het hier net positief geskryf, sê dit ons het nou êrens gekom?"*

Gerda: *"Ja, ek dink ons is oppad na êrens - met die negatief kom jy nêrens; met die positiewe kom jy iewers! Daar is altyd, as jy die een ding reggekry het, dan is die volgende ding daar, maar dan moet jy weer daaraan werk, maar jy kom êrens."*

Pieter: *"Ja, dis tog 'n verrykingsproses; as 'n ou dalk reg in die begin gedink het al hierdie positiewe dinge gaan ons doen, dan het jy gedink nooit in jou lewe nie, maar stap vir stap kom jy daar en kyk jy terug - sien jy, maar dit was tog lekker en dit raak al lekkerder om meer positief en meer positief te raak. ...en dit maak ook in gesinsverband dit lekker."*

Jan: *"Marius, is dit weer vir jou lekker by die huis?"*

Marius: *"Mm, ja. Liewe Jesus het die ou nare wolf doodgemaak!"*

Gerda: *"Kan ek die afleiding maak dat ons wel gesinsvernuwing beleef het. Het daar heling gekom?"*

Pieter: *"Absoluut."*

3.5 Aksent op die familiale dimensie

Selfverwyt en skuldgevoelens kan die kommunikasieproses tussen die MIV/VIGS-geïnfekteerde en die MIV/VIGS-geaffekteerde geweldig rem. Dit sou dus in die pastorale hantering van die vigspasiënt uiters belangrik wees om die pasiënt binne die familiesisteem terug te probeer plaas, nadat deeglik vasgestel is wat die kwaliteit van die gesinsdinamika is, naamlik of dit positief of negatief is. Dit is juis die familie wat 'n deurslaggewende rol kan speel in die poging om die vigspasiënt te help om sy intimiteitskrisis te bowe te kom. Navorsing oor die terapeutiese hantering van die vigspasiënt wys op die belangrike rol wat veral groepsterapie in die behandeling van só 'n pasiënt behoort te speel (Price 1986:97) Dit is juis die familie as unieke groep wat vir die vigspasiënt kan help om die stigmatisering en isolasiekrisis te oorwin. Die ervaring van "ek behoort aan. .." en "ek word onvoorwaardelik aanvaar vir wie ek is, ondanks my vigs" skep 'n gevoel en atmosfeer van geborgenheid waarbinne die pasiënt sy identiteitskrisis konstruktief kan verwerk.

Vanweë die omvang van die negatiewe sosiale implikasie van vigs, is dit belangrik vir die kerk om te begryp dat die gemeenskap van gelowiges 'n belangrike rol kan speel om die vigspasiënt se "potensiële sosiale dood" in die samelewing te vervang met 'n terapeutiese milieu van liefde en ondersteuning.

9 PASTORAAT IN RETROSPEKSIE

1 INLEIDING

Die pastorale ontmoeting as 'n ontmoeting met God moet metafories verstaan word. Louw (1997:92-93) verwys na die metaforiese gebruik van *pastorale ontmoeting* as 'n sakrament wat as 'n derde faktor heenwys na God se mistieke teenwoordigheid in die pastorale gesprek. Klein Kranenburg (1988:36-38) meen dat die proprium van die pastorale ontmoeting in 'n trialogiese karakter gesoek moet word. In die pastorale ontmoeting tree die pastor namens God op. Deur sy vertolkingsfunksie word God se wil, teenwoordigheid en liefde uitgedruk. Die derde faktor in die pastorale ontmoeting is dus die sprekende God, via die Skrif. Klein Kranenburg (1988:141) stel dit so: "*Deze expliciete vertolking van de Schrift is het proprium van het pastorale gesprek, en dit onderscheidt het van alle andere helpende gesprekken.*" Die pastorale ontmoeting verwys dus na kommunikasiegebeure waarin die betekenis van God se Woord vir menslike lewe vertolk word. Via die pastoraat word die sorg van God konkreet aan mense gedemonstreer.

In die pastorale ontmoeting word God se verbondsgenade gekonkretiseer (O'Meara 1983:33). Janse van Rensburg (1996:157) skryf dat die verbond in die pastoraat as ontmoetingsgebeure 'n volledige hoogtepunt vind. Heitink (1979:162) tipeer pastoraat as "*ontmoetingsgestalte van het evangelie.*" Vir Donga (1989:113)

beteken pastoraat as ontmoeting die gebeurde waardeur mense hulles wedersyds aan mekaar wys. Louw (1997:95-96) beskryf die term "ontmoeting" as vertolking met die oog op groter helderheid, begrip en uiteindelik 'n proses van beïnvloeding en verandering. Ook Heitink (1979:162) wys daarop dat die ontmoeting 'n proses van verandering inisieer. Louw (1997:98) definieer die pastorale gesprek as " *die kommunikasieproses tussen God en mens binne 'n konkrete situasie waarbinne die mens, in die lig van die Skrif via geloof, sin ontsluit, God se teenwoordigheid ontdek en konkreet ervaar, en tot 'n beter selfverstaan kom.*" Pastoraat as ontmoetingsgestalte van die evangelie kan as 'n kenproses beskryf word. Dit is 'n proses waarin die mens God beter leer ken.

Dit is van belang om hier op te merk dat 'n teologies-pastorale narratiewe terapie in hierdie opsig radikaal verskil van 'n sosiaal-konstruktivistiese benadering. By die sosiaal-konstruktivisme gaan dit juis nie om verandering nie. Die pastorale ontmoeting genereer verandering. Dit het 'n transformasie van die totale mens tot gevolg.

Wanneer God en mens in die metaforiese ontmoeting teenoor mekaar te staan kom, kan daar volgens Louw (1997:100-101) 'n *konstitutiewe* en 'n *agogiese* verandering, sowel as *heiliging* van die menslike lewe, plaasvind.

- *Konstitutiewe verandering.* Wesenlike bestaansverandering word in die Bybel met die woord *metanoia* beskryf. Daar vind dus by die mens 'n konstitutiewe verandering met betrekking tot sy wesenlike toestand en kwaliteit van lewensgerigtheid

plaas. Die klem val op 'n verandering in die menslike wil en rede.

- *Agogiese verandering.* In die veranderingsproses vanweë die pastorale ontmoeting is daar beslis sprake van 'n beïnvloedingsgebeure waarin kennis en inligting 'n rol speel. Die inligting tydens die agogiese proses van beïnvloeding genereer 'n verandering, wat die mens se totale lewenswandel met betrekking tot sy lewensprioriteite raak. Hoewel *agogie* nou verbind is met *metanoia*, verskil eersgenoemde in die sin dat dit verandering in terme van 'n doelgerigte lewenswandel beskryf.
- *Heiliging van die menslike lewe.* Die pastorale ontmoeting lei voorts tot 'n verandering in heiliging van die menslike lewe. Louw (1997:101) koppel dit aan die Griekse woord *anastrophe*, wat 'n veranderingsproses in veral die mens se houding, gedrag en lewenstyl beskryf. Hy voer aan dat die pastorale ontmoeting 'n verandering meebring wat etiese implikasies vir mense se gedrag, en die heiliging van hulle totale lewens, inhoud. *Anastrophé* beoog dus veral daardie verandering wat tot 'n heilige lewenswandel en nuwe lewenstyl aanleiding gee. Hiermee word stelling ingeneem teenoor die situasionele, kontekstuele en blykbaar relativistiese etiese beskouing van die postmoderne paradigma (Janse van Rensburg, 2000:65-75).

Volgens Fletcher (1966:47) kan daar slegs binne 'n bepaalde situasie op etiese norme besluit word. In aansluiting hierby spreek Dill en Kotzé (1997:16) die mening uit dat die waarheid slegs in 'n

bepaalde konteks gevind kan word. Omdat waarheid dus nie 'n ontologiese bestaan het nie, beteken dit dat die individu dit waarmee hy die beste identifiseer in 'n menigte van keuses moet soek. In die lig hiervan skryf Janse van Rensburg (2000:69): "*If objective truth does not exist, then objective ethical norms cannot exist either.*" Hy kom derhalwe tot die gevolgtrekking dat, alhoewel postmodernisme nie a-eties is nie, die essensie van sy etiese strukture onvermydelik in etiese relativisme eindig. Volgens Janse van Rensburg (2000:70) kom die postmoderne benadering tot moraliteit beslis op relativisme neer. Du Toit (2000:96) skryf dat die postmoderne tyd "verlof toestaan" aan enigeen om te glo wat hy wil, en om te leef soos hy wil. Volgens Janse van Rensburg (2000:71) beteken dit dat daar uit die perspektief van die konstruktivisme geen objektiewe morele waardes bestaan waarmee die gespreksgenoot gekonfronteer kan word nie. Hy moet self daaroor besluit.

In aansluiting met die voorafgaande, voeg ek my by Noyce (1989:20), met betrekking tot die heiliging van die menslike lewe, wanneer laasgenoemde die oortuiging uitspreek dat mense morele leiding verwag, en dat die kerk hierdie plig nie mag ontduik nie. Dit sluit sterk aan by die imperatiewe element van die paraklesemetafoor waarna Louw (1997:61-78) verwys (Schniewind 1947:364; Firet 1979:109; Trimp 1981; Seitz 1985:157). Moller (1983:72, 109) is oortuig dat indien die pastoraat wil voorkom dat die kerk bloot 'n mini-kliniek vir psigoterapeute word, dit die paraklese-dimensie nie mag verwaarloos nie.

Sentraal binne die gebeure van die pastorale ontmoeting is daar dus die radikale transformasie, wat deur die Heilige Gees in die hart van

die mens bewerkstellig word. Dit wil die mens beïnvloed, verander, vernuwe en onderskraag.

2 RETROSPEKTIEF BESIN OOR DIE NAVORSING

In aansluiting by die voorafgaande, is die doel van hierdie studie nie om iets te bewys, of om 'n studie te maak van die oorsake en gevolge van MIV/VIGS op die betrokke individue en hulle gesin nie.

Die studie is gerig daarop om volgens die narratiewe benadering aan die persone wat deur die trauma van MIV/VIGS gaan, die geleentheid te bied om hulle verhale te vertel. Hierdeur kon alternatiewe verhale met nuwe kennis en betekenis geskep word om 'n invloed op die probleem uit te oefen. Die kwalitatiewe metode van navorsing wat gevolg is, het gevolglik beteken dat die verskynsel wat bestudeer is, *deelnemend* gesprek het. Die navorser was deel van dit wat bestudeer is, en die veelvuldige reflekerende groeps gesprekke as werkwyse het verseker dat die deelnemers '*medenavorsers*' geword het. Ek het as navorser op dit wat na vore gekom het, teen die agtergrond van my teoretiese vertrekpunte, gereflekteer.

2.1 Die waarde van woorde met mekaar

Die doel van die studie is dus verweselik toe die deelnemers gedurende die reflekerende gesprekke die waarde daarin om hulle

eie verhale aan mekaar te vertel, uitgespreek het. Uit die betekenisgewing, wat in die alternatiewe verhale van die deelnemers na vore gekom het, het dit verder geblyk dat hulle deur die narratiewe gespreksproses tot ryker beskrywings van hul eie verhale kon kom. Hulle het beleef dat daar in die groep na die vertel van hulle verhale geluister word, dat hulle aanvaar word en dat gesinsverhoudings herstel kon word.

Die waarde van die reflekerende gesprekke in die narratiewe proses het verder geblyk toe die gesin kennis kon ko-konstrueer, ten opsigte van die invloed wat die probleem op hulle lewens gehad het. Die volgende belangrike waarhede is onder meer deur die gesin gekonstrueer. Die belewenis van konflik in hierdie probleemsituasie kan as 'normaal' aanvaar word. As dit eers erken word, en 'n naam toegeken word, kan dit die hoof gebied word en kan die probleem dus deur die persoon beïnvloed word.

Die versteuring wat die probleemsituasie op die gesin as sisteem uitgeoefen het, was opmerklik. Die bestaande rolle van die ouers in die gesin het verander, en hoewel dit aanvanklik om oorlewing gegaan het, het hierdie verandering mettertyd tot spanwerk tussen die ouers en die kleuter gelei. Die ouers, tesame met die kleuter, het die besef van verborge en/of nuwe kwaliteite gekom wat nodig was vir die formulering van alternatiewe verhale.

2.2 Onderhandelde woorde en alternatiewe verhale

Die deelnemers aan hierdie studie kon tydens die reflekerende gesprekke tot die herskryf van hulle verhale kom. Die versteurende invloed van MIV/VIGS-geïnfekteerdheid het hulle identiteit as lede van die tradisionele Afrikanersamelewing in gedrang gebring, aangesien hulle ervaar het dat hulle misluk het om aan die sosiale verwagtinge van dié samelewing te voldoen. Deur die gebruik van die narratiewe benadering, is die deelnemers bemagtig sodat hulle die probleem kon *eksternaliseer*. Hulle kon dus begin om die positiewe invloed wat hulle op die probleem uitgeoefen het, te internaliseer en tot 'n ryker beskrywing van hulle identiteite te kom.

Tydens die reflekerende gesprekke het dit geblyk dat die deelnemers bewus geword het van die invloed van sosiale diskoerse op hulle lewensverhale. Hierdie verborge waarhede moes eers deur die deelnemers gedekonstrueer word, voordat hulle tot die skep van alternatiewe verhale kon kom. Alhoewel die veranderde huislike omstandighede en die reflekerende vrae 'n bydrae gelewer het tot hierdie dekonstruksie, is die radikale transformasie in die menslike hart deur die Heilige Gees bewerkstellig. Hulle kon tot die herskryf van hulle verhale kom. Hierdie verhale sou getuig van hoop en nie meer van konflik en radeloosheid nie.

Deelnemers se verhouding met God het dieper dimensies as voorheen bereik. Sommige godsdienstige diskoerse en leerstellige waarhede is bevraagteken en alternatiewe interpretering het tot die ontdekking gelei dat dit nie afbreek doen aan God se liefde, genade

en sorg nie. Dit het persone trouens meer as tevore verantwoordelikheid laat aanvaar vir 'n persoonlike, subjektiewe beleving in hulle ontmoeting met God. Al drie die deelnemers het getuig dat hulle opnuut tot die ontdekking van God se redding en sorg gekom het, en hulle persoonlik toegewy het aan Hom wat hulle lewens bestuur en daaraan betekenis gee.

3 DIE BELANG VIR DIE PASTORAAT

Die studie is in die praktiese teologie geposisioneer as 'n perspektief op die teologie wat die ontmoeting tussen God en die mens bestudeer. Die mens wat bloot gestel is aan MIV/VIGS se belewenisse en ontmoeting met God, moet dus deur die praktiese teologie verstaan en geïnterpreteer word. Soos met ander gelowige mense is ook hierdie mense blootgestel aan transformasie in hulle lewens. Hulle moet voortdurend nuwe betekenis van die eie verhaal, in die lig van God se verhaal, vind. Dié verhaal vertel van Sy reddende barmhartigheid en sorgende betrokkenheid by alle mense. As medewerkers van God is alle gelowiges ook in diens van God en bedienaars van die paraklese van God.

Met inagneming van die omvang van die verskynsel tans in Suid-Afrika, kan aangesluit word by Kilian (1993:17-24) dat mense wat aan MIV/VIGS blootgestel word, die bystand, versorging en hulpverlening van die geloofsgemeenskap benodig.

Vanuit die pastoraal-hermeneutiese perspektief wat in die studie bespreek is, moet die paraklese van God ook aan hierdie mense, in die omstandighede waarin hulle verkeer, bedien word. Uit die verhale van die deelnemers, sowel as in die reflektering daarop, is gehoor watter ingrypende effek MIV/VIGS vir die betrokke persone, en die gesin, inhou. Selfs al het hulle in 'n mate die proses beheer, kon hulle nie die emosionele uitwerking daarvan voorsien, of hulle daarop voorberei nie. Hulle het saamgestem dat een of ander vorm van hulp van groot waarde kan wees om die invloed wat die probleem op hulle lewens uitgeoefen het, die hoof te bied. Die geloofsgemeenskap kan in die pastoraat saam met hierdie mense soek na die betekenis van die nuwe realiteite, waarhede en kennis van hulle verhale in die lig van God se Woord.

Daar is ook in die studie aangetoon hoe diepliggend hierdie omstandighede op die identiteit van 'n persoon inwerk. Die ampte en ander leiers in die geloofsgemeenskap sal dus doelbewus hierdie mense moet soek en na hulle uitreik, anders kan dit gebeur dat hulle hul laste in eensaamheid dra.

Ek is van mening dat pastorale terapie, waar mense veilig en gemaklik voel om dít wat seermaak te kan verwoord, 'n betekenisvolle bydrae kan lewer om tot die formulering van 'n alternatiewe verhaal te kom. Sonder om skaam te wees, kan hulle dan betekenis vir hulle verhale in die verhaal van God vind.

4 HAND IN EIE BOESEM

Aan die hand van 'n aantal vrae, doen ek dit wat hierdie subopskrif suggereer. Ek voeg hierby die konstruksies van die gesinne. Is die navorsingsdoel bereik?

Die doel van die navorsing is om 'n benadering vir pastorale beraad daar te stel vir die geaffekteerde MIV/VIGS-familie. Dit doen ek aan die hand van die narratiewe benadering vir terapie, soos ontwikkel deur White en Epston (1990).

Al die kenmerkende benaderings van narratiewe terapie het 'n rol gespeel in hierdie navorsing. Daar is gedekonstrueer, ge-eksternaliseer, landskap-van-aksie- en landskap-van-identiteit-vrae gevra en alternatiewe diskoerse daargestel. Al die gesinslede se stemme is hoorbaar gemaak; ook dié van die kleuter. Die alternatiewe diskoerse is sorgvuldig verdig.

Bitter selde het ek nuwe kennis aan hulle deurgegee. Ek het hulle kennis op die voorgrond gebring en saamgeweef in 'n alternatiewe diskoers. 'n Leemte was dalk dat ek nie meer my eie stem in die konstruksies hoorbaar gemaak het nie. As navorser was ek onvermydelik deel van die konstruksies deur my teenwoordigheid, vrae en leiding. Moes ek nie dalk van my eie "lived experiences" op die tafel geplaas het nie? Ek dink ek kon.

Ek wou werklik die gesinslede 'n nuwe manier van gesinwees laat ko-konstrueer. Het dit gebeur? Die groeplede getuig van 'n verskuiwing in hulle denke. Hulle is meer gewillig om alternatiewe raak te sien, en beleef nou minder konflik en meer vrede. Pieter praat van persoonlike groei. Van deurslaggewende belang, is dat daar 'n ander beleving by die kleuter ingetree het ten opsigte van die emosionele atmosfeer in die huis. Hy is rustiger, hy skei hom nie meer af van die gesin nie en hy sien sy ouers ook as objekte van God se liefde en barmhartigheid.

Gerda verwoord, volgens my, die kleuter se gedragsverandering raak: *"Ek dink wat vir my baie beteken het, is dat Marius groot waarde daaraan gekry het om dinge saam met ons te doen as gesin. Vantevore het hy homself onttrek of bloot net afsydig teenoor ons as ouers gestaan. Baie van die aktiwiteite was dan juis so dat elkeen sy bydrae moes lewer, en op daardie manier het ons mekaar ook beter leer ken en verstaan. En dan ook, baie het dit al genoem, om te leer fokus op die positiewe – ek merk dit by Marius veral in sy godsdienstebeleving. Ek dink dit was 'n goeie manier om te oefen om meer die positiewe raak te sien."*

Pieter het dit ook opgemerk: *"Ek het agtergekom dat Marius regtig 'n behoefte het om deel te wees. Ek dink die samelewing het só verander dat hulle ook deel wil wees. Dit is nie meer dat kinders net gesien en nie gehoor mag word nie! Daar was 'n duidelike behoefte by hom om ook vrae te kon vra. Sy vrae was relevant en het wel verband gehad met dit wat daar gepraat is."*

Tydens die eerste sessie was ek onder die indruk dat die collage uiters geslaagd was en as 'n keerpunt vir die gesin gedien het. Was my indruk korrek? Wat het uit die collage voortgevloei? Gerda het dit raak verwoord: "*Ons het goeie goed agtergekom wat ons nie altyd geweet het daar is nie. Die manier wat ons goed saam doen - ek kan nie nou aan 'n voorbeeld dink nie - maar wat jy kan sien en agterna kon agterkom dat ons tog goed saam kan doen, en vandaar het ons 'n punt gemaak om meer goed saam te doen. Dit het 'n mens opnuut laat besef wat die goeie goed is en kon dan daarop fokus.*"

Die betekenis van die collage is verder deur Pieter uitgebou: "*Marius het dalk nie die vrymoedigheid gehad om iets te sê nie, maar omdat dit byvoorbeeld in die collage was, is dit gesê - en hy het gedink almal gaan vir hom lag - en toe lag ons nie vir hom nie!*" Die collage het die familieleden gehelp om op 'n ander manier gevoelens en gedagtes ter tafel te bring.

Wat was die betekenis wat die speletjie vir hulle gehad het? Die speletjie het duidelik daartoe bygedra dat Marius se stem hoorbaar gemaak is. Die familie het getuig dat hulle Marius telkemale moes aanhoor, omdat dit sy beurt was. Ander kere sou hulle hom bloot stilgemaak het. Die speletjie het jou gedwing om te sê hoe jy voel. Daar was nie kans om die respons vir 'n paar dae te loop en formuleer nie. Jy moes sê soos dit in jou gedagte opkom. Dit het meegebring dat die ander gesinslede dit wat gesê is, as opreg beleef het. Die speletjie het ook sy doel gedien ten opsigte van herhaling. Die speletjie was ook 'n lekker gesinsaktiwiteit - laasgenoemde is veral kommentaar van Marius se kant.

Wat het ek by die groep geleer? Daar is twee dinge wat ek wil uitlig. Die eerste is: konsentreer op die positiewe. Die tweede was dat mens nie moet huiwer om van jouself te gee nie. 'n Mens kan ter wille van sogenaamde objektiwiteit onpartydig probeer bly en van buite af waarneem. My vraag is: "In hoe 'n mate sal diegene vir wie jy waarneem geïnspireerd voel om oop te maak?" Pieter het opgemerk: "*Ek dink as jy agterkom iemand anders deel iets, is eerlik, dan gee dit jou die vertrouwe om ook te kan praat.*" Ek wonder watter effek dit sou gehad het as ek meer van myself gegee het in die ko-konstruksie van kennis? Ek meen dat my eie stem te stil was in die groep omrede ek oorsensitief was vir die deurgee van sogenaamde deskundige kennis. Hierdeur het 'n deel van die ko-konstruksie, of "collaboration", verlore gegaan.

So 'n studie gaan nie net om die sêlf nie. Dit het nie maar net betrekking op my en die familie en ons groei en ervaring nie. As Christene is ons oortuig daarvan dat 'n mens ook ter wille van ander leef. Die Christelike narratief is juis 'n narratief van ander lief te hê soos jouself. Daarom maak dit sin om te vra na die bydrae wat hierdie ko-konstruksie van kennis oor familiewees kan maak tot die groter samelewing waarbinne ons leef. In die volgende paragrawe bedink ek die moontlike waarde of bydrae van hierdie studie vir die res van die samelewing.

5 DIE BYDRAE VAN HIERDIE STUDIE VIR DIE RES VAN DIE SAMELEWING

My leefwêreld, asook die leefwêreld van my navorsingsgroep, is nie net Suid-Afrikaans nie, maar meer spesifiek die leefwêreld van die Christelike geloofsgemeenskap.

Suid-Afrika is 'n land met 'n diverse bevolking. Elke mens in hierdie diverse bevolking se lewe word gevorm deur diskoerse vanuit hul kultuur en godsdienste (indien hul godsdienstig is). Ek begin met 'n besinning oor die bydrae van hierdie studie in die lewe van Christene (die godsdienstige groepering waaruit my navorsingsgroep gekom het). Ek het reeds daarop gewys dat die praktiese karakter van teologie (Van der Ven 1988:8) te make het met menslike handeling as die reaksie op geloof; en die rol wat affeksie tussen mense speel. Ek het ook reeds daarop gewys dat, volgens Gerkin (1986:60), praktiese teologie die kritiese- en konstruktiewe reflektering op die lewe en werk van Christene in al die verskillende kontekste waarbinne hul lewe, is.

Die doel van praktiese teologie is om transformasie in lyn met die evangelie te fasiliteer in al die dimensies van Christene se lewens. In hierdie navorsing was die studieveld van die praktiese teologie die lewens van 'n aantal gesinne. Die transformasie in die geval van die navorsingsgroep, sou dan wees 'n transformasie na 'n meer verrykende manier van gesinwees, sodanig dat die konteks van hul gesinslewe vernuwing ondergaan. In die geval van die

navorsingsgroep het transformasie wel plaasgevind. Trouens, hulle beskryf hierdie transformasie as vernuwend en helend.

Dit is my mening dat hierdie navorsing 'n benadering daarstel, wat gebruik kan word in al die kultuurgroepe van ons land. In 'n multi-kulturele samelewing is dit belangrik dat elke kultuur tot sy eie reg kom en nie “vertrap” word deur 'n ander kultuur nie. My narratiewe benadering tot gesinsvernuwing, wat MIV/VIGS-geaffekteer is, kan dit vermag. Ek maak die stelling op grond van die volgende:

Die feit dat die MIV/VIGS-geaffekteerde familie groei kan beleef, deurdat die gespreksleier bloot die groep help om te ko-konstrueer, sonder om deskundige kennis op hulle af te dwing, bring mee dat die kultuur-eie en gebruike van verskillende kultuurgroepe gerespekteer sal bly.

Die klem op die rol wat diskoerse in ons lewens het, kan meebring dat meer mense die diskoerse wat aan die werk is in hulle kultuurgroep kan blootlê en evalueer, sonder dat 'n buitestaander 'n ander kultuursiening op hul afdwing. Hul kan hul eie keuse maak sonder om in 'n allergiestuk vir die familie gedwing te word.

Die gespreksleier sou egter steeds moeite doen om die tradisies en gebruike van die spesifieke kultuurgroep na vore te laat kom. Deur opreg nuuskierig te wees en uit te vra na die oorsprong van 'n gebruik of sienswyse, kan dit insig by die groep self bring. Dit sou gebeur aangesien hulle waarskynlik nog nie nagedink het oor die rol

wat 'n bepaalde gebruik in hul lewens het nie. Daarna kan hulle dit oorweeg om na alternatiewe te kyk, indien hulle die ou gebruik as beperkend ervaar het.

As slotwoord wil ek pleit vir meer gesinsvernuwing in MIV/VIGS-geaffekteerde huisgesinne in Suid-Afrika. Vanuit die gemeente waarin ek dien, sien ek al hoe meer hoe gesinne verbrokkel onder gesinstrauma. Ek sien kinders in skole, wat uit sogenaamde getraumatiseerde huise kom en die probleme wat hulle by die skole veroorsaak. Ek pleit vir families om met familieledede onderling (en as dit kan, ook met mekaar as gesinne) in gesprek te tree oor die waardes en normes waarvoor hul staan en wat vir hul belangrik is. Kry die kinders om saam te konstrueer aan dit wat vir ons familie belangrik is en wat ons as familie dus uniek maak.

BIBLIOGRAFIE

Adams, J.E. 1973. *The Christian counselor's manual*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

--- 1974. *The Christian counselor's manual*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

--- 1976a. *The use of the Scriptures in counseling*. Phillipsburg: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

--- 1976b. *What about nouthetic counseling?* New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

--- 1977. *Coping with counseling crises*. Nutley, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

--- 1978. *Matters of concern to Christian counselors: A potpourri of principles and practices*. Phillipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

--- 1979. *More than redemption: A theology of Christian counseling*. Phillipsburg, New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Co.

--- 1980. *Shepherding God's flock: A preacher's handbook on pastoral ministry, counseling, and leadership*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

- Alpaslan, N. 1994. *The skilled pastor*. Minneapolis: Fortress.
- Anderson, H. 1980. *New approaches to family pastoral care*. Philadelphia: Fortress Press.
- 1984. *The family and pastoral care*. Philadelphia: Fortress Press.
- Anderson, H. & Goolishian, H. 1992. *The client is the expert. A not-knowing approach to therapy*, in McNamee, S. & Gergen, K. *Therapy as social Construction*, 24-37. London: Sage.
- Andolfi, M. 1979. *Family therapy - An interactional approach*. New York: Plenum Press.
- Baab, O.J. 1962. *Interpreter's dictionary of the Bible*, 2, Nashville/New York: Abingdon Press.
- Balswick, J.O. & Balswick, J.K. 1989. *The family: A Christian perspective on the contemporary home*. Michigan: Barker Book House.
- Barbour, I.G. 1990. *Religion in an age of science*. New York: Harper and Row Publishers.
- Barker, P. 1986. *Basic family therapy*. 2nd ed. London: Blackwell Scientific Publications.
- Barth, K. 1959. *Kirchliche dogmatik III*. Zürich: Evangelischer Verlag.

- Baumrind, D. 1991. *Effective parenting during early adult transition*. In P.A. Cowan & M. Hetherington (Eds.), *Family transitions*. New York: Lawrence Erlbaum.
- Beavers, W.R. 1977. *Psychotherapy and growth - A family systems perspective*. New York: Brunner/Mazel Publishers.
- Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 1996. *Family therapy: A systematic integration*. 3rd ed. Boston: Allyn and Bacon.
- Berkhof, H. 1973. *Christelijk geloof Een inleiding tot de geloofsleer*. Nijkerk: Callenbach.
- Berkouwer, G.C. 1957. *Dogmatische studiën: De mens het beeld Gods*. Kampen: Kok.
- Besa, D. 1994. *Evaluating narrative family therapy using single-system research designs*. *Research on Social Work Practice*, 4(3), 309-325.
- Black, C. 1986. *Youth and Illness: Readings and resources*, 122-128. Phoenix: Oryx Press.
- Blom, M.B. 1981. *Engagement en interventie*. 's-Gravenhage: Boekencentrum.
- Boisen, A.T. 1936. *The Exploration of the Inner World*. New York: Harper & Brothers.
- Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W. & Hiemstra M.A. 1979. *Tweetalige woordeboek*. 7de uitg. Kaapstad: Tafelberg-uitgewers.

- Botha, A. 1980. *Pastorale sorg aan die homoseksueel*, Bloemfontein: N G Kerk-
Jeugboekhandel.
- Botha, M.E. 1977. *Die wending in die nuwere wetenskapsteorieë en in die sosiale
wetenskappe*, in Strauss, D.F.M. et al, *Woord en wetenskap*, 129-151.
Pretoria: VCHO.
- Bowen, H. 1978. *Family therapy in clinical practice*. New York: Jason Aronson.
- Bowlby, J. 1979. *The making and breaking of affectional bands*. London:
Tavistock.
- Brueggemann, W. 1984. *The message of the Psalms*. Minneapolis: Augsburg.
- Brueggemann, W. 1993. *The Bible and postmodern imagination: Text under
negotiation*. London: SCM.
- Buzan, C. 1989. *The minister as diagnostician: Personal problems in pastoral
perspective*. Philadelphia: Westminster.
- Bybel 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Cabot, R.C. & Dicks, R.L. 1964. *The art of ministering to the sick*. New York:
Abingdon Press.
- Capps, D. 1990. *Reframing: A new method in pastoral care*. Minneapolis:
Fortress Press.

- Capps, D. 1998. *Living stories: Pastoral counseling in congregational context*. Minneapolis: Fortress.
- Carrigan, R.L. 1976. *Where has hope gone? Toward an understanding of hope in pastoral care*. *Pastoral Psychology*, 25(2), 39-53.
- Cilliers, A. 1998. *God skryf 'n storie*. Goodwood: LuxVerbi.
- Clandinin, D.J. & Connelly, F.M. 1991. *Narrative and story in Practice and Research*, in White, M. *Selected Papers*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.
- Clark, J.M. 1986. *AIDS, death and God: gay liberational theology and the problem of suffering*. *Journal of Pastoral Counseling*, 21(2), 40-54.
- Clinebell, H. 1987. *Basic types of pastoral care and counseling*. Nashville: Abingdon.
- Combrinck-Graham, L. 1985. *A developmental model for family systems*. *Family Process* 24, 139-150.
- Covey, S.R. 1992. *The seven habits of highly effective people*. London: Simon & Schuster.
- Covey, S.R. 1997. *The seven habits of highly effective families*. London: Simon & Schuster.
- De Jongh van Arkel, J.T. 1988. Die Pastoraat: Noodsaaklike onderskeidings -'n posisie bepaling na 25 jaar, *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 5, 1-13.

--- J.T. 1989. *Family stress in the eighties: Being separate together*, in De Villiers, P.G.R. (ed), *The Bible and stress*, 144-159. Pretoria: C B Powell Bible Centre, Universiteit van Suid-Afrika.

---1981. *Pastoraat en die ander pastorale wetenskappe*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

---1998. *Die vreemde God en sy mense*. Kaapstad: Human & Rousseau.

De Klerk, W.J. 1975. *Pastorale sensitiviteit*. Johannesburg: Perskor-uitgewery.

--- 1978. *Herderkunde*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Deist, F. 1996. *Coram Deo: Lewe voor die aangesig van God*. Kaapstad: Lux Verbi.

Dell, P.F. 1985. Understanding Bateson and Haturana: Toward a biological foundation of the social sciences. *Journal of Marital and Family Therapy* 11, 1-20.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. (eds) 1994. *Handbook of qualitative research*. London: Sage.

Deutsch, C.1982. *Broken dreams: Understanding and helping children*. New York: Teachers College Press, Columbia University.

De Vaux, R.1974. *Ancient Israel. Its life and institutions*. Darton, Longman & Todd: London.

- Dill J. & Kotzé, D. J. 1997. *Verkenning van 'n postmoderne epistemologiese konteks vir die Praktiese Teologie. Acta Theologica* 17(1):1-26.
- Dill, J. 1996. *'n Basisteorie vir pastorale terapie in die lig van postmoderne epistemologie*. Ph.D.-proefskrif, Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Donga, H.C. 1989. *Ontmoeting: Een studie over pastoraat en ontmoeting*. Hardingveld: Narratio.
- Du Toit, B. 2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF-Uitgewers.
- Eloff, F.P. 1989. *VIGS*. Eerste uitgawe. Hammanskraal: Unibook Uitgewers (Edms) Bpk.
- Epston, D. 1998. *'Catching up' with David Epston: a collection of narrative practice-based papers published between 1991 & 1996*. Adelaide, South Australia: Dulwitch Centre Publications.
- Epston, D., Freeman, J. & Lobovits, D. 1997. *Playful approaches to serious problems: Narrative therapy with children and their families*. New York: Norton.
- Esterhuysen, W.P. 1980. *Die mens en sy seksuele moraal*. Durban: Butterworth.
- Faber, H. & Van der Schoot, E. 1962. *Het pastorale gesprek: Een pastoraal-psychologiese studie*. Utrecht: Erven J Bijleveld.

Ferreira, A.J. 1977. *Family myths*, in Watzlawick, P. & Weakland, J.H. (eds), *The interactional view*. New York: Norton.

Firet, J. 1979. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen: Kok.

Fletcher, J. 1966. *Situation ethics*. London: SCM.

Fröhlich, J. 1999. *Draft guidelines for community home-based care and palliative care for people living with AIDS*. Pretoria: Department of Health-Directorate: STDs and HIV/AIDS.

Gantman, C.A. 1980. A closer look at families that work well. *International Journal of Family Therapy* 2, 106-119.

Garbarino, J. 1985. *Adolescent development - An ecological perspective*. Ohio: Charles E Merrill.

Gerkin, C.V. 1984. *The living human document*. Nashville: Abingdon.

---1986. *Widening the horizons: pastoral responses to a fragmented society*. Philadelphia: Westminster.

Gergen, K.J. 1985. The social constructionist movement in modern psychology. *American Psychologist* 40, 266-275.

---1991. The postmodern family: The saturated self. *The Family Therapy Networker* 15(5):27 – 35.

Grundlingh, A. 1977. *'n Ondersoek na die funksie van trauma in die interaksie-sisteem van die ongetroude persoon*. M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Gustafson, J.M. 1981. *Theology and ethics*. Blachwell: Oxford.

Hartman, H. 1987. Aids: de kerken een zorg? *Evangelisch Commentaar*, 5 (1), 7-15.

Hayley, J. (ed). 1971. *Changing families - A family therapy reader*. New York: Grune & Stratton.

Heidegger, M. 1963. *Sein Zeit*. Tübingen: Max Niemeyer.

Heitink, G. 1979. *Pastoraat als hulpverlening: Inleiding in de pastorale theologie en psychologie*. Kampen: Kok.

--- 1993. *Praktische theologie: Geschiedenis – theorie – handelingsvelden*. Kampen: Uitgeverij Kok.

--- 1998. *Pastorale zorg: Theologie – differentiatie – praktijk*. Kampen: Uitgeverij Kok.

Hielema, J.S. 1975. *Pastoral or Christian counseling*. Leeuwarden: De Tille.

Hiltner, S. 1958. *Preface to pastoral theology*. Nashville: Abingdon.

--- 1959. *The Christian shepherd: Some aspects of pastoral care*. Nashville: Abingdon.

--- 1965a. The heritage of Anton T. Boisen. *Pastoral Psychology* 16 (158), 5-10.

--- 1965b. Paul Tillich and pastoral psychology. *Pastoral Psychology* 16 (159), 5-9.

--- 1966. The death of God: A psychological perspective. *Pastoral Psychology* 17 (167), 5-9.

--- 1968. Faith and cosmology. *Pastoral Psychology* 19 (187), 5-7.

Hjelle, L.A. & Ziegler, D.J. 1983. *Personality theories: Basic assumptions, research, and applications*. 2nd ed. Auckland: McGraw-Hill.

Hoffman, L. 1992. *Constructing the theoretical context: A reflexive stance for family therapy*, in McNamee, S. & Gergen, K.J. (eds), *Therapy as social construction*, 7-24. London: Sage Publications.

Howe, B. 1989. *A handbook for health and welfare professionals*. New York: Routledge.

Hudson, F.M. 1999. *The handbook of coaching: a comprehensive resource guide for managers, executives, consultants and human resource professionals*. San Francisco: Jossey-Bass Publishers.

Hudson, W.W. & Harrison, D.F. 1986. Conceptual issues in measuring and assessing family problems. *Family Therapy* 13, 85-94.

Hulme, B.E. 1962. *The pastoral care of families - Its theology and practice*. Nashville: Abingdon Press.

Huysamen, G.K. 1996. *Psychological measurement. An introduction with South African examples*. Pretoria: Academica.

Jackson, D. 1965. The study of the family. *Family Process* 4, 1-20. New York: Academic Press.

Janse van Rensburg, J. 1996. Verbond en pastoraat: Perspektiewe vir die ontwerp van 'n paradigma. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 37(1), 152-165.

--- 2000. *The paradigm shift: An introduction to postmodern thought and its implications for theology*. Pretoria: Van Schaik.

Johnson, P. 2000. *Basic counseling skills: Applications in HIV/AIDS counseling*. Unpublished manuscript, Unisa Centre for Applied Psychology, Pretoria.

Jonker, W.D. 1981. *In diens van die Woord*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.

--- W.D. 1989. *Uit vrye guns alleen: Wegwysers in die dogmatiek*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kenkel, W.F. 1977. *The family in perspective*. 4th ed. California: Goodyear Publishing Company.

Kerr, M.E. & Bowen, M. 1988. *Family Evaluation: An approach based on Bowen theory*. New York: Norton.

Kilian, J. 1993. *Form and style in theological texts: A guide for the use of the Harvard Reference System*. Pretoria: University of South Africa.

- Klein Kranenburg, E.S. 1988. *Trialoog: De derde in het pastorale gesprek*. s'-Gravenhage: Boekencentrum.
- Knobel, G.J. 1987. *Wat u behoort te weet van VIGS. Mediese feite omtrent VIGS*. Ongepubliseerde inligtingspamflet, Junie, Tygerberg.
- Kotzé, D.J. & Botha, A. 1994. Die fasilitering van huweliksgroei by egpare met behulp van familie-van-oorsprong-werk. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 35(3), 389-399.
- Kotzé, E. & Kotzé, D.J. 1997. Social construction as a postmodern discourse: An epistemology for conversational therapeutic practice. *Acta Theologica*, 17(1), 27-50.
- Kotzé, G.J. 1971. Die antropologiese onderbou van die Gereformeerde pastoraat met spesiale verwysing na die *client-centered* Amerikaanse pastoraat. Ph.D.-proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
- Kübler-Ross, E. 1969. *On death and dying*. New York: Macmillan.
- Kuhn, T.S. 1962. *The structure of scientific revolutions*. Chicago: University of Chicago Press.
- Kvale, S. 1992 (a). *From the archaeology of the psyche to the architecture of cultural landscapes*, in Kvale, S. (ed), *Psychology and postmodernism*, 1-19. London: Sage.

--- 1992 (b). *Postmodern psychology. A contradiction in terms*, in Kvale, S. (ed), *Psychology and postmodernism*, 31-57. London: Sage.

La Haye, T.F. 1982. *The battle for the family*. New Jersey: Fleming H. Revell Company.

L'Abate, I. & Weinstein, S.E. 1987. *Structured enrichment programs for couples and families*. New York: Brunner & Mazel.

Lax, W.D. 1995. *Offering reflections: Some theoretical and practical considerations*, in Friedman, S. (ed), *The reflecting team in action*, 165-183. New York: Guildford.

Le Roux, P. 1987. *Autonomy and competence in families: An ecosystemic approach*. D.Lit. et Phil.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Lester, A.D. 1985. *Pastoral care with children in crisis*. Philadelphia: Westminster Press.

--- 1987. *When Children Suffer*. Philadelphia: Westminster Press.

Levinson, D J 1978. *The seasons of a man's life*. New York: Ballantine. London: Sage.

Long, J. 1997. *Generating hope: A strategy for reaching the postmodern generation*. Illinois: Inter Varsity Press.

Louw, D.J. 1980. *Die Bybel en homoseksualiteit. Perspektiewe op homoseksualiteit*. Durbanville: Boschendal.

- 1983. *Versoening in die Huwelik – Riglyne in die Pastorale Bediening*. Durban/Pretoria: Butterworth.
- 1984. *Pastoraat in eskatologiese perspektief* Kaapstad: NG Kerkuitgewers.
- 1985. *Die volwasse huwelik*. Durban: Butterworth-Uitgewers.
- 1988. *Gesinspastoraat as 'n sisteembediening aan die verbondsgesin*, in Smuts, A.J. (red), *Praktiese teologie in Suid-Afrika* 5, 39-65. Pretoria: NG Kerkuitgewers.
- 1989. *Gesinsverryking: riglyne vir groei en kommunikasie*. Pretoria: Academica.
- 1993. *Pastoraat as ontmoeting: Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Pretoria: RGN-Uitgewery.
- 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Luijpen, W. 1964. *Exentiële fenomenologie*. Utrecht: Aula-Boeken.
- Maguire, D.C. 1979. *The moral choice*. Minneapolis: Winston Press.
- Massey, R.F. 1986. What/Who is the family system. *American Journal of Family Therapy* 14, 23-39.
- Maykut, P. & Morehouse, R. 1994. *Beginning qualitative research: a philosophic and practical guide*. London: Palmer Press.

McGoldrick, M. & Gerson, R. 1995. *Genograms in family assessment*. New York: Norton.

McKenzie & Monk, 1996. *Predictable crises of adult life*. New York: Dutton.

--- 1997. *Theoretical approaches to personality*. New York: Dutton.

Minuchin, S. 1974. *Families & family therapy*. London: Tavistock.

Mitchell, K.R. 1989. Ritual in pastoral care. *The Journal of Pastoral Care*. XLIII(1), 68-77.

Moller, V. 1983. Successful ageing in South Africa: Opportunity structures and subjective wellbeing. *Southern African Journal of Gerontology* 1, 5-8.

Morehouse, E.R. & Richards, T. 1983. *Children of exceptional parents*, 3-12. New York: Baworth Press.

Morgan, A. 2000. *What is narrative therapy? An easy to read introduction*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

Mouton, J. 1993. *Thomas S. Kuhn*, in Snyman, J. (ed), *Conceptions of social inquiry*, 53-75. Pretoria: HSRC.

Mowrer, O.H. 1961. *The crisis in psychiatry and religion*. Princeton, New Jersey: Van Nostrand.

Müller, B.A. 1981. *Skrifgebruik in die pastoraat*. Kaapstad: NG Kerkuitegewers.

- Muller, J.C. 1996. *Om tot verhaal te kom: Pastorale gesinsterapie*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- J.C. 1993. Die gebruik van rituele in die pastoraat. *Praktiese Teologie in S.A.* 8(1), 1-13.
- Noyce, G. 1989. *The Minister as Moral Counselor*. Nashville: Abingdon Press.
- Olivier, B. 1993. *Deconstruction*, in Snyman, J. (ed), *Conceptions of social inquiry: HSRC Series*.
- O'Meara, T.F. 1983. *Theology of Ministry*. New York: Paulist Press.
- Otto, G. 1986. Grundlegging der Praktischen Theologie. *Praktische Theologie Band I*. München: Kaiser Verlag.
- Parry, A. & Doan, R.E. 1994. *Story re-visions: Narrative therapy in the postmodern world*. New York: Guildford.
- Parry, A. 1991. A universe of stories. *Family Process* 30: 37-54.
- Pearce, S.S. 1996. *Flash of insight: metaphor and narrative in therapy*. Boston: Allyn and Bacon (Simon & Schuster).
- Perez, J.F. 1986. *Coping with the Aids family*. Indiana: Accelerated Development.
- Phillips, A.M., Martin, D. & Martin, M. 1987. Counseling families with an Aids parent. *Family Therapy* 14, 9-16.

- Pieterse, H.J.C 1986. *Verwoording en prediking*. Pretoria: N G Kerkboekhandel.
- 1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie*. Pretoria: RGN-Uitgewery.
- Price, R.E. 1986. Counseling clients with AIDS. *Journal of Counseling and Development*, 65(2), 96-97.
- Rebel, J.J. 1981. *Pastoraat in pneumatologiesh perspektief Een theologiese verantwoording vanuit het denken van A. A. van Ruler*. Kampen: Kok.
- Rice, M.L. 1989. Children's language acquisition. *American Psychologist* 44, 149 -156.
- Riess, R. 1973. *Seelsorge: Orientierung, analysen alternativen*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Rim, Y. 1992. Moral development and coping styles. *Personality and Individual Differences* 13(5), 627-629.
- Ritson, E.B. 1982. *Organisation of services to families*. London: Constable.
- Robinson, B.E. 1989. *Working with children: The practitioner's handbook*. Massachusetts/Toronto: Lexington Books.
- Rogers, C.R. 1951. *On becoming a person: A therapist's view of psychotherapy*. London: Constable.

- Rossouw, P.J. 1983. *Grondlyne van 'n pastorale model – Gerben Heitink*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Roux, J.P. 1996. *Die ontwikkeling van 'n pastoraal-terapeutiese toerustingsprogram vir lidmate: 'n narratiewe benadering*. Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Russell, L. & Wilson, J.N. 1976. The family enrichment program, in Otto, H.A. (ed) 1976. *Marriage and family enrichment: new perspectives and programs*, 38-49. Nashville, Tennessee: Abingdon.
- Satir, V.M. 1971. *The family as a treatment unit*, in Hayley, J. (ed), *Changing families - A family therapy reader*, 127-131. New York: Grune & Stratton.
- Schniewind, J. 1947. Theologie und Seelsorge. *Evangelische Theologie* 1946(47), 363-367.
- Schoeman, J.H. 1980. *Die Sisteemteorie*, in Grobbelaar, S.W.P & Schoeman, J.H. (reds), *Benaderings in Maatskaplike Werk*, Pretoria, 173-190.
- Seitz, M. 1985. *Erneuerung der Gemeinde: Gemeindeaufbau und Spitalität*. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
- Shatz, C.J. 1992. The developing brain. *Scientific American* 267(3), 61-67.
- Sieburg, E. 1985. *Family communication - An integrated systems approach*. New York: Gardner Press.

- Silvester, G. 1996. *Appreciating indigenous knowledge in groups*, in Monk, G. et al (eds), *Narrative Therapy in practice: the archaeology of hope*, 233-251. San Francisco: Jossey- Bass.
- Smedes, L.B. 1983. *Mere morality*. Michigan: Eerdmans.
- Smith, R. 1981. *Leer die kind ken*. Pretoria: Academica.
- Steinglass, P., Bennett, L.A., Wolin, S.J. & Reiss, D. 1987. *The affected family*. New York, Basic Books.
- Stewart, C.W. 1979. *The minister as family counselor*. Nashville: Abingdon.
- Stewart, R.B. 1979. Sibling attachment relationships: Child-infant interactions in the Strange Situation. *Developmental Psychology* 19, 192-199.
- Steyn, A.F., Van Wyk, D. & Le Roux, T. 1987. *Die gesin: Gister en vandag*. Pretoria: Academica.
- Stone, L.J. 1983. *Childhood and adolescence*. New York: Random House.
- Strauss, D.F.M. 1988. Begripsvorming in die Sistematiese Teologie, in: *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 24.
- Thurneysen, E. 1963. *A theology of pastoral care*. Richmond, Virginia: John Knox Press.
- 1968. *Seelsorge im Vollzug*. Zürich: EVZ-Verlag.

- 1976. *Die Lehre von der Seelsorge*. 4.Aufl. Zürich: Theologischer Verlag.
- Tlou, S. 2000. *The girl child and AIDS: The impact of secondary care-giving in rural girls in Botswana* (Abstract No. ThorD690). Paper presented at the XIIIth International AIDS Conference, Durban.
- Treadway, D. 1987. The ties that bind. *The Family Therapy Networker* 11(4),17-23.
- Trimmer, E.A. 1994. *Youth ministry handbook*. Nashville: Abington Press.
- Trimp, C. 1981. *Media vita*. Groningen: Uitgeverij de Vuurbaak.
- Tom, K. 1987. Interventive interviewing: Part II. Reflexive questioning as a means to enable self-healing. *Family Process* 26, 167-183.
- US Census Bureau, World Population Profile (2000c, June). *Report on the global HIV/AIDS epidemic*. Geneva: UNAIDS.
- Van der Neut, N. 1984. *Die benutting van Bales se interaksieprosesanalise in Gesinsterapie – 'n Gevallestudie*. M.A.-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid – Afrika.
- Van der Ven, J.A. 1994. *Practical theology: an Empirical Approach*. Kampen: Pharos Publishing House.
- Van Dyk, A. 2001. *HIV/AIDS Care & Counseling: A Multidisciplinary Approach*. (2nd Ed). Cape Town: Pearson Education South Africa.

- Van Jaarsveld, F.J. 2001. *Die rol van Godkonsepte vir Pastorale Terapie: 'n konstrueteoretiese benadering*. Ph.D.-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Van Niekerk, A. 1992. *Rasionaliteit en relativisme: Op soek na 'n rasionaliteitsmodel vir die menswetenskappe*. Pretoria: RGN-Uitgewery.
- Van Pelt, J.W. 1999. *Pastoraat in trinitarisch perspektief De samehang tussen trinitarische en antropologiese aspecten in het pastoraat*. Heerenveen: Uitgeverij Groen.
- Veltkamp, H.J. 1988. *Pastoraat als gelijkenis: De gelijkenis als model voor pastoraal handelen*. Kampen: Kok.
- Versluis, J.M. 2001. Kerklidmaatskap in Europa daal jaarliks. *Volksblad* 28 Aug, 4-7.
- Vorster, K. 2001. Kompromieë is skadelik. *Volksblad* 9 Jan, 4-9.
- Vriezen, T.C. 1966. *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament*. Wageningen: Veenman en Zonen.
- Watzlawick, P., Beavin J.H. & Jackson, D.D. 1967. *Pragmatics of human communication*. New York: Norton.
- Wendler, K. 1987. Ministry to patients with acquired immuno-deficiency syndrome: a spiritual challenge. *Journal of Pastoral Care* 41(1), 4-16.
- Westermann, C. 1974. The role of the lament in the theology of the Old Testament. *Interpretation* 28(4), 20-38. Nijkerk: Callenbach.

White, M. 1992. De-construction and therapy, in Epston, D & White, M (eds),
Experience, contradiction, narrative and imagination, 109-153. Adelaide:
Dulwich Centre Publications.

--- 1995. *Re-authoring lives: interviews and essays*. Adelaide: Dulwich Centre.

White, M. & Epston, D. 1990. *Narrative means to therapeutic ends*. Adelaide:
Dulwich Centre Publications.

Whitehead, A.N. 1953. *Science and the modern world*, in Hielema, J.S. 1975.
Pastoral or Christian counseling. Leeuwarden: De Tille.

Wilson, C. 1982. *Misbehaviour: The impact on children*. New York: Norton.

Wilson, R.L. & Wilson, J.N. 1976. *Family-centred Programs: the Family
Enrichment Weekend*, in Otto H A (ed), *Marriage and family enrichment:
new perspectives and programs*, 38-49. Nashville, Tennessee: Abingdon.

Wolfaardt, J.A. 1987. *Kommunikatiewe handelinge*. Professorale intreerede.
Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Wood, B.L. 1987. *Children: The struggle for self and intimacy in adult life*. New
York: New York University Press.

Wynn, J.C. 1982. *Family therapy in pastoral ministry*. San Francisco: Harper &
Row.